

A. d'Astre. POTCHEFSTROOM.

*Ou Oom*
*Jan*

# „SEWE DUIWELS"

EN

# WAT HULLE GEDOEN HET.

---

**Sketse uit di Afrikaanse Buitelewe.**

---

DEUR

OU OOM JAN.

TWEDE DRUK.

„HET WESTEN"-Drukkerij, Potchefstroom.

1907.

# VOORWOORD.

*„Maar waarom laat ou Oom ni weer di „Duiwels" o'erdruk ni, hulle is al lang uitverkoop," so neur di neefies aan mijn kop, en jij weet 'n ou mens kan ni geneur verdra ni. Hij wil net alleen self neur.*

*Of ik al seg, dat di „Duiwels" lang gelede geskrijf is, dat di mense toen nog eenvoudig was, en ni so geleerd als nou, dat er toen nog ni so banje spoorwege was en skoolrade, en dat misskien met al di goeje dinge, di Duiwels, uit Suid-Afrika al lang het pad gegee, dit het niks gehelp ni en op di end seg ik toe maar: ja.*

*Maar nou kom di moeilikheid, en dat was di spelling. Di „Duiwels" is geskrijf in di spelling di ik toe had en di is nou ni heeltemaal na mijn sin ni. Daarbij kom dat 'n hele partij geleerde mense in di Afrikaanse taal begin te skrijf, en dat er nog ni 'n vaste spelling is; na lang prate en denke het ik maar mijn eige spelling gevolg, tot tijd en wijle, dat al di Afrikaanse skrijwers o'ereen gekom is. Partij neefies en niggies wou hê, dat ik ook mijn portret in di boeki sou set; dat het ik dan ook maar gedoen. Ik het my laat afneem, en nou kan ieder mens sien hoe ou Oom Jan lijk.*

*Verder hartelike groetenis.*

*Uw liefh.,*

OOM JAN.

# Di Geldduiwel.

Oom Jan van Linge was rijk. „Banje rijk," so seg al di bure. Twee extra plase, vijf duisend skape, perde en beeste in o'ervloed. Hoeveel geld hij onder di mense had, het niemand geweet; want hij praat daar nooit o'er ni. Hij was rijk en moes wel ieder dag rijker worde. Hij het ook geen uitgawe ni. Vrou of kinders het hij ook ni. Hij het één seun gehad, maar di was in di Vrijstaatse oorlog met di Basutos geval, en voor 'n paar jare was ook sijn vrou gesterf. Waarom di seun van Oom Jan als vrijwilliger na di Vrijstaat gegaan het, weet ik ni. Di mense het daar veel o'er gepraat; maar een van di ouderlinge het vertel, dat hij eens met Oom Jan daaro'er gepraat het, maar so 'n antwoord het gekrij, dat hij nooit weer gewaag het om te praat. Hoe dit ook was, kom daar ni op aan ni. Een ding is seker: Oom Jan was rijk.

Daar was maar een man wat nooit seg dat Oom Jan rijk was, en dit was di man, wat dit ei'entlik di beste moes weet, namelik Oom Jan self. Hij klaag altijd vreeslik, vooral als iemand bij hom kom om geld te leen met goeje sekuriteit en flukse rente. Di armste was hij als di diaken kom, of, om di waarheid te seg, als di diaken gekom het; want di goeje man het al lank opgegee om naar Zaaifontein te rij, daar er bij Oom Jan tog niks te haal was. In di kerk kom Oom Jan ook maar min. Dit was ook sijn skuld ni; maar di skuld van di ou'e leeraar, wat di slegte gewoonte had, om di mense di waarheid te seg; en ieder weet dat gee aanstoot. Eens het Meneer o'er Mat. 12: 45. gepreek en geseg: dat een van

di sewe geeste di „Geldduiwel" was. Oom Jan het toen kwaad geword en pas nou Zondags maar di skape op Zaaifontein op.

Op Zaaifontein was dit ook ni al te mooi ni. Daar was wel grote krale en 'n groot stuk land; maar di huis was net soos Oom Jan sijn vader dit eenmaal het laat maak.

Daar was 'n lang gebou met 'n groot voorhuis en twee slaapkamers, 'n kombuis was daar ni.

„'n Kombuis is te deftig," seg Oom Jan, „daar word ook te veel vuur gemaak". Meubels was ook net min. 'n Paar ou stoele, 'n paar tafels, 'n paar houte katels, 'n paar kaste: dit was al. „Wi ni bij mij wil kom ni," seg di ou'e, „di kan maar wegblijf;" en dit het di meeste mense dan ook maar gedoen.

Dit was Juli maand en banje koud; tog het Oom Jan vroeg opgestaan. Of dit van di vroeg opstaan was, weet ik ni, maar Oom Jan was nukkerig. Sijn mond was so toe als sijn geldtrommel. Voor di vuur leg 'n paar verkluim-lammetjies om weer reg te kom, maar of dit sou gebeur is te betwijfel: di vuurtje was so klein. Oom Jan het ook al di hele morre sit uitreken, hoe duur 'n miskoek is.

„Baas! hier is al weer 'n lammetji", seg 'n hottentot wat inkom, „dri is al dood."

„Ja, dood, dat weet ik wel, hulle gaan almal dood; breng di ding hier en loop."

„Ja, Baas!" seg Geswind, „maar di wagters wil loop met di skape, en vra twak."

„Twak," skree di ou, „twak, en al onse skape gaan dood van jaar, loop of ik" ...... Geswind wag ni langer ni, maar laat vat.

„Di ou baas is net kwaai van morre," seg Geswind aan sijn ou meid, „hij het vervas ni lekker geslaap ni."

„Ik geloof dat ou baas nooit lekker slaap ni," seg di ou meid, „hulle seg dit spook in di kamer."

„So," seg Geswind en sijn oge word so groot als hoender-eiers.

„Ja," seg di meid, „daar is al banje mense in di kamer dood. Ik weet ni hoe di ou baas ooit in di kamer so alleen uithou."

„Nee wat," seg Geswind, „di ou kerel het dit lekker. Hij tel al aande sijn geld; maar ik gaan nou na di kraal, anders slaan di ou'e nog van morre."

Di ou meid het tog di waarheid gepraat. Dit het di aand en nag in Oom Jan sijn slaap-kamer gespook, erg gespook, sodat Oom Jan maar min het geslaap.

Als een van di lesers nou denk dat hij sal hoor van swarte of witte geeste, of gedaantes, met horings of vurige oge, met twee of dri perde koppe, dan kan hij di stukki maar gerus o'erslaan, want sulke spoke is daar ni. Als ik van spoke praat dan meen ik ni spoke wat persies om twaalf uur deur di sleutelgat kom; want 'n fatsoenlike spook kom mos nooit vroeger ni; maar dan meen ik spoke wat uit di hart kom, en wat ik maar gewetespoke sal noem. Di gewetespoke is lastige dinge; als hulle snags kom plaag, dan kan jij maar gerus opstaan, want dan slaap jij tog ni meer ni. Di gewetespoke het dit ver Oom Jan net lastig gemaak, hom sijn nagrus ontneem, en daarom was hij nou nog nukkeriger dan anders.

Di vorige aand is Oom Jan vroeg in di kamer gegaan om, soos hij tot di vrou van sijn bijwoner seg, 'n bietji te lees. Hij het eers gewag dat alles stil was, toen sluit hij di deur toe en maak 'n grote wa-kis ope wat in di hoek staan. Regte langsaam, want Oom Jan was nooit haastig ni, haal hij di een stuk na di ander uit di kis en set dit opsij. Eers kom 'n partij afgedraagde klere, toen sijn kerk-klere, (twintig jare oud, maar nog bruikbaar); toen 'n grote State-Bijbel en op di end di geldtrommel. Hij kijk na di trommel, net als 'n jonkman na sijn bruid, als hij haar ou'ers gevraag het. Versigtig set hij di trommeltji op tafel en begin toen di goed weer in te pak. Toen hij di Bijbel van sijn o'erlede vrou vat was dit net of hij skrik. Hij wou di opemaak, maar di knippe was stram. Dit was ook al te lang ni ope gewees ni. Eindelik gaan dit tog ope. Op di eerste blad was sijn

geslag-register, daar staan sijn naam, en di naam van sijn o'erlede vrou. Daar staan ook di naam van sijn o'erlede seun. Hij kon dit ni help ni, maar hij moes dit eers o'erlees. Daarna begin hij in di Bijbel te blader. Amper het hij begin te lees, maar hij hoor iets. Dit was 'n muis, wat o'er di tafel het geloop. Hij kijk op, sien sijn geldtrommel, en toe was dit klaar met lees. Di Bijbel werd in di kis geset, en di geldtrommel opegemaak.

Ik denk, dat 'n gierigaard in onse tijd ni meer so lekker krijg ni als vroeger. Vroeger was dit net goud en silwer, en dit moes ver 'n gierigaard tog al te mooi gewees het als di knapsak opegaan, en di ponde so o'er di tafel rol. Nou is dit alles papiertjies. Di is ook wel mooi, maar ni soos harde geld ni. Oom Jan het ten minste so gedenk, toen hij di rolletjies na-tel. Eers toen hij bij di pak bewijssies kom, krij hij lekker. Dit was 'n ordentelike pak. Hij haal een daarvan uit en set dit op sij. Dit was 'n bewijs van duisend pond met di naam van sijn swager Hendrik Bronsveld onder aan. Toen Oom Jan dit sien, lag hij, dat wil seg, hij trek sijn mond skeef en laat sijn stompies van tande sien. Hij haal toen 'n lang papier uit. Dit was di testament van sijn vader. Al banje het hij dit gelees, maar hij lees dit weer aandagtig o'er, en toen het hij di bewijs, di testament en di briefies met een riempi aan mekaar gebind en alles in di trommel geset en weggesluit. Toen gaan hij leg en wil slaap; maar dit was mis; want nou kom di spoke. Eers was dit ver hom of hij weer jong was en met sijn suster Sanni speel; hij denk toen, hoe sij altijd ver hom gewerk het. Toen was dit weer of hij sijn o'erlede vrou sien, jong en plesierig, soos sij naas hom het gestaan toen hulle getrou het. Toen sien hij sijn seun, sonder groet uitgaan, om nooit weer terug te kom, en toen herinner hij hom, dat sijn vrou nooit 'n woord o'er di dood van sijn seun met hom gepraat het, maar net toen di tijding het gekom van sijn dood hom so vreemd het aangekijk, en van toen altijd swakker is geworde, tot op haar sterfbed. Hij sien sijn vader op sijn sterfbed, en dit was ver hom of hij hom

weer hoor fluister: "Jan, ik het nou di testament so gemaak als jij dit wil hê, maar denk nou aan Sanni". So gaan dit voort; totdat Oom Jan dit ni langer kon uithou ni, en verplig was om kers op te steek, en op te staan.

Om 'n bietji bij te kom sluit hij weer di kis ope en haal di pakki uit. Hij begin al weer te lees, en ons sal di vrijheid neem om ook di briefies in te kijk. Di eerste briefi was van 'n winkelier op di dorp en was als volg:

Waarde heer.

Ik ben van morgen bij uw zwager geweest om hem aan te zeggen dat hij de £400 pond, die hij mij schuldig is, betalen moet; daar ik hem anders zal dagvaarden. Hij kan niet betalen, en ik ben bang dat hij insolvent zal gaan. Ik denk nu, dat gij hem moet opschroeven, en zijn plaats zien te krijgen. Als gij die plaats hebt, geef ik er niet om er £3000 contant voor te geven, zooals ik u vroeger gezegd heb; maar dan moet die £400 er af met de rente. Ik heb den agent gevraagd en hij zegt: gij behoeft niet bang te wezen. Die plaats moet volgens testament eerst u aangeboden worden voor £1,500. Hij zegt: gij moet oppassen dat uw zwager niet bankroet gaat. Kom toch naar het dorp om mij te zien.

Uw ond. dienaar,

M. PAY.

Di ander brief was van Oom Jan sijn suster en daarin skrijf sij:

Waarde Broeder.

Bij ons gaat het nog maar altijd zwak, mijn man is maar ziek, en ons is allen recht ontsteld. Mister Pay was hier, en hij wil ons dagvaarden, omdat wij zijn geld niet kunnen betalen. Mijn man zegt: wij moeten maar die plaats verkoopen, en naar Transvaal trekken. Als broer nu de plaats wil koopen voor £3000, dan kunnen wij onze schapen houden, (wij hebben maar 400), en al onze schulden betalen. Ik weet, dat volgens testament broer recht heeft, om de grond voor £1500 te krijgen;

maar ik reken op broers barmhartigheid. De plaats is goed £3000 waard. Er zijn heel wat menschen, die zooveel willen geven. Broer moet toch aan ons denken. Wij houden anders geen kost om te eten. Als gij niet £3000 wil geven, geef dan toch zooveel, dat wij iets overhouden, of geef ons permissie om de plaats aan een ander te verkoopen.

Ik zou zelf wel komen om met u te spreken; maar mijn man is ziek. Ik zal daarom Annie sturen. Zij zal u alles vertellen en gij kunt haar een briefje saam geven. Nu lieve broeder, denk toch aan uwe arme zuster, die vergaan moet als gij haar niet helpt.

Uw liefh. zuster,

SANNIE.

Om di twee briewe te kan verstaan, moet ik eers iets van Oom Jan sijn geskiedenis vertel. Jare lang het hij gewerk om te krij wat hij nou bijna in hande het. Sijn ou'ers het maar twee kinders gehad: hom en sijn suster. Sijn vader had twee plase en het altijd geseg, dat hij aan ieder kind 'n plaas wou gee. Dit was ni na di sin van Oom Jan ni. Hij wou alles hê. Nou ieder mens sal al wel opgemerk het, dat als iemand kwaad wil doen, dit dikwijls gebeur dat di omstandighede hom ver 'n tijd help. So was dit ook met Oom Jan. Sanni, sijn suster, trou ni helemaal na haar ou'ers hulle sin ni. Haar man was wel fatsoenlik en goed, maar arm en wonderlik stadig. Toen begin Oom Jan te praat. Dag aan dag praat hij met sijn ou'ers, di bij hom in huis was, om di testament te verander, anders sou di plase tog maar in vreemde hande kom na hulle dood. „Hendrik sal nooit die grond kan behou," was sijn gedurige praatji, „hij is te sleg om te boer, laat mij maar di grond krijg, dan sal ik wel ver Sanni sorge." So hou hij aan, totdat sijn ou'ers eindelik di testament verander. Di plaas „Koninginsvlei" word aan Sannie vermaak; maar met di kondisi, dat sij so lang als Oom Jan leef, ni di reg sal hê ni, om di plaas aan iemand anders te verkoop dan aan Oom Jan ver £1500.

Na di dood van sijn ou'ers was Oom Jan regte gewillig om aan sijn swager geld te leen, en was hij ook glad ni verdrietig ni toen hij sien, dat sijn swager langsamerhand armer word. Hij het nou bijna sijn sin. Droogte en andere omstandighede het sijn swager bijna ten onder gebreng; hierbij was siekte gekom, en sijn swager, wat nooit fluks gewees het om te boer ni, het nou geheel moed opgegee. Sus Sanni doen wat sij kan, maar di boerderij gaan agteruit. Dis ook maar moeilik om een wa te'en te hou, wat op di afdra'end is. Mr Pay, di winkelier op di dorp, stoot ook aan. Hendrik Bronsveld was aan hom £400 skuldig. Nou wil Mr Pay met Oom Jan 'n plan maak om „Koningins-vlei" in hande te krij. Mr Pay wil £3000 gee, maar hij het goed geweet, dat hij daar £500 op kon verdien. Di laatste ding vergeet hij om aan Oom Jan te vertel.

Nadat hij di twee briewe gelees het, voel Oom Jan ni lekker ni. Daar was 'n strijd daarbinne. Gewete en Geldduiwel krijg twis. „Help ver jou suster," seg Gewete. „Vijftien honderd pond wins," seg Geldduiwel. „Hulle sal geen kos om te eet o'erhou," seg Gewete. „Jij kan hulle wel naderhand help, als jij eers di plaas het," seg Geldduiwel. So hou dit 'n tijdji aan en Geldduiwel begin te win. Dit is altijd so als 'n mens met Geldduiwel te doen het. Als jij hom ni meteens di harsens inslaan ni dan win hij bijna altijd. „Daar is maar min in di trommeltji", seg Geldduiwel, en Oom Jan gaan kijk of Geldduiwel gelijk het. Toen hij so rondvoel, sien hij 'n koper dubbeltji met 'n gaatji in di trommel leg. Hij vat dit met 'n kwaai gesig en gooi dit weer in di trommel. "Ik sal hulle ni help ni," seg hij toe. "Hulle wil mos hulle dogter aan di ellendige kerel gee. Laat hulle nou ook sien hoe hulle klaar kom."

"Reg so," seg Geldduiwel, en Oom Jan gaan slaap.

---

## HOOFDSTUK II.

Klets! waai di sweep, en Ruiter, di vosbles, wat hot-voor trek, draai effentjies sijn kop na Tromp, sijn maat, net als of hij wil seg: „Toe kerel, kom," en toen val hij weg, kop voor di bors. Tromp was klaar, en di ander vier vosse laat hulle ni nooi ni. Dit was mooi om te sien, hoe di span di bult uitloop. Oom Willem van Duren het sijn werk om hulle te hou; bijna lig hulle hom van di voorkis, en Willem was tog geen mager uitlandertji ni maar 'n Afrikaner, twee honderd pond swaar. „Sal ik help, Oom," seg 'n jongman, di naas Oom Willem sit en di sweep hou. „Nee wat, Gerrit, hulle sal net nou bedaar." „Strijk Tromp," roep 'n jongetjies stem uit di wa, „laat ons sien wat hij sal maak". "Moe ni Gerrit," roep 'n vrou-stem angstig. „Jij sal ons laat verongeluk." „Wees maar ni bang ni, Tanta," seg di jongman, „ik is slimmer als so; di perde draf al."

Skaam jij jou ni, Willem, om so te jaa," vra di vrou wat eerste gepraat het. "Skaam jij jou ni, en dit nog al als jij van di kerk kom. Jij vergeet dat jij diaken is. Ik het mij amper vaal geskrik."

„Og nee, Letti, dit moet jij ni seg ni, jij is te gewend aan jaag," antwoord Willem, toen hij lag, lag, omkijk. „Gerrit het maar effentjies met di sweep geklap. Als 'n man so 'n span vosse het, dan moet hij jaag al was hij ook so ernstig als Calvijn, waarvan Meneer so dikwijls preek. Jij is ook lang nog ni vaal ni, jij sien daar regte mooi uit. Is dat ni waar ni, Gerrit?"

Dit was ook ni 'n leugen ni. Tanta Letti was 'n mooie vrou en Oom Willem lag van plesier toen hij haar beskou, soals ieder man doen, di sijn vrou lief het. Wel was sij ni jong meer ni, maar dit hinder ni. Ik seg dikwijls: 'n jong meisi is mooi, daar strij ik ni te'en ni, maar 'n vrou omring van kinders, di haar lief het, en waarop sij met vrindelike oge neersien, 'n vrou, di jij op di gesig kan sien dat sij moeder is, en haar huis kan in orde hou; 'n vrou, wat met di jongste op di skoot di

besware van di oudste seun *kan* aanhoor, en hom raad kan gee, in een woord: 'n godvresende huismoeder is ook mooi; en iedereen, di sijn hoed ver haar ni afhaal ni of haar ni mooi vind ni, mankeer iets in sijn oog of in sijn hart.

Gerrit het hom omgedraai maar kijk daarom ni naar tanta, maar wel na 'n jong meisi wat naas tanta sit. Sij was ook wel di moeite werd om te beskou, want sij lijk als 'n roosknop wat net wil opegaan. Jammer maar, dat sij so treurig lijk.

Di meisi was Anni Bronsveld, wat op weg was na Oom Jan. Sij het met haar broertji, 'n jongetji van omtrent vijftien jare, vroeg van huis gegaan, en het Oom Willem, wat net met di wa van di dorp kom, ontmoet. Tanta Letti het geseg, dat sij maar op di wa moes klim, dan kon haar broertji maar met di kar aankom. Gerrit Verhoef, wat bij Oom Willem woon, het ver haar geknik om maar ja te seg, en om di waarheid te vertel, Anni doen graag wat Gerrit wil hê. Gerrit was dan ook 'n goeje jongman. Hij was jong wees geworde en Oom Willem het hom groot gemaak, en nou het Gerrit dit met transport rij so vér gebreng, dat hij vijf span osse en twee bokwagens het, en ordentelik geld verdien. Maar Gerrit wou meer hê. 'n Jaar gelede het hij eenmaal op 'n aand ver Anni iets soetjies in di oor gefluister. Sij het toen rooi geworde, maar het tog ni *nee* geseg ni. Nou seg partij mense dat sij aan Gerrit verloof is, maar Anni seg ni so ni.

Gerrit het goed genoeg geweet hoe di sake bij Anni haar vader staan, en daarom het hij so jammer ver haar. Hij het hom voorgeneem om hulle te help, al sou dit hom nog so veel kos. Sijn plan was klaar, maar hij het met niemand daaro'er gepraat ni. Hij wou eers sien wat Oom Jan sou doen.

Toen di perde weer bedaar het, draai tanta Letti haar na Anni en seg: "Wel Anni, was jou Ma ook op di dorp."

„Sij was Saterdag so 'n ogenblikki op di dorp, om met Mr. Pay te praat; sij kan Pa ni alleen laat ni," was di bedrukte antwoord van di meisi.

"Sit maar Anni,“ voel sij tog dat sij 'n werk op haar geneem het, wat moeilik was. Sij weet ni hoe te begin ni. Haar broertji het di kar uitgespan en het toen binnetoe gekom om Oom Jan te groet; maar het dadelik uitgegaan om sijn perde water te gee. Oom Jan loop sonder 'n enkel woord te praat, en di arme Anni word so verlege dat sij bijna begin te huil. Eindelik kom daar uitkomst.

„Hoe gaan dit met sus Sanni,“ vraag Oom Jan toe hij klaar was met rondloop. „Ma is fris, groetnis ook, Oom,“ antwoord Anni, "maar Pa is siek. Di dokter seg, dat als daar ni verandering kom ni, Pa seker di tering sal krij.“ „Watter dokter,“ grom di ou, „waarom stuur julle ni na ou tanta Grieta ni, sij weet seker net so veel als di dokter, en ver haar het julle ni noodig te betaal ni. Di dokter help ook om jou Pa so arm te maak.“

„Mijn liewe Oom, dis tog maar di eerste skoot wat di dokter kom, en ons het al di huismiddels van tanta Grieta gebruik, maar niks wou help ni. Pa blijf maar so. Di dokter seg dat di verdriet di ergste is. Mr. Pay het bij Pa gewees en toe is hij so erg geworde.“

Oom Jan het toe wel verstaan waar Anni na toe wil, maar daar hij geen lus het te help ni, blij hij doodstil; dit maak dat Anni weer moes begin, terwijl haar wange van verlegenheid rooi worde.

„Ma het ver mij gestuur om aan Oom te vra, wat Oom van di briefi seg, wat Ma geschrijwe het,“ seg sij eindelik al bewende.

„En moes jij dan ekspres om di antwoord hier na toe kom,“ brom Oom Jan. „Waarom kom jou Pa of jou Ma ni. Wel, so gaan dit, nooiens word nou al in mans sake gebruik. Dit is seker ook weer een van di nuwighede.“

„Pa is te siek en Ma kan Pa ni alleen laat ni; mijn broertji is nog te klein. Ag Oom, help ons tog, anders sal al ons goed verkoop worde, en ons weet ni waarheen ons moet gaan ni. Als Oom nog 'n bietji geld wou leen, dat Pa ver Mr. Pay kon betaal, dan sal ons opsukkel.

„Jij is 'n meisi en verstaan niks ni,“ brom Oom Jan,

„jou Pa is te swak om te boer, en jou Ma kan ni 'n boerderij bestuur ni. Jou Pa moet maar di plaas verkoop, en dan kan hij op di dorp gaan woon. Hij sal daar wel wat verdien."

„Ons is te arm en ons huisgesin is te groot om op di dorp te gaan woon, maar als oom van sijn reg wil afsien, of ver Pa £3000 ver di plaas wil gee, dan kan ons na Transvaal of Griqualand-Wes gaan, en weer 'n stukki grond koop".

„Van mij reg afsien! Nooit," antwoord oom Jan. „Mijn o'erlede Pa het wel geweet dat jou Pa di grond ni sou kan hou ni en daarom het hij dit juis so gemaak. Ik sal ni afsien ni of meer gee. Seg maar gerus aan jou Pa, dat ik hom £1500 sal gee, dan kan hij ver Mr. Pay betaal, en ver mij ook, hij kan dan sijn los-goed o'erhou.

„Dit is te min," seg Anni, „ons het nog meer te betaal, en ons sal niks o'erhou ni."

„Dit spijt ver mij, maar ik kan daar niks aan doen ni. Ik kan ook ni o'er di dinge met 'n meisimens praat. Seg. maar aan jou Pa, dat ik Vrijdag aand bij hom sal wees. Ik wil ook mijn geld hê, ik het dit noodig. Saterdag moet ik op di dorp wees".

Te vergeefs beproef Anni om oom Jan tot andere gedagte te breng. Di ou blij onbewegelik.

„Jij praat verniet, Anni. Ik sou seker ver jou nog di meeste doen, want jij is di enigste van di hele klomp wat 'n bietji verstand het, maar jij loop ook nou agter di ellendige Gerrit aan, en ik sal die di vagebond nog terugbetaal, dat hij mij beledig het."

„Dit was maar 'n grap," stamel Anni.

„'n Grap", bulder oom Jan, wat maar blij was iets te vinde om kwaad te worde, „'n grap, ik seg ver jou hij is 'n vagebond, di transportrijer."

Di vloed van oom sijn woorde was nou onkeerbaar. Di arme meisi gee dan ook maar moed op en laat haar broertji inspan. „Seg maar aan jou Pa, dat ik Vrijdag aand daar sal wees", was oom Jan sijn laaste woord.

Met genoege sien oom Jan di kar wegrij. "Dit het ik knap o'erleg", seg hij bij hom-self, „ik moet Hendrik Vrijdag maar opdruk, dan sal hij wel di koopbrief teken. Als ik maar ni te sag is ni. „Reg so," seg Geldduiwel daarbinne.

Daar kom alweer 'n karretji o'er di bult. Dit lijk 'n bokki. "Dit is seker seur Morris," seg Geswind. „Ik ken sijn perde."

„Goed so, Geswind, bly maar hier om te help uitspan", antwoord oom Jan, terwijl hij op sijn manier lag. „Ik is blij dat hij kom."

Net gou-gou was di bokki voor di deur en oom Jan gaan 'n paar stappe verder als gewoonlik om Mr. Morris te ontvang, iets wat deur Morris met 'n glimlag word opgemerk.

„'n Man is welkom, oompi, als hij geld breng," seg Morris toen hij inkom. „Ik het jou di deur nog nooit belet ni, Morris, waar kom jij vandaan?" „Ik kom van jou swager Hendrik," seg Morris. „Dit lijk daar maar treurig. Ik het gehoor dat hij osse wil verkoop, en hij het wel osse, maar durf ni verkoop ni, omdat Mr Pay hom gedreig het met ik weet ni wat ni als hij sijn osse verkoop eer hij Pay betaal het. Als dit so gaan, sal Pay seker al sijn geld krij. Hij is 'n oorlamse ou kerel."

„So," seg oom Jan na 'n rukki, „het jij niks van di grond gehoor ni?"

„Wel, so wat; Hendrik wou ni praat, maar tog het hij geseg dat hij, als hij maar sijn grond kan verkoop, sal hij uitkom, maar dat hij eers aan oom Jan di kans moet gee. Hij het mij toen raad gevraag."

„En wat het jij toen geseg", vraag oom Jan haastig.

„Dat jij maar moet wag totdat oom dood is," was di antwoord, „oom is tog al oud."

„Ik sal langer leef als een van julle," roep oom Jan kwaadaardig. „Jij moet ni met mij spot ni, Morris, anders word ik kwaad."

„Wel, oom, ik denk self, oom is taai", seg Morris wat ni eens moeite doen ni om oom Jan goed te maak,

daar hij di regte middel in sijn sak het. „Laat ons maar o'er iets anders praat. Ik het di geld van di osse in mijn sak. Oom haal maar di bewijssi."

Toen oom Jan van geld hoor, was hij so maar goed. Hij gaan di bewijssi haal, so lang als Morris di geld tel.

Terwijl Morris so besig is, wil ons hom effentjies beskou. Hij was 'n klein lewendige Bolandertji. Hij handel in alles, maar koop liefste vee op. Di mense hou o'er algemeen veel van hom.

„Jij het seker weer 'n goeje slag geslaan met di osse", seg oom Jan, terwijl hij di banknote een ver een aandagtig beskou.

„O nee, oompi, ik het di slag verloor. Ik denk oom het seker al meer dan een slapelose nag o'er mij deurgebreng."

„Ik het nog nooit aan 'n vee-koper krediet gegee ni," seg oom Jan. „Jij is di eerste."

„Danki, oom, ver di eer; maar ik wil weer osse koop en hamels ook."

Oom Jan het eers ni gehad ni; toen het hij 'n paar en eindelik 'n hele klomp. Hulle gaan na di kraal, en dit was donker toen hulle terugkom.

Na di ete sit di twee mans weer te praat, 'n klein bietji o'er politiek en toen was di stori geld. Van geld kom dit op grond, en van grond op di plaas van Hendrik.

„Ik wou dat dit mijn plaas was," seg Morris. „Ik het daar 'n goeje koopman voor."

„Wie is dit, en wat wil hij gee", vraag oom Jan vurig.

Morris maak of hij di vraag ni verstaan ni en geef geen antwoord ni. Oom Jan word kwaad maar bedwing hom. „Hendrik kan ni verkoop ni", seg hij eindelik; „volgens di testament moet ik di plaas krij ver £1500."

„So het hij mij geseg", antwoord Morris, „maar altemet is daar nog iets aan te doen."

„Hulle kan geen testament omgooi", seg oom Jan haastig.

„Dit gaan mij ook ni aan ni", seg Morris, en trek sijn skouers op.

„Hendrik moet di plaas aan mij verkoop", seg oom Jan.

„Nou, oompi, als jij ver mij £100 gee, dan sal ik jou £4000 ver di plaas besorge; maar dan moet ons Saterdag voor twaalf uur op di dorp wees, om di koopbrief te skrijwe."

„Dit sal ik nooit doen ni", seg oom Jan, „dit is veels te veel. Wi is di man?"

Morris haal sijn pijp uit en begin te rook. „Besigheid is besigheid, soos di Engelse seg. £3900 is waarlik ni te min ni ver di grond, en £100 is waarlik ni te veel ni ver mijn moeite. Sorg maar, dat jij Saterdag voor twaalf uur op di dorp is. Maar wil jij ni, ook goed."

Oom Jan het ni lus ni om di saak op te gee en hou aan. Morris moes di man noem, maar di Bolander was te ouderwets daarvoor, en seg dat hij vaak het.

Toen oom sien dat hij ni vorder ni, begin hij toe te gee. Eers beloof hij £20, toen £60, toen £75, maar Morris het maar vaak; eindelik beloof hij £100.

„Julle handelaars is ook so agter geld."

„Wel, ons weet om geld te maak," antwoord Morris, wat oom Jan sijn sug verstaan het, „maar ons sorg ver ons famielji. Ik is gek na geld, maar als jij ver Hendrik wil help, dan moet jij dit om mijnentwil ni laat ni. Ik sien van mijn £100 af."

„Ik het niks met Hendrik te maak ni," antwoord oom Jan knorrig, „hij moet di plaas verkoop. Ik sal hom dan later help."

Morris lag bietji, en seg toen: „Waar sal ik oom ontmoet. Ik moet morre na Padda-kop, en o'ermorre moet ik na Willem van Duren. Gerrit Verhoef, wat bij hom woon, het mij geseg dat hij 'n paar span osse het om te verkoop." Ik wil di graag hê. Hij het mooie osse."

„Jij moet oppas ver di Gerrit," seg oom Jan, „mijn hotnot seg dat di beeste ni skoon is ni."

„Dit is snaaks," antwoord Morris, „Ik ken Gerrit al

lang; hij het mij nog nooit bedrieg, maar ik sal dit wel uitvinde."

„Kom Vrijdag middag hier aan, dan kan ons same na Hendrik toe gaan, altemet kan hij mij nog 'n bietji help, maar jij moet daar ni o'er praat ni."

„Goed," seg Morris en di twee gaan slaap. Morris droom lekker van sijn £100, maar oom Jan het dit swaar. Geldduiwel was ni tevrede ni. Dat hij £100 moes afgeef, was tog al te swaar. Di gedagte dat hij 'n goeje slag kon slaan en ver Mr. Pay kon wijs, dat hij hom ni nodig het ni, geef hom eindelik rus.

Ja, dis wonderlik, waardeur 'n mens soms rus kan krij·

---

## HOOFSTUK III.

'n Baas maak 'n plaas, seg di spreekwoord, en so denk Gerrit ook, toen hij di volgende aand op Konings-vlei kom en sijn rijperd so 'n bietji laat kopspeel. Dit was 'n ordentelike plaas, maar daar was maar min op gewerk. Di arme Hendrik Bronsveld was ni van di flukste ni en daarbij was hij siekelik ook.

„Als ik maar eers hier woon, dan sal dit anders lijk," denk Gerrit. „Di plaas moet ni verkoop word ni. Oom Hendrik is maar swak al is hij Anni haar vader. Sij aard na haar Ma. Als sij maar net ver mij wil wag."

„Dag, Gerrit! wil jij afsaal," klink 'n vrolike stem, en Anni haar broertji, wat veel van Gerrit hou, kom na hom toe. „Hoor jou rijperd is mooi lijf-skoon."

„Ja," seg Gerrit, „di veld is redelik. Waar is jou Ma?"

„Binne," was di antwoord. „Anni het haar oge al rooi gekijk na di bult."

Gerrit kniehalter di perd en gaan in. Toen hij binne kom, word hij deur Anni haar moeder vrindelik ontvang en Anni, hoewel sij ver haar onverskillig hou, groet hom

tog vrindeliker als sij 'n ander sou gegroet het. Oom Hendrik was in di kamer, siekelik en nukkerig. Gerrit moes eers 'n lange stori hoor van allerhande tegenspoed, terwijl tante Sanni di gelegenheid gebruik om di kamer 'n bietji aan kant te maak. Anni was in di kombuis.

Eindelik het oom Hendrik uitgepraat en gaan Gerrit sijn perd besorge. Voor hij uitgaan, sien hij tante Sanni staan en gaan na haar toe en seg: „Tante, als dit van aand stil is, moet ik met oom en tante 'n bietji praat. Ik het iets te vertel. Tante kijk verwonderd op, maar gee ni 'n ander antwoord als: Ja.

Na di ete en huisgodsdiens seg sij ver Gerrit, dat hij maar na di kamer moes gaan en dat sij netnou sou kom. Sij gaan in en Anni, wat 'n bietji nuwsgierig is, gaan bij di deur staan.

Iedereen wat perbeer het, weet dat dit ni so gemakkelik is ni om 'n ernstige gesprek te begin. Dit ondervind Gerrit ook. Di woorde wil ni uit sijn keel kom ni, en als tante ni ver hom jammer gekrij het ni en hom gevraag het, wat hij wil, dan weet ik ni hoe hij op di end sou gekom het.

Op tante haar vraag begin hij 'n hele stori, reg hartelik maar banje deurmekaar, want sweep-slaan kon Gerrit banje beter dan praat. Eindelik begrijp hulle tog wat hij wil.

Sijn plan was nadat hij gehoor het, dat oom Hendrik in moeilikheid was, om hom te help. Hij wou 'n wa en soveel osse verkoop, dat hij oom Hendrik £400 kon leen. Di geld kon oom maar teruggee als dit gelege was. Gerrit sou wel genoeg o'erhou om gou op te boer en weer 'n wa en osse te koop.

Anni haar ou'ers was regte verwonder en tante merk wel, dat hier wat agter sit. Sij begin hom uit te vraag en di hele boel kom toe op di vlakte.

„Ja tante," hakkel Gerrit, „Anni het ver mij geseg, dat sij mij lief het en op mij sal wag, totdat ik genoeg het om te trou, als oom en tante maar wil. Anni is nou weggegaan, maar tante kan haar maar vraag. Ik denk

als ik oom nou help dan kan oom mij later help."

Eers wil di ou mense van Gerrit sijn plan niks hoor ni. Hulle wil ni dat Gerrit hom sal opoffer ver hulle; maar Gerrit bepleit sijn saak so mooi, dat hulle eindelik toegee. Hij praat toen so gemakkelik dat dit was alsof al di sorge so maar meteens weg was.

„Als boeti Jan ons nou maar ni opdruk ni," seg oom Hendrik, „dan sal alles regkom."

„Mijn broer is wel gierig, maar so verkeerd sal hij tog ni wees ni. Hij sal ons ni ongelukkig maak ni," antwoord tante.

Hoewel dit al laat was, krij Gerrit tog nog tijd om 'n bietji met Anni te praat. Wat hij gepraat het weet ik ni, maar dit weet ik, dat hij tevrede gaan slaap.

## HOOFDSTUK IV.

Dis tog maar goed, dat 'n mens ni altijd weet ni wat voor di deur staan, anders het Gerrit nooit so lekker geslaap en so vrolik naar huis gerij. Dat hij sijn osse moes verkoop, hinder hom ni, want Anni het hom daarvoor so hartelik gedank voor hij wegrij, en geseg dat hij maar gerus kon wees, sij sou nooit met 'n ander trou ni. Sijn perd was ook fluks, want hij het dit goed gehad.

Waar di baas welkom is, daar is di perd ook welkom. Met 'n opgeruimde gemoed saal hij voor di huisdeur af en gaan in.

Kijk wat is dit? Oom Willem wat altijd opgeruimd is, sit met een kwaai gesig te rook, dat di damp so trek en tante Letti praat ook ni. „Hoe gaan dit hier, oom," vraag Gerrit.

„Dit gaan maar miserabel. Swartbooi het netnou kom seg, dat een van di beeste siek lijk. Hij denk dat dit longsiekte is. Ik het 'n perd laat kom om na di veld te rij en di beeste aan te keer."

„Wat, longsiekte onder di beeste!" riep Gerrit vreeselik ontsteld, „dan is ik ongelukkig."

„Dit is jammer," seg oom Willem, „maar wat kan 'n mens daaraan doen. Dis werelds goed.

„Maar ik is heeltemaal ongelukkig en Anni ook," roep Gerrit en word doodsbleek.

Oom Willem kijk verwonderd op en wil vraag, maar tante skud haar kop en haar man blijf stil.

„Kom, Gerrit," seg sij, „drink eers maar koffi. Dit sal wel beter gaan. Denk daaraan, voor- en tegenspoed kom van Bowe."

„Maar ik het so veel tegenspoed, tante. Ik het jare ver di osse gesukkel en nou ik iets goeds daarmee wil doen, gaan hulle dood; ander mense doen kwaad met hulle goed en het voorspoed".

„Moet so ni praat ni," seg tante, sag maar ernstig. „Ik het meer deurgestaan dan jij, en ik weet en geloof dat God 'n iegelik, di Hem vertrou, ni beskaam maak. Ik hoop dat jij dit ook eenmaal sal ondervinde.

Gerrit blij stil, maar dit woel binnekant. Hij wou alleen wees en toen di perd kom, bied hij aan om di beeste bij makaar te maak. Op 'n stappi rij hij weg. Dis net of 'n perd partij keer voel hoe 'n mens voel. Di beeste was ni ver ni. Angstig kijk Gerrit hulle deur en, jawel, een van oom Willem sijn mooiste verse was siek. Hij begin hulle toen aan te jaag en toen sien hij, dat een van sijn voor-osse, 'n pragtige rooi Afrikaner, ook siek is. Dis waar: di longsiekte was onder di beeste.

Toen Gerrit sijn mooi mak voor-os hoor hoes, kon hij dat ni hou ni. Hij klim af en gaan op 'n miershoop sit met sijn gesig in sijn hande. Al sijn planne was verijdel. Hij was al te verdrietig. Seg nou ni: Ag, dis maar werelds goed. Dit is waar, maar als jij jare lang gesukkel het om 'n bietji bij makaar te breng, dan is dit maar hard als so'n siekte dit wegneem. Gerrit voel dit diep en daar ik di waarheid wil skrijwe, sal ik ook maar seg, dat sijn oge nat was eer hij daarom denk. Hij kon dit ni help ni. Wat moet hij na Koninginsvlei laat weet

Alles is uit. Terwijl hij so sit, kom tante Letti haar woorde hom te binne. Gerrit was ni 'n onverskillige mens ni, hoewel hij grappig was. Wel had hij hom ni geheel en al aan di Heere o'ergegee ni, want dan sal hij meer troos gehad het, soos Anni, di 'n vroom meisi was. Gerrit ni. Di Heere weet best, het tante ook geseg en dit seg Gerrit haar nou na. Wat sit ik als 'n klein kind te huil; dit help niks ni. Laat ik maar liewer oppas, nou dit tog so ver is en di Heere om hulp bidde. Ik sal 'n bietji swaarder moet werk, dit is al, maar ik is gesond en fris. Huil help tog ook ni.

Met 'n ligter hart klim Gerrit op sijn perd, hoewel hij moeite had om hom goed te hou. Di hardste was dat hij Morris moet afseg, omdat hij nou niks kon verkoop ni.

Di volgende dag kom Morris en di was eers wel 'n bietji ontevrede dat hij verniet het moet rij, maar dit help ni.

„Oom Jan van Linge het mij eergister al vertel, dat daar siekte onder di beeste was, maar ik wil dit ni geloof ni," seg Morris.

„Hoe wis di ou kerel dit," vraag Gerrit, di net kwaad word.

„Ik weet dit ni," seg Morris, „altemet het hij dit van sijn volk gehoor."

Gerrit het gewoonlik ni dokters goed noodig om eetlus te hê, maar nou kon hij di kos ni in krij ni. Onverskillig hoor hij di gesprek van Morris met oom Willem aan, toen hij plotseling getroffe werd deur 'n gesegde van Morris, waaruit hij verstaan dat Morris met oom Vrijdag aand op Koninginsvlei sou wees. Dadelik maak hij 'n plan om ook daar te wees, laat kom wat wil.

Morris gaan na di slaapkamer en toen vraag Gerrit of hij Vrijdag weer kan rij. Oom Willem was verwonderd dat Gerrit nou van rij praat en daarom vertel Gerrit al di planne wat hij gehad het.

Oom Willem skud toen sijn kop. „Ja Gerrit," seg hij, „dit is nou voorbij, maar jij is tog in bietji al te goed. 'n Mens moet eers ver hom self sorg. Pas maar op dat jij

jou ni vasloop ni." Tante Letti praat ni, maar toen Gerrit gaan slaap, gee sij hom 'n nag-soen, iets wat sij in geen jare gedaan het ni.

„Vrou jij is net so gek als Gerrit," seg oom Willem met 'n glimlag toen hulle alleen was.

Tante Letti geef hom toen ook 'n soen, maar antwoord ni en daarmee was di stori uit.

---

## HOOFDSTUK V.

Werk is 'n straf, ten minste van dat di sonde in di wereld is, maar werk is tog ook 'n segen, want daar is niks beter om moed te hou ni als: bid en werk. Dit het Gerrit ook ondervinde. Daar was so veel te doen met di beeste, dat hij geen tijd had om te treur ni en dit was Vrijdagmiddag eer hij daarom denk. Hij weet ni wat te doen ni. Aan oom Hendrik het hij 'n bietji geskrijwe en di saak bekend gemaak, maar toen di rijtijd kom, staan hij in twijfel. Di beeste was ge-ent en nou kom di weer op. Hij het gereken dat dit ni sou regen ni, omdat dit winter was en nou kom di wolke so dik dat hij bang was om te gaan. Oom Willem het jammer ver hom gehad en seg: „Gaan maar Gerrit, hier is volk genoeg. Ik sal ver di beeste sorge."

Gerrit rij weg maar dit was ni 'n plesier-toggi ni. Sijn hart was stukkend. Daarbij kom, dat dit begin te regen. Eers saggies maar netnou het di water gestroom. Als men plesierig is, dan voel hij di regen ni banje ni, maar als iemand swaar het, dan is dit net of hij dit meer gewaar word. Di son was al onder toen hij op Koninginsvlei kom. Voor di deur staan di bokki van Morris, en daaruit begrijp Gerrit, dat oom Jan binne was. Anni kom uit; haar oge was rooi.

„Hoe gaan dit hier Anni?" vraag Gerrit.

„Dit gaan maar swak", was haar antwoord. „Pa is siek. Mr. Pay was hier en wou sijn geld hê en nou is

oom Jan daar. Hij is 'n paar ure met Pa en Ma in di kamer. Ma het netnou papier kom haal om te skrijwe. Mr Morris is ook hier."

„Kan ik ingaan, Anni?"

„Ik weet ni. Gaan maar in, al krij jij misskien aanstoot."

Gerrit neem di vrijheid om di deur ope te maak en in te stap. Di eerste wat hij sien was Mr. Morris wat besig was om te skrijwe en verward opkijk. „Skrijwe maar," seg Gerrit. „Ik kom net maar groet".

„Toen ik jong was," seg oom Jan, so kwaad als 'n slang, „kom 'n jong kerel ni so maar di kamer in ni, maar so gaan dit, hoe armer hoe parmantiger." Gerrit het groot lus gehad om Oom Jan 'n antwoord te gee, en als di ni so oud was ni, nog iets meer, maar hij bedwing hom en gaan sit bij di bed van oom Hendrik, di niks anders doen dan hoes. Tant Sanni gee hom di hand.

„Mr. Verhoef kan maar blij," seg Morris, „ons het 'n getuige nodig."

Oom Jan kijk Gerrit nukkerig aan. Mr. Morris het sijn werk klaar en begin dit voor te lees. Dit was 'n koopbrief, waarin oom Jan beloof om £1600 kontant te betaal, maar dan moet di plaas binne 'n maand afgelewer worde. Gerrit word warm van verontwaardiging, toen hij dit hoor.

„Wag 'n ogenblik. Broer Jan, als ons di koopbrief teken, is ons doodarm en moet ons swerwe. Kan jij dit op jou gewete neem? Ik het lang mooi gepraat, maar nou doen ik dit ni langer ni; als jij voor mij sterf en jij Pa ontmoet, seg hom dan hoe jij ons behandel het."

Oom Jan word bij di woorde doodsbleek. Dit duur enige tijd eer hij antwoord kan gee. „Ik wil di plaas ni hê ni, sus Sanni, gee maar di rente en hou di grond. O'erlede Pa wou ni hê ni dat di grond onder vreemdes sou kom ni."

„Jij weet wel dat ons dit ni kan doen ni," seg Sanni, terwijl sij haar broer bedroef aankijk. „De Heere richte tusschen u en mij. Teeken maar Hendrik," gaan sij voort

toen sij di papier en ink aan haar man geef. Ik sal jou ni verlaat ni, en di Heere sal help.“

In diepe stilte werd di koopbrief geteken. Onmiddelik staan oom Jan en Morris op en gaan na di weer kijk.

„Hoor,“ seg Morris, „oom kan gerus aan jou suster nog ‘n £500 geef. Oom het meer hart als ik. Ik kon dit ni hou ni toen sij so ernstig praat.“

„Ik het al £100 meer gegee,“ seg oom Jan, „maar hoe kom ons morre op di dorp. Di spruit raas net of hij vol is. Kan dit ni wag ni tot Maandag?“

„Nee, di man staan in koop met ‘n ander plaas. Als hij morre voor twaalf uur ni koop ni, is hij di plaas kwijt. Ik weet hij wil liewer Koninginsvlei hê en £4000 geef, maar ik het hom geskrijwe om tot morre te wag.“

„Wi is di man?“

„Nee, oompi, dit is verniet om ver mij uit te vraag. Morre sal ik oom bij di man breng als oom ’n bewijs teken, dat oom mij £100 sal gee.

„Vertrou jij mij dan ni“, roep oom Jan knorrig. „Ik wil di plaas ni verkoop ni.“

„Net soos oom wil,“ seg Morris, „maar ik gaan in, ik regen nat.“

Di orige van di aand was verdrietig genoeg. Gelukkig gaan oom Jan vroeg slaap, en toen vertel Anni aan Gerrit di ganse geskiedenis. Eers het Mr. Pay gekom en het met dagvaardings gedreig. Toen kom oom en vraa sijn geld en haar ou‘ers het oplaas maar toegegee. Gerrit sijn raad was ook op en hij gaan met ‘n bedrukte hart slaap.

## HOOFDSTUK VI.

Dit was ’n mooie oggend. Di onweer was o‘er en oom Jan staan vroliker op als hij in lange tijd gedaan het. Geldduiwel het sijn sin gekrij en di gewete was stil gemaak. Di eerste wat hij doen was om na di spruit te kijk.

Di gesig van di spruit laat oom Jan sijn opgeruimd-

heid banje sak. Hij trek 'n skewe gesig. Di spruit was sterk.

„Dit is fout,“ seg di ou'e, “hoe kom ons deur?“

Daar is seker niks in di wereld wat 'n mens sijn geduld meer op di proef stel dan 'n volle spruit of rivier als 'n mens op reis is, en oom het maar min geduld. Hij loop op di wal heen en weer om te sien of di water ni sak ni, maar dit lijk amper of di spruit groei.

Di andere mense was ook opgestaan en toen hulle oom Jan bij di drif sien, gaan hulle na hom toe. Ieder gee sijn opini; di een seg 'n mens kan deur, di ander seg nee.

„Dit lijk ni mooi ni, oom Jan,“ seg Morris. „Ons kom van morre ni deur ni, ten minste ni met di kar ni.“

„Ken jij di drif,“ was di antwoord.

„So effentjies, maar ni heel goed ni; di spruit lijk sterk“.

„Wel ons kan 'n paar uur wag.“

„Ik weet ni,“ seg Morris, „di spruit groei nog stadig. Hoor dit is jammer. „Stuur 'n kaffer deur met 'n brief, Morris,“ seg oom Jan, na enige ogenblikke.

„Dit sal ni gaan ni, maar ik denk om self te perd deur te rij. Geef mij maar prokurasi. Te perd sal ik wel deurkom.“

„Waar 'n perd deur kan, kan 'n kar ook deur. Ik gee ni prokurasi ni.“

„Oom vertrou ook niemand ni. Ik seg maar net, di spruit is sterker als oom denk.“

Met aandag beskou di ou di water. „Kom, Morris, laat maar 'n man voorrij, wat di drif ken en tou vat, dan sal dit wel gaan“.

Morris kijk na di water; di spruit lijk maar lelik.

„Soos oom wil,“ seg hij op laas. Mijn perde is goed en water gewend. Kan oom swem?“

„Seker, beter dan jij,“ was di antwoord, want oom Jan begin al ordentelik warm te worde.

„Kom, Gerrit, vat tog 'n perd en help ons deur kerel,“ seg Morris, maar eer Gerrit kon antwoord, seg

oom Jan: „Laat Witbooi liewer deurlei. Hij woon hier en ken di drif. Gerrit sal ons laat verongeluk".

„Hoor, oom, jij is tog 'n dwarskop," seg Morris, wat nou kwaad word. Ken jij di drif, Witbooi?

„Ja, seur, als basi mij net 'n shilling gee dan sal ik deurlei."

„Maar ik wou tog liewer dat jij dit doen, Gerrit," seg Morris.

„Oom Jan vertrou mij ni. Hij denk ik sal hom laat verongeluk," antwoord Gerrit; „laat hom nou sien hoe hij klaar kom."

Oom Jan en Morris gaan toen inspan, terwijl Witbooi 'n perd opsaal. Oom Jan neem sijn bondeltji klere uit di kar-kissi en sit di op di banki, maar eers neem hij daar 'n rolletji uit wat banje op banknote lijk. Di rolletji steek hij in sijn binne baatji-sak.

„Als oom iets van waarde het, moet oom dit liewer hier laat blij," seg Morris.

Oom Jan skrik. „Dis maar papiertjies."

Di hottentot span di perde in. Gerrit blij bij di drif en nuwsgierigheid het ook Anni daar gebreng.

„Is di spruit gevaarlik", vraag sij.

„Ja, seker, als ik ten minste mijn suster haar plaas op mijn gewete het, rij ik ni van daag in ni."

„Foei tog, Gerrit, hoe kan jij so praat; hou jou maar liewer klaar om te help."

„Wees maar ni bang ni, dat ik jou liewe oom sal laat verdrink. Daar kom hij al. Hou julle maar klaar, Klaas en Jefta, van daag kan julle swem als di bokki di klip aan di hotkant krij, dan gaan hij. Trek maar gerus julle skoene en klere uit."

Klaas en Jefta doen soos geseg was, en Gerrit volg ook gedeeltelik hulle voorbeeld.

Daar kom oom Jan. Witbooi rij voor. Morris het di leisels en oom Jan di sweep. Bij di drif hou hulle stil.

„Di spruit lijk maar miserabel van daag," seg Morris, „sal ons ni maar liewer omdraai ni"?

„Als jij bang is, gee dan maar di leisels," was di

antwoord. Morris had gelijk. Di spruit het ni mooi gelijk. Omtrent tien tree onderkant van di drif was 'n klein watervalletji en omtrent dertig tree verder een wat nog wat groter was met lelike grote klippe. Di spruit was sterk.

„Pas op", skree Gerrit, „hoger op, Witbooi! Pas op ver di klip aan di hot-kant."

„Rij in, Witbooi," roep Morris en di jong rij in. Di bokki volg. Di eerste vijf tree gaan dit goed, maar di stroom was te sterk; di perde moes swem.

„Slaan, oom!" skree Morris, „trek Nelson! trek Engeland!"

Di perde doen hulle bes, maar dit help ni. Di stroom drijf hulle af. Eers gaan Witbooi met perd en al onderste-bo. Toen krij di wiel di klip aan di hotkant; di bokki val om en drijf met perde en al stroom-af.

„Help Gerrit! help di mense!" gil Anni.

Gerrit was al in di water met di mes tusse sijn tande. Klaas en Jefta volg hom.

Di twee in di kar was gelukkig uitgeval. Morris, di 'n flukse Afrikaner was, was al besig om in di swem di tuige los te snij om op di manier di perde te help en te red. Oom Jan het hij glad vergeet.

Gerrit vergeet oom Jan ni. Met 'n kragtige hand swem hij na hom toe, grijp hom bij di kraag van sijn baatji en hou sijn kop bo water. Dit sou alles goed gegaan het, maar ongelukkig was di baatji banje oud en toen Gerrit oom Jan na di kant sleep, skeur di baatji middeldeur.

„Help, Klaas!" skree Gerrit. Oom Jan spartel dat dit 'n aard het en Gerrit grijp hom bij di arm en sleep hom na di wal. Hij let daar ni op ni dat di een helf van di baatji uitval en stroom-af drijf.

Net soos oom Jan grond krij, word hij reg. Di eerste waarna hij kijk, was na sijn baatji.

„Waar is mijn halwe baatji?" skree hij ernstig.

„Dit gaan see toe, ou-baas!" roep Klaas.

Mijn baatji, mijn geld, mijn geld!" gil di ou. Ik is

dood-arm als ik dit ni weer krij ni. Niemand hoor hom. Gerrit en Klaas was weer ingegaan om Morris te help. Oom Jan klim nou haastig di wal uit. Di stuk van di baatji was bij di waterval tegen 'n klip afgedrijf. Met fonkelende oge sien oom Jan dit aan.

„Mijn banknote!" gil hij, en denk aan niks anders ni.

Langsaam begin di baatji los te gaan. Nog enige minute en dit sou middel in di stroom wees.

Toen kon oom Jan dit ni langer uithou ni. Hij spring op, loop langs di wal en voor iemand hom kon hinder, was hij in di water.

Di stroom was sterk, di klippe lelik en glad, maar dit lijk of oom Jan weer jeugdige kragte het gekrij. Half-swem, half-loop kom hij deur di klippe. Hij klim op 'n klip en sien hoe di baatji los spoel. Nou denk hij aan geen gevaar ni. Hij maakte 'n flukse sprong en hij het sijn baatji. Di sprong het egter sijn kragte uitgeput. Toen hij wil terugkeer, slaan di water hom onderste-bo tegen 'n klip. Di bloed maak di water rooi. „Help ver oom Jan, help Gerrit!" roep Anni van di wal.

Allemaal kijk op. Gerrit laat hom afdrijwe tot waar Oom Jan was. Hij was geen minuut te vroeg ni. Oom Jan was al bewusteloos, maar sijn baatji laat hij ni los ni.

Deur di andere gehelp, breng Gerrit oom Jan op di wal en in di huis. Di ou was bewusteloos en di bloed stroom o'er sijn gesig. Tante Sanni en Anni, bijna dood van skrik, doen wat hulle kan om hom bij te krij.

„Di affêretji sal mij ordentelik geld kos," seg Morris toen hij sijn stukkende bokki weer op di wal het. „Gelukkig dat di perde gered is, maar daar kon ook ni segen bij so 'n saak wees ni."

Met grote moeite het hulle di stuk baatji uit oom Jan sijn hand gekrij. In di binnesak was di banknote, maar pap-nat.

„Pas op ver di papiertjies," seg tante Sanni aan haar dogter; set di maar eers weg."

Na veel sukkel kom oom Jan bij. Hij slaan sijn oge op en kijk verwonderd rond.

„Hier is dit, oom!" roep Anni.

„Mijn baatji, waar is mijn baatji?" sug hij.

„Hier is dit, oom!" roep Anni haastig, „hier is di papiertjies."

„Gee dit hier, mijn kind," stamel oom Jan. „Laat dit hier voor mijn oge droog worde. Di slegte Gerrit, waarom kon hij ni beter oppas ni. Wat 'n skade, wat 'n skade!"

Niemand spreek hom tegen ni, want hulle wou hom ni steur ni. Eers lijk dit of oom Jan spoedig sou beter word, maar toen di agtermiddag kom, krij hij koue koors en hulle was verplig om na di dokter te stuur. Gerrit bied hom aan om di dokter te haal, nadat hij eers 'n boodskap na oom Willem gestuur het. Di spruit was toen ook so gesak, dat 'n man te perd deur kon.

Toen di dokter di volgende dag kom, lijk oom Jan weer beter, maar di dokter skud sijn kop en wou daar ni van hoor ni, dat oom Jan sou vervoer word. „Di ou kerel is te swak, seg hij. Hij het te veel bloed verlies en ik is bang dat hij hom van binne sou beseer het. Ik geloof ni dat hij sal deurkom. Als hij nog iets te doen het, laat hom dit spoedig doen." Di arme Sanni voel toen dat sij haar broer niettegenstaande al sijn gebreke tog lief het. Di gedagte dat hij sou sterwe, skok haar en veral dat hij so sou sterwe. Sij durf ni met hom praat ni en skrijf daarom 'n briefi aan di predikant om tog te kom.

Oom Jan word altijd swakker. Toen di ou leeraar kom, sien hij wel dat dit met oom Jan na di end gaan. Hij het 'n lang gesprek met hom, maar hij het nooit vertel wat hij met hom gepraat het. Hij blij di nag op Koninginsvlei. Toen di dag aanbreek, sien Sanni dat haar broer sterwende is.

Sij kniel voor sijn bed neer. Oom Jan kijk haar aan, steek di hand uit en wil praat, maar kon ni. Enige ogenblikke later raak di leeraar haar aan. Sij kijk op. Oom Jan was dood.

Daar was maar min mense op di begrafenis, doch daar

was 'n bisondere erns. Di leeraar het gesproke en stil gaan dit na di graf. Toen di dragers terugkom, staan di kindertjies van oom Hendrik voor di deur. „Ons is nou rijk, meneer; Witbooi seg so. Al oom Jan sijn goed is nou ver ons," roep 'n klein dogtertji van vijf jare, toen sij di predikant sien. Ik is blij dat hij dood is."

Dit was of al di aanwesige skrik.

„Stil, mijn kind," seg di leeraar met grote erns. „Men spreekt zoo niet." Hij draai hom toen tot di bijstanders en voeg daarbij. „Hoort, broeders, dit kind in zijn onwetendheid predikt ons en zijn prediking is: Past op voor den geldduivel."

Oom Jan het ni 'n testament gemaak en so kom al di goed aan Sanni. 'n Paar maande later woon Gerrit op Saaifontein en Anni was bij hom. Hij was, o, so gelukkig. Met di longsiekte het dit ook goed gegaan. Hij het ni veel verloor ni; selfs sijn mooie vooros het deurgekom. Hij leef tevrede en als hij soms 'n bietji te veel o'er sijn osse praat, dan is Aanni daar om hom toe te roep: „Gerrit, pas op ver di geldduiwel."

# Di Liegduiwel.

HOOFDSTUK I.

Meneer het buite-kerk bestel op Poortji bij oom Diederik, di ouderling, en al di mense uit di buurt het na di kerk toe gekom. 'n Buite-kerk is tog ook maar aangenaam. 'n Mens het dan ni alleen di preek ni, maar ook di gesels en partij keer nog 'n lekker tafel met kos daarbij. Of di buite-kerke wel altijd so stigtelik is, sal ik ni o'er praat ni, want di dorpe word nou so banje, dat daar netnou geen buite-kerke meer sal wees ni.

Di voormiddag godsdiens was uit; di ou mense sit nog 'n bietji met Meneer te praat; maar di jong mense was gou uit. Oom Diederik sit ook in di huis; hij was mos ouderling; maar kort-kort is hij op stoep om sijn pijp uit te slaan. Dit was geen wonder ni! Di vrugte was rijp en partij jong mense het so maar uit di godsdiens tuin toe gegaan; di ou was jammer ver sijn perskies.

Meneer het mooi gepreek; platweg, sonder kunsies. Sijn teks was: „Liegt niet tegen elkander", en di leugenaar het dit net swaar gekrij. Partij mense was kwaad geworde, omdat Meneer di leugen 'n Afrikaanse landsonde genoem het; partij het rondgekijk onder di preek om te sien of di leugenaars wel in di kerk was en goed luister, en so'n enkele hier en daar het di toepassing ver sig self gemaak.

Terwijl di ou mense in di huis o'er di preek sit praat, was di ander, en veral di jong mense, buite aan di gang. Een klomp loop rond; 'n ander klomp, veral noiens, staan bij Frits, di smous, wat ook daar was, met 'n wa vol mooi goed, en 'n groot klomp jongkerels sit op di kraal-mure en gesels dik o'er di perde, wat in di kraal was.

Ik seg self dat dit swaar is om 'n klomp perde te sien en ni daaro'er te praat ni; maar so veel gepraat na di godsdiens doen tog maar skade aan di preek.

Onder di jonge mense op di kraalmuur was daar één, wat di hardste praat en di meeste vertel. Hij was net 'n mooi jong kerel van twee en twintig jaar, di enigste seun van 'n rijke boer. Di hele distrik ken ver Hans Rietman, of soos hij genoem word: „lieg Hans;" maar als hij di bijnaam hoor, word hij vreeslik kwaad.

Di bijnaam was egter ni so onverdiend ni. Hans kon net skerp lieg en het om sijn leugens al meer als een stel afgetrap. Met di laaste huisbesoek het Meneer hom nog voor gehad, en fluks di waarheid vertel. „Kijk Hans!" so het Meneer geseg, „je moet niet denken, dat de liegduivel een zwakke duivel is; als hij eenmaal in je hart is, dan krijg je hem er niet zoomaar weer uit, en de hel is net zoo goed voor leugenaars als voor dieven en moordenaars." Hans was toen bitter beskaamd, vooral dat oom Diederik daar bij was, en hij graag bij oom Diederik in guns wou wees. Hij het toen beterskap beloof, maar dit het niks gehelp ni.

Wel, Hans wou bij oom Diederik in di guns blij, omdat oom Diederik 'n regte mooi groot dogter had, op wi hij verlief was. Di ouers aan weerskante was ook voor di huwelik, maar dit lijk of Netji 'n ander plan had.

So 'n noientji is partij keer nes 'n mierkatji, wat ook so bedaard na jou uitkijk, maar als jij hom amper gevang het, spring hij in di gat en is weg. Hans het al gemerk dat daar 'n ding verkeerd was, maar hij kon ni uitvinde wat dit was ni. Dit had hij egter gemerk, dat Gerrit Berger banje op Poortji kom.

Maar ons het di jongkerels op di kraalmuur al glad vergeet. Hulle praat anders hard genoeg. Hans haal uit wat hij het en 'n paar jong mense het hulle pret daarin om Hans te laat vertel en te laat lieg.

„Onse perde is net vet," seg 'n jongkerel, „dis jammer dat di aasvogels so banje kos moet krij als di vrektijd aankom. Op onse plaas vrek hulle net so erg als in Transvaal.

„Praat jij van vrekte," seg Hans, „dan moet jij eers in Marico kom. Toen ik verlede jaar daar was, is al onse perde dood, sodat ons met osse moes terugkom."

„Jij moet maar beter opgepas het, Hans!"

„Oppas help niks," seg Hans. „Een oggend gaan ons uit om te jag, ons was ses man te perd. Dit was nog banje vroeg. Toen ons 'n end gerij het, sien ons 'n klein misbanki laag op di grond trek, sowat twee honderd tree breed; ons moet dwars deur di mis heen. Oom Jakob, wat bij ons was, seg ons toen: ons moet jaa deur di mis, dis di ware perdesiekte. Ons gooi ook toen plat en julle kan mij geloof of julle dit self gesien het, sewe dage later staan vijf perde aan di perdesiekte; net mijn perd, wat di vinnigste gehardloop het, het o'ergeskiet."

'n Skaterende gelag volg op di stori. Iedereen had daar wat op te seg.

„Dit was vervas ou Welsier, diselfde ou perd waar jij di kameel mee ingejaag het, wat so groot was dat Welsier dwars onder sijn pens deurloop," roep een.

„Nee, dit was ou Blesbok, di ou kol met sijn horrelpoot en waarmee jij tog 'n springbok ingejaa het Hans!" skree 'n ander.

„Als julle mij ni wil geloof ni, dan gaan ik weg," seg Hans, nukkerig.

„Nee jong," val 'n derde in, „vertel jij maar van Marico en di jagveld, dit was mos daar waar jij 'n orebietji op 800 tree in sijn regteroog geskiet het."

„Dit is waar ook," seg Hans, ewe kwaad. „Dit was eer verder als nader."

„Reg so, Hansi! moet ni afslaan ni," klink dit toen.

„Meneer het nog van morre geseg, dat 'n kleine leugen net so veel sonde is als 'n grote, daarom kom dit, daar jij nou tog aan di gang is, op 'n paar honderd tree ni aan ni."

„Seg jij dat ik dit lieg, Gerrit!" seg Hans, terwijl sijn lippe bewe van toorn, daar hij di spreker, Gerrit Berger, ni bra kon verdraag ni, „seg jij, dat ik lieg?"

„Moet ni rusi maak ni," roep 'n heel partij gelijk, „ons speel maar."

Toen di vorige spreker sien dat Hans gesteurd was, gaan hij bietji opsij.

„Vertel jij maar weer van Marico, Hans," vraag een van di jong-kerels, nadat dit 'n ogenblikki stil was.

„Nee, wag maar tot Hans van Engeland terugkom, dan sal jij hom hoor," seg 'n ander. „Wanneer gaan jij, Hans?"

„Net-nou," antwoord Hans, „ik moet eers nog 'n bietji geld hê; maar dit sal mij ni lang tijd neem ni."

„Nou als jij in Engeland kom," seg di vorige spreker, spotagtig, „seg dan groetenis aan di Koningin, en seg ik kom aan."

Voor dat Hans verder kon antwoord geef, kom van di diakens uit di huis uit op di stoep, en word dadelik opgemerk deur di jong-mense.

„Stil kerels! ons raas te veel," seg een van di verstandigste. „Di ou kerel is netnou agter ons in, laat ons maar trek."

Langsaam gaan di vrinde na di opmerking uit makaar. Sommige gaan huis toe, di meeste egter stap langsaam naar di smouswa, waar Frits, di ou bekende Duitser, druk besig was om te verkoop.

„Waar blij julle dan vandag," vraag Frits, wat al ieder keer naar di jong-mense gekijk het.

„Di noiens het al bijna al di mooi goed weggekoop. Nou het julle 'n kans, wat julle nooit weer sal krij ni. Dit is 'n regte uitverkoping. Mijn wa en alles is al verkoop. Morre gaan ik na di dorp en vort met di poskar baai toe, en dan met di eerste steamer na Engeland.

Di wat wil koop, moet vandaag koop. Ik het nog 'n paar horlosies en hier is 'n paar mooi goue ringe met 'n groot diamant in. Hier Gerrit! koop di ring! Regte goedkoop, met diamant en al ver £5."

Ik het geen geld ni, dit weet jij goed Frits!" seg Gerrit met 'n lag, „wat sal ik ook met so 'n ring maak?"

„Geef dit maar aan jou bruid ver 'n troupand," seg di smous.

„Koop dit maar ver Netji," seg een van di bijstanders.

Gerrit word vuurrooi, maar geef geen antwoord ni.

„Laat ik di ring sien," seg Hans, wat naas Gerrit gestaan en hom aandagtig beskou het.

Juis toen di smous di ring wil o'ergee, lui di klokki, om di mense ver di middag-diens bij makaar te roep. Daarna gaan di omstanders langsaam weg na hulle karre en wagens.

Hans stap ook weg, nadat hij aan di smous geseg het: „Wag Frits, na di diens sal ik weerkom."

Of Meneer di agtermiddag mooi gepreek het, weet ik ni, maar dit weet ik, dat 'n heel partij mense onvoorbereid in di kerk gegaan het. 'n Mens is tog 'n snaakse ding. Hij denk als hij maar in di kerk is, dan is dit genoeg; hoe hij in di kerk kom, kan hom ni skeel ni, en als hij dan vol met wereldse gedagte gaan sit, en ni veel van di preek het ni, dan heet dit: Meneer het maar swak gepreek, en daarmee is dit uit.

Toen di middagdiens uit was, begin di gewoel. Meneer wil wegrij en moes weggebring worde. Bijna al di ander mense moes ook huis toe. Daar was soos gewoonlik 'n groot gewoel van wagens en karre inspan; perde opsaal, en groet; maar binne 'n kwartier was alles weer stil. Als 'n Afrikaner wil huis toe rij, is hij net haastig. 'n Paar van di naaste bure blijf nog agter.

Onder di wat agter blij, was Hans ook. Gerrit had ook wel lus om nog te vertoef, maar sijn moeder was 'n weduwe en hij moes di vee besorg. Hij woon ook 'n bietji verder.

Soos di mense 'n endji weg was, gaan Hans na di

smous, wat di ring uithaal om ver Hans te wijs. Dit was 'n mooi ring, goeje goud, soos Frits seg, en daar was wettig 'n ongeslepen diamant in. Hans, wat graag 'n bietji spog, had daar sin in; als hij di ring aan Netji kon gee, dan sou sijn saak misskien geluk. Hij het pas sool verkog en was dus volop van geld. Di einde van di stori was, dat Hans di ring koop ver £4; en tog geloof ik ni dat di smous daar skade bij lij ni.

Na di koop staan di twee nog 'n bietji gesels. Frits kom juis van di Diamantveld af, waar Nuwe-Rush pas opegesit was, en had banje te vertel. Op di vraag van Hans of hij regtig na Engeland gaan, antwoord di smous: „ja." Hij was haastig. Hij moes partij dinge in Engeland verkoop.

„Jij het seker diamante bij jou," seg Hans.

Di smous lag effentjies en gaan toen na sijn trommeltji, waar hij 'n klein doosji uithaal, en aan Hans gee met di woorde: Kijk 'n bietji wat daarin is.

Hans maak di doosji versigtig oop. 'n Heel partij klein diamantjies skitter daarin. Dit was fraai om te sien.

„Wat wil jij met di diamante maak, Frits?"

„Hulle gaan Engeland toe, neef. Ik denk ik sal daar 'n goeje slag mee slaan."

„Dit is tog snaaks," seg Hans, wat sijn oge ni van di steentjies kon afhou ni, „dat hier in di wereld geen diamant gekrij word ni."

„'n Mens kan ni weet ni," antwoord di smous, hulle het mos hier op di plaas ook al gesoek."

„O, Ja! di plek ken ik goed, net deuskant di grote moddervlei, bij di boskoppi; di voetpad na ons huis toe gaan daar langs. Hulle het 'n bietji gegrawe, en elke maal als ik hier na toe rij, kijk ik so 'n bietji. Ik het daar mooie klippies al opgetel, maar geen een wat so lijk ni."

„Wil jij ni 'n paar koop ni," vraag Frits, „jij kan dit in 'n ring laat sit, of weer met wins verkoop. Ons is tog ou'e kennis, en daar ik tog weggaan, kan jij dit goedkoop krij."

Frits skud di doosji so 'n bietji en laat di lig op di steentjies val. Hulle blink nes sterretjies. 'n Mens kon dit ni hou ni.

„Als ik hulle goedkoop krij," antwoord Hans, „dan sou ik wel vier of vijf wil hê."

Frits soek vijf uit, juis ni van di mooiste of grootste ni, en na 'n bietji strij, koop Hans dit ver £10.

„Kom, nou moet ik rij," seg Hans, nadat Frits di steentjies netjies in 'n papiertji gedraai het.

„Ik sien Willem van oom Diederik is al klaar om met mij saam te rij. Jij moet tog ni vertel ni dat ik di steentjies gekoop het; Pa kan misskien raas.

„Wees maar gerus, ik sal daar met niemand o'er praat ni," seg Frits, terwijl hij di geld, wat Hans hom gegee het, wegsluit, „jij weet ik is ni praterig ni."

Toen Hans van di smous wegstap, was sijn beurs heel wat ligter, en had hij 'n bietji spijt, maar dit gebeur met meer mense als hulle in 'n winkel of bij 'n smous was.

„Toe, Hans," seg Willem, di sestienjarige seun van oom Diederik. „Ik het di perde al opgesaal, groet gou, di ou kerel is al nukkerig; ik moet van aand bij jou blij en morre naar Gerrit gaan om onse osse, toe jong! gou, gou!"

Hans gaan binne. Oom Diederik was net vuur warm. Hij was in di tuin gewees en het gesien hoe di mense onder sijn vrugte gewerk het. Hans kijk rond of hij ni ver Netji sien, maar sij was in di kamer. Met oom Diederik, als hij nukkerig is, moet 'n mens liewer ni praat ni. Daarom groet Hans maar haastig, spring op sijn perd en laat vat.

Nelson krij 'n extra stoot met di hakskeen toen hij wegspring. 'n Mens kon mos ni weet ni, misskien loer Netji deur di gordijntji.

Hulle seg tegenwoordig, dat dit lekker is om met di trein te rij, maar ik seg, als 'n mens nog 'n bietji jong is en 'n flukse perd het, wat so onder 'n man wegspring, te-perd tog maar lekkerder is. 'n Mens voel so parman-

tig; di wereld lijk dan ook so gemakkelik en plesierig.

Hans voel ook heel wat beter toen hij Nelson di toom gee, en so 'n bietji tegen Willem sijn perd laat loop. Langs di voetpad gaan dit egter op 'n stappi en begin hulle te praat.

Nadat hulle 'n ruk o'er allerhande dinge gepraat het, vraa Willem: „Maar wat het jij dan so lang bij Frits te doen gehad, Hans? Jij het seker heel partij goed gekoop." „Ik had met Frits iets te prate," antwoord Hans, terwijl hij effentjies rooi word.

„Di ander kerels het na di kerk vertel, dat jij 'n ring wou koop. Is dit so?"

„Ik het 'n mooie gekoop," seg Hans. „Ik geef £10."

„Tien pond!" roep Willem uit. "Hoor dit is duur. Di ander seg dat dit maar vijf sou kos." „Tien gou'e ponde," seg Hans met nadruk, „tien gou'e ponde, jong! moes ik betaal."

„Jij is 'n rijk kerel, Hans! ik wou dat ik so rijk was; tien pond ver 'n ring, dit is 'n rijperd sijn geld."

Onderwijl hulle so praat, kom hulle bij di plek waar vroeger gegrawe was, en onwillekeurig hou albei hulle perde in.

„Als hier maar diamante was, dan sou ik gou jou baas wees," seg Willem met 'n glimlag, „ik wens dat hier iemand kom wat daar kennis van het, om te sien of hier diamante is."

„Ik het daar kennis genoeg van," seg Hans, met 'n hoogmoedige glimlag.

„Jij"—vraag Willem spotagtig, „wat weet jij!"—

„Ik seg dat hier diamante is," antwoord Hans, „denk jij dat ik ni weet ni; waarvoor was ik dan op di diamantvelde gewees."

„Het jij ooit hier iets gevonde, wat na 'n diamant lijk?" vraag Willem.

Hans hou 'n ogenblik stil. Liegduiwel word so maar wakker daar binnekant. Di kans was mooi.

„Als ik bij di huis kom, sal ik jou iets laat sien, wat ik hier opgetel het," seg Hans eindelik, maar dan moet jij daar ni van praat ni."

„Waarom ni?" vraag Willem, „als dit 'n diamant is, waarom moet Pa dit dan ni weet ni, jij vertel so maar weer 'n kluitji."

Hans word toornig en wou Willem 'n verkeerde antwoord gee. Hij bedwing hom egter, en begin ver Willem, wat wel parmantig maar tog onkundig was, so veel redes op te noem en so veel o'er di Engelse Gouwernement te praat, dat Willem eindelik o'erbluf uitroep: „Wel, Hans, wijs mij maar di steentjies, ik sal mijn mond hou, maar ik denk tog maar dat jij lieg."

Met al di praat was hulle weer in di groot pad gekom. Hans trek sijn perd op 'n galop en di praat was uit.

Onder verder rij voel Hans wel dat hij hom vasgeloop het, en dat Liegduiwel hom in di moeite gebreng het, maar hij het goeje moed om weer los te kom.

Net soos hulle bij Hans sijn huis kom, gaan Hans na sijn kamer, haal haastig di steentjies uit sijn sak en sluit dit toe in sijn kis. Een daarvan sit hij in 'n aparte papiertji, ver di versigtigheid, soos Liegduiwel seg.

Di aand gaan di twee jong-kerels in di buitekamer slaap. Hans seg hij het vaak, en wil di kers doodmaak, maar Willem, wat voor sijn Pa ni mag rook ni, dag daar anders o'er. Hij wil tabak hê en Hans moes toegee.

Nadat hulle aan rook was, vraag Willem: „Waar is nou di steentji wat jij mij sou wijs, Hans?"

„Laat di ding maar staan, antwoord Hans, „ik het vaak."

„Dan was dit maar weer 'n kluitji, wat jij mij vertel het."

Hans spring op bo na di kis, sluit dit oop, haal di één diamant uit en gee dit aan Willem met di uitroep: „Wel, wat seg jij nou, kijk, hoe lijk di ding?"

Willem beskou di steentji met di grootste aandag. „Is dit nou 'n steentji wat jij bij di boskoppi opgetel het," vraag hij eindelik.

„Ik het ni geseg dat ik dit bij di boskoppi opgetel het ni," seg Hans, "waar ik daaraan kom, gaan niemand aan ni. Ik het jou dit maar gewijs, om te laat sien dat ik ni lieg ni.

„Wel!" seg Willem, „ik is ni mal ni, maar jij het tog so gepraat, en dit is verniet dat jij strij, maar als jij nou terugtrek, dan kan ons maar gaan slaap."

Hans blaas di kers dood en draai hom om.

---

## HOOFDSTUK II.

Di blinkklippi het Willem ver 'n groot gedeelte van di nag wakker gehou; hij kon ni aan slaap raak ni, eer hij hom bepaald voorgeneem het om meer van di saak te weet.

Hij wis ni wat hij moes geloof ni, maar meen dat daar wel iets van kon waar wees. Di diamant-koors was toen net op sijn ergste.

Maar Hans wou toen hij di oggend wakker word, ni met Willem praȧt ni. Net di enigste wat Willem kon verkrij was, dat Hans hom beloof om Saterdag o'er te kom en hom dan meer te vertel. Half nukkerig rij Willem weg na Klipkoppi.

„Klipkoppi," di plaas waar Gerrit woon, was maar 'n half uurtji van Hans, sodat Willem, wat ni gewoon was om sijn perd te spaar ni, spoedig daar was. Gerrit was net besig om beeste uit di kraal te jaag.

Willem rij na di kraal. Di weggelope osse was daar, sodat Willem ni wou afsaal ni.

„Jij het waarlik ni nodig om di osse te kom haal ni," seg Gerrit. „Ik soú hulle self gebring het."

„Di ou kerel wou dit so hê," antwoord Willem, „en jij weet wat di ou kerel wil, moet gebeur."

„Dit lijk of jou vader ni graag sien, dat ik op Poortji kom ni," seg Gerrit.

„Dit kan wees," antwoord Willem, ewe bedaard. „Hij denk dat jij naar Netji vrij, en jij is 'n bietji te arm na sijn sin; maar ik seg, jij is veel beter dan lieg Hans, al is hij rijk. Al wil di ou dit ni, jij kan daarom kom."

„Ver wi van ons twee denk jij dat Netji di liefste het?“ vraag Gerrit.

„Ik weet ni, ik het nooit gevraag ni; wat gaan dit mij aan. Al wat ik weet is, dat ik liewer ver jou tot swager wil hê als ver Hans. Jij lieg ni so banje ni en jij skiet ook veel beter.“

„Het Netji dan nooit in jou tegenwoordigheid na di kant toe gepraat ni?

„Ik luister maar min na mijn susters hulle praatjies,“ seg Willem, „maar tog, een keer het ik haar aan Pa hoor seg: Pa wil ik moet met Hans trou, maar als ik hom neem, sal al di mense ver mij noem: lieg Hans sijn vrouw, en dit wil ik ni.“

„En wat het jou Pa toen geseg?“

„Di ou kerel seg, dat Hans beloof het om nooit weer te lieg ni, en dat hij hom, als hij weer 'n leugen sou vertel, di deur sou uitjaag. Dus is daar nog 'n kans ver jou. Hans kan di leugens ni laat blij ni. Hij het gister aand weer fluks opgedruk.“

„Wat het hij nou weer vertel?“

„Nee, ik het beloof om stil te blij. Dit is ook niks bisonders ni; maar ik het amper vergeet om jou te vraa wanneer jij sal o'erkom om ijstervark te jag. Di goed is nou volop en jij het al so lang beloof om te kom.“

„Sal ik Saterdag aand kom? Di maan is al groot,“ vraa Gerrit.

„Nee jong,“ seg Willem, „Saterdag aand kom Hans, en di ou baas sal ons tog Saterdag aand ni laat gaan ni, want dan slaap ons onder di lees; di predikasies is ook so lang. Maar kom Dinsdag aand, als dit mooi weer is.“

Gerrit beloof dit, waarna Willem op sijn perd spring en vrolik wegrij.

Met 'n mistroostige hart kijk Gerrit di lewenslustige knaap na. Hij voel dat sijn liewelingsdenkbeeld misskien sou misluk; sijn omstandighede was ni gunstig ni. Sijn moeder was 'n weduwe met 'n heel klompi kinders; sij woon op 'n huurplaas en Gerrit moes maar ordentelik

sukkel om alles in orde te hou. Hij had Netji lief, en hij kon voel dit was ni om haar skape en beeste, of om di stukki grond, wat sij sou krij ni; daarom steek hij maar sijn pijp op en gaan aan werk, maar hij was tog di hele dag regte stil.

Hij was ni di enigste wat di dag stil was ni. Hans was ook lang ni op sijn stukke ni. Toen Willem weg was, het hij o'er di saak nagedenk en gevoel, dat hij te ver gegaan het. Hij geloof ni dat Willem sou stil blij ni. Oom Diederik sou daarna vraa, di stori sou uitkom en dan—ja dan sou hij weer di mense o'er hom hoor praat, en hij sou Netji op di koop toe verlies. Meer dan eens het hij di dag sijn vlugge tong verwens, maar op laas dag hij: „Mijn tong het mij daarin gebreng, mijn tong moet mij daar weer uithelp. Ik sal mij wel los-lieg."

Maar loslieg gaan lang ni so gemakkelik als vaslieg ni, en dit was al Saterdag middag eer dat Hans wis wat hij sou seg om deur te kom. Sijn perd was al skoon gemaak, sijn klere leg klaar op sijn bed, want Ma sorg ver haar enigste seuntji en sien graag dat hij na Poortji toe gaan; maar Hans was nog ni klaar ni. Toen hij in sijn kamer kom, gaan hij op sijn katel sit sonder te weet wat hij moes doen. Hij wou graag di slag met di konsent terugkom. Nadat hij 'n ruk geprakseer het, sluit hij sijn kamer deur toe, haal di gou'e ring uit en steek dit in sijn sak. Toen neem hij di diamantji en bekijk dit. Wat nou te doen? Als Willem sijn mond gehou het, was alles goed, maar als Willem gepraat het, dan kom dit skeef. Als hij maar eers konsent had, dan was hij o'er 'n maand getroud, en dan kon Oom Diederik maar maak wat hij wil.

Als Netji maar wil—ja, daar leg di knoop.

Na veel nadenke, neem hij di klein diamantji uit en steek dit in sijn sak; di ander sluit hij weer toe. „Ik sal dit maar daarop laat afloop en na bevind van sake handel", seg hij bij sig-self, „soos Pa altijd seg als hij uit di kerkeraad kom. Ik sal mij wel lospraat."

Redelik opgeruimd rij Hans van huis. Dit was 'n aangename middag, net maar 'n bietji warm. Di gras was

mooi groen van di vorige week sijn regen, sijn skape wat hij in di veld sien, was vet, alles was in orde. Hoe verder hij rij, hoe plesieriger hij word. Toen hij egter bij di boskoppi kom, waar vroeger diamante gesoek is, word hij ernstiger. Hij het nog nooit di plek goed beskou ni. Nou hou hij stil en klim van Nelson af om bedaard rond te kijk. Dit was waarlik 'n snaakse plek tegen di boskoppi. Di grond lijk net soos bij Nuwe Rush; digtebij was 'n mooi spruitji, en anderkant di spruitji 'n groot modderplek waar al heel wat wagens in vasgeval het.

„Als hier nou wesenlik diamante was,“ dag Hans, „en ik het dit eers vertel, dit sou 'n goeje ding wees. Alle wereld! wat sou di mense van mij seg! dan sou hulle mij seker ni meer 'Lieg Hans,' maar Slim Hans of Rijk Hans noem. Dit sou glad 'n ander ding wees. Ou Diederik sou dan nog hoogmoediger op mij wees en Netji ook. Kom, wi weet wat nog kan gebeur.“

Di versoeking was ver Hans nou so sterk, dat hij, hoewel hij sijn beste klere aan had, tog 'n half uurtji bestee om te soek. Hij tel 'n heel partij mooi klippies op, ongelukkig geen een wat na 'n diamant lijk ni. Dit was ni na Hans sijn sin ni, maar met goeje hoop in sijn hart, klim hij weer op sijn perd en rij verder.

Op Poortji lijk dit alles aangenaam. Oom Diederik sit voor di deur in di koelte en beskou sijn fraaie lande en tuine. „Ja“, dag Hans, „bij ons is dit ook mooi, maar al moet ik 'n tijdji bij oom Diederik woon, dit sal wel gaan, Poortji is tog maar 'n mooie plaas.“

Oom Diederik was in 'n goeje luim, en lijk blij te wees om Hans te sien. Sodra Hans afgesaal het, seg hij Hans moes 'n stoel krij en bij hom kom sit. Hans gaan eers in om di tante en niggies te groet. Ongelukkig krij hij tante alleen; di niggies was in di kamer en kom ni uit ni.

Hans sijn moed begin hierop te verflou en hij luister maar half na oom Diederik sijn praatjies. Hij was maar blij, toen di son ondergaan en hulle na di vee besorg te hê, genooi word om te kom eet. Nou sou hij Netji wel sien.

So was dit ook. Toen hulle aan tafel gaan sit, kom Netji uit di kamer, so mooi als 'n blom.

„Waar blij jij di hele middag? vraa oom Diederik.

„Ik het so erg hoofdpijn", antwoord Netji op droewige toon.

„Van wanneer af plaag di hoofdpijn?" vraag oom Diederik met 'n spotagtige lag.

„Dis al 'n paar dage," antwoord Netji, ewe onskuldig, „nê Grieta?"

Grieta, Netji haar suster, wat 'n paar jaar jonger was, kijk verwonderd op, maar seg tog ewe ernstig: „Ja Netji! dit is seker al 'n paar dage dat jij geklaag het."

„Als jou kop seer is, dan moet jij iets gebruik," seg tante besorg.

„Dit is ni nodig ni. Ma, ik sal maar vroeg gaan slaap," seg Netji, „dis di beste ver mijn hoofdpijn."

Hans wis ni hoe hij dit had ni. Di hele gesprek het hom ni aangestaan ni. Dit was of Grieta en Netji makaar aankijk en lag, en Willem glimlag ook. Oom en tante lijk uit hulle humeur.

Na di huisgodsdiens seg Netji: nag, ik gaan slaap! en dit was ver Hans of di doosji met di gou'e ring swaar word in sijn sak.

„Kom, Hans," seg oom Diederik, „wil jij nog 'n bietji voor di deur sit? Dit is binne so warm."

Hans stem toe en langsamerhand begin hij sig tevrede te stel. Oom Diederik was ook regte vrindelik. Hij bied self sijn tabaksak aan om uit te stop, iets wat oom nog nooit gedaan het ni. Hans voel hom amper 'n groot man. Jammer maar, dat Netji hoofdpijn had, di arme dingetji!

Als oom Diederik aan di praat raak, dan hou hij ni weer gou op ni, hij kon lekker vertel. Spijtig maar, dat Willem telkens tussen in praat, 'n mens kon sien hij was jongste seuntji.

Oom was na di Synode gewees en hou Hans druk aan di gang met van di vergadering te vertel. Hij was net besig om aan Hans mee te deel wat hij op 'n voorstel van Meneer te seg gehad het, toen Willem, wat dit

al moeg is, eensklaps tussen in val en vraa:

„Toen jij van Transvaal gekom is, Hans! toen was jij mos op Nuwe Rush.“

„Ja,“ seg Hans, wat liewers van di saak wou afwees, „en wat het oom toen geseg?“

Maar eer oom kon antwoord gee, val Willem weer in. „En lijk di grond daar net soos bij di boskoppi?“

„Ja net so,“ seg Hans haastig.

Di gedagte van diamante laat oom Diederik di synode saak glad vergeet.

„Ik sou toch wel graag wou weet, of daar bij di boskoppi diamante is,“ seg oom.

„Ja, Oom!“ seg Hans langsaam.

Willem was intussen opgestaan en staan agter Hans sijn stoel. Sonder dat oom dit sien stoot hij ver Hans aan.

„Ik het lus om nog eenmaal te probeer,“ gaan oom Diederik vort.

Willem gee Hans weer ‘n stoot, sodat di arme kerel ni meer wis wat te doen ni.

„Toe Hansi!“ seg Liegduiwel daar binnekant, “seg maar dat jij ‘n steentji gekrij het. Daar is seker diamante, en dan is jij ‘n groot man. Netji sal dan ni hoofdpijn krij als jij kom ni.”

„Ik is bijna seker dat daar diamante is,“ seg Hans, „ik het vandaag weer ‘n partij klippies opgetel, regte mooi.“

„Hoe lijk hulle?“

„Oom kan sien, ik het hulle in mijn onderbaatji sak.“

„Toe jong! laat ons kijk“, seg oom Diederik, terwijl hij opstaan en binnetoe gaan. Breng ‘n paar kerse.“

Di kerse word gebring en Hans gooi sijn hele voorraad klippies op di tafel.

Oom Diederik bekijk di klippies aandagtig, maar skudde sijn kop.

„Maar waar is di klippi, wat jij ver mij gewijs het?“ vraag Willem.

Gesteurd kijk Hans op. „Hier is di steentji,“ en met di woorde haal Hans di diamantji uit en sit dit op di tafel.

„Kijk Pa!" roep Willem, „is dit ni 'n diamant ni? Dit blink nes di son."

Bedaard sit oom Diederik nou sijn bril op en bekijk di steentji. Tante, wat tot nog toe maar gebrom het, dat hulle di tafel vuil maak, staan nou ook op om te sien.

„Ik het geen verstand van diamante ni," seg oom Diederik," maar di steentji lijk tog glad anders, als di ander. Waar krij jij dit."

„Hans het mij geseg, dat hij dit bij di boskoppi opgetel het," antwoord Willem, „is dit ni so ni?"

Hans blij 'n ogenblik stil. Hij voel daar was nog 'n paar minute tijd om los te kom. Hij kon seg, dit was 'n grap en dan sou oom Diederik misskien raas, maar niks meer ni; of hij kon seg: ja, en di gevolge afwag. Hij voel hij was op di afdra'end en gaan fluks na di krans.

„Het jij di steentji bij di boskoppi opgetel?" vraag oom Diederik met mening. "Ja,"—seg Liegduiwel binnekant soetjies.—„Ja"— seg Hans hardop, en dit was ver hom, net of hij di krans afspring.

Als di kerse ni so flou gebrand het ni, dan had men wel kon sien dat Hans lieg. Hij word beurtelings rooi en wit.

„Kijk Neef!" seg oom Diederik, "neem mij ni kwalik ni, maar jij moet ni lieg ni, ons kan moeite krij."

Hans was nou weer bedaard geworde. "Ik het dit daar gevind. Oom kan daar seker van wees."

Di ontdekking van di steentji hou di mense tot laat in di nag besig. Selfs Netji het haar hoofdpijn vergeet, en kom ook kijk, hoewel sij weer di eerste wegraak. Hans, wat nou op koers was, lieg dat dit help. Hij vertel hoe hij di steentji gevonde het en waarom hij dit ni eerder gewijs het ni, sodat hij ten laaste oom Diederik geheel o'ertuig. Hulle maak toen di plan dat oom Dinsdag na di dorp sou rij, om di steentji te wijs en dat Hans Donderdag aand weer sou kom om di uitslag te hoor, dan kon hulle so maar meteen begin te grawe. Oom Diederik verbied intussen 'n ieder om daarvan te praat.

Dit was al laat toen hulle gaan slaap. Oom Diederik droom van sijn nuwe ontdekte diamant-mijn. Hans leg te denk, hoe hij hom verder sou loslieg, terwijl Willem op sijn bed leg plan maak of hij van di geld, wat hij ver diamante sou krij, 'n blouskimmel of 'n vosbles hengs sou koop. Wat Netji droom weet ik ni, van nooiens-drome het ik geen kennis ni.

Om di waarheid te seg, was di volgende Sondag lang geen plesierige dag op Poortji ni. Oom Diederik sijn hart was vol van diamante, maar omdat dit Sondag was, wil hij daar ni o'er praat ni. Willem had minder gewetens-beswaar, maar hij durf ni praat ni, en Hans staan di oggend op, nes 'n man wat weet dat daar ergens 'n slang in di kamer is, wat hij ni kan krij ni. Onder di lees sit hij maar te dink, hoe hij sal maak als oom Diederik niks krij ni. Liegduiwel geef hom wel di een plan na di ander, maar geen een lijk ver hom veilig ni. Hij was wettig sonder raad.

Sondag agtermiddag rij hij huis toe met 'n beswaarde hart. Di goue ring het hij ni kon kwijt raak ni. Toen hij weer bij di boskoppi kom, kijk hij nog weer goed rond, hoe of di geaardheid was, maar nou lijk dit ver hom niks bisonders ni. Klippies in o'ervloed. Hij soek minstens 'n paar uur, maar puur verniet en moes eindelik tog maar verdrietig na huis rij. Di aand had Hans hoofdpijn en gaan vroeg slaag.

Toen hij in sijn kamer kom, was hij vuur-warm, nukkerig op Netji, nukkerig op oom Diederik, en Willem kon hij gerus 'n opstopper gegee het; maar op hom self was hij ni kwaad ni, hoewel hij di meeste skuld had. Hij trek sijn baatji uit, smijt dit op di katel en stap toen 'n geruime tijd heen en weer deur di kamer. Eindelik gaan hij op di katel sit planne prakseer.

Nadat hij 'n rukki so sit plan maak het, krij hij 'n inval. Liegduiwel laat 'n mens ni so in di steek ni. Hij help 'n man 'n flukse end vér en dan laat hij jou vasloop.

Sijn inval was dit: Hij sou als daar gelegenheid was Dinsdag of Woensdag aand stilletjies uitrij, en di paar

diamantjies wat hij had, op di graafplek rond gooi. Frits, di smous, was seker al in di baai, op weg na Engeland, en sou daar niks van hoor ni. Krij di mense dan meer diamante, dan was dit goed; krij hulle maar di paar, dan kon niemand seg dat hij gelieg het ni. Di grappi sou hom wel £10 kos, maar dit was tog beter als om vas te raak.

Hij denk di saak nog eens goed na, en dit lijk ver hom uitvoerbaar. Met 'n gerus gemoed trek hij verder uit en gaan slaap.

Dat hij vergeet om sijn aandgebed te doen behoef ik ni te seg ni.

---

## HOOFDSTUK III.

Di gehele Dinsdag het Willem al uitgekijk of Gerrit nog ni kom ni. Dit het hom di dag verveel.

Sijn vader was dorp toe en Willem seg altijd, dat hij ni met vrouens kan praat ni. Hij was blij toen hij Gerrit sien aankom.

„Wel, kerel! ik is blij dat jij kom," seg Willem. „Ons sal seker 'n goeje jag hê, di veewagter seg dat daar bij di boskoppi erdvarkens is. Saal nou gou af en gee jou perd voer. Ik het mijn ou merrie ook al in di stal gesit."

Waar is Snel?

Gerrit had skaars tijd om al di vrage te beantwoorde, hij was ni so haastig ni. Hulle moes eers eet; daar was ook tijd genoeg. Dit kom ook net so, dat oom Diederik ni tuis was, en toevallig had Netji ook geen hoofdpijn. Tante seg, dat hulle liewers maar moes blij, want Willem was altijd so onverskillig en voor twee maande is daar nog 'n seun van Neef Hermanus verongeluk met 'n klip. Dog dit werd dadelik deur Willem afgestem.

Net soos di son onder was, kom Snel, Gerrit sijn ou hottentot, daar, en werd deur Willem in beslag genome. Snel wis van alles en daar Willem wel kon denk,

dat hij Gerrit ni so gou sou wegkrij ni, haal hij Snel o'er, om maar vooruit na di boskoppi te gaan en te kijk waar di erdvarkens was. 'n Groot stuk tabak, wat Willem al vooruit klaar gesit het, en 'n karmernaatji, wat Grieta besorg, was ver Snel genoeg en toen Netji hom nog 'n soopji gee, praat hij geen woord meer ni, maar stap ewe lugtig en tevrede met 'n graaf op di skouer vooruit.

Dit was 'n hele ruk na di ete, eer Gerrit so ver kom om op te saal. Di arme kerel had meer lus om te blij, maar Willem was so ongeduldig, dat Gerrit eindelik maar moes toegee.

„Ik weet waarlik ni wat julle groot jong-kerels daar aan het om so lang met nooiens te gesels ni. Ik is mijn susters partijkeer so moeg," brom Willem, „hulle kan o'er niks praat ni. Ons moes al lang bij di boskoppi gewees het."

So lang als di twee versuim, het Snel aangestrijk, en bij di boskoppi bedaard agter 'n bos gaan sit om uit te rus. Na 'n pijp gerook te hê, het hij so 'n bietji rondgeloop en spoedig 'n gat gekrij, waarin hij meen dat seker wel 'n erdvark in sou wees; toen gaan hij sit rus, sijn karmenaatji braai, en eindelik leg hij lekker te rook. „Baas Gerrit sal so gou ni kom ni," seg hij bij hom self. „Ik kan nog 'n bietji slaap."

Net toen hij 'n klip reg gesit het om te leg, hoor hij dat iemand te perd aankom. Gesteurd lig hij so effentjies sijn kop op en brom: „Daar is di kerels al."

„Maar dis mos ni basi ni," dag hij toen hij 'n ogenblikki gekijk het. Di kerel kom van di ander kant af. Wi sou dit wees?" Di ruiter kom langsaam nader. „Maar ik ken mos di witvoet perd", seg Snel. „Dis Nelson van baas Hans, en daar is Hans self ook. Di kerel rij seker na Poortji. Wel baas Gerrit sal ni plesierig wees als baas Hans daar kom ni." Di ou hottentot lag somaar alleen.

Di ruiter wat aankom lijk egter volstrek ni haastig te wees ni. Hij rij op 'n kort stappi. Ieder keer hou hij stil en kijk rond.

Snel, wat al amper opgestaan het, was verwonderd

daaro'er en word nuwsgierig. Hij gaan plat op di grond leg, maar tog so dat hij mooi kon sien.

Toen di ruiter bij di ou graafplekke kom, wat maar 'n paar honderd tree van di bos af was waar Snel leg, sien hij duidelik, dat hij hom ni vergis het ni. Dit was Hans. Bij di boskoppi klim Hans af en kijk nog eens aandagtig rond. Snel leg toen plat in di gras en kon ni gesien worde ni, maar kon alles beskou. Hij sien toen, dat Hans iets uit sijn sak haal, 'n bietji rondloop en dri of viermaal iets op di grond gooi. Toen klim Hans weer op sijn perd, kijk na alle kante rond en rij op 'n galop weg; bo op di bult hou hij nog eens stil, kijk weer om en rij di bult o'er.

„Wel dit is koddig," seg Snel, terwijl hij opstaan en hom uitrek. „Wat sou di kerel daar gemaak het? Ik moet tog kijk wat hij daar gegooi het."

So geseg so gedaan. Snel stap aan, en praat alleen hardop, soos 'n hottentot doen, als hij ernstig is.

„Nee, Snel, jong! jij moet oppas," seg di hottentot toen hij 'n vijftig tree geloop het. „Denk wat ou-ta Frerik altijd geseg het:

„Hottentot hou jou uit 'n wit man sijn sake uit. Di ding kan kom soos dit wil; maar di hottentot krij 'n pak!"

Snel staan stil en gaan toen sit.

„Maar di ding is te snaaks", seg hij weer, „wat kom Hans hier maak? Hij wil seker tower."

Snel, wat in sijn edukasi nog nooit van mijn-sout, soos di Engelse dit noem, gehoor het ni, kon ni anders denk ni. „Dit is seker towerij," seg Snel. „Hij het daar goed gegooi, omdat hij gehoor het dat baas Gerrit hier sal erdvark jag. Dit is gelukkig dat ik dit gesien het. Ik sal wel oppas dat ons ni daar kom ni. Waar sou di klein-baas wees?"

Gelukkig had hij ni lang te wag ni. Di twee jong kerels kom kort daarop aan, ewe vrolik en opgeruimd.

Snel loop hulle dadelik te gemoet, maar pas goed op, dat hij ni digtebij di plek kom waar Hans di goed ge-gooi het ni. Toen hij bij Gerrit kom, wijs hij hom 'n plek aan, glad ander kant di koppi. En hoewel Willem

bij di koppi wou jag, wis Snel so veel van ander kant te vertel, dat hij eindelik toestem. Hulle krij dan ook spoedig 'n erdvark wat hulle dood maak. Willem wou toen nog soek, maar Gerrit had geen lus ni en seg dat hij moeg was; sodat hulle kort na middernag weer van makaar gaan, Willem en Gerrit na Poortji en Snel huis toe.

Snel was anders geen bang hottentot ni, maar toen hij toch so alleen in di nag met di graaf op sijn skouer loop, voel hij net grillerig. Iedereen weet, 'n hottentot is bang ver spoke, net als hij snags 'n skaap wil steel, dan is hij ver niks bang ni. Ver towerij was Snel so bang als 'n mens maar kon wees. Hij doen dan toen ook maar net sijn bes om bij ou Katrijn, sijn ou meid, te kom. Toen hij in sijn strooihuis kom, en di kleingoed weg was, kon hij ni langer stil blij ni. Hij vertel wat hij gesien het, en ou Katrijn dag ook, dat hij reg gedaan het om maar ni dig bij di goed, wat Hans daar gegooi het, te kom ni. Sij wis tog al te banje stories van towerij op di manier.

„Maar hoe dan met klein-baas?" vraa Snel, wat di volste vertroue in ou Katrijn had.

Ou Katrijn was net in di knijp. Sij had Gerrit groot gemaak en was jammer ver hom, maar sij was ook bang ver Hans en sijn vader. Nadat sij lang gedenk het, seg sij eindelik: „Nee, Snel, di beste ver 'n hottentot is: Hou jou bek."

„Maar kan ik ni 'n bietji met ou-ta Antoni daaro'er praat ni?" vraag Snel, „hij is self 'n halwe towenaar."

„Jij kan so maak," seg Katrijn, „maar ik is bang, „julle is ni te vertrou ni; als julle drank krij, dan klap julle alles uit, maar jij kan daarom so maak."

## HOOFDSTUK IV.

Verschrikkelik! daar was 'n oproer in di distrik. Dit was of al di mense van di wijsi af was. Waar jij kom, op di dorp, of op di plase, o'eral hoor jij maar van diamante. Dinsdag was oom Diederik op di dorp gewees, en di mense daar het so maar geseg, dat dit diamante was. Eers wou oom Diederik nog wegsteek, maar hulle was ver hom te sterk geworde. Hij het geseg dat di steentji van sijn plaas afkom.

Van di dorp was di gerug gou onder di buitemense versprei, en alles was in rep en roer.

Di mense lieg toen dat dit so kraak. Di een vertel, dat oom Diederik al veertig diamante had; 'n ander het weer ver di vaste waarheid gehoor, dat di Gouwernement al 50,000 pond ver di plaas gebode het, en so gaan dit aan. Liegduiwel het in geen jare so veel werk gehad ni.

Gerrit het ook van di ding gehoor en het amper in di lug gespring van blijdskap. Nou was daar kans om geld te maak. Hij sou nou ook 'n plaas koop en dan—ja, dan sou alles goed gaan. Sijn moeder praat banje, maar dit help ni. Donderdag had hij van di steentji gehoor; Vrijdag was dit of hij di koors had; maar Saterdag was hij ni te keer ni. Hij moes na Poortji.

Di aand kom hij weer tuis, met di nuws dat dit di vaste waarheid was, dat daar diamante bij di boskoppi was. Wel had Lieg Hans dit di eerste gekrij, en 'n mens kon hom ni geloof ni; maar oom Diederik en Willem het ook gaan soek, en na 'n paar ure het hulle ook 'n steentji gekrij, so maar bo op di grond. Maandag middag sou daar 'n grote bijeenkoms wees en Dinsdag morre sou kleims uitgegee worde. Alles gaan goed, seg Gerrit. Jammer dat Lieg Hans nou so 'n groot man is.

Di volgende dag was dit rusdag; maar daar was maar min mense in di buurt wat rus. Partij had dit so druk, dat hulle glad ni kon lees ni; partij het tog 'n kort preki gelees en gaan toen skotskar regmaak. Op di dorp was di kerk regte vol. Banje mense het dorp toe gerij om van

di diamante te hoor. Selfs Meneer lijk of hij aangestoke is en di koors onder lede het. Hij het di diamantgrawerij regte mooi in sijn preek te pas gebreng.—Ja wit en swart, het di diamant koors.

Snel het natuurlik ook van di ding gehoor. Gerrit het hom geseg om klaar te maak om te gaan grawe; Snel het geen woord gepraat ni; maar net di aand met ou Katrijn banje gelag. Ou Katrijn het hom geseg, dat di ding ver haar net so klaar was als di son: Hans het diamantjies daar gegooi, maar waarom weet sij ni. „Pas nou op, Snel!" het sij hom vermaan. „Hou jou mond nou, jij kan net ver ou Antoni di ding vertel, maar pas-op! Ik ken ver jou. Als jij lekker is, sal jij jou bek verbrand."

Maandag morre trek Gerrit met di skotskar weg. Snel moet saam. 'n Groot baksel beskuit en 'n sak toutjiesvlees, en 'n paar komberse, 'n koffi keteltji en 'n rooster, grawe en pikke, alles gaan saam. Hij gaan vroeg weg en dag dat hij di eerste op Poortji sou wees; maar wag 'n bietji!

Toen hij daar kom lijk dit of daar 'n groot vendusi of kerk was, so wit staan di wagens en karre. Dit woel en praat dat 'n mens deur makaar kon raak. Mense van buite en mense van di dorp. Mister Epps was daar, di groot winkelier van di dorp en Jim wat di klein kaffer kantien hou. Al di bure was daar. Tanta Grieta draf maar deur di huis en seg elke maal: „Wat so 'n klein steentji tog kan doen!"

Dit begin nadèrhand te regen, dat di water so o'er di aarde spoel, maar dit help niks; di mense kom stadig aan.

Hans was natuurlik ook daar. Hij was nog nooit so 'n groot man gewees ni. Bejaarde mense, wat al lang ouderling was, soek hom op. Hulle staan om hom of hij 'n kommandant was. Hij moet ieder keer vertel hoe hij di steentji gekrij het. Hij had sijn leugens 'n bietji agtermakaar gesit en dit gaan net glad-weg. Hij vertel, hoe hij van dat hij van di diamantveld gekom het, altijd dag dat hier iets moes wees; hoe hij later aan soek gegaan was en di steentji gekrij het. Op iedere vraag had hij 'n antwoord.

Daar was egter één kereltji wat hom hinder: 'n klein Joodji wat 'n winkeltji had op di dorp. Di Joodji, mister Gogem was sijn naam, doen partij keer sulke koddige vrage, dat Hans amper ni wis wat hij moes seg ni; daarbij kijk di mister Gogem hom so snaaks deur sijn bril aan, dat di woorde Hans partijkeer in di keel blij steek.

In di agtermiddag was daar bijeenkoms. Di grote woonhuis van oom Diederik was stampend vol. Dit woel en raas, sodat oom Diederik meer als eens kwaad was. Daar werd resolusies genome, en artikels opgestel. 'n Paar rondloper Engelse wat ook iets wou seg, werd di deur uitgesit, maar ten laaste kom dit so ver, dat oom Diederik beloof om morre oggend als di son opkom bij di boskoppi te wees om dan kleims uit te gee.

Dit regen nog maar altijd deur, maar di grootste gedeelte van mense span daarom maar hulle karre en wagens in, om tog op di plek te wees. Di stille plekki was binne 'n paar uur lewendig, partij maak nou al rusi o'er kleims.

Gerrit was ni so haastig ni. Hoewel daar di aand banje mense op Poortji was, weet Netji tog om ver hom 'n plekki te vinde en met 'n opgeruimde hart raak hij aan slaap.

Hans het ook weggerij om di morre vroeg present te wees. Oom Diederik het hom beloof, dat hij dri kleims verniet kon uitsoek omdat hij dit uitgevonde het.

Hans was egter bek-af toen hij bij di huis kom van di heel dag praat, en sou blij wees als hij uit di ding uit was.

Di steentji wat oom Diederik gevonde het, was maar één wat hij daar neergegooi het, en toen hij al di mense op Poortji sien, en di groot lawaai merk, wis hij wettig ni wat hij sou doen ni. Sijn grootste hoop was, dat di Smous nou al op reis was na Engeland, en niemand ooit sou te wete kom, wat hij gedaan het ni.

Snel was met sijn baas op Poortji geblij en het, toen dit aand word, ver ou Antoni opgesoek. Eers kon hij ni veel met hom praat ni, omdat daar banje volk was;

maar laat in di nag krij hij ou Antoni tog 'n bietji alleen in di wagenhuis, en toen vertel hij alles wat hij gesien het.

„Eers het ik gedog, dat hij tower, ou man," seg Snel, „maar toen ik van di diamante hoor, toen denk ik weer anders."

Met 'n regte ernstige gesig het di ou hottentot di stori aangehoor, maar toen kon hij sijn lag ni hou ni. „Hoor dit is koddig, di boere sal snaaks voel, als hulle niks krij ni. Jij moet niks praat ni, jong. Jij het dit lang stil gehou en als jij nou praat krij jij seker 'n pak. Ons sal nou lekker krij. Bij so 'n ding krij di volk altijd 'n extra soopji. Maar hoor, di Hans is skelm."

„Katrijn het ook al geseg, dat ik ni moet praat ni," seg Snel, „maar als ik di mense so ver gek sien loop, dan kan ik daarom mijn lag ni hou ni."

„Jou vel sal dit gewaar word, jong, als jij praat" antwoord ou Antoni.

„Ik sal probeer om stil te blij, als ik maar ni lekker word ni."

„Ja, di lekker worde breng ons so maar in di hand, maar ons moet oppas."

Vroeg in di morre was alles op Poortji in beweging. Oom Diederik loop heen en weer om orders te gee. Di mense, wat op Poortji geslaap het, span in.

Skots-karre en wagens word reggemaak, algar en alles gaan na di boskoppi toe. Daar was al amper 'n wapad gerij. Oom Diederik was anders net straf op sijn veld, en dit was nogal sijn spaarveld; maar nou praat hij ni.

Di son was 'n klein rukki op, toen oom Diederik op di graafplek kom. Dadelik bestorm di mense hom om grond te krij. Dit was di moeite werd om te sien hoe di mense deur di modder stap, want dit het di heel nag deur stadig-aan gereen; partij mense gee toen om niks; hulle gaan plat op di grond leg om klippies te soek.

Ik sal nou maar ni vertel, hoe di kleims afgebakend en uitgegee is ni. Dit was 'n geskree en drukte sonder einde; maar twaalf uur di middag was ieder besig om

te werk. Partij het sifte meegebring. In di loop van di dag krij 'n man weer een van Hans sijn steentjies, en almal hardloop om dit te sien. Dit gee nuwe moed, en al was di son soos 'n vuur, di mense werk maar deur. Partij dorpsmeneertjies wat nog nooit 'n graaf in di hande gehad het ni, werk dat di bloed bij hulle hande afloop.

Gerrit was ook fluks aan di werk en Snel help trou. Hij wis ook, dat dit ni lang sou duur ni. Dat Gerrit di dag niks krij ni, ontmoedig hom ni, al di diamante kon ook ni bo op leg ni.

Hans kom ook om sijn kleims uit te soek, maar seg dat hij later sou begin werk. Oom Diederik werk soos 'n bandiet.

Toen dit aand word, was dit mooi om al di vuurtjies te sien; 'n hele klomp mense had al tente opgeslaan.

Daar was natuurlik ook al 'n wa met drank; want di ding blij ni agter ni. Partij volk was al dronk, en 'n paar witmense ook. Snel het ook 'n soopji gekrij, en het, wat nog nooit gebeur is, voor di twede soopji bedank. Hij was bang om te praat.

Di volgende morre was meer als een, wat ni gewoon was om te werk ni, ordentelik stijf, en di meeste was ni so heet om te begin ni. Gerrit was vroeg genoeg op, maar Snel was lui en maar blij dat hij twaalf uur 'n bietji kon gaan rus. Di meeste mense gaan toen ook na di ete 'n rukki onder of op di wa leg.

Oom Diederik was ook gekom met 'n wa en het Antoni saamgebreng. Di gat waar hulle werk was ni vér van Gerrit sijn kleim ni, en Antoni was 'n paar maal o'ergekom om met Snel te praat. Di twee lag dan so hard, dat Gerrit al gevraag het wat dit was. Toen di rustijd aankom, gaan Gerrit onder oom Diederik sijn wa leg, maar Snel blij bij di kar.

Waar di hottentot dit vandaan krij weet ik ni, maar Antoni had 'n bottel brandewijn, en kom Snel opsoek om hom 'n soopji te gee. Di een soopji haal di ander. Daar kom toen nog 'n paar hottentots, wat ook drank had en so was hulle spoedig spraaksaam.

„Di ou-baas van mij is fluks," seg Antoni ver Snel, toen hulle 'n paar soopjies in had en lag. „Hij werk hard nes 'n jong; hij gee nou geen ogenblik rus ni. Di ou wil nog rijk worde."

„Dis fraai om di mense te sien werk," antwoord Snel. „Mister Rights sijn hande is al vol bloedbare. Wat di geld tog ni kan doen ni! So 'n klippi laat di kerels werk."

„Ja, dit is snaaks," seg ou Vreland, „di mense is koddig. Verbeel jou om ver 'n klippi so hard te werk; als dit 'n bottel brandewijn was, dan kan 'n mens dit nog verstaan!"

„So 'n klippi is net so veel werd als 'n groot vat," seg 'n ou'e, terwijl hij sijn lippe aflek. „Ik wou maar dat ik een krij." „Ons sal seker krij," seg Wildskut, „di grond is net soos di grond in di Fields."

„Denk jij so," vraag Antoni, spotagtig, want hij kan Wildskut, wat 'n parmantige jonge basterd was, ni verdraag ni.

„Vervas, outa! Ik het kennis van di ding. Leef di bottel nog?"

Antoni steek eers nog 'n goeje dop en gee di bottel o'er.

„Ik is seker", seg Wildskut, „diamante is hier net so dik als klipstene. Di ou-baas sal geld maak, en di jong kerel wat daar aankom ook. Kijk! hoe parmantig rij hij."

Di sprekers kijk op. Hans kom aan op 'n flukse jong perd. Hij rij reguit na oom Diederik sijn wa en bind sijn perd sonder af te saal aan di wiel vas. Terwijl oom Diederik op di wa leg te rus, gaan Hans in di skaduwe sit.

„Als di kerels van di diamante, wat hier is, moet rijk worde," seg Antoni, „dan sal hulle lang werk."

„Wat weet jij daarvan?" vraag Wildskut, terwijl hij Antoni met veragting beskou. „Jij, wat nooit verder als Poortji was ni."

Dit was net genoeg om rusi te veroorsaak. Di brandewijn was sterk gewees en di hottentots begin te raas.

Snel spring op en verdedig Antoni, terwijl hij Wildskut uitskel ver al wat lelik was.

Verskeide mense werd deur di lawaai wakker. Oom Diederik ook.

„Stil daar julle hottentots!'' skree hij toornig.

Maar om 'n hottentot, wat dronk en kwaad is, stil te krij, is ni so gemakkelik ni. Wildskut en Snel hou aan.

„Vat tog 'n sjambok," seg oom Diederik ver Hans, wat hij eerste sien, „en maak di goed stil.—"

Hans vat sijn sjambok en 'n paar andere mense staan ook op om te sien. Gerrit steek ook sijn hoofd onder di wa uit om te sien hoe dit sou afloop.

„Hou jou smoel, Snel!" seg Hans en gaan met di sjambok in di hand voor di hottentot staan.

„Jij is ni mijn baas ni. Ik sal ver jou mijn mond ni hou ni," antwoord Snel met 'n vloek.

„Stil, Snel!" roep Hans toornig. „Stil of ik sal jou seer maak."

„Jij," seg Snel „jij moet maar ver jou oppas."

Bedaardheid was ni di grootste deugd wat Hans besit ni; kwaadaardig slaan hij Snel met di sjambok o'er sijn kop.

Dit was net of jij vuur in di kruid gegooi het. Snel vloek en raas en skel Hans uit ver 'n bedrieger en leugenaar.

Van alle kante storm di mense op di geraas af, en in korte tijd was di hele boel bij makaar. Gerrit was ook opgespring, en oom Diederik had 'n agsteros sjambok gevat, om di hottentots uit makaar te slaan.

„Stil, Snel!" skree Gerrit, „maak dat jij weg kom of jij krij vandaag seer."

„Maak liewers ver baas Hans seer," skree Snel, „wat julle almal ver gek laat werk, di bedrieger."

Woedend kwaad loop Hans op Snel toe om hom neer te slaan; maar op eens spring di kleine Joodji tussen in, en seg: „Nee, neef! laat ons eers hoor."

„Wat het jij vertel, hottentot?" vraag oom Diederik met di agteros sjambok klaar om te slaan. „Vertel of ik slaan jou."

„Slaan, oom!“ skree Hans.

Snel kijk rond, di skrik maak hom nugter.

„Vertel maar mijn jong!“ seg di Joodji, „dat is ver jou di beste.“

Bijna al di mense wat daar werk was nou bij makaar gekom. Dis lijk nes 'n coort. Hans en Snel in di middel en oom Diederik met 'n grote sjambok voor hulle.

Vertel Snel, seg oom Diederik, of jij kom aan di wawiel.

Snel kijk om, maar daar was geen kans ni. Toen vertel hij alles wat hij gesien het.

'n Doffe gebrom, nes 'n hagelbui wat aankom, werd onder di omstanders gehoor.

„Is dit waar, wat Snel seg,“ vraag oom Diederik aan Hans.

Hans was onder di vertelling doodsbleek geworde. „Snel lieg,“ stotter hij.

„Ik lieg ni, ou-baas!“ roep Snel.

Arme Hans kijk rond, maar sien net toornige gesigte; voor hom staan oom Diederik; di sjambok beef in sijn hand. Di woorde blij in sijn keel vassit.

Onverwags spring Hans om, stoot 'n paar kerels, wat in di pad staan, onderstebo, hol na di wa, ruk sijn perd los, spring op en laat loop huistoe.

„Vang hom! vang hom!“ klink dit van alle kante.

Oom Diederik kijk woedend kwaad rond; daar staan 'n jong kerel met 'n onnosel gesig en ope mond naas hom, met 'n opgesaalde perd in di hand. Eer di jongkerel daarom denk, het oom D. hom di perd uit di hand geruk, was daarop en jaag met di sjambok in di hand agter Hans aan.

Di hele boel, wit en swart, lag en skree, en hol agterna, om te sien hoe di spulletji sou afloop. 'n Paar Engelse begin onder di loop al te wedde wi sou wen. Dit was 'n resies soos nog geen een gesien het ni.

Toen Hans merk, dat oom Diederik agter hom aan was, gee hij sijn perd di volle toom.

Nog nooit was hij so in di nood gewees ni.

Sijn perd was fluks maar jong; oom Diederik sijn banje sterker; ieder keer kijk hij om en sien dat sijne vervolger nader kom.

Net oop loop di perde di afdra'end af, deur di spruitji, modderplek toe. Nou kon 'n mens di modderplek wel deur als jij versigtig rij. Bij di modderplek kijk Hans weer om, oom Diederik was agter hom, met di sjambok in di hand. Ver di laatste keer gee Hans sijn perd 'n hou; di arme dier spring in di modder, spartel 'n bietji en daar sit hulle vas.

„Hoera!" klink dit toen van alle kante dat dit so dreun.

„Nou sal jij dit hê," skree oom Diederik.

„Jij sal weet dat jij ons bedroge het." Maar helaas! oom Diederik druk ook di modderplek in. Hij het gedag dat sijn perd sterker was, hij spartel ook 'n bietji en daar sit hul ook vas.....

Kon ik nou teken, dan sou ik vervas 'n prentji maak van di geskiedenis.

Hans was omtrent vier tree voor; maar oom Diederik kon ni nader kom ni. Hij slaat ieder keer na Hans, dat di modder so spat, maar kon hom ni raak ni; net di punt van di sjambok raak Hans so nou en dan op sijn skouer; di modder spat dat dit 'n naarheid was. Albei was met perde en al besmeerd. Geen mens kon dit hou sonder lag ni, al had jij ook tandpijn. Di hele boel skater dan ook van di lag.

Oom Diederik probeer nog 'n slag, en, gelukkig ver Hans, raak di sjambok sijn perd. Di arme dier span al sijn krag in en terwijl di modder-klonte oom Diederik o'erdek, spartel Hans sijn perd los, krij vaste grond en sit af.

Oom Diederik moes geholpe worde. Eers was hij so kwaad, dat hij iedereen wou slaan wat hij digtebij kom. Toen hij uitkom soek hij na Snel, maar Snel het laat vat.

Binne 'n uur was di grawerij op 'n stokki en di boskoppi verlate.

Ik sal nou maar ni probeer om 'n beskrijwing te

gee hoe Hans tuis gekom en daaruit gesien het: ook ni hoe hij di volgende morre vroeg al afgesit het Transvaal toe.

Wel raas di mense vreeslik en wil skadevergoeding eis, maar Hans was weg.

Binne 'n paar weke was alles weer vergete.

Hans kom na 'n tijd weer terug; maar di mense kijk hom so dwars aan, dat hij maar heeltemal na Transvaal vertrek en daar getroud is. Daar woon hij nog, maar of hij nog „Lieg Hans" is, kan ik ni seg ni. 'n Man het vertel dat di sjambok van oom Diederik „Liegduiwel" uitgejaag het.—

Nege maande na di stori, was daar 'n grote troupartij op di dorp, en Gerrit en Netji was saam voor di preekstoel.

Netji had toen geen hoofdpijn ni. Toen hulle op Poortji kom, kom al di volk hulle gelukwens. Snel natuurlik ook. Di volk krij 'n soopji en toen Snel 'n soort van 'n spiets gemaak het, seg hij aan Gerrit: „Ja, mijn klein-baas! ons is almal gepier bij di boskoppi; maar jij het 'n groot diamant gekrij."

En Gerrit seg tot vandaag toe, dat Snel gelijk had.

# Di Praatduiwel.

## HOOFDSTUK I.

„What a splendid nakmaal" (nachtmaal), het ou mister Telheim al meer als tienmaal tot sijn seun Heiman geseg, toen hij di menigte mense sien wat makaar in di winkel verdring. „Ons het lang ni so 'n nakmaal gehad ni;" en dit was waar ook. Dit was nog maar Donderdag en bijna al di boere was al in. So 'n kans had di winkeliers in geen tijd gehad ni. Alles kom ook so bij makaar. Di nuwe predikant sou Saterdag bevestig worde, vier ander predikante en één professor sou tegenwoordig wees, en daarbij kom dat di veldkornet 'n bijeenkoms opgeroep het. Di gerugtes van Basuto-oorlog en kommandeerderij was banje sterk. Daarom was dan ook di laaste boer dorp-toe gekom.

In di winkel van Telheim was dit vol, dit kan jij geloof. Daar was 'n gepraat en gelag, dat jij jou eige woorde ni kon verstaan ni, en di klerke moes net ronddraf om iedereen te help. Daar roep een om 'n saal, hier vraag 'n ander di prijs van 'n ploeg, 'n klomp jong-kerels staan bij di Martini Henry's tegen makaar te roem hoeveel kaffers hulle sal doodskiet. Partij van di grootpraters het naderhand net banje moeite gedaan om sertifikate van di dokter te krij en was, toen di kommandeerbriefies

uitgaan, net banje siekelik; maar nou moes jij hulle hoor! 'n Groot klomp nooiens koop lintjies, veral blou lint, want di afspraak was, dat ieder nooi 'n blou lint moes om hê als hulle bij di pastori sou sing met meneer sijn koms. Di kleine kinders huil om lekkergoed, en om di geraas groter te maak, was 'n paar kwaai jongens besig met klappertjies te skiet. Dit was 'n vreselike drukte.

Voor di deur sit 'n partij ou ooms o'er di landsake te gesels, en hou, soos George, wat aan di Kaap op skool was dit noem: „Spesiale Parlementsitting." Hulle beskik o'er vrede en oorlog na hartelus.

Jammer maar, dat oom Karel van der Boom ni daarbij was ni. Hij sou alles wel vertel, want hij was jare lang kommandant gewees, en was nou, ik weet ni hoe lang al, ouderling. Oom Karel had dan ook lus genoeg om te gesels, maar hij kon ni. Hij was met sijn vrou en groot dogter na di winkel gegaan, en di twee had met makaar afspraak gemaak, dat oom Karel vandaag 'n musiek moes koop. Daarom sleep hulle di ou deur di winkel om al di musieke te sien. 'n Paar weke gelede het oom, toen hij op 'n aand 'n goeje bui had, beloof, dat hij ver Miemi 'n harmonium sou koop en nou was hij vas.

Als 'n man 'n vrou het, is hij maar half baas, maar als jij nog daar 'n groot dogter bij het, dan kan jij blij wees als jij met 'n skrikkeljaar één dag krij om baas te wees. Di dag moet jij dan ook maar gebruik.

Mister Telheim het oom Karel in di oog gekrij, en dadelik na hom toe gegaan. Miemi het hom laas al geseg dat haar Pa 'n musiek wil koop; en nou sou oom di winkel ni uitgaan ni sonder 'n musiek te koop. Dit was vervas. Spoedig was di ou vasgekeer. Tante Saartji staan aan di een kant, Miemi aan di ander, di musiek voor, en Telheim agter hom; ver loskom was daar geen kans ni.

„Kijk hier mister Van der Boom," seg di Duitser, "hier is een van di beste Amerikaanse orgels, wat daar te vinde is. Spotkoop, £40; maar om dit ver oom is £38.

Kosprijs! dit is di suiwere waarheid. Ik verdien daar net niks op ni.

Oom Karel het sijn bril opgesit om di orgel te bekijk; di bril help hom egter ni.

„Sal ons ni maar wag tot ander week ni?" vraag hij aan tante Saartji, „dan kan ons eers hoor hoe di ding skree."

„Ons kan dit nou maar hoor," seg Telheim, „miss Miemi kan mos maar probeer."

„Nee, dit sal ik nooit doen ni," seg miss Miemi, terwijl haar spits neusi nog spitser word. "So verspot is ik ni."

„Sal ik neef George roep?" vraag Telheim, „ik het hom in di winkel gesien."

Maar neef George staan bij di Martini Henry's en het ni di minste lus om te kom ni.

Telheim kijk verlege rond. Oom Karel moes nou koop, dit het Telheim hom voorgeneem, en di kans begin sleg te worde.

„Wag 'n ogenblikki," roep Telheim uit. „Hier is 'n jongejuffrou wat seker goed kan speel, ik sal ver haar vraag." „Doen mij tog di plesier, miss Wilson," seg hij tot 'n jongejuffrou wat digtebij hom staan en besig was enige kleinighede te koop, „en kom speel alsseblief 'n paar deuntjies. Di ou meneer wil di instrument laat probeer."

Di jong meisi kijk enigsins verskrik op en bloos.

„Daar is nou geen kans om o'er di musiek te oordeel ni," seg sij met 'n glimlag, „daartoe moet dit 'n bietji stiller wees."

„O! druk maar op," seg oom Karel, „ik wil net hoor hoe di ding skree."

Telheim het di banki al voorgesit, waarop di juffrou met 'n glimlag gaan sit.

Di ou Grieke had 'n stori, dat daar eens 'n man was, wat so mooi kon speel dat di ongedierte uit di bos kom om hom te hoor. So mooi speel miss Wilson ni, maar tog amper so. Sij was pas aan di gang, of dit was tamelik

stil, en di meeste mense hoor met verwondering di heerlike tone, wat deur di winkel klink.

Ons volk is musikaal. Dit sit in hulle bloed. Daar is te veel Franse en Duitse bloed in hulle, om ni van musiek te hou ni. Laat ons maar eers Afrikaanse liedere hê, met goeje musiek, en netnou sal onse mense sing soos nagtegale.

„Dit is mooi!" seg oom Karel, toen miss Wilson 'n ogenblik ophou, „maar dit is maar Engelse goed wat jij speel. Speel nou 'n psalm."

Sonder antwoord te gee laat miss Wilson haar vingers so effentjies o'er di klawers gaan, en toen klink di heerlike musiek van di 42ste psalm. Di heerlike musiek, di lijfstuk van di Franse Protestante, oefen ook nou magtige invloed uit. Di orgel was goed en di juffrou speel met gevoel. Alles was doodstil. Di mans haal hulle hoede af, al di besigheid hou ver 'n rukki op, selfs mister Telheim vergeet ver 'n ogenblik dat hij 'n orgel wou verkoop. Hij kon dit ni help ni, maar dit was hom net of hij weer in Duitsland was, en 'n klein kerki tussen dikke bome sien, waar 'n bejaarde vrou na toe gaan met 'n klein jongetji aan haar hand.

„Alle wêreld! ik moet tog weer bietji kerk-toe gaan," dag hij bij sigself.

Di musiek hou op. „Ekskuus mister Telheim", seg miss Wilson 'n bietji verlege, „di orgel is waarlik goed, sodat ik mijself vergeet en glad te lang gespeel het."

„Te lang! nee, waarlik ni," seg oom Karel. „Jij kan gerus maar aanhou. Als Miemi ooit so leer speel, dan koop ik ver haar di duurste musiek wat daar is."

Miemi kijk vóor haar, want di stori beval haar ni.

„Uw dochter zal wel leeren," seg miss Wilson met 'n vrindelike buig en gaan uit.

Toen sij bij di deur uit was, was di geraas nog eens so erg. „Hoor di nooi kan mooi speel," klink dit van alle kante. „Wi is sij? Sij *speel* mooi en sij *is* ook mooi," seg 'n jongkerel, „ik wou wel weet wi sij is."

Di jong-kerel had gelijk. Miss Wilson was mooi—

heeltemaal mooi. Jammer dat sij so bleek en treurig daaruit sien.

„Sij is 'n miss Wilson," seg mr. Telheim. „Sij is maar 'n maand hier. Haar moeder is 'n weduwe wat so siekelik is, dat sij bijna nooit uit haar kamer kan kom ni. Hulle woon in 'n klein huisi daar in di agterstraat, en lijk regte stille mense te wees."

„Waar kom sij vandaan, mr. Telheim?" vraag tante Saartji.

„Ik weet ni. Sij het aansoek gedaan om hier skool-juffrou te worde in di nuwe skool," seg Telheim, „ik wou wel dat sij di pos krij, dan laat ik mijn dogtertji ook hier leer."

„So, is *dit* di nooi?" vraag oom Karel, wat lid van di skoolkommissi was, „ik het van haar gehoor, maar ik het gedenk sij is so maar 'n Engelse ding. Nou sal ik haar in gedagte hou. Nou, Saartji, als jij en Miemi nou wil, dan kan Telheim di musiek maar stuur. Hij skree regte goed!"

„Ja maar, Pa! hij sal in ons huis ni so skree ni" seg 'n flukse jongkerel, wat intussen nader gekom het. "Ik weet Miemi sal hom anders laat brom."

„Stil George," seg tante Saartji, „stil jong, blij maar bij jou maats, jij het niks bij di nooiens te doen ni."

„Miss geraai, maatji!" seg George met 'n glimlag. „Di nooiens is nes 'n tou agter mij aan. Netnou was dri bij mij, om mij saam te neem na ou tante Adriana. Hulle wil hê ik moet nog 'n adres opstel ver meneer. Gaan jij ook saam, Miemi?"

„Hulle kon maar di miss Wilson gevraag het," seg Miemi ewe spijtig. „Sij sal wel net so goed kan skrijwe als speel."

„Is sussi kwaad?" vraag George spotagtig, „omdat miss Wilson mooier speel als jij? Kom maar saam, dan hou ons morre aand alleen orgel-konsert."

„Als jij weer praat, dan kan jij alleen gaan," antwoord Miemi met toorn in haar oge.

„Kom maar," seg tante Saartji, „en maak ni rusi ni."

Sonder praat voldoen Miemi aan di bevel, en gaan met George saam. Tante Saartji kon dit ni help om hulle so 'n klein bietji agterna te kijk ni. Di twee was di jongste, en George was veral haar lieveling, en elke keer als sij hom nakijk, was dit net of sij oom Karel weer sien toen hij na haar kom vrij het.

George was 'n flukse jongkerel, jammer maar dat hij ni „meneer" wou worde ni. Sijn moeder wou dit so graag gehad het. Hij was slim genoeg, had sig goed gedraag; sijn meester prijs hom; maar George had geen plesier in 'n boek ni. 'n Perd, 'n roer, 'n sweep, 'n trop skape of beeste, was sijn lewe. Hij was weggestuur na di Boland, maar dit het niks gehelp ni. „Latijn," seg hij, „geef hom tandpijn, en Grieks geef hom pijn in sijn maag," en toen hij laas met di vakansi tuis was, het hij aan sijn ma 'n boek gewijs met soveel strepies en lijntjies, dat di ou mens glad van haar slaap afgeraak het. Daarom het sij toen maar geseg dat hij kon tuisblij.

Om so 'n flukse kerel tegen sijn sin te laat studeer, is net so goed als of jij 'n vurige jong perd in 'n skotskar wil span, jij bederf hom, of hij skop di kar aan stukkend, een van twee. Iedereen het sijn geaardheid.

George help nou ver oom Karel, en sal netnou 'n knappe boer wees. Hij ken goed Engels, en, ver 'n wonder, ordentelik Hollans; hij is regte plesierig, o'eral bemind en deugsaam.

Miemi was ook op skool,—ekskuus, op 'n „Ladies' Seminary"—gewees. Sij reken dat sij banje slimmer was als George, sij ken Engels (natuurlik bijna geen woord Hollans ni), en speel op di klavier. Sij was ni sleg van geaardheid ni, maar partijkeer so skerp als 'n naald; daarbij was haar tongetji smal, maar lang.

Broer en suster verlaat met 'n hele klomp jongmense di winkel, en stap na di huis van tanta Adriana, waar 'n soort van bijeenkoms sou gehou worde. Neef Willem, di diaken, sou ook daar wees.

*Praatville*, een van di nuwe dorpe in di Onderveld, was lang ni een van di agterste ni. Nee, alles moes op

di nuwste manier wees, en so moes dan ook di predikant ingehaal worde, nes 'n generaal, wat van di oorlog terugkom.

Daar was 'n ereboog met heelpartij vlagge. Op di deur voor di pastori staan met grote letters: „WELKOM;" alles was regte mooi, alleen di adresse was nog ni reg ni.

Di naaste dorp het ook 'n paar maande gelede 'n nuwe predikant gekrij, en het ni minder als ses adresse gehad ni. Nou wou Praatville tog graag bo wees, en meneer met sewe adresse verwelkom. Dan kon di mense sien, dat hulle ook weet, hoe 'n predikant te ontvang. Di adres van di kerkeraad was *een*, van di manslidmate *twee*, van di susters *dri*, van di kinders *vier*, van di dorpsmense *vijf*, van di kleurlinge *ses*, o'er di sewende was lang geprakseer, en eindelik beslote dat di jonge nooiens dit sou aanbiede. Dan was Praatville tog baas. Dit sou nou bij tanta Adriana deur di jong-span opgestel worde.

Bijna al di nooiens was daar bij makaar, en George moes skrijwe, omdat hij Hollans ken. Partij wou dit in Engels hê, maar dit werd afgestem, di *Patriot* sou net weer spot.

„Nou, Boeti; maak dit tog mooi," seg Miemi, toen George aan tafel gaan sit om te skrijwe, "denk, di ding kom in di *Zuid Afrikaan* en *Patriot*."

„Ja, neef George," roep 'n heelpartij gelijk, "dit moet regte mooi wees."

„Kan jij dit ni so maak, dat di mense 'n bietji huil ni?" vraag 'n nooientji van dertien jaar, „dit is so aandoenlik."

„Als di niggies 'n bietji geduld het, dan sal ik voorlees, wat ik al opgestel het," seg George.

„Ja dis goed!" roep bijna algar.

George trek sijn gesig in 'n ernstige plooi, haal 'n papier uit sijn sak, en begin, terwijl ieder aandagtig luister, te lees:

WelEerw. Zeer Gel. Heer,—Wij ondergeteekenden jonge dochteren van Praatville kunnen dezen heugelijken

dag niet voorbij laten gaan, zonder UEw. onze hartelijke gelukwenschingen aan te bieden.

Wij zijn dankbaar u in ons midden te zien, en onze dankbaarheid vloeit voort uit verschillende oorzaken.

Vooreerst, vernemen wij dat gij nog ongehuwd zijt, en dit zegt veel. Onze vroegere beminde leeraar was reeds bejaard, en slechts weinig belangstelling mochten wij van hem ondervinden. Van UEw. verwachten wij betere dingen. Wees verzekerd dat wij UEw. met alle belangstelling ontvangen; en veel van u spreken. Wij hebben alle moeite aangewend om iets van u te vernemen, en hoewel wij maar weinig vrucht van dien arbeid genoten hebben: de belangstelling aan den dag gelegd, zult gij weten te waardeeren. Die belangstelling zal niet verflauwen. Geen enkele uwer daden zal zonder opmerkzaamheid voorbijgaan. Als getrouwe leden der gemeente, zullen wij uwe verkeerdheden opspeuren en die tot waarschuwing van anderen verspreiden. Onze broeders zullen de taak op zich nemen dit in de verschillende nieuwsbladen te publiceeren!

Zoo zult gij nederig blijven, en . . . .

„Skeur di ding uit sijn hand!“ skree Miemi driftig, „hoor julle ni, dat hij ons ver-gek hou ni?“

Partij nooiens het eigenlik van di adres niks verstaan ni, maar partij was oorlams genoeg. 'n Paar was vreselik boos, maar di meeste lag.

„Als jij hier kom om te spot, George,“ seg tanta Adriana, wat so kwaad was dat sij beef, „dan kan jij maar weggeblij het. Di dag is te heilig dat jij sal spot.“

'n Paar nooiens stoot makaar aan. Tanta het banje met di ou predikant gespot.

Miemi het intussen di papier uit George sijn hande geruk en stukkend geskeur.

„Skrijf maar 'n ander, Sorsi,“ seg neef Willem lugtig, „di ding was ni so sleg ni, maar meneer sou tog daarom koddig opkijk. Jij moet maar een aand o'erkom, en dan sal ik jou vertel hoe dit met Uilspiegel gegaan het, toen hij di waarheid geseg het.“

Toen di gelag eindelik ophou, gaan George weer aan tafel sit, neem 'n skoon vel papier, skrijf net 'n regte fraai adres, nog 'n bietji mooier als verlede week in di „Zuid Afrikaan" gestaan het.

O'er di adresskrijwerij, sou ik nog meer kan seg, maar ik is bang; ik wil eers hoor van neef Willem, hoe dit met Uilspiegel gegaan het.

Toen di adres klaar en getekend was, neem George sijn hoed en laat vat. Neef Willem volg.

Toen di mans weg was, begin di gesels; maar dit gaan ni glad ni. Di adres was nog ni vergeet ni, en als o'er meneer gesproke word, begin partij te lag. Hulle gesels o'er di goed in di winkel, en gou was di gesprek o'er miss Wilson haar speel.

„Wi is di miss Wilson tog?" vraag 'n heelpartij.

„Tanta Adriana sal wel weet," seg een. „Tanta weet altijd alles."

Nou dit was waar ook. Hoe dit kom kan ik ni verstaan ni; maar dit was so. Tanta gaan bijna nooit uit ni, net na di kerk en biduur, tog wis sij van algar en alles. Jij kan haar net vraag. Sij wis wi op di Vendusi 'n bietji lekker was, hoeveel 'n ander bij Telheim skuldig is, waar niggi Sanni di mooi vogelstruisveer vandaan het, ja 'n heelpartij dinge meer.

Sij had di naam van 'n vrome vrou, sij self sprak altijd so; maar ou meneer het nooit veel met haar op gehad ni. Hij was dan ook van di leeraars wat wel tot di gemeente, maar ni o'er di gemeente spreek ni. Daar was meer vrome mense in di gemeente wat maar min met haar op had.

„Ik ken di miss Wilson ni," seg tanta Adriana. „Sij is pas hier gekom. Haar vader is dood, so seg di mense," en tante trek 'n gesig of sij dit net half geloof. "Sij moet maar arm wees, en sij maak klere ver di dorpvrouens."

„Sij seg dat sij skoolmissies wil worde in di nuwe skool," seg een.

„Sij kan ordentelik speel," seg 'n twede.

„Sij het maar 'n psalm gespeel," seg Miemi, „als ik in 'n winkel 'n psalm speel, dan kan ik dit net so doen."

„Ik denk dat dit maar min pas om in 'n winkel 'n psalm te speel," antwoord tante Adriana, „dog wi weet ook wi sij is."

„Mooi is sij glad ni," seg 'n nooi, wat banje na 'n pampoen lijk.

„Sij had 'n tabberd aan, wat 'n paar jaar uit di mode is," seg Truitji, wat pas van Port Elizabeth kom.

„Sij stap met di hoge kop, en wi weet van watter famieli sij is," val 'n ander in.

„Sou neef George ook ni ver di juffrou 'n adres opstel ni?" vraag 'n meisi wat nog altijd stil geblij het.

Tante Adriana kijk op!

„Daar lui di klok!" roep Miemi, „nou moet ons na di pastori, o'er 'n halfuur moet algar daar wees."

Di opgeruimde meisies storm nou di huis uit, natuurlik om hulle eers te versier, en dan na di pastori te gaan. Tanta Adriana het ook haar bruin sij-tabberd aan, steek haar bril in haar sak, en stap statig aan om di nuwe leeraar te gaan groet.

Bij di pastori was alles in rep en roer. Op stoep staan di kinders en di jonge meisies klaar om te sing. Di harmonium was uit di kerk gehaal, en in di voorkamer geset, en miss Wilson werd versog om te speel. Regte eenvoudig gekleed, trek sij tog deur haar skoonheid di aandag van almal. Iedereen praat met goedkeuring van haar. Tanta Adriana set egter haar bril op, om di vreemde vogel goed deur te kijk.

Di klok lui weer, en weldra al di klokke en klokkies van di dorp. Daar kom meneer! 'n Hele trein karre en wagens agterna. Di kinders sing dat dit klink. Di adresse werd gelees, en op elkeen geef meneer 'n gepaste antwoord. 'n Mens kon egter goed sien, dat hij bij di *sesde* al bietji moeg was; maar hij hou hom taai. Di antwoord op di sewende was egter di mooiste. Oom Karel het ook geseg dat dit di laaste was.

Binne 'n paar uur was alles afgeloop, en gaan iedereen tevrede weg.

Tanta Adriana het ook genot gehad. Sij had 'n goeje plek, waar sij alles kon hoor wat meneer seg, en vanwaar sij ook iedereen kon sien. Sij had heel wat opgemerk. Hansi, van Skildpadfontein, het di blou sij tabberd aan gehad, wat seker nog ni betaald was ni. Oom Stoffel sijn oge was weer rooi, hij had seker weer 'n soopji binne, ens. Ja, tanta het veel genote.

Wat was di beste gewees?

So lang als meneer nog voor di deur gestaan het, het 'n sekere Mister Prost, 'n agent wat op di dorp woon, ook bijgekom. Hij het stadig-aan tussen di menigte deurgedring, en was eindelik in di voorkamer tereggekom, tot waar Miss Wilson sit en speel. Tanta het hom in di oog gehou, en tot haar verbasing sien sij, dat Mr. Prost 'n briefi uit sijn sak haal, hom in 'n vrindelike buiging na Miss Wilson wend, en dat hij haar enige woorde toefluister, en haar daarop di briefi geef wat sij aanneem. Toen het tanta haar bril bietji beter reggeset, en duidelik gesien, dat di Miss Wilson eers heeltemaal wit en naderhand rooi geworde het, waarop Mr. Prost stadig weggegaan het.

Meneer het juis toen so mooi geantwoord, maar dit het tanta ni gehoor ni. Dit was so wat o'er vrede en liefde gewees—dit was al.

Sodra di ontvangs bij di pastori verbij was, gaan miss Wilson na huis.

Dit was 'n klein huisi, in een van di agterstrate, waar Mary Wilson en haar moeder woon. Ofskoon armoedig, was tog alles netjies en skoon; binne blink alles soos 'n spiegel. Hier het di arme weduwe met haar dogter eindelik wat rus gevonde, na 'n lewe van moeite en kommer. Als sij so alleen sit, en snags van pijn ni kon slaap ni (want sij was krom en in makaar getrek van di sinkingkoors), dan kom di lewe haar so menigmaal voor di gees. Sij was di dogter van 'n boer wat ni rijk was ni, maar fatsoenlik. Lewendig van aard werd

sij, pas agtien jare oud, aangetrokke deur di vlugge taal en bevallige maniere van 'n jonge Engelsman, Wilson genaamd, wat op di dorp klerk was. Hoeveel aangenamer was hij tog in haar oge als di stadige boereseuns, wat met haar omgaan. Wilson vraag haar om sijn vrou te worde, en sij neem sijn aanbod aan. Lang weiger haar ouders om toestemming te geef; doch eindelik geef hulle in, en sij begin haar huwelik sonder ouderlike segen. Haar huweliksgeluk duur egter ni lang ni. Wilson begin gou genoeg di eenvoudig opgevoede vrou moeg te worde. Oue slechte gewoontes word weer aangenome, en menige aand word, terwijl sij met gebroke hart in haar eensame kamer bij haar slapende kindertjies sit, onder uitsinnig gelag, in di biljartkamer deurgebreng. Spoedig verloor hij sijn betrekking. Van di een plaas na di ander moes hij rondswerwe, tot hij eindelik in di Kaap aanland. Daar het dit ni beter gegaan ni. Di arme vrou het gedaan wat sij kon om bowe water te blij, en di gebreke van haar man te bedek. Haar ouers was reeds lang gestorwe; haar broers en susters het haar vergeet.

Eindelik was Wilson ook dood, half aan siekte en half deur di drank. Na sijn dood begin sij rond te kijk, om di Kaap te verlaat. Sij was in di Onderveld gebore, en sij wou daar sterwe. Sij hoor van Praatville, en meen dat sij en haar dogter Mary, wat bisonder aanleg voor musiek had, wel met skoolhou en andersins aan di kos sou kom. Haar seun Charles, 'n jong-kerel van 17 jaar, het 'n betrekking gekrij als klerk te Sondorp, ongeveer 6 uur te perd van Praatville. Sij had maar twee kinders, en wou hulle ni graag so ver laat gaan ni; daarom aarsel sij ni langer ni, maar verkoop haar bietji meubels, en trek weg. 'n Paarlse togganger, met 'n Paarlse hart, neem haar verniet mee na Praatville, sodat sij haar paar penninge kon spaar.

Vereers gaan dit haar redelik. Sij het bietji werk gekrij, en haar dogter geef 'n paar musieklesse. Charles verdien wel weinig, maar stuur daarvan nog wat o'er,

en als Mary nou di geluk had om skooljuffrou te worde, sou alles wel gaan. Di hoop, wat so lang 'n vreemdeling in haar hart was, begin so stadig aan weer op te flikker. Di donkere toekoms werd daardeur bietji helderder.

Daar was egter nog 'n skerpe doorn in di vlees. Di doorn was—skuld.

Ja—skuld, en dit wel van £50, meesal ver drank. Drankduiwel het eers haar lewe bitter gemaak, en het nou nog ni met haar klaar ni. Haar o'erlede man was omtrent £50 skuldig geblij bij Borner, 'n kantienhouder aan di Kaap. Borner seg dit was ver drank en geleende geld. Toen sij wou weggaan, het Borner haar opgedruk, en daar sij ni kon betaal ni, en tog ni graag insolvent wou gaan ni, om di eer van haar kinders, het sij 'n skuldbewijs geteken. Sij het jare lang geleef en gewerk om haar man sijn eer op te hou, en sij wou ook nou liewer honger lij, als dat di ding onbetaald sou blij. Borner het wel uitstel gegeef, te meer daar hij sien dat hij anders niks sou krij ni.

Di skuld moes afbetaald worde.

Niemand moes haar kinders kon verwijt dat hulle vader een dronkaard was, wat ni eens sijn drankrekening betaal het ni.

Als Borner maar uitstel geef en Mary di skool krij, sou dit wel gaan.

Di gedagte aan di skuld vervul egter haar hart, en het haar nou ook besiggehou.

Met 'n blijde glimlag kijk sij op, toen Mary binnekom.

Mary was egter stil, erg stil. Toen sij haar manteltji afgehaal het, kom sij naas haar moeder sit, tegen aan, en leg haar hoofd op di skouer van haar moeder.

„Wat is dit, Mary?" vraag juffrou Wilson verskrik. „Wat het jou o'ergekom? Jij moet jou ni te veel vermoei ni."

„Ik is ni vermoeid ni, maar bietji ontsteld, mama," antwoord di meisi. „Net toen hulle di adres voorlees, kom Mr. Prost, di agent, bij mij en geef mij 'n brief van Borner. Hier is di brief."

Juffrou Wilson neem di brief aan, lees dit soetjies deur, en laat dit toen in haar skoot val.

„Dis 'n brief van Borner," seg sij eindelik. „Hij skrijf dat di tijd o'er 'n maand om is, en ons moet betaal, anders sal hij regterlike stappe neem. Hoe kom Mr. Prost aan di brief?"

„Ik weet ni, ma!"

„Het Mr. Prost niks meer geseg ni?"

„Ja, hij seg, dat hij van aand nog sou kom, om met ma o'er di brief te spreek."

„Waarom in di aand, Mary?"

„Ik weet ni, ma! Ik had geen tijd om hom dit te vraag ni."

„Is dit diselfde Mr. Prost, wat jou verlede week 'n uitnodiging gestuur het om met hom na di entertainment te gaan?"

„Ja, ma, diselfde."

„Ken jij hom, Mary?"

„Ik het hom 'n paar maal ontmoet, en hij o'erlaai mij met beleefdhede, dog hij beval mij ni," voeg Mary daarbij en bloos.

Juffrou Wilson kijk Mary enigsins skerp aan. „Nou ons sal sien," seg sij ernstig. „In elk geval het ons 'n maand tijd. Wanneer sit di skoolkommissi?"

„Ik hoor vandaag, bij di pastori, dat di kommissi o'er dri weke sal sit."

„Dan eers," seg di moeder, met 'n sug. „Wel ons sal sien."

Stil gaan di agtermiddag verbij, geen een van di twee had lus om te praat ni.

Dit was skaars donker toen aan di deur geklop werd en Mr. Prost binnekom.

Mr. Prost was, soos ik reeds geseg het, 'n agent te Praatville, wat al geruime tijd daar woon, en banje werk had. Hij was ni so jong ni, maar heel spraaksaam en vrindelik. Egter was er lelike gerugtes van hom in omloop, en in fatsoenlike geselskappe werd hij meer geduld als genooi. Mary het van di eerste ogenblik af,

dat hij haar gesien het, sijn aandag getrokke, en hij het haar o'ervloedige beleefdhede bewese, wat haar volstrek ni aanstaan ni. Misskien het sij ook wel di duiwel gesien wat uit sijn oge kijk, 'n duiwel, wat ik nou maar ni sal noem ni.

Mr. Prost was nou ook o'ervrindelik. Hij o'erlaai Mary met komplimente o'er haar speel, en dit het 'n geruime tijd geduur eer di weduwe gelegenheid had om o'er di eigenlike doel van sijn besoek te spreek.

„O," seg Mr. Prost, „dit is 'n kleinigheid. Mr. Borner het mij di bewijs ter invordering gesonde, en 'n brief aan u ingeslote. Mr. Borner het seker geld nodig, maar als di nodig is, kan u op mij reken. Ik sal altijd bereid wees om u en uw dogter van diens te wees."

„Dank u, ver di vrindelikheid," seg di weduwe koel. „Ik sal egter sien wat ik kan doen, en aan Borner skrijwe, misskien geef hij nog uitstel."

„Als ons uitstel krij, dan sal dit gaan. Misskien krijg ik di betrekking als skooljuffrou hier," seg Mary.

Mary het pas di woorde uitgesproke of sij had daar spijt van. Mr. Prost neem daar egter notisi van.

„Al wat ik daaraan kan doen, sal seker geskiede, miss, laat alles aan mij o'er, en ik sal aan Borner skrijwe."

„Ik doen di dinge liewers self," seg di weduwe; „dank u voor di vrindelikheid."

„Soos u verkies," seg Prost, 'n weinig gesteurd.

Na nog 'n paar woorde gesproke te hê, gaan Mr. Prost weg.

„Wat sal ons doen, ma?" vraag Mary, nadat sij enige tijd stil gesit het.

„Skrijf dadelik aan Borner om uitstel, en skrijf ook aan Charles om raad. Hij is wel jong, maar verstaan seker meer van besigheid als ons. En dan ten laaste, seg di Skrif ni: „In zes benauwdheden zal Hij u verlossen, en in de zevende zal u het kwaad niet aanroeren?"

Mary blijf stil.

„En wat denk ma van di Mr. Prost?"

„Ik denk, dat hij een is, wat in di Skrif „Zonen Belials" genoem word, en dat mijn dogter wel doen om hom te vermij," antwoord di weduwe, terwijl sij haar dogter 'n soen geef. Ons verkoop liewer al wat ons het, en swerf deur di land, als deur di man geholpe te worde. En nou, goeje nag."

---

## HOOFDSTUK II.

Praatville was, soos ons al gesien het, lang geen agterlike dorp ni. Ieder keer staan daar 'n stukki in di koerant van wat Praatville gedaan het, of nog sou doen. So had Praatville ook 'n Sendingsgenootskap, en bij di Sendingsgenootskap hoort ook 'n Werkgeselskap. Di Werkgeselskap staan in hoge guns bij vroue en meisies. Elke week was daar bijeenkoms, één week bij di Predikantsvrou, en één week bij tante Adriana. Bij tanta Adriana was egter altijd meer mense. Hulle vind dit daar aangenamer als bij di vorige juffrou. Juffrou laat te veel lees, en dan skiet daar geen tijd o'er om te praat ni. Bij tanta was di stukki om te lees maar kort—partijkeer regte kort. Veral als daar iets bisonders gebeurd was. Van dat Praatville vakant was het tanta di saak alleen bestuur, en sij was blij toen sij hoor dat di nuwe predikant ongetroud was. Nou kon sij vereers baas blij.

Ongeveer 14 dage na di bevestiging was di Werkgeselskap weer bijeen, daar was 'n goeje opkoms. Tanta haar voorkamer was mooi vol, want 'n heel partij buitemense was aangekom, en partij het nog ni uitgerij ni. So was Miemi ook daarbij. Di geselskap was na haar smaak.

Net 'n klein stukki word gelees,—heel klein. 'n Mens kan dit ook verstaan. Dit was di eerste bijeenkoms na di bevestiging.

Na di lees was di gesels oop. Eers o'er di en di,

toen o'er meneer, en eindelik o'er di nuwe skool. Daar was vier applikasies ingekom, en hoewel dit nog ni geopen was ni, wis natuurlik di hele dorp reeds alles daarvan. Miss Wilson kom ook weer ter sprake.

„Di Miss Wilson het di beste kans," seg een van di praatsters; „verskeie lede van di kommisi is voor haar, en meneer ook. Hulle seg, sij speel so mooi."

„Ja, meneer sal wel van di jonkheid hou, ik sou anders denk dat 'n bejaarde vrou beter sou wees," antwoord tanta Adriana.

„Ik is al moeg om van Miss Wilson haar speel te hoor," seg Miemi spijtig. „Ik het al anders hoor speel als so, en wi is sij tog?"

„Ja, wi is sij tog," vraag 'n derde, „in elk geval is sij brand arm."

„Dis te hoop dat di kommissi goed sal toesien," seg 'n juffrou, „anders stuur ik mijn Letta ni."

„Wat kan jij van mans verwag," seg tanta Adriana, „als hulle maar 'n jong gesiggi sien, dan is hulle tevrede."

„Meneer het banje na haar gekijk," seg 'n ander. „Ik het ver hom opgelet, net toen di dierbare adres van di jong nooiens voorgelees is."

'n Paar jong nooiens, wat bij di opstel van di dierbare adres tegenwoordig was, begin toen te lag, sodat di spreekster stil blij.

Di meeste mense begin nou langsamerhand weg te gaan, alleen tanta haar vertroubaarste vrindinne blij nog, Miemi ook.

Toen dit weer bietji stiller was, begin tanta opnuw.

„Wat nig Fija van meneer daar vertel, dit is ni waar ni, maar wat wel waar is, weet ik."

Di oge van algar was toen op haar gevestig.

„Wat is dit dan," word van alle kante gevraag.

Tanta skud haar hoofd, hoes en wil ni praat ni. Eindelik kom dit uit.

„Ik wil daar geen kwaad van denk of seg ni, dit is ook niks; maar wat ik weet is dit, dat di Miss Wilson veel te vrij met Mr. Prost omgaan, om skooljuffrou van

Praatville te wees. Hij het met haar gesproke bij di aankoms van meneer, en aan haar 'n briefi gegee, dit het ik met mijn oge gesien."

„Misskien was dit 'n rekening," seg één tanta goedhartig.

„ 'n Rekening," seg tanta Adriana, en kijk di vorige spreekster met verontwaardiging aan. „En wat sou jij seg als di Mr. Prost saans daar gaan kuier. Mijn meid Roos het dit self gesien, en weet jij wi di Mr. Prost is?"

Di goedhartige tanta was geheel o'erbluf; di meeste beskou haar met 'n soort van medelijde o'er haar onnoselheid.

„Wel," seg tanta, toen di vrouens hoede en kappies opset om weg te gaan: „Ik sal wel alles daarvan uitvinde, dit kan julle geloof."

En onder 'n gemompel van goedkeuring gaan hulle uit makaar.

---

Di persone, in di lot van wi tanta Adriana op haar manier soveel belang gestel het, ongelukkig van di belangstelling onbewus, het hulle dage maar onder sorg en kommer deurgebrag. Daar was egter 'n bietji meer vooruitsig, sodat op een aand, 'n paar dage na di gesprek bij tanta, moeder en dogter enigsins opgeruimd bij makaar sit. Daar hulle maar weinig hoop had dat Borner hulle sou uitstel gee, het hulle tegelijkertijd aan 'n bekende in di Kaap geskrewe om aan hulle di geld te leen, met di belofte dat Mary, als sij onderwijseres word, alle maande wat sou afbetaal. Di man het hulle geantwoord dat hij ni ongenege was om dit te doen ni, maar met di kondisi, dat als Mary di betrekking ni krij ni, hij sijn aanbod terugtrek, want hij moes sekuriteit hê.

Di brief het di weduwe wel seer gemaak, dog wat kan 'n arm mens doen. „Wat hond is, moet bene kou," seg 'n spreekwoord, wat wel plat is, maar daarom waar, en daar maar deur bitter weinige, selfs onder di sig Christene noem, di arme als di agtergeblewene erfenis

van di Heere Jezus beskou worde, het sij al heel wat leer verdraag.

Dat Mary onderwijseres sou worde, werd bij hulle altijd waarskijnliker. Meneer was 'n paar male bij hulle gewees, had Mary hoor speel, en had so half sijn stem toegeseg. Oom Karel was ook daar gewees, en hij had veel invloed.

„Dit sal wel gaan, ma!“ seg Mary altijd. „Dit sal verder wel beter gaan.“

Di aand was sij nogal opgeruimd, want sij verwag Charles. Hij had geskrewe dat hij ver besigheid na Bosfontein moes, en als hij 'n draai omrij dat hij dan di aand op Praatville sou wees. Hij moes dan wel di volgende morge vroeg weer weg, maar dit was niks. Hij kon dan tog 'n paar ure met hulle praat.

Di twee vroue sit nou op hom te wag. Uit di kombuis kom 'n lekker ruik, wat verkondig dat moeder en suster gesorg het. Alles was klaar.

„Daar is Charles,“ roep Mary, toen daar aan di deur geklop werd.

„Dit is ni sijn klop ni, Mary,“ seg di moeder.

Mary het dadelik opgespring. Di weduwe het egter gelijk gehad. In plaas van Charles kom Mr. Prost in di kamer.

Juffrou Wilson kijk verdrietig op. Di besoek was haar allesbehalwe aangenaam.

Mr. Prost was slim genoeg om dit te merk, maar gaan ewewel met 'n glimlag sit.

„Dit spijt mij dat ik u moet hinder,” seg hij. „Ik het vandaag 'n brief van Borner ontvang en ik wil u graag self sien. Ik had ni eerder tijd ni. Borner skrijf dat hij ni langer als 'n maand uitstel wil geef ni. Na di tijd moet ik rechterlike stappe neem.”

„Binne 'n week, hoop ik, sal ik u 'n antwoord geef,” seg di weduwe. „Ik verwag mijn seun hier en dan sal ons wel 'n plan maak.”

„U kan elke dag als u wil bij mij geld krij,” seg Prost. „Dit sal mij altijd aangenaam wees u en Miss Wilson 'n plesier te doen.”

Di weduwe geef geen antwoord ni, maar knik met haar hoofd.

„Is uw seun op Sondorp?" vraag Prost.

„Ja," antwoord di weduwe. „Ons verwag hom van aand hier. Hij moet na Bosfontein."

„Dit is ni ver om ni," seg Prost, „en dit is goed om di tijd te gebruik. Daar sal gou genoeg rumoer wees in di land."

„Hoe so?" vraag di weduwe.

„Wel, dit is nou seker, dat di Basotu-oorlog uitgebreek het, en binne enige dage word daar gekommandeer. Is uw seun ook op di burgerlijs?"

„Ik denk so," seg di weduwe, terwijl sij bleek word. „Di Heere gewe dat hij vrij mog loot! Hij is maar siekelik."

„Ik help om u dit te wens," seg Prost, en staan op. „Goeje aand!"

Daar juffr. Wilson deur di sinkingkoors ni kon opstaan ni, was Mary wel verplig om hom tot bij di deur te vergesel.

Met 'n verstoorde gelaat kom sij weer binne.

„Van di man moet ons niks aanneem ni," seg sij, en word rooi. „Sijn vrindelikhede walg mij."

„Ik laat liewers alles verkoop," antwoord di weduwe ernstig. „Di eer van jou o'erlede vader is mij dierbaar, maar mijn kinders is mij dierbaarder."

„Hoe sal dit tog met ons gaan?" vraag Mary, terwijl sij verdrietig plaas neem. „Als Charles nou ook na di kommando moet, wat vang ons dan aan?"

„Ik weet dit ni," antwoord di moeder; „laat ons maar ni voor di tijd al bekommerd wees ni."

„Nou is dit tog Charles!" roep Mary, na enige minute stilte. „Dat is sijn klop."

Sij had gelijk. 'n Paar ogenblikke later staan haar broer in di kamer.

„Waar is jou pêrd dan, boeti?" vraag Mary, toen di eerste groet verbij was.

„O, mijn perd is bij di Hotel. Ik wis dat hier geen stal sou wees ni, en daar dit Mr. Henry sijn perd is,

moet ik hom goed versorge. Ik het daar afgesaal. Maar kom, ma, vertel tog, hoe gaan dit?"

Ma wou egter ni vertel ni, en sussi ook ni, voordat Charles ni eers aan tafel sit, en 'n lekker karmenaatji in had ni. Charles geef ook gou genoeg in. Wel als 'n mens wil weet hoe lekker 'n karmenaatji is, dan moet jij eers 'n heel dag te perd rij.

Maar hoe lekker kos ook smaak, eenmaal krij 'n mens genoeg, en toen Charles eindelik moes verklaar, dat hij nou waarlik genoeg had, begin ma te vertel.

Daar was heel wat te praat, en hulle sit toen tot laat in di aand. Eers moes Charles vertel hoe dit in sijn nuwe betrekking gaan. Toen o'er andere dinge. Graag wou juffrou Wilson Charles spaar, maar sij moes tog, of sij wou of ni, o'er di skuld praat.

„Di skuld moet betaal worde," seg Charles. „Dit kan gaan soos dit wil. Als dit ni anders kan ni, dan vraag ik Mr. Henry om geld te leen, hoewel ik dit liewer ni sou doen ni. Ik is nog te kort daar. Maar als ma dit ni anders kan skik ni, dan moet dit. Ik dink, hij sal dit wel doen."

„Hij lijk 'n goeje man te wees," seg Mary. „Sijn vrou's suster, wat hier woon, prijs hom te danig."

„Wel, sorg maar dat jij di skool krij, dan kan ons saam afbetaal, en dan krij ons di geld van bowe, dit is beter."

„Als jij maar ni na di kommando moet gaan ni," seg di moeder, terwijl sij haar seun nader trok.

„Wel, dit sou lelik wees," seg Charles. „Ik is op di lijs, maar daar moet nog geloot worde, en ik loot vervas vrij."

„Og, di kommando sal jou dood maak," sug di weduwe. „Jou bors sal dit nooit hou ni."

„Ag wat," seg Charles met 'n lag. „Ik is perd-fris, veel beter als vroeger."

Di weduwe skudde haar hoofd. Charles was ni sterk ni. Hij was wel lang en fluks uitgegroei, maar het al van sijn jeugd af aan o'er sijn bors geklaag. Dit sou

wel beter gaan als hij groter werd, had di dokters geseg, en dit lijk of hulle gelijk gehad het. Charles was nou 18 jaar, en veel beter als vroeger.

„Ik moet mijn kans staan met di ander," seg Charles. „Sodra di loting verbij is, sal ik 'n telegram stuur. Laat Mary dit ook doen, als di kiesing van di skool verbij is, dan kan ons 'n plan maak. Praat kan nou tog ni help ni."

Di lewendige jongeling sijn gesprek had op di liewe vroue 'n goeje uitwerking. Opgeruimder als in lange tijd gaan hulle eindelik rus.

„Maar wi sal mij morre vroeg roep?" vraag hij ewe opgeruimd. „Met dagbreek moet ik weg."

„Dit sal ik doen," antwoord di moeder. „Mijn pijne hou mij wakker, ik sal mij ni verslaap ni."

Dit was skaars skemerdag toen Charles wakker werd, en merk dat moeder en suster al op was, en ver hom gesorg het. Veel kon daar ni meer gesproke worde ni, maar voor hij weggaan, moes hij nog eers aan moeder haar kni neerkniel, om same di naam van di Heere aan te roep. Hij was wel groot, maar had nog ni di gebed aan sijn moeder haar kni verleer ni.

Dit was 'n lieflike morre, en nog ni heeltemal lig ni, toen Charles di moederlike woning verlaat. Alles was stil op straat, en sonder daar om te denk, loop Mary met haar broer di straat af. Bij di hoek kus hulle makaar hartelik, en keer sij om na huis.

Net toen sij haar huis wil ingaan, kom 'n meid di straat op, wat haar enigsins parmantig aankijk. Mary skrik 'n bietji en maak di deur toe.

---

## HOOFDSTUK III.

Oom Karel was uit sijn humeur. Ja, 'n mens sou ni heeltemaal lieg ni, als hij seg: „Oom Karel was nukkerig." Hij het di morre nukkerig opgestaan, en toen was alles verkeerd. Eers was sijn koffi te soet gewees, toen was sijn pijp verstop, en toen hij dit wil oopsteek, breek di

grasji in di steeltji af. Adonis, wat anders met oubaas net kon maak wat hij wou, het di morre al 'n klap gehad in di stal, omdat di perde ni skoon gemaak was ni; di hele huisgesin was deurmakaar. Sijn nukkerigheid was nog ni gesak ni toen hij aan di brekfes tafel gaan. In stilte eet hij sijn karmenaatji, en kijk voor hom in sijn bord. Dit lijk of di kos hom ni smaak ni.

Di nukkerigheid had 'n oorsaak. Tanta Saartji het in di nag 'n lang gesprek met hom gehad, en dit het hom net sleg laat slaap. Nou kon hij nog maar ni regkom ni.

Hij was nogal di vorige dag ewe plesierig dorp-toe gekom. Hij was betijds gekom, omdat vandaag Skoolkommissi-vergadering was, en dan moes hij ook ver George weghelp, wat gekommandeer was na di Basuto-oorlog.

Dat George na kommando moes gaan, het tanta glad ni aangestaan ni. Sij het haar oge al rooi gehuil, maar dit het haar niks gehelp ni. Sij het met George mooi gepraat, hij moes tog maar 'n plaasvervanger soek, sij sou dit betaal, maar George wou daarvan ni hoor ni. Om geen rusi met sijn vrou te hê ni, had oom Karel ook aan George geseg, dat hij maar kon blij. Tog had oom ver George 'n mooi, sterk vosperd gekog, sodat sijn praat ni veel sou help ni. George was nou ook al vroeg uitgegaan om nog wat reg te maak.

Miemi was di oggend ook net stil; iederkeer kijk sij ewetjies skuins na haar vader.

Toen di dri bijna klaar had, kom George binne. Hij set sijn geweer, wat hij bij sig had, in 'n hoek neer en gaan sonder veel omslag aan tafel sit. „Pas-op ver di geweer, misskien is dit gelaai," seg tanta, wat 'n bietji skrikkerig was.

„Nee, ma, wees maar gerus," antwoord George, terwijl hij sijn karmenaatji snij.

„Jij hoef ook ni nou al met 'n geweer rond te slenter ni," mompel oom.

George kijk op. Hij sien dat sijn pa ni op sijn stukke was ni, maar sonder sig daaraan te steur, seg hij met 'n glimlag: „Waarom is pa dan van morre nukkerig?"

„Als jij soveel in jou kop het als ik, sal jij ook wel nukkerig wees," antwoord oom. „Jij gaan kommando toe, en ik kan maar tuis regkom. Di mense denk ook dat ik niks te doen het ni. Eers moes ik ouderling worde, en nou weer skoolkommissi. Ik bedank netnou ver alles en blij op mijn plaas."

Eer dat George weer antwoord kon gee, het tanta Saartji hom aangekijk en met haar hoofd geknik. George begrijp dat dit nou beter sou wees om maar stil te blij.

Sodra brekfes verbij was, staan di kinders op en gaan uit. Oom Karel blij alleen met sijn vrou agter. Hij stap heen en weer in di kamer, en probeer om te rook, maar sijn pijp was weer verstop.

„Wel, Saartji! denk jij dat wat jij mij van-nag vertel het di waarheid is?" vraag hij eensklaps verdrietig.

„Miemi het dit eers aan mij vertel," antwoord tanta. „Sij hoor dit gister bij ou Adriana."

„Bij Adriana hoor jij altijd wat," mompel oom binnensmonds; „ik sal netnou di vrindskap tussen Miemi en di niggi uitmaak; maar misskien is dit tog 'n leugen."

„Sus Grieta was ook daar; sij praat ook daaro'er en seg, dat sij vervas haar Letta ni sal stuur als di miss skooljuffrou word ni."

„Ik geloof dit tog ni," seg oom Karel, en stamp met sijn voet; „'n meisi wat daar so uitsien, kan ni sleg wees ni."

„Skijn bedrieg," seg tanta; „ik was nog nooit daar ni, maar sus Grieta is ni 'n vrou wat somaar praat ni."

„Dan is sij vervas 'n uitsondering," brom oom Karel.

Tanta word nou ook ergerlik en blij stil.

„Ik was met meneer saam daar," vervolg oom, „en dit lijk tog ordentelik. Ik het lus om self di ding uit te vinde. Ik wil di meisi self vraa."

„Gaan liewers na Adriana, en dan kan jij maak soos jij denk dat goed is."

Oom Karel trek 'n skewe gesig: sijn pijp wil nog ni brand ni.

„Als ik maar wis hoe ik moes stem," begin hij weer. „Di affêre is net lastig."

Ja, dit was di affêre ook. Oom was dorptoe gekom, met di vaste voorneme om ver di miss Wilson te stem ver skooljuffrou, en nou loop di ding verkeerd. Miemi was bij tante Adriana gewees, en had daar soveel gehoor, wat sij alles aan haar ma vertel het. Tante Saartji het dit natuurlik aan oom meegedeel, en nou was oom vas.

Oom sijn pijp brand nog ni, daarom vat hij sijn hoed en gaan uit.

„Reguit na tante Adriana; ik sal di ding wel uitvinde," dag hij.

Tante Adriana sien hom aankom. Sij kijk dikwils o'er di ondergordijntji, en so sien sij alles wat om haar gebeur. Sij sit haar bril reg, neem haar predikasieboek en slaan dit ope, toevallig bij 'n preek o'er Jakobus 3 : 6.

„Wel, neef Karel," seg sij met 'n opgeruimde gesig, toen oom binnekom, „wel, ik is blij dat jij mij tog ook eenmaal 'n besoek kom gee. So'n ou weduwe als ik krij maar weinig besoeke. Julle ouderlinge maak dit net swak."

Oom Karel moes nou eers 'n hele hoop ekskuse maak, en dit duur wel 'n halfuur eer hij met sijn saak kon begin.

„Ik is eigenlik gekom," seg hij oplaas, „om te hoor na di ding wat Miemi aan haar ma vertel het. Di stori o'er miss Wilson."

„So," seg tante, terwijl sij 'n snuifi neem en 'n gesig trek of sij haar di stori glad ni meer herinner ni. „So, en wat het Miemi dan vertel?"

„Miemi het aan haar ma geseg, dat di miss Wilson, wat ons skooljuffrou wil maak, haar net sleg gedraag. Sij seg dat sij dit hier gehoor het."

„So," seg tante, en neem weer 'n snuifi en bied oom ook een aan. „So, dan gedraag di meisi haar sleg. Wel, wel!" en sij skud haar kop.

Oom Karel kijk haar aan. Oom was 'n goeje kerel, maar hij kon ni met 'n steeks perd reg kom ni, en dit was amper ver hom of hij met 'n steeks perd te doen had.

„Miemi seg, sij het dit hier gehoor."

„Hier?" vraag tante verwonderd. „Ik weet ni; maar dit is mogelik. Hier was banje mense. Ik ken di Wilsons

ni. Ik weet goed, ik het ni geseg dat sij haar sleg gedraag ni!"

„Maar wat is daar dan in di geselskap gepraat?" vraag oom Karel ongeduldig.

„Miemi sal tog geen leugens vertel ni?"

„Daar is o'er di miss Wilson gepraat," antwoord tante; maar of dit waar is weet ik ni."

„Maar wat is dit dan?"

„Hier is vertel dat miss Wilson ni van di beste is ni; ik is egter bang om te praat en wil di segster ni wees ni; want ik is maar 'n arme weduwe en wil ni op kantoor kom ni."

Oom Karel skuiwe op sijn stoel rond.

„Praat reg-uit, Adriana. Ik is skoolkommissi en ik moet vandaag kies. Ik moet nou weet. Jij kan mij mos vertrou. Ik sal ni weer vertel ni."

Tante gaan toen reg sit, en na nog 'n paar minute van ekskuse begin sij eindelik. *Sij* wis natuurlik niks. Sij kon haar maklik vergis, maar haar meid en nog 'n ander vrou het vertel, dat 'n sekere meneer, sij sou maar sijn naam ni noem ni, want sij was bang, kom saans laat bij di miss aan huis, en dan het haar meid self een oggend skemer donker gesien, dat 'n man uit di huis gekom het, en dat miss Wilson nog 'n end met hom saamgeloop het. Oom moes goed verstaan. Sij wis niks, maar haar meid en di ou buurvrou het dit geseg. „Ik staan wel soggens vroeg op," voeg sij daarbij; „maar dan lees ik mijn Bijbel of sing 'n bietji. Ik loop ni rond ni."

Oom Karel krap sijn kop.

„Meidepraatjies, dit is al!" roep hij eindelik. „Net meidepraatjies, sies!"

„Sies!" herhaal tanta, wat al warm werd.

„Ik het mijn eige gedagte, maar wat ik gesien het, hou ik maar ver mij."

„Nou, wat het jij dan gesien?"

„Dit is mijn saak. Maar als jij sien dat 'n jong kerel aan 'n nooi 'n briefi geef, dan kan jij denk wat jij wil."

„Ik het net groot lus om na di miss Wilson te gaan, om self di saak uit te vinde.“

„Jij kan maak wat jij wil,“ antwoord tanta; „maar jij moet oplet dat ik jou niks geseg het ni. Ik seg nog eens, ik weet niks.“

„Jij weet niks, maar jij het dit daarom rondvertel.“

„Ik weet ni, neef, waarom jij so di partij ver di meisi opneem ni; maar so is julle mans. Als 'n meisi maar 'n mooi gesig het, kan sij maak wat sij wil. Julle is dan regte vergewensgesind.“

Om di venijnige steek word oom Karel net warm; maar hij hou hom in. „Het jou meid ook geseg wi of di man was?“

„Ik sal mijn meid roep,“ seg tanta, „dan kan jij haar self uitvraag. Ik het geen lus om op kantoor te kom ni.“

„Ik praat ni met meide ni,“ seg oom; „maar ik dink dat jij in di werkgeselskap wel wat anders kon doen als o'er ander mense te praat.“

Alle wereld! Ou tanta gaan toen reg sit en oom Karel krij dit warm. Dit moes hij ni geseg het ni. Dit was net of 'n dam oopbreek, so rol di woorde. Oom sien dat daar geen kans was om te keer ni, en sit toen maar af.

Toen hij op straat kom en 'n bietji afgekoel was, wis hij waarlik ni wat te doen ni. „Wat nou?“ vraag hij bij sigself. „Daar is tog seker iets van waar. Wel, ik sal aan meneer vraag.“

So geseg so gedaan. Weldra was hij bij di pastori. Meneer was tuis en in di studeerkamer.

„Wel, Broeder!“ seg meneer, wat aan oom Karel sijn gesig iets merk, „wat is het? Wat scheelt er aan?“

„O, 'n heelpartij dinge,“ antwoord oom. „George moet kommando toe, en Saartji sit di hele dag te huil. Maar ik kom praat o'er di skool-affêre. Ons moet vandaag kies en ik weet ni wi.“

„Ik ook niet,“ seg meneer.

„Ik ben in di hande. Wat denk meneer van miss Wilson?“

„Zij heeft mij wel aangestaan," antwoord meneer langsaam, „maar" ———

Meneer blij stil; oom Karel ook; hij had meneer nou net waar hij hom wou hê.

Meneer wou oom verder laat praat, maar oom blij stil; was meneer 'n bietji langer in di Onderveld gewees, dan had hij wel geweet dat hij sou moet opgeef. Oom haal sijn pijp uit, stop doodbedaard en begin te rook.

Meneer werd eindelik senuweagtig.

„Ik wou haar kiezen," seg meneer, „maar ik heb zooveel praatjes gehoord."

„Ik het ook gehoor," seg oom, „en daarom kom ik na meneer. Ik sit in di knijp; meneer moet maar reguit praat."

„Ou juffrou van Netelen was hier, en die zeide dat miss Wilson haar slecht gedroeg, en tanta Prik was expres een beetje aangekomen om meneer te waarschuwen. Niemand had mooi willen uitpraten, maar zooveel had meneer toch verstaan, dat men dacht dat miss Wilson ongeschikt was voor die betrekking. Broeder Hendrik was ook gekomen, en had gezegd dat hij zeker niet voor miss Wilson stemmen kon."

Oom Karel moes nou ook, of hij lus had of ni, vertel wat hij van morre gehoor het.

Meneer luister aandagtig.

„Wij moeten dan maar een ander kiezen," seg meneer, „hoewel het mij spijt. De verantwoording is te groot."

Oom Karel geef geen antwoord ni en gaan, na nog wat o'er kerksake gesproke te hê, heen.

Terwijl oom Karel so ronddraf en altijd nukkeriger word, was dit in di huis van di weduwe Wilson ook ni heeltemaal stil ni. Di dag tog sou di saak beslis worde en Mary loop deur di huis rond of sij geen rus kon krij ni. Dit sou nou alles goed gaan. Gister was daar 'n telegram gekom dat Charles vrijgeloot het, en als sij nou di betrekking krij, dan was hulle daardeur. Wat 'n

menigte planne maak sij, en tog so weinig ver haarself, alles ver di geliefde moeder.

'n Beter bed en beter voedsel sou misskien di verswakte kragte weer laat herlewe en di laaste lewensdage van haar moeder sou so aangenaam wees.

Hoe later dit werd, hoe ongeduldiger Mary was. Om dri uur sou di kommissi eers sit, maar om twaalf uur was dit al of sij di koors had. Sij sit aan tafel, maar kon ni eet ni. Toen dit omtrent tijd werd, kon sij dit ni uithou ni; gedurig kijk sij deur di venster of daar ni iemand kom met 'n briefi ni, maar te vergeefs. Di ou moeder sien dit alles met 'n glimlag aan. Sij was ook wel nuwsgierig, dit kan 'n mens verstaan, en had ook wel veel hoop; maar sij was te lang in di lijdenskool gewees om ni 'n bietji ongeduld af te leer ni. Om te wag was ver haar ni so vreemd ni.

Hoe later in di agtermiddag, hoe ongeduldiger Mary word. Sij was so seker dat sij reeds vroeg 'n telegram klaar gemaak het om na Charles te stuur, en di telegram leg nog op tafel; maar nou kom bij haar ongeduld nog ongerusheid. Di ongerusheid werd altijd sterker, en di hoop wat sij had al swakker. Dit word vier uur, vijf uur, èn daar kom geen tijding ni. Toen word di huis ver haar te benoud. Sij set haar hoed op en seg aan haar moeder, dat sij ewetjies wil o'ergaan na di kleine winkeltji om iets te koop. Di juffrou weet altijd alles di eerste, dag sij bij haarself, misskien weet sij nou al iets.

Ja, di juffrou wis iets. Pas was Mary in di winkel of di juffrou begin o'er di dorpssake, en dit duur ni lang ni of di skool kom op tapijt.

„Miss Mary het seker al gehoor wi skooljuffrou geworde is," seg di ou juffrou.

Mary trek haar skouers op, want sij voel dat sij ni kon spreek ni.

„So, nig Sanni was netnou hier, en di het mij vertel dat 'n juffrou van Wellington gekies is. Sij wis dit seker, want haar man is ook skoolkommissi."

Mary werd doodsbleek, en ver 'n paar minute was

dit of sij flou worde; so groot was di skok. Gelukkig merk di ander dit ni.

„Ik had gedag hulle sou u gekies het,“ gaan di goedhartige praatster voort, sonder te merk hoe sij haar hoorderes pijn aandoen. „Maar so'n kommissi is maar koddig.“

Mary geef geen antwoord ni; en gelukkig hou di winkelvrou aan met gesels, totdat Mary enigsins bedaard was.

Hoe swaar was di teruggang na huis. Sij durf bijna ni di deur oopmaak ni, haar hart was seer.

Daar was egter niks aan te doen ni. Sij maak di deur ope en gaan in. Haar moeder kijk haar aan; een blik was genoeg; ook in moeder haar oog kom trane.

Mary gaan naas haar moeder sit, leun haar hoofd tegen di bors van haar moeder en begin te huil. Haar senuwegestel was so gespanne dat haar krag nou geheel gebroke was.

Aan di bors van haar moeder vind sij rus. Ja, van al di sagte rusplekke op di wereld, is di bors van 'n moeder seker di sagste. Al is 'n man al 'n groot kerel van ses voet, dan word di plekki nog wel opgesoek. Dit help ver hoofdpijn en ver 'n heelpartij ander pijne meer.

„Wat moet ons nou doen,“ sug Mary: „waarvan sal ons lewe?“

Dit wis moeder self ni; maar wat moeder wel wis was, dat haar dogter rus nodig had. „Morre sal ons verder daaro'er praat, Mary.“

Dit was al laat in di aand en nog sit di twee vroue bij makaar. Mary was nes 'n klein kind aan di bors van haar moeder in slaap geraak, en als moeder haar hart te onstuimig word, dan sing sij maar weer saggies „het wiegeliedje“ van Gods kinderen:

„Mijn ziel die naar den vrede haakt,
En 't morrend ongenoegen wraakt,
Is in mij als een kind gespeend,
En heeft zich met Uw wil vereend.“

Di wiegeliedji geef weer troos, sodat sij oplaas na bed kon gaan.

Vroeg in di morre, toen Mary wakker werd, was haar moeder al op. Di arme het geen tijd ni; daar moet gewerk worde.

„Nou, ma, wat moet ons doen?“ vraag Mary mistroostig.

„Ik het daaaro'er gedenk,“ seg di weduwe. „Stuur eers tijding aan Charles; laat hom ni langer wag ni; en skrijf dan na di Boland, om ons, hoewel jij di betrekking ni gekrij het ni, tog di £50 te leen. Ik geloof ni dat hij dit sal doen ni; maar ons moet alles perbeer. Wil hij ni, dan moet Borner maar doen wat hij kan. Ons moet ons dan maar onderwerp.“

Mary was gehoorsaam. Toen sij di ou telegram stukkend skeur, bars sij in trane uit, dog bedaar spoedig. Gelukkig was sij gesond en Charles vrijgeloot.

Een gedagte hou haar egter gedurig besig, en di gedagte was: hoe is dit gekom? 'n Paar dage gelede was iedereen, wat met haar daaro'er gesproke het, seker dat sij dit sou krij, en nou was alles in een ogenblik veranderd. Wat was dit? Haar verwondering werd nog groter toen sij enige dage later verneem, want op so'n dorpi blijf niks verborge ni, dat sij maar één stem gekrij het. Sij kon di ding ni verstaan ni.

In di dorp werd o'er di saak egter ni veel gepraat ni. Di klaarmaak ver di kommando was te groot.

Mary had, hoewel dit swaar was, ni versuim ni om aan Charles te skrijwe, en meer als een traan het di brief natgemaak.

Hoe sou dit nou met di skuld gaan! Dit was nag en dag hulle gedagte. Hulle had ni di minste hoop, dat di vrind van Bo aan hulle di geld sou leen ni.

Terwijl hulle so geslingerd werd, kom daar 'n paar dage later onverwag 'n telegram van Charles, wat hulle heeltemaal in di war breng. „Het geld is recht. Ik zal betalen, brief later.“

Wel neem dit 'n sware pak van hulle harte af, maar hulle verstaan daar niks van ni.

Daar was maar een pos in di week van Sondorp, waar Charles woon, na Praatville, en hoe hulle ook verlang, hulle moes geduld gebruik. Hulle tel di dage en later di ure wanneer di pos sou inkom. Eindelik kom di pos in, en di brief van Charles. Di brief was ver hulle soos 'n swareweer-slag. Hulle kon hulle oge ni geloof ni toen di moeder di brief lees:—

Lieve Ma!

„Gelijk u al uit mijn telegram gezien hebt, kon ik het geld betalen, zoodat die kwelling voor u voorbij is. Met deze post zend ik geld en interest aan mr. Prost, zoodat gij u er niet verder mee behoeft te bemoeien. Ik ben wel wat bang dat gij verdrietig zult zijn, doch ik denk ik heb recht gedaan. Zoodra ik gehoord heb dat Mary niet benoemd was, heb ik mr. Henry gevraagd om mij het geld te leenen, doch een paar dagen later zeide hij mij dat hij het niet kon doen. Ik had al een plan uitgedacht en heb toen maar doorgedrukt. Een van die dorpsmenschen had een substituut noodig voor zijn zoon, en heeft mij £75 aangeboden. Ik heb dit aangenomen. Mr. Henry is gewillig om mij te laten gaan, en de kommandant heeft mij aangenomen. Jammer dat ik niet kan komen groeten, maar Praatville is te ver. Al die menschen zeggen dat die oorlog maar drie maanden duren zal. Ik ben dan netnou terug en zal wel weer een betrekking krijgen, enz." Want di brief was lang en vol van ekskuse. Di arme kind wou soveel hij kon di saak goedmaak.

Half bewusteloos laat di weduwe di brief op haar skoot val. Sij was te ontsteld.

„Charles sal dit nooit deurstaan ni," sug sij. „Hij is veel te swak daarvoor."

„Charles het soos 'n man gehandel," antwoord Mary, met trane in haar oge. „Kon ik ook maar so iets doen."

Di weduwe skud haar hoofd. „Dit is sijn dood," seg sij; „hij is ni sterk genoeg ni."

Daar was egter niks aan te doen ni. Di weduwe getroos sig in di lot en skrijf Charles 'n hartelike brief.

Mary voeg haar segenwens daarbij, en deur di gebede van moeder en suster ondersteund, gaan Charles als substituut na di kommando.

---

## HOOFDSTUK IV.

„'n Brief van George, vrou!" seg oom Karel, omtrent 'n week of sewe nadat di kommando weg was. „Ik het van morre so lang op di deur van di poskantoor getimmer, dat di posmeester moes oopmaak. Waar is Miemi? Ik kan George sijn skrif tog ni lees ni, en dan seg di mense nog dat hij mooi skrijf!"

Maar Miemi was nog in haar kamer, en so was oom wel verplig om te wag. Tante Saartji breek di brief ope, om te sien of George gesond was, en vou dit toen weer toe. Hij kan maar wag tot na brekfes.

Na brekfes en huisgodsdiens steek oom sijn pijp weer op. Tante haal di brief uit haar sak, en Miemi begin te lees.

George skrijf o'er alles. „Hij het op di kommando ook tijd genoeg," brom oom, „want di tegenwoordige kommandoos is so." Hij skrijf hoe hulle dit had, en hoe dit hom beval. Hij kom goed klaar, alleen had hij te min te doen, en dan was di kos ook maar sleg.

„Ik ben nou al korporaal," skrijf hij, „en ik ben blij, want nou hoef ik niet langer wacht te staan, en wacht staan is maar vervelend. Ik heb het dan ook maar min gedaan, want hier zijn altijd kerels genoeg die voor een beetje geld een beurt waarnemen. Die beursje wat Ma mij saamgegeven heeft, heeft goed geholpen. Ik was recht gelukkig. Hier was een jong kereltje, een Wilson, een broer van die Miss Wilson te Praatville, een recht knappe jong-kerel. Hij was altijd klaar om wat te verdienen, en heeft meer dan een wachtbeurt voor mij waargenomen. Partij kerels zeggen dat hij substituut geworden is om zijn Ma te helpen. Ik heb veel met hem omgegaan, maar hij praat maar weinig over zijn eigen

zaken. Hij was veel te zwak om kommando toe te gaan, en nu ligt hij te Wepener in het hospitaal. Partij zeggen: Hij zal niet doorkomen. Dit zou mij spijten, want hij is een goede kerel. Dit heeft hij mij eens gezegd, dat als zijn zuster schooljuffrouw geworden was, hij niet naar de kommando had hoeven te gaan.

Ma of Miemi kan gerust zijn moeder eens gaan opzoeken."

Toen Miemi so ver gelees het, word sij rooi. Sij had soveel o'er Miss Wilson gepraat, en had al swaar daaronder gevoel. Dalk was al di storietjies leugens.

„Ja," seg oom, „jij kan gerus een keer di mense gaan besoek, Saartji. Neem Miemi maar saam. Ik het di stories nooit geloof ni, en het tog ver haar gestem. Wi weet hoe swaar di arme vrou dit het, nou haar enigste seun siek is!"

Di woord was ver tante Saartji genoeg. Als haar George in di hospitaal te Wepener moes leg, hoe sou sij dan voel!

Miemi had ni veel lus ver di besoek ni. „Ik ken di Miss Wilson ni," seg sij, „en wat sal ik daar gaan maak. Di mense het tog so banje gepraat. Niemand gaan met hulle om ni."

„Ik geloof van al di praatjies niks," seg oom Karel. „Gaan jij maar gerus met jou ma saam."

Miemi trek haar neus op, maar blijf stil. Sij ken haar pa, als hij 'n ding so bepaald geseg het, dan moes dit gebeur. Sij neem haar egter voor om haar so stijf als mogelik is te hou.

„Ons moet maar 'n soort van boodskap bedenk, ma," seg Miemi, toen oom Karel uit was. „Ik wil ni hê di Miss moet denk dat ons bij haar kom kuier ni."

„Ons kan so maak," seg haar ma. „Maar jij weet, als pa 'n ding geseg het, dan moet ons dit doen."

Vroeg agtermiddag was tante Saartji klaar, en Miemi moes, of sij lus had of ni, meegaan.

Verwonderd kijk Mary op toen sij haar besoekers sien; maar tog nooi sij hulle beleef om binne te kom.

Miemi het regtig geskrik toen sij Miss Wilson sien, so mager en bleek als di arme meisi daar uitsien. Haar oge was diep in haar hoofd, met blou kringe om. Tante Saartji het dit ook opgemerk.

Dit was waarlik ook geen wonder dat Mary daar bleek uitsien ni, want di afgelope weke was ver hulle sware tijde gewees. Dit was of alles hulle tegen is. Had hulle in di begin nog iets verdien, nou lijk dit of di gebrek hulle sou o'erwin. Di paar musieklesse wat sij gegee het, was ook op. Di mense het haar bedank, sonder dat sij wis waarom. Sij werk dag en nag, om haar moeder te versorge; maar di moed begin haar te begewe. Wat haar o'eral hinder, was, om te merk dat daar 'n gevoel onder di mense tegen hulle was. Eers dag sij dat sij haar dit maar verbeel, maar weldra vind sij uit dat dit werkelik so is. Bijna niemand kom hulle besoek ni. Verskeie wat haar vroeger altijd beleef ontvang het, loop haar nou verbij sonder eens te groet. Selfs in di kerk merk sij dit.

Hoe sij haar ook kwel, sij kon maar ni uitvinde waarom dit was ni, en met haar moeder durf sij ni daaro'er praat ni. Sij sluit dit in haar hart toe, waar dit soos 'n voortdurende kanker knaag.

Bij dit alles kom nog dat hulle nou gebrek begin te lij. Di bietji geld wat Charles anders o'erstuur, moes hulle nou ook mis.

Eers het hulle van Charles goeje berigte ontvang, en het hij selfs 'n bietji geld o'ergestuur, wat goed te pas gekom het. Di laaste berigte was egter ongunstig. Charles was in di hospitaal.

Di tijding van Charles sijn siekte het di weduwe diep getroffe. Haar swak gestel kon dit ni verdraag ni. Sij was dan nou ook al enige dage bedlegerig.

Dit was dus waarlik geen wonder dat Mary haar oge agter in haar hoofd sit, en dat sij bleek was ni.

„Hoe gaan dit, Miss Wilson?" vraag tante, met gevoel van medelijde, toen sij haar bleek gelaat aanskou.

„Met mij gaan dit redelik, danki," antwoord Mary. „Maar mijn ma is ernstig siek."

„Kan ik haar sien?" vraag tante.

Mary bloos 'n bietji, maar seg tog dat tante maar kon ingaan. Miemi volg.

Di slaapkamertji was net soos di voorhuis, regte armoedig, maar alles was silwerskoon en in orde. Op di bed leg di weduwe, in makaar gekrompe deur di sinkingkoors. Haar gesig was vreselik mager, en 'n mens kon so maar sien dat sij dit swaar had.

Voor haar bed, op 'n ou tafeltji, leg haar Bijbel en Psalmboek.

Alle verkeerde gedagte was so maar opeens uit tante Saartji haar hart uit.

„Wel juffrou, hoe gaan dit?" vraag tante. „Ik is so effentjies aangekom, omdat ik werk het ver jou dogter, en ook omdat ik gehoor het dat hier siekte was. Ik is Ou Karel van der Boom sijn vrou."

„Dank ver di besoek," antwoord di weduwe. „Di naam is mij bekend. Mijn seun skrijf mij van di kommando, dat uw seun hom daar veel geholpe het."

„Ja, George is 'n goeje kind," seg tante, met moederlike hoogmoed. „Hij het ook o'er uw seun geskrewe."

„Wat skrijf hij van di siekte van mijn seun?" vraag di weduwe angstig.

Tante was vas. Di weduwe kijk haar so skerp aan, dat sij waarlik ni wis wat te seg ni.

„Uw seun moet ernstig siek wees," seg sij eindelik, met trane in haar oge. „Dog di Heere sal wel help."

Di weduwe swijg 'n rukki. „Di Heere sal hom help," herhaal sij eindelik met 'n hartbrekende stem. „Maar wat sal van mij, arme vrou, worde."

„Moet ni so praat ni," seg tante, terwijl sij sig o'er di weduwe buig, en di bleke gelaat 'n soen geef. „Moet ni so praat ni, suster! Di Heere weet . . . ."

Tante wou nog meer praat, maar haar gemoed was te vol. Sij neem di hand van di weduwe, en sit voor di

bed te huil. Als haar George nou so in di vreemde in 'n hospitaal moes leg!

„Miemi, sal jij ni 'n bietji met Miss Wilson o'er di tabberd gaan praat ni?" vraag tante aan haar dogter. „Ik sal netnou kom."

Miemi was maar blij dat sij uit di kamer kon kom; want dit was haar te benoud daarin. Haar gewete begin wakker te worde. Dit was dan di vrou en di dogter, waarvan soveel praatjies rondgegaan het, en sij het so getrou saam geholpe om dit rond te strooi. Sij was tante Adriana haar agent gewees. Ai! dit word toen ver haar te benoud in di kamertji.

In di voorhuis was dit ni beter ni. Miss Wilson was ook so bleek, en Miemi kijk maar met 'n halwe oog na di patrone en goedjies wat Miss Wilson uithaal om ver haar te wijs. Di praat o'er di nuwe sij tabberd wou ook ni vlot ni. Tante Saartji blijf ook so lang!

„Jou ma lijk maar regte siek te wees," seg Miemi om tog wat te seg.

„Ma is al lang siek," antwoord Mary; „maar dit is veral di ongerusheid o'er mijn broer, wat haar so erg maak."

„Ik wis ni dat jij 'n broer had ni. Hij was seker nooit hier ni."

„Hij was eenmaal hier, en toen net ver één nag. Hij is di aand laat gekom en di volgende oggend vroeg weer weg, voordat dit reg dag was. . . Maar wat mankeer miss?"

„O, dit is niks," seg Miemi, „'n speld het mij gesteek."

Ja, 'n ding het haar gesteek, maar dit was geen speld ni. Di man, waaro'er soveel gepraat is, was dan misskien maar di broer.

Dit was ver Miemi of tante Saartji nooit weer uit di kamer wou kom ni.

Eindelik kom tante tog. Miemi sien dat sij erg aangedaan was.

„Ik sal ver jou ma 'n bietji kragtige sop stuur," seg tante, „en morre weer kom kijk. Hou jou maar goed, niggi. Als julle hulp nodig het, laat dan net weet. Nou, tot wedersiens!"

Met 'n hartelike soen neem sij van Mary afskeid.

Met na huis gaan spreek tante geen enkele woord ni. Miemi ook ni. Sij was maar blij dat sij uit di huis was. Dat sij met haar praat meegeholpe het, om di huisgesin so ongelukkig te maak, voel sij goed.

Oom Karel was tuis. „Hoe gaan dit met di mense, vrou?" vraag hij sodra sij inkom.

„Sleg; di arme weduwe wou eers ni praat ni, maar toen ik met haar alleen was het sij mij sowat alles vertel. Hulle is banje arm en di dogter het in di laaste tijd bijna niks verdien ni. Hulle had 'n ou rekening te betaal, en Prost had dit in hande. Hulle het seker gereken dat di nooi sou skooljuffrou worde; en dan kon hulle di geld te leen krij; maar toen di ding verkeerd loop, moes di seun 'n plan maak om di geld te krij. Hij is toen substituut gaan worde; maar hij was te swak ver di kommando-lewe."

„Ja, di substitute was di slag wonderlik genoeg," mompel oom Karel.

„Ons moet iets ver di mense doen. Ik denk al di stories was maar leugens."

„Dit het ik altijd geseg," antwoord oom Karel. „Jij kan gerus geloof dat di hele ding net 'n praatji was, en als di jongkerel daar in di hospitaal sterf, dan kan 'n mens maar seg: hij is vermoord deur di *praatduiwel*."

Tante Saartji werd rooi, en Miemi gaan na haar kamer. „Pa kan tog ook so maar altijd 'n ding seg. Vermoord deur praatduiwel en ik het meegeholpe. Di man, o'er wi tante Adriana so gepraat het, was dan maar tog di broer gewees. Wat had sij tog daarmee te doen? En wat had ik nodig om mij daarmee te bemoei?"

Haar gewete begin nou heeltemaal wakker te worde. Dit was in haar kamer net so benoud als bij Miss Wilson. Nou kom di vraag nog daarbij, of sij dit aan haar ma sou seg wat sij gehoor het. Sij was so seker van alles en nou?

Gelukkig gaan oom Karel uit en sij vlug na haar ma. Haar kamer was haar te klein.

Ma was ook verdrietig. „Ons het algar verkeerd gedaan, Miemi! Jou pa had maar reg; ons moet nou probeer om dit beter te maak. Als di jong kerel net ni doodgaan ni."

„Ja, als hij net ni doodgaan ni," so klink dit in Miemi haar hart. „Anders het ik hom help vermoor."

„Ik het ook schuld," seg di ma; „ik moes ook eers ondersoek het, maar jij vertel alles so omstandig. Dit is 'n treurige geskiedenis."

„Ja, treurig of ni, di ding was nou eenmaal so, en niemand kon dit verander ni. Altemet word Charles nog weer beter."

„Ja, altemet," en met di troos moes Miemi, toen dit aand word, in haar kamer gaan, nadat sij tog eers alles aan haar moeder vertel het.

In haar kamer wou di „altemet" ni te veel troos gee ni. Toen sij op haar kooi leg en di bleke gelaat van di weduwe en haar dogter haar voor di gees kom, kon sij in di „altemet" maar geen rus vinde ni. „Deur praatduiwel vermoord," had pa geseg, en sij kon di woord ni wegkrij ni. Sij draai haar van di eene sij op di ander sij, maar slaap was min. Nog nooit het sij so'n nag gehad ni. Hoe blij was sij toen dit dag word!

„Of meneer ni vandaag 'n bietji bij juffrou Wilson wil aankom ni; sij is erg siek, want di tijding is gekom dat haar seun dood is." Di boodskap was bij di pastori afgegee, 'n paar dage nadat Miemi bij juffrou Wilson was, en meneer was, voordat hij gaan, eers bij oom Karel, wat ver di „aanneming" ingekom het. Oom Karel is toen saamgegaan, en meneer het sijn bes gedaan om te troos, maar het tog ook sonder dat iemand daarvan wis 'n preek gehad, wat

hij sijn hele lewe ni sou vergeet ni. Toen hij di vrou sien, hoe di arme vrou self bijna geheel verslage, nog troos-woorde had ver haar dogter, toen was dit net of iemand seg: „Oordeelt niet, opdat gij niet geoordeeld wordt;" en toen hij so versigtig mogelik, sonder dat iemand dit merk, di weduwe uitvraag, want oom Karel het hom op di spoor gehelp, en nou goed begrijp wat eigenlik van di stori waar was, toen hou di prediking ni op ni, maar word altijd erger: „Oordeelt niet." Meneer voel wel dat hij ook maar geoordeel het sonder ondersoek, en dat 'n gedeelte van wat di arme mense moes lij, sijn skuld was; so blijf dus onder al sijn lees en praat di gewetensklok altijd aan met lui in sijn hart, en hij was ook maar blij dat hij uit di huis kon loskom, en in sijn studeerkamer, waar hij sijn deur 'n hele rukki moes sluit.

Een ding het meneer daar tog gekrij, en dit was 'n teks ver Sondag. Di teks kom wel ni bij di „aanneming" te pas ni, maar hij kon dit ni help ni. Toen hij op di preekstoel staan, kom di woorde so van self: „Oordeelt niet." Meneer het di dag ni 'n teks geneem ni, maar di teks het hom gevat, en of hij wil of ni, hij moes. Di ge-meente seg dat meneer hulle gekap het, maar dit was ni so ni. Meneer het homself gekap, en so krij di gemeente ook wat. Hij het natuurlik van die saak ni gesproke ni, maar iedereen wis wel hoe dit was. Partij mense was erg geskok, veral Miemi, wat met 'n innig gebed sig voorneem om voortaan versigtiger te wees. Ja, dit was 'n gesegende preek ver Praatville.

Onder di hoorders was natuurlik ook tante Adriana; partij kan ni help om na haar te kijk ni; maar sij vind di preek seker regte mooi. Ieder keer knik sij met haar hoofd als bewijs van goedkeuring, en toen bij di slot gesonge werd: „Houdt dan uw tong in toom," toen sing sij mee so hard als sij kon. So is 'n mens partijkeer.

Di dood van di arme Charles het egter 'n grote ver-andering in di lot van di weduwe gebreng. Iedereen kom toen om te help, en Mary had netnou meer musieklesse

als sij kon afdoen. Daar kom o'ervloed in di huis waar eers gebrek was.

Dit duur daarom lang eer moeder en dogter di skok te bowe was. Gelukkig weet hulle nog ni wat daar eigenlik gebeurd is ni, maar of hulle, als hulle dit hoor, op Praatville sal blij, weet ik ni, want dit sal swaar wees om te weet, dat daar op Wepener op di kerkhof 'n graf is van 'n dierbare seun en broer, eigenlik—

„VERMOORD DEUR PRAATDUIWEL."

# Di Drankduiwel.

## HOOFDSTUK I.

Breng di wijn en vul di glase;
Daarvoor is di wijn gemaak.
Laat di laffe dwepers rase,
Wat ni weet ni hoe dit smaak.
Ons plesier verdroog nes gras!
Daarom, wag ni, vul jou glas!

Hoera! skree di mense wat in di voorkamer van di Commercial Hotel was. Hoera! nog 'n versi, neef, Hendrik!

„Ik is klaar, vrinde," was di antwoord, „maar almal moet saam sing, hoor!"

Sit jou vroutji tuis te knorre;
Skree di kinders om jou heen;
't Sal ni help ni om te morre,
Laat hul staan, en kom hierheen.
Ons plesier verdroog nes gras,
Daarom, wag ni, vul jou glas!

Dawerend gelag begroet di twede versi, en vrolik klink dit deur di kamer:

„Ons plesier verdroog nes gras,
Daarom, wag ni, vul jou glas."—

„Nog een voor ons huistoe gaan, Hendrik!" roep een van di gaste. „Jij kan dit so goed als di beste."

„Ik sou so denk," seg di singer. „Ik is al weer klaar."

Is dit skulde wat jou plage,
Kwel jou maar ni, beste maat.
Waarom treur jij alle dage,
Net of dit jou iets sal baat.
Ons plesier verdroog nes gras,
Daarom, wag ni, vul jou glas!

Was di twee eerste na di sin van di gaste gewees, di derde was natuurlik di mooiste. Verskeide vrinde wou opstaan, om di singer di hand te gee, maar dit was ni so gemakkelik ni, daar hulle alteveel di les, wat hulle voorgesing is, opgevolg het, en ni heel goed kon staan ni. Di Hotelhouer, wat ook ingekom het, sien met welgevalle rond, want hij het 'n goeje dag gehad. Gister was daar 'n groot vendusi gewees, en nou vandaag was daar resies, en al di vrolike broertjies was bij makaar. Di brandewijn loop soos water, en Drankduiwel het 'n goeje gelegenheid gehad om nuwe dienaars bij makaar te maak. O'er sijn ou dienaars maak hij hom ni moeg ni, want hij wis wel, dat hulle ver hom ni so spoedig sou verlaat ni.

Di singer, van wi ons di liedji afgeluister het, was, hoewel maar jong, tog 'n ou dienskneg van drankduiwel. Sijn geskiedenis was, helaas, di geskiedenis van banje. Toen hij klein was, was hij bietji ligter van leer als sijn andere broers, en Hendrik moes toen ver iets opgeleid worde. Hij werd na 'n grote Engelse skool gestuur. Daar is hij in slegte geselskap gekom en toen sijn arme ouders meen, dat Hendrik al bijna klaar was ver predikant of advokaat, kom meneer tuis, vol skuld, half geleer, parmantig en 'n liefhebber van di bottel. Dom was hij ni, dit is seker, maar wat hulle met hom moes begin, wis niemand ni. Gelukkig ver hom, was sijn ouders wel-af. Hendrik moes nou weer boer, maar sijn handjies was so sag, en sijn dors so groot, dat dit net swaar gaan. In di

begin, ver 'n tijdji, hou hij hom ordentlik, dog toen hij eers getroud was, kon niemand iets met hom uitvoer ni. Hij woon toen op 'n vee-pos van sijn vader, wat hom eigenlik di kos moet geef; verdien hij iets dan drink hij ver kontant, verdien hij niks dan drink hij op krediet. Nou het hij weer bietji geld gemaak, met di een of ander skelmstuk, wat bij resies tuis behoor, en daarom sit hij aan di bowe end van di tafel, en trakteer iedereen, terwijl vrou en kinders gebrek lij. Di mooiste musiek ver Drankduiwel is dan ook di gekerm van vrou en kinders.

Onder di mense, deur wi di singer toegejuig werd, was 'n man van omtrent 30 jare, wat di singer blijkbaar met welgevalle beskou. Sijn stem klink bowe algar uit. Dat hij sijn glas meer als eens geledig het, kon 'n mens goed aan hom sien, maar dronk was hij volstrek ni. Hij was egter mooi op pad, en hoe dit verder met hom sou gegaan het, als hij ni gehinderd werd ni, weet ik ni. Gelukkig ver hom dat hij gehinder word.

Terwijl hij so luidrugtig toejuig, het 'n man van omtrent 50 jaar, met 'n onvergenoegde gesig, di hotel-kamer ingekom. Nukkerig kijk hij rond en toen hij di jonge man bemerk, gaan hij na hom toe.

„Wel, hoe lang sal di stori hier nog duur, Willem?" vraag hij. „Denk jij ni, dat dit al lang tijd is om in te span ni, of is jij van plan om in di donker di miserabele pad na huis te rij en jou nek te breek. Daar moet banje gebeur, eer ik weer met jou saam rij."

„Dis nog tijd genoeg, oom Andries," antwoord Willem. „Ik is al lang klaar, maar ik wag nog ver Hendrik."

„Hij sal nooit klaar kom ni so lang di brandewijn hou. Ik het nogal ver sijn vrou beloof om hom saam te breng. Praat mooi met hom, Willem! en dan sal ik maar di kar inspan en hierheen kom. Is hij dan nog ni klaar ni dan slaan ik hom katswink en laai hom op."

Hoewel oom Andries di laaste woord laggende seg, wis Willem goed, dat oom Andries met hom ni sal laat speel ni. Sonder versuim gaan hij dadelik na Hendrik toe. Met mooi praat, en na nog 'n paar afskeidsopies

ingesit te hê, krij hij dit tog so ver, dat toen oom Andries met di kar kom, Hendrik op stoep was, en in di kar geholpe kon worde. Daarop klim Willem en oom Andries ook op.

„Geef maar di leisels ver mij, oom," seg Willem.

„Hartelik dank, Willem!" seg oom Andries doodbedaard. „Vandaag hou ik self di leisels."

„Oom wil tog ni seg, dat ik dronk is ni," vraag Willem ewe kwaad.

„Hoe jij voel, weet ik ni," seg oom Andries, „maar als 'n man meer als dri sopies in het, hou ik self leisels."

Willem blij stil, en sonder praat rij hulle aan. Hendrik het eers 'n bietji gesing, toen 'n bietji gehuil en was eindelik aan slaap geraak.

Di stilte begin Willem te verveel.

„Dis tog jammer, oom!" seg hij, „dat Hendrik partij keer so drink. Hij is anders 'n gawe kerel."

„Partij keer! ik het hom nog nooit nugter gesien ni, als hij brandewijn kan bijkom," antwoord oom Andries, kortaf.

„Al wat 'n mens tog van hom kan seg," vervolg Willem, „is, wat di Engelse seg, dat hij niemand sijn vijand is als sijn eige.

„Wat!" bulder oom Andries, terwijl hij om sijn gemoed te koel di arme perde ieder 'n flukse hou gee. „Blij tog alsseblief van mijn lijf af met di ellendige Engelse spreekwoord. Jij kan so maar hoor, dat di Engelse dit uitgevonde het. Niemand sijn vijand als sijn eige! Is hij ni di skande van sijn hele fatsoenlike famili ni? Is sijn arme moeder ni al bijna dood van verdriet ni? Hoe lijk sijn vrou en kinders? Ik het groot lus om hom uit di kar te smijt en te laat leg. Hij is wettig niks beter werd ni."

„Die sta, zie toe, dat hij niet valle, oom!" seg Willem op sagte toon.

Oom Andries draai hom half om, en beskou Willem met aandag; eindelik seg hij, terwijl hij effentjies lag:

„Word maar ni vroom ni; als jij wil vermaan, gaan jou gang, maar dan kan ik dit ook. Ik het ver Hendrik

net so goed jammer als jij, maar als jij mij aan preek breng, dan het ik 'n paar tekste ver jou ook klaar."

Ik krij preke genoeg op Sondag, oom!"

„Ja, maar di toepassing, dis di ding. Al wat ik wil seg is net dit: als jij jou ni van Hendrik afhou ni, sal dit met jou verkeerd afloop."

Willem word vererg, sijn gesig word bloedrooi en hoewel hij anders ver oom Andries bang was, daar sijn vrou bij oom Andries groot geworde het, tog het di sopies wat hij in had, hom moed gegeef en antwoord hij parmantig:

„Hoor oom, ik is oud genoeg om mij self op te pas. Ik is geen dronklap ni en ik sal dit ook nooit worde ni, maar ik sal mij deur niemand laat seg hoeveel ik moet drink ni. Ik is mij eige baas."

Als Willem gedag het om rusi met oom Andries te krij, dan het hij hom groot vergis. Oom Andries kijk hom met 'n verdrietige gesig aan en seg: „Word maar ni kwaad ni, Willem, ik spreek uit liefde ver jou en Breggi. Laat ons maar ni meer praat ni. Alleen dit, ik het nog nooit 'n man gekrij wat met brandewijn gespeel het ni of hij het dit verloor. Di drankduiwel is sterk."

Willem sijn gewete was nog ni so toegeskroei ni of hij voel wel, dat oom Andries gelijk had, maar erken wou hij ni. „Ik sal wel oppas," brom hij, en daar oom Andries ni praat ni, haal hij maar sijn pijp uit en begin te rook.

Nadat hulle in stilte 'n half uurtji aangerij het, kom hulle bij di plek waar Hendrik woon, en hou voor di deur stil. Hendrik sijn vrou kom uit en kijk angstig in di kar. Toen sij haar man bemerk, word sij rooi van skaamte, maar nooi tog di twee mans vrindelik af en binne. 'n Paar stampe en stote laat Hendrik ook wakker worde; hij klim af en di dri manne gaan in di huis.

Ik het so'n geloof—of dit heeltémaal waar is weet ik ni—dat 'n mens als jij 'n bietji oplet, aan 'n vrou kan sien of haar man te veel drink. Di onrus en verdriet wat sij altijd moet uitstaan; di skaamte wat sij voel; maak 'n soort van merk op haar gesig. Di arme vrou word meesal geheel moedeloos; en hoewel partij moedhou tot op di end,

en ver di kinders sorg en oppas, vergaan hulle krag tog ook maar. Hendrik sijn vrou lijk net naar. Als 'n jong, onbedagte meisi was sij met Hendrik getroud, omdat hij mooier kon praat als di ander jonkmans, maar di paar jare van haar huwelikslewe het di rose van haar wange en di blijdskap uit haar hart gejaag.

Sij was nou druk besig om ver di vrinde koffi te skenk. Hendrik praat sonder ophou, maar oom Andries was stil. Willem was ook lang ni op sijn stukke ni. Hij het nog nooit so opgemerk hoe ellendig dit in Hendrik sijn huis was ni; hoe sku di vrou was; hoe weinig huisraad daar was. Sonder dit te laat merk, kijk hij na oom Andries, en toen hij sien, hoe di ou met 'n bewoge gemoed Hendrik sijn vrou beskou, krij hij somaar seer, en neem hij di besluit om minder met Hendrik om te gaan. Maar niemand moes dit merk ni, anders sou di mense seg dat hij bang was. Hij was egter regte blij toen oom Andries opstaan en hulle verder kon rij. Deur oom Andries met allerhande praatjies aan di gang te hou, wou hij di ou verhinder om o'er di saak te spreek. Hij kon oom Andries egter ni belet ni om di opmerking te maak, dat als hij sijn dogter so moet sien, hij van smart sou doodgaan.

Dit was al bijna donker toen di karretji voor Willem sijn huis stilhou. Oom Andries wou ni aftuige ni, omdat hij nog na huis moes, daar sijn plaas maar 'n half uur verder was. 'n Bietji inkom, moes hij natuurlik. Breggi had di koffi klaar, en sou haar „Ou Vader," soos sij oom Andries noem, seker ni so laat verbij rij ni.

In Willem sijn huis was alles regte netjies. Willem was wel ni rijk ni, maar kon goed lewe, en hoewel Breggi glad ni di nuwe modes volg om haar huis net soos 'n dorpsmens sijn huis op te skik ni, hou sij tog van mooi goedjies. Alles was skoon en sindelik. Di kindertjies, daar was vier, behoorlik aangetrek en gewas; en toen Willem op sijn sitstoel bij sijn tafeltji sit, kon hij ni nalaat ni bij sigself 'n vergelijking te maak tussen sijn huis en di van Hendrik; en sijn kwaaie bui begin juis te sak, maar dit was ni van lange duur ni. Sijn dogtertji

Hanni, wat na oom Andries sijn vrou heet, had, toen oom Andries ingekom het, 'n plekki op sijn kni gesoek en gevonde, en was besig om di lekkergoed te eet wat di ou meegebreng het. Dit was di rede waarom sij ni nes di ander kinders haar Pa gegroet het ni.

Plotseling lijk dit of Hanni om iets denk, en met di uitroep: „Alle wereld! ik het pa nog ni eens gegroet ni,“ spring sij van oom Andries sijn skoot, loop na haar pa, slaan haar armpies om sijn nek en geef hom 'n soen; ongelukkig spring sij net so gou af als sij opgeklim het‘ trek haar neusi op, spuug op di grond en seg: „Sies tog! Pa soen ni lekker ni, pa het medisijne gedrink.“

„Dis geen medisijne ni,“ seg Koos, Willem sijn oudste seun, „ik het dit ook geruik, dis brandewijn.“

Willem spring op net of 'n slang hom gepik het. Hij word rooi van toorn. Hij stoot Hanni van hom af, dat sij onderstebowe op di grond val en met di uitroep: „Jij kan tog waarlik jou kinders wel leer om meer respek ver hulle vader te hê“ gaan hij na buitentoe.

Hanni, so iets van haar vader ni gewend ni, huil vreselik en Breggi spring op, om haar te help. Di ander kinders kijk verwonderd op. Oom Andries voel dat hij kwaad word, en om nou maar ni meer ongenoege te maak ni, staan hij op, groet Breggi en di kinders, klim op di kar en rij weg. Hij was allesbehalwe goed gestemd; in plaas van na gewoonte 'n liedji te fluit, krap hij nou en dan sijn kop en brom: „Willem! dit gaan verkeerd, maar wat kan ik daaraan doen.“

Nadat Willem oom Andries hoor wegrij het, loop hij 'n paar maal rond, en gaan weer in di huis. Hij voel allesbehalwe lekker. Di woorde van sijn seuntji was in sijn hart gegaan, en hij wis goed, als hij minder sopies gedrink het, hij ni so verkeerd sou gewees het ni; maar beken wil hij ni, daartoe was hij te hoogmoedig.—

Breggi was 'n goeje, geagte vrou, maar 'n mens moet van haar kinders afblij, en toen sij Willem sijn verkeerdheid sien, kook dit daarbinne. Sij was egter verstandig genoeg om maar stil te blij.

Di aand-ete was klaar toen hij inkom. Hij gaan aan tafel sit. Di kleine Hanni, wat altijd so graag naas hom sit, wil nou ni saam eet ni, eers moes Breggi haar ernstig knor, eer sij dit wou doen.

Alles was ni na gewoonte ni. Daar was iets vreemds in huis. Breggi doen moeite om te praat, maar dit was ni van harte ni. Na gewoonte breng Koos di Bijbel op tafel om te lees, maar Willem had daar geen lus toe ni. Hij seg hij het hoofdpijn, en sonder verder te praat, gaan hij slaap. Breggi was verdrietig. Sij kon ni slaap ni. Dit was geen wonder ni, drankduiwel had sijn eerste besoek in haar woning afgeleg.

---

## HOOFDSTUK II.

Enige dage was daar verlope nadat Willem van di dorp gekom het, en uitwendig lijk dit of alles vergete is, maar dit was ni so ni. In Breggi haar hart was iets agtergeblij, en in Willem sijn hart ook. Geen woord was o'er di voorgevallene gêsproke ni. Di kinders speel net soos vroeger, en oom Andries, wat eers plan had om Willem dugtig di waarheid te vertel, het dit weer opgegee. Willem had inwendig beslote om wat minder met Hendrik om te gaan, en sijn dagelikse sopies ook minder te maak. Toen hij di lâaste probeer, moes hij uitvinde dat dit ni so gemakkelik was als hij gedag het ni. Hij het hom langsaam daaraan gewend om te drink sodat hij dit ni kon laat blij ni. Hij voel ook geen behoefte om dit te laat staan ni. „Als ik maar net oppas dat ik ni te ver gaan ni, dan is alles goed,“ dag hij, en so gaan hij aan. Alles was weer op di oue voet.

„Hier kom oom Hendrik sijn buggi aan,“ seg Koos op 'n agtermiddag, toen Willem en Breggi na gewoonte 'n bietji in di koelte agter hulle huis sit. Koos had gelijk. Hendrik kom hulle 'n besoek breng.

Toen Breggi Hendrik sijn rijtuig sien, skrik sij; Willem bemerk dit en word rooi en kwaad. „Di vrou denk,

dat ik 'n kind is," seg hij bij sigself, „ik kan mijself wel oppas."

Hendrik bemerk wel dat sijn besoek aan Breggi ni bisonder aangenaam was ni, maar daar was hij aan gewoon en bekommer hom weinig daarom. Nadat hij in huis gegaan het, breng hij hulle algar deur sijn grappe en vrolike gesprekke spoedig in goeje luim, en hoewel Breggi eers 'n suur gesig opgesit het, eindig sij met hartelik saam te lag.

Di gesprek was o'er allerhande dinge, behalwe o'er wat op di dorp voorgeval het. Eindelik seg Hendrik: „Di rede, waarom ik eigenlik hier gekom het, Willem, is om jou te vraag, of jij ni saam wil rij na Vliegenpost. Morre is daar vendusi en misskien sal ons 'n goeje spekulasi kan maak. Jij kan net maar bij mij opklim. Daar sal banje vee verkog worde. Kijk hier is di biljet."

Hendrik haal hierop een van di grote biljette uit, waarin so verleidelik di goed, wat sal verkog worde, aangeprijs word. Onderaan di biljet staan met grote letters: *Eten en drinken volop.*"

Sodra Hendrik o'er di vendusi begin te praat, was Breggi onrustig geworde. Sij kijk na Willem en skud haar hoofd.

„Ik het ander werk te doen," seg Willem.

„Ik sal tog niks koop ni, waarom sal ik na di vendusi gaan?"

„Gaan maar saam, kerel! al koop jij niks. Daar is banje mense en partijkeer maak jij tog 'n goeje slag. Denk hoe goedkoop ik op ou Harry sijn vendusi di twee vos kar-perde gekog het. Ik het daar lekker twintig pond op gewen. Wi weet, misskien maak ons nou weer 'n slag; gaan maar saam.

Om di waarheid te seg, had Willem lus genoeg, maar hij wil Breggi ni hinder ni, want hij kon goed sien dat sij daarop tegen was. Hendrik sien dit ook wel, maar hij had sijn eige rede, waarom hij Willem wou mee hê, en had hom voorgeneem, om ni so maar moed op te gee ni.

„Ik het tog ni lus om te gaan ni," seg Willem.

„Ik hou ni van vendusies ni," seg Breggi, wat ni langer kon stilblij ni. „Dit gaan met vendusies, nes met bruilofte. Een vendusi maak meer."

„Ja, niggi!" seg Hendrik. „Jij moet jou man maar oppas. Jij is tog ni jaloers ni? Daar kom geen vrou ni, en di groot dogters op Vliegenpost is so lelik, dat 'n mannetji bobbejaan, wat hulle verlede jaar gesien het, so geskrik het, dat hij nou nog op loop is. Jij behoef glad ni bang te wees ni."

Breggi kijk toornig op, haar lippe bewe van kwaadheid. Voor sij egter kon antwoord gee, was Willem opgestaan.

„Hoor Hendrik," seg Willem, „jij moet ni met Breggi so korswil ni, sij kan dit ni verdraa ni. Kom gaan maar liewer met mij saam stal toe, dan kan jij di hengsvulletji sien, wat ik van oom Lodewijk gekog het."

Hendrik glimlag; dit was juis wat hij wou hê, maar Breggi voel dat sij di saak nou sou verlies. Sij kon daar niks aan doen ni. Di twee mans gaan uit om di vulletji te bekijk. Nadat hulle 'n paar woorde o'er di perd gepraat het, begin Hendrik weer.

„Wel, dis jammer dat jou vrou ni wil hê, dat jij moet saam gaan ni. Ons sou altemet 'n lekker job kon gemaak het, maar nou wil jou vrou ni, en jij is mos bang ver haar."

„Ik is ver geen vrou bang ni," seg Willem ergelik, „ik is baas in mijn huis."

„So," seg Hendrik spotagtig, „ik het dan gehoor dat jou vrou geseg het, dat jij ni weer alleen sou uitgaan ni, omdat jij half lekker van di dorp af gekom het."

„Di man wat dit seg, lieg dit," antwoord Willem.

„Kom word maar ni kwaad ni, en gaan liewers saam," seg Hendrik.

Willem had te veel lus om saam te gaan en kon ni lang tegenstand biede ni. Hendrik stel al di dinge so mooi voor, dat Willem hom binne 'n kwartier beloof om saam te gaan.

„Ik het tog maar lus om met Hendrik saam te rij," seg Willem toen hij weer binnekom. „Di kans is te mooi

om te laat voorbijgaan; maak mijn goed maar klaar. Ik sal seker ver jou en di kinders iets moois meebreng."

„Tog sou ik banje liewers sien, dat jij maar tuisblij, Willem!" seg Breggi, terwijl sij met 'n droewige gesig opstaan, „maar jij is di baas, en jij moet weet."

„Jij maak ook van mij rij so'n groot ding," antwoord Willem.

„Groot of klein, dit doen daar niks aan toe ni," seg Breggi haastig, „ik weet wel, waarom ik spreek, en jij weet dit ook wel, waarom ik liewers sien dat jij tuisblijf."

„Breggi praat net soos mijn vrou, wat mij ni na di dorp wil laat gaan als sij ni daarbij is ni," seg Hendrik. „Ik is ook 'n soet kind, maar gaan tog."

„Ik sou jou vrindelik versoek om jou buite mijn sake te hou, neef Hendrik, en als mijn man sijn plig jegens sijn vrou en kinders wil volbreng, dan sou so'n dronkaard sijn vrind ni wees ni."

„Stil! Breggi! nou gaan jij te ver," roep Willem.

„Te ver," antwoord Breggi, wat nou al kwaad was. „Te ver. Is dit ni waar, dat jij van dat jij so met Hendrik omgaan meer drink als ooit te vore ni, en dat jij di laaste maal half lekker van di dorp tuisgekom het ni?"

„Ja, Willempi, drink jij maar bij jou vrou flou koffi, dis beter," seg Hendrik spotagtig. „Blijf maar tuis, anders is sij nog kwaad bowe op."

„Hou jou mond," roep Willem toornig uit. „Ik sal doen wat *ik* wil. Vrou gee mijn klere."

Breggi staan op. Di toorn wat op haar gesig te lees was, verdwijn en maak plaas ver 'n onbeskrijfelike uitdrukking van smart. Met veragting kijk sij Hendrik ver enige ogenblikke aan; toen gaan sij na Willem en seg:

„Willem! ons is nou al 9 jaar getroud, en het sonder twis geleef. Blijdskap en droefheid, vreugde en smart, lief en leed het ons same deurgestaan. Laat daar nou geen twis onder ons wees ni. Di man daar," en sij wees op Hendrik, „is jou Satan. Jij is swak tegen drank en di man sal jou tot 'n dronkaard maak. Blijf tuis ter wille van mij en jou kinders, en laat di man ni weer in

jou huis kom ni. Kies nou, tussen hom en mij. Kies om 's Heeren wil."

Daar is in ons lewe ogenblikke van di hoogste belang ver di toekoms. Tussen goed en kwaad moet voortdurend gekies worde, maar somtijds word di twee dinge so voor ons gesteld, dat daar bepaald moet geoordeeld worde. O'er algemeen glij ons in di kwaad; maar nou en dan kom di omstandighede so, dat daar 'n bepaalde besluit moet genome worde, waar onse gehele toekomstige lewe van afhang. So 'n ogenblik was dit ver Willem. Di erns waarmee Breggi gesproke het, het hom getroffe. Wat geef hij eigenlik tog om Hendrik. Hij was op di punt om „Ja" te seg; di trane in di oge van sijn vrou gaan deur sijn siel; alleen sou dit lijk of sijn vrou hom regeer.

Ongelukkig ver hom had Hendrik sijn hart daarop geset, dat Willem sou meegaan. Hij wou koop, en daar hij geen krediet meer had ni, was sijn plan om Willem te laat borg staan. Hoewel hij woedend kwaad was, toen hij Breggi so hoor praat, tog bedwing hij hom. „Wag maar, Breggi!„ so dag hij, „jij wil ni jou man met 'n dronkaard laat saamgaan ni. Ik sal jou wijs dat ik jou vrome man morre smoor-dronk voor jou deur sal aflaai, en dan is jou praatjies uit."

„Nou Willem! gaan jij saam of ni?" vraag Hendrik. „Ik moet inspan, maar om mijnentwil hoef jij ni mee te gaan ni. Ik wil ni hê, dat jij met jou vrou rusi maak ni. Als jij bang is ver haar, blij maar."

'n Vloek, soos nooit van Willem gehoord is ni, was di antwoord. Ingee wou hij nou ni. „Jij is gek, Breggi!" seg hij, „ik is geen kind ni, en wil ook ni als 'n kind behandel worde ni. Gee mijn klere. Ik sal rij."

„Di Heere sal dit op di verleider wreek," antwoord Breggi snikkende. „Jou keuse breng ongeluk."

Hendrik was uitgegaan om di kar in te span. Toen Willem di droewige gesig van sijn vrou sien, krij hij groot lus om tuis te blij. Sijn hoogmoed laat dit egter ni toe ni. „Ik sal Breggi wijs, dat ik baas is,

en dan sal ik Hendrik op sijn plek sit," so klink dit in sijn hart.

„Wees maar tevrede, Breggi," seg hij, „ik was maar bietji haastig."

„Jij het Hendrik gekies en mij verag," was haar antwoord. „Ik het daar nou niks mee te maak ni."

Di sagtere gevoelens wat in Willem sijn hart was, gaan met di skerpe antwoord haastig weg.—Koel groet hij sijn vrou en kinders, klim op di kar en rij saam.

Di plaas waar di vendusi sou gehou worde, was te ver om nog voor donker te bereik, en daarom wou Hendrik maar na Kliphoogte rij, om daar te slaap. Christiaan Dopsteker wat daar woon was sijn vrind. Willem gaan anders ni met Dopsteker om ni, maar nou kon dit hom ni skeel ni.

So lang als Willem sijn huis kon sien, voel hij ni lekker ni. Hy wil ni praat ni en als Hendrik hom iets vraag, dan was hij so kort af, dat daar seker rusi sou gekom wees, als Hendrik ni stil geblij het ni. Ewe nukkerig sit hulle langs makaar. Nadat hulle 'n half uur gerij het, haal Hendrik, sijn troue reisgesel, di bottel, uit en bied Willem dit aan. 'n Korte „danki" was di antwoord. „Soos jij wil," seg Hendrik, terwijl hij 'n goeje sluk neem. „Gesondheid!"

'n Kwartier later had Hendrik weer dors, en nou drink Willem ook saam. Di brandewijn maak spraaksaam. Di bottel kom weer te voorskijn en toen Willem op Kliphoogte kom, het hij di hele geskiedenis van di huis vergeet.

Op Kliphoogte was di ontvangs vrindelik genoeg. Oom Christiaan was bisonder opgeruimd, en 'n hele partij mense wat ook na di vendusi gaan, was daar te same. Hulle was bijna algar van Oom Christiaan sijn famili, flukse dopstekers. Di aand gaan met lag en praat verbij. Di bottel werd goed aangekijk. Eers was di grappies ver Willem soos „edik op salpeter;" want ieder ogenblik dog hij aan Breggi; maar weldra laat 'n paar ekstra glasies sijn gewete stil worde en toen hij eindelik gaan

slaap, was hij so ver, dat hij ni meer kon drink ni, en ook ni weer wakker word ni voordat Hendrik hom di oggend wakker skud.

Geheel anders als Willem het sijn vrou di nag deurgebreng. So lang di kinders op was, het sij haar goed gehou, maar toen di kinders gaan slaap en sij in haar eensame slaapkamer gegaan het, begin sij na te denk. Dit was di eerste eigenlike twist, wat sij met haar man gehad het, en dit was ver haar of haar lewensgeluk verlore was. Nou eens kom daar vreselike verwensings tegen di verleider, wat haar man meegevoer het, op haar lippe, dan weer verwijt sij haarself, dat sij deur verkeerde en harde woorde haar man uit di huis gedrijwe het. Te vergeefs troos sij haar met di gedagte dat alles wel goed sou gaan; sij kon di gedagte ni van haar afgooi ni dat haar lewensvreugde weg was en als 'n donker wolk hang di toekoms o'er haar. Langsaam gaan di aand-ure, wat Willem so vrolik deurbreng, ver haar verbij. Dit was middernag eer sij enige rus kon vinde en vroeg, voor dagbreek, was sij al weer op. Ofskoon sij goed wis dat Willem ni voor di aand kon tuis wees ni, kijk sij tog elke ogenblik uit na di pad waarlangs hij moes kom.

Toen Willem di oggend wakker werd, had hij hoofdpijn. Di frisse oggendlug maak hom egter gou weer reg. Nou sijn bui sak, het hij wel 'n bietji berou, o'er wat daar voorgevalle was, en als hij sijn eige rijtuig had, dan was hij misskien omgedraai. Di oggend-sopi werd, omdat daar geselskap bij was, weldra deur 'n twede gevolg en dit neem alle gedagtes weg, en toen Willem op Vliegenpost aankom, was hij dí vrolike Willem van altijd.

Dit was 'n grote vendusi. Van alle kante was daar mense gekom en di gepraat en gelag was so dat 'n mens ni kon hoor of sien ni. Di afslager had nog di slegte gewoonte, wat tog gelukkig deur vele al afgeskafd is, om volop drank te gee, en di wijn en di brandewijn bottel staan in di voorhuis op tafel. Meer als een het al van die bottel gebruik gemaak. Di opveiling begin. Eers langsaam,

soos dit op 'n vendusi gaan, later toen di mense bietji warmer word, vinniger. Willem had hom ernstig voorgenome om versigtig te wees en van di bottel af te blij; maar toen hij 'n paar voordelige kopies gemaak het, moes daarop gedrink worde. Di een sopi volg di ander, en voordat dit middag was, was Willem so ver, dat hij ni meer reg wis wat hij doen ni. Hendrik het al di tijd opgepas en ver Willem aangespoor om te drink, totdat hij dit oplaas so ver krijg, dat Willem sijn naam teken op 'n wisseltji van £100. Toen begin hij ook di bottel aan te spreek. Hij was egter bietji versigtig, want hij wis dat hij Willem moes tuisbreng.

Onder di menigte mense bij di vendusi was daar natuurlik ook vrinde van Willem, wat sijn toestand met smart beskou. Te vergeefs beproef hulle om hom weg te stuur. Hij wil, met egte dronkmans halstarrigheid, ni hoor ni. Eindelik krijg Hendrik, wat self vuurwarm gedrink was, hom in di kar, en op 'n vinnige draf gaan dit huistoe.

Dit was al bijna son-onder, en di hele dag het Breggi di pad wat van Vliegenpost kom, opgepas; meermale het sij haar seuntji al op di koppi laat klim om te kijk of di kar nog ni kom ni; maar te vergeefs. Sij was geheel uitgeput. Di nag het sij slapeloos deurgebreng, en di dag kon sij ni eet ni. Sij dwaal rond nes iemand wat sijn verstad verloor het. In di huis kon sij dit ni uithou ni.

„Hier kom oom Hendrik sijn kar aan, ma!" roep klein Koos eindelik. Ik ken sijn vosbles-pêrd, maar hij jaag dat di stof so staan. Alle wereld! hoe gaan hij deur di sloot. Di kar is amper om."

Di blijdskap, waarmee Breggi di kar sien aankom, verander gou weer in skrik toen sij sien hoe dit kom. Nugter mense kon so ni rij ni. In woeste vaart gaan dit o'er klippe en bosse, terwijl Hendrik maar gedurig sijn sweep laat hoor. Met gevoue hande staan sij dit te aanskou. Ieder ogenblik verwag sij dat di kar sal omslaan. Di perde was egter gelukkig 'n dronke koetsier gewend.

„Hier is ons terug, Breggi!" roep Hendrik uit, toen di kar voor di deur stilhou. „Hier is ons, kijk maar ni so

suur ni. Jou man is ook hier. Hij is net 'n bietji swak. Swak in sijn bene van di son."

Breggi geef geen antwoord ni. Ver di eerste keer sien sij haar man dronk, en di kinders sien 'n dronke vader! Dit was verniet, dat Willem probeer om af te klim. Hij was te dronk, en sijn kinders staan en lag om sijn snaakse figure. Wat 'n skouspel! 'n Dronke vader! Als daar iets is waaro'er di engeltjies kan huil en di duiwels lag, dan is dit hiero'er. Als di vrou sien, dat di man, aan wi sij haar hart weggegee het, sigself verlaag benede 'n dier; als di kinders sien, dat di man wat hulle *vader* moet noem, daar so veragtelik uitsien, dan vrijwe Drankduiwel sijn hande en verheug hom o'er 'n siel wat verlore gaan!

Hendrik help Willem afbreng, toen klim hij weer op di kar, en skree ver Breggi toen hij wegrij: „Sien jij nou, jou man drink maar net soos ik, jij hoef nou ni bang te wees, dat hij met dronkaards sal omgaan ni."

Met moeite krijg Breggi Willem in bed, en met 'n gebroke hart breng sij di nag deur. Drankduiwel het sijn intrek in haar woning genome, en vreugde en vrede moes nou wijk. . . . . .

---

## HOOFDSTUK III.

Twee jare is daar voorbijgegaan van dat Willem dronk van di vendusi tuis gekom en drankduiwel sijn intrek in di huis genome het. Wat 'n verandering het daar in di twee jare plaas gevonde! Di werf, vroeger altijd netjies en skoon, lijk nou na 'n verlate plaas; kraal en landmure was omgeval; allerhande boerderij-gereedskap leg verstrooid op di werf. Hier leg ou stukkende tuige; daar 'n half stukkende ploeg; ander plek weer 'n stuk van 'n graaf. Willem, in plaas van werksaam en lewenslustig, sien daar dooierig en traag uit. Binnenshuis was dit ni veel beter ni. Wel hou Breggi alles nog net en skoon, maar di goeje huisraad

was gedaan, partij was stukkend geslaan en verniel. Drankduiwel sijn getroue volgeling—„Armoede"—was ook gekom. Di vrolike opgeruimde Breggi loop nou moedeloos deur di huis. Sij was di vrou van 'n dronklap.

Di geskiedenis van di twee jare te beskrijwe, daar het ons geen lus toe ni. 'n Paar woorde sal genoeg wees.

Toen Willem laat in di oggend na di vendusi wakker werd, had hij maar 'n floue gedagte van wat daar met hom voorgeval was. Hij herinner hom nog wel, dat hij 'n wissel geteken het en dat hij dronk was. Toen Breggi ernstig met hom praat, beloof hij om op te pas; maar tog verwijt hij haar dat sij hom kwaad gemaak en hij daarom soveel gedrink het. Hoe sij hom ook bid en smeek, hij wou tog ni belowe om di drank heeltemaal te laat staan ni. Di eerste paar weke gaan dit ordentelik. Skaamte hou hom 'n bietji van sijn oue vrinde af; maar langsamerhand gaan di skaamte weg en begin hij di geselskap van di vrinde op te soek. Dronk huis-toe kom, was nou ni meer seldsaam ni. Di behoefte aan drank, eenmaal opgewek en daaraan toegegee, weeg altijd sterker, en dit duur ni lang ni of Willem was 'n bepaalde dronklap. Breggi haar vermanings help wel nou en dan en ver 'n tijd, maar oplaas help niks meer ni. Di gevolg van Willem sijn drinkerij werd weldra in di boerderij gemerk. Te lusteloos om te werk, begon hij sig op spekulasies toe te leg, en di loop ni altijd goed af ni. Di £100 waarvoor hij borg geteken het, moes hij betaal, want Hendrik was bankroet. Willem begin skulde te maak, di plaas word belas. Als hij nog meer krediet gehad het, dan sou hij nog gouer uitgeboer het.

Oom Andries, wat altijd regte banje van Willem gehou en daar so op gereken het, dat sijn pleegdogter goed versorg was, sien met diepe smart hoe Willem aangaan. Eers vermaan hij hom vrindelik, en toen dit ni help ni, ernstig. Oplaas krij Willem en hij twis, en oom Andries wou sijn voet ni meer in Willem syn huis sit, of met hom, als hij hom ontmoet, een enkel woord praat ni.

Ouderling en predikant word nou ingeroep; maar te

vergeefs. Di sensuur word o'er Willem uitgesproke, en van *di* ogenblik af kom hij nooit meer kerk-toe ni. Drankduiwel was nou sijn meester.

Breggi het verskrikkelik gelij. Dikwils wou sij haar aan wanhoop o'ergegee het, was dit ni uit liefde ver haar kindertjies ni. Daarenbowe had sij, toen haar aardse hoop verlore raak, troos gesoek en gevonde bij di Enige, di troos kan geef. In voorspoed het sij, hoewel godsdienstig, tog buiten God geleef, maar di nood het haar in di binnekamer gedrijwe, en „'t heilgeheim dat God aan zijne vrienden in het verborgen toont," werd ook van haar ni outhou ni. Hoe meer Willem drink, hoe vuriger Breggi bid.

Wat haar di meeste beswaar, was di lot van haar kindertjies. Hulle moet veilig wees. Dit was bij haar vas.

Eens het Willem, toen hij dronk was, haar oudste seuntji met slage gedwing om brandewijn te drink, en van di ogenblik af het sij haar besluit genome. Di twee jongetjies moes uit di huis uit. Willem raas en vloek, maar dit help niks ni. In sijn drif het hij haar eenmaal tegen di grond geslaan, maar sij geef ni op ni. Nou was di kinders bij oom Andries, en werd behoorlik versorg. Met geduld verdraag sij alle verwijt, en als sij ni meer kon hou ni, vlug sij na di binnekamer, en in di binnekamer vind sij troos.

Als daar onder di lesers van di verhaal vroue van dronkaards is, en altemet sal daar wel wees, denk hieraan. Verwijt en uitskel sal di drankduiwel ni uitwerp ni. „Dit geslacht vaart niet uit dan door bidden en vasten." Selfs vermanings, hoe liefderik ook, doen dikwils so weinig. Maar *een ding* geef krag. Hoe meer 'n man drink, hoe meer moet er gebede word.

Willem sijn agteruitgang was, soos 'n mens kan denk, ni sonder tegenstand van sijn kant ni. Dikwils belij hij met trane en neem hij hom voor om ni weer te veel te drink ni. Maar di besliste keus kom daar ni. Di ernstige gebed om krag, werd bij hom ni gevonde ni. Hendrik, wat hom eers meegesleep het, werd nou sijn beste vrind, en menige aand en nag werd in sijn geselskap deurge-

breng. Hij werd arm, en di drank moes hom ryk maak; hij werd siek, en di bottel moes dokter. Di kerk werd verlate, di huisgodsdiens blij agter. Drankduiwel werd gedien. Geen wonder dat twee jaar so 'n verandering gemaak het ni.

Dit was kort na brekfes, in di middel van di somer. Willem sit egter neerslagtig en moedeloos bij sijn tafeltji te rook, terwijl Breggi heen en weer loop om di huiswerk te doen. Telkens kijk sij uit na buite-toe. 'n Grote ossewa kom langsaam o'er di bult. Sij ken di wa al te goed. Dit was mos di wa van Jacob Valburg, di handelaar in drank. In di laaste tijd was hij dikwils daar gewees, maar toen was sij ni bang voor sijn koms ni. In di laaste tijd beef sij als hij aankom. Hij was van di smouse wat di dronkaards opsoek. Is hij weg, dan was gewoonlik al di drinkers op di werf dronk. Hij sorg altijd dat hij voor di tijd weg is.

Breggi wis dit. In di middag sou haar man dronk wees.

„Morre moet ik dorp toe," seg Willem, wat di wa ook al sien aankom het. „Ik moet Mr. Scherp noodsakelik spreek."

„Kan jij dit ni nog 'n paar dage uitstel ni," vraag Breggi.

"Nee," antwoord Willem nors, „als jou liewe oom Andries mij di geld wou leen, waarom jij so mooi gevraag het, dan was dit ni nodig ni. Nou moet di plaas gaan; ik wil ook ni langer hier blij ni."

„Is daar dan niks aan te doen ni? Moet ons nou gaan swerwe?" vraag Breggi met trane in haar oge.

„Natuurlik is daar niks aan te doen ni," antwoord Willem, „al di mense is tegen ons, niemand wil mij help ni. Vroeger was dit anders."

„Ja, eers was dit anders, maar toen was jij ook anders."

„Spaar jou preke maar," seg Willem. „Ik kan tegenwoordig nooit meer o'er mijn sake praat ni, of daar kom 'n preek. Ik is dit waarlik al moeg."

Breggi blij stil.

„Kom vrou," seg Willem, bietji vrindeliker, „laat di plaas gaan. Ons sal in Transvaal wel 'n ander plekki krij, en dan sal dit met mij misskien ook beter gaan."

• Breggi het al amper afgeleer om te huil, dog toen sij van „trek" hoor, kon sij dit tog ni hou ni. Sij wis daar was niks aan te doen ni. Hulle skuld was groot, maar sij sien nog kans om dit af te doen: solang egter Willem so drink, sou niemand hulle help ni. „Kijk," seg Breggi, „solang sulke smouswagens hier rondrij, sal dit nergens goed gaan ni."

„Ik kan Jacob tog ni mijn plaas belet ni, en sijn brandewijn is banje goedkoper. Ik sal ni te veel koop ni."

„Waarom gaan jij dan maar ni van aand dorp toe ni, Willem?"

„Sien jij dan ni, dat di wolke uitkom ni? Dit regen van middag seker."

Di wa was intussen nader gekom, en Jacob span uit. Nouweliks· het hij uitgespan, of daar kom 'n buggi en Hendrik was ook daar. Dit lijk of hij drank op 'n verre afstand kan ruik. 'n Paar ander bure kom ook op di ruik af.

Di brandewijn wat te koop is, mag tog eers geproef worde, en Jacob was nooit suinig om te skenk ni. Hulle begin te proewe en te koop en eer dit twaalf uur was, het Jacob 'n goeje slag geslaan, en toen sijn wa wegtrek, was di plaas van Willem in rep en roer.

Di paar bure wat o'ergekom het, gaan nou ook weg, maar Hendrik blij agter. Hij gaan nooit weg, solang als daar iets te drink is ni. Willem was gou-gou opgewonde; di brandewijn maak hom rijk en sijn skuld was vergeet.

Di volk op di werf het, net soos hulle baas, brandewijn geruil, en was net so vrolik. Terwijl Willem en Hendrik in di huis alles in beroering breng, raas di hottentotte op di werf. Voor dit agtermiddag was, was daar 'n lawaai dat geen mens dit kon uithou ni.

Breggi het, om van di raas en vloek ontslage te wees,

maar gou al di vlug genome na 'n buitehuis, waar sij en haar kindertjies bij makaar was. Ou Bella, di ou meid, het daar ook ingekom om 'n skuilplekki te krij.

Hoe later dit word, hoe erger. Hendrik en Willem drink altijd meer, en di mans-volk op di werf loop nes rasende rond. Met gevoue hande en 'n bewende hart sien Breggi dit aan.

„Mij in di wereld, nooi! wat gaan di baas nou maak?" vraag ou Bella verskrik.

Breggi kijk op. Willem en Hendrik gaan na di kraal en kom terug met twee half-geleerde perde, wat hulle voor di buggi wil span.

„Kijk," roep ou Bella weer, „hulle is albei lekker, en kijk hoe kom di weer op en hulle wil waarlik gaan perde leer."

Verskrik spring Breggi op. Di twee mans het, so dronk als hulle was, di plan opgevat om na di dorp te rij, en di twee half-geleerde perde meteen bietji reg te maak. Alles kom toen in rep en roer. Di geskree van di dronk volk, wat moes help inspan, was erg, terwijl di weer al begin te dreun.

Breggi, wat in di toestand waarin haar man was, di ergste vrees, gaan, toen sij bemerk wat daar gaande was, na hom toe, en probeer om hom met mooipraat en soebat van sijn plan terug te hou, maar dit help niks ni. Willem wou rij en Hendrik lag haar uit. Di mans klim op en soos gekke gaan hulle o'er di bult.

Breggi kijk di kar na, so lang als sij kon, en gaan toen verslage na huis.

Langsamerhand werd dit nou stil op di werf. Di dronk volk was aan slaap en Breggi gaan met haar kindertjies in huis.

Di stilte was voor haar nog verskrikkeliker als di gewoel van te vore. Sij werd angstig. Di vraag kom bij haar op, of sij Willem, wat daar dronk weggerij het, ooit weer sou sien. Sij gaan voor di deur staan om, indien mogelik, nog iets van di buggi te sien.

Di weer, wat al heel di dag gedreig het, was opgekom en

di lug was toe met dikke donderwolke. Daar was nog 'n paar uur son, maar tog was dit al donker. Eensklaps verlig 'n felle bliksemstraal alles in di rond, en 'n ratelende donderslag, wat di rame laat rittel, drijf Breggi na binne. Di kinders en di meid, di enigste van di bediendes wat nugter was, vlug in di huis en sit verskrik op 'n hoop bij makaar.

Breggi wis bijna ni waar sij was ni. Di weer was verskrikkelik. Di een slag volg di ander sonder ophou; di regen stort neer in strome. Wat sou Willem begin, dronk, met twee half-geleerde perde!

Di ergste weer was gou o'er, di donderbui trek verbij en werd vervange deur 'n sagte regen. Dit was egter al pikdonker, want di son was ondergegaan.

Op eens was dit of Breggi iets hoor. Sij gaan uit en nou kon sij duidelik perde hoor wat vinnig aankom. 'n Paar minute later vlieg twee dinge haar verby, en sleep iets agterna. Hulle hol tegen di kraal vas. Deur ou Bella vergeseld, hol Breggi kraal-toe, en met moeite krij sij di perde in hande. Dit was di perde van Willem. Di buggi, meer as half stukkend geskop, sleep hulle agterna.

Di twee vroue probeer toen om di perde uit te span. Toen dit hul geluk, sien Breggi dat een van di perde beseerd was, en dat daar 'n ongeluk moes gebeur het.

„Mijn man! mijn man!" kerm Breggi. „Wat sou van hom geworde wees?"

„Og nooi! hij sal wel teregkom," seg ou Bella, „dronk mense kom altijd reg."

Met skrik wijs Breggi na di stukkend geskopte buggi, wring haar hande en roep uit: „Wat moet ik doen?"

Ou Bella, wat ni so verskrik was ni, probeer om een van di volk, en veral haar man, ou Windvogel, wakker te krij; maar te vergeefs. Hulle was te dronk om iets mee te begin.

Breggi het al di tijd rondgeloop nes 'n mens wat van sijn verstand af is. Eindelik staan sij stil en seg op bedaarde toon:

„Ik sal mijn man gaan soek, Bella, hij kan ni ver

wees ni, anders sou daar van di buggi niks o'er geblij het ni."

„Daar sal net niks van kom ni, mijn nooi," antwoord ou Bella, „dat nooi van nag alleen mijn dronke baas sal gaan opsoek. Wag maar tot morre. Ik denk hulle sal wel van nag aankom en lawaai genoeg maak. Ons kan hulle morre nog opsoek."

„Nee, Bella! misskien leg Willem dood of ver dood in di regen. Ik voel dit aan mijn hart: Daar is 'n ongeluk gebeurd."

Nooi moet ver nooi ni gek hou ni," roep ou Bella, „als daar dan tog een moet gaan, dan sal ik gaan."

Breggi staan ver enige ogenblikke stil. Sij dag aan di nag, aan haar kinders; maar dit was of sij Willem vol bloed sien sterwe. Sij vertrou di ou meid ni.

„Nee, ou Bella!" seg sij bedaard. „Jij praat verniet. Jij blijf bij di kinders. Geef mij di lantern. Ik sal gaan."

Breggi voel nog altijd di selfverwijt, dat sij Willem deur harde woorde so ver gedrewe had. „Nou wil ik hom gaan opsoek," seg sij in haar hart, „al moet ik sterwe."

„Maar wat sal dit help, dat nooi gaan; als nooi hulle krij dan kan nooi hulle tog ni saambreng ni. Ons sal nooit geen perde in hande krij ni. Di laaste kaffer en hottentot is dronk."

Breggi het egter haar besluit genome. „Ik sal gaan, Bella," seg sij, „kijk maar naar di kindertjies."

Dit regen nog altijd deur, maar Breggi maak haar klaar om te gaan. Bella gaan eers nog na di strooihuis om te sien of sij Windvogel ni kon wakker krij ni. Sij gooi 'n paar emmers o'er sijn kop, maar hij slaap deur.

Toen Breggi klaar was, breng sij haar kinders in di slaapkamer, steek di lamp op en kniel neer. Met snikke draag sij haarself en haar kinders aan di Heere op. Hierop kus sij hulle en gaan uit.

„Wel, dit is di wonderlikste nooi wat ik nog ooit gesien het," seg ou Bella, toen Breggi uitgaan. „Ik het al banje bij nooiens geblij, en partij se mans was ook dronkaards, maar so iets het ik nog nooit gesien ni. Nou, ou Windvogel kan honderdmaal uit di buggi val, eer ik

sal gaan om hom te help als dit so regen. Maar di nooi is al te wonderlik. Sij bid soos 'n predikant."

„Waar is ma?" vraag Hansi.

„Ma sal netnou kom, mijn soet klein nooitji, slaap maar. Ik sal ver jou sing." En ou Bella sing met 'n Hernhutter gesangetji di kinders aan slaap.

Met vaste vertroue begin Breggi haar weg, maar toen sij 'n end gegaan het, begin haar moed swak te worde. Di duisternis maak haar angstig. Sij staan stil, gereed om om te draai. „Nee," roep sij uit, „mijn harde woorde het hom eenmaal uit di huis uitgedrijwe; nou moet ik hom terugvinde, al kos dit mijn lewe."

Dit was ver haar ni moeilik om di spoor van di kar te vinde ni, want sij kon maar op di sleepsel van di kar afgaan, wat sij bij di lig van di lantern goed kon sien. Sij werd ook bemoedig toen sij sien, dat Vlek, haar grote hond, agterna gekom het, en dit lijk of hij saam help soek. Dit was daarom ver haar moeilik om te loop. Di lig is vals, en kort-kort struikel sij in di slaggate en knikspore. Sij luister of sij iets kon hoor, maar dit was alles doodstil.

Gelukkig hou di regen op, hoewel dit nog net so donker blij. Nadat sij 'n half uur geloop het, begin Vlek eers te knor en toen te blaf. Sij was juis bij 'n diepe sloot.

Vlek vlieg di sloot in.

„Help tog!" klink dit uit di sloot. „Als daar 'n mens is, help tog!"

Breggi ken dadelik Hendrik sijn stem. „Waar is mijn man?" gil sij uit.

„Is dit jij!" roep Hendrik met 'n grote woord. „Is dit jij! kom in di sloot! Ik kan mij ni verroer ni. Mijn been is af. Jou man is ook hier ergens."

Breggi glij in di sloot af. Bij di lantern-lig sien sij di twee mans. Haar man leg daar ver dood. Sijn gesig was vol bloed.

Hendrik was nou nugter genoeg, sijn een been was af, en di ander so beseer dat hij hom ni kon verroer ni. Hij was ook half dood van di koue.

„Jou man het op sijn kop geval, Breggi! maar ik het hom straks nog haar steun. Di ellendige pêrde het ons in di sloot gesmijt."

Breggi het intussen Willem sijn hoofd opgelig; bijna was hij in di water versmoor. Sij voel nou dat sijn hart nog klop.

„Wat moet ik doen?" roep sij wanhopig. „Bij di huis is almal dronk en hier kan Willem ni blij ni!"

„Wag maar, niggi", seg Hendrik, „hou maar 'n bietji. Ik is ook al amper flou, maar ik denk dat ik juis iets hoor aankom het. Ik het 'n sweep gehoor. Klim uit di sloot uit en roep maar."

Breggi leg Willem 'n bietji reg en klim uit. Vlek was al bo en begin te blaf.

Hendrik had reg. Sij hoor duidelik dat daar iets aankom, maar sij kon niks sien ni.

„Skree tog," roep Hendrik, „so hard als jij kan."

„Help, hier is 'n ongeluk!" roep Breggi, „help! help!"

Di naderende rijtuig hou stil. 'n Man kom na haar toe. „Wat is dit?" vraag 'n stem.

Dis onmogelik om Breggi haar blijdskap te beskrijwe toen sij aan di stem hoor dat dit oom Andries was.

„Ou vader, kom tog, kom tog gou. Willem gaan dood!"

„Is dit jij, Breggi?" vraag oom Andries, „wat beteken dit, wat is hier gebeur?"

Breggi geef geen antwoord ni. Sij trek oom Andries bijna in di sloot en wijs ver hom na Willem.

„Maar hoe kom julle algar hier, waar is di kar?"

„Help maar, ou vader, ik sal later wel vertel."

„Nou ja, Breggi, klim maar uit en laat Jonas, wat bij mijn kar is, hier kom; hou jij dan maar so lang di leisels totdat ons kom."

Terwijl Breggi heengaan, vertel Hendrik aan oom Andries so iets van wat gebeur is. Deur Jonas geholpe, krij oom Andries tog ver Willem en Hendrik in di kar. Breggi wou loop maar dit wou oom Andries volstrek ni hê ni. Hij en Jonas loop voor, terwijl Hendrik di leisels hou.

„Dis waarlik 'n beskikking dat ik maar deurgerij het," seg oom Andries aan Hendrik. „Als julle nou di drank ni laat staan ni, dan weet ik tog ni. Alle wereld Jonas, dit is donker!"

Dit duur lang eer hulle tuis was. Willem blij bewusteloos, hoewel Breggi tot haar blijdskap bemerk, dat sijn asemhaling beter werd. Eindelik hou hulle voor di deur stil.

Ou Bella het, toen sij di kinders aan slaap gemaak het, so lang aan ou Windvogel gedokter, dit wil seg ver hom nat gegooi, dat hij half reg was en kon help. Hij vloek haar uit, maar daar geef sij ni om ni. Toen Windvogel ver oom Andries bemerk, was hij mooi stil, want hij ken di ou kerel goed.

Een van di kar-perde kon gerij worde en Windvogel moes maar dadelik opklim en na di dorp gaan om di dokter te roep. Willem word op di bed gebreng; terwijl oom Andries Hendrik sijn been spalk so goed als hij kan.

Tegen middernag begin Willem bij te kom. Nadat hij 'n bietji koffi gedrink het, raak hij aan slaap, terwijl Breggi di nag bij sijn bed deurbreng.

## HOOFDSTUK IV.

Di bange nag was eindelik verbij, di morre breek aan. Omstreeks 1 uur kom di dokter; maar Willem was toen banje beter. Di been van Hendrik werd toen reg gespalk, en toen werd hij weggestuur.

„Danki niggi!" seg hij toen hij weggaan, „jij het daarom onse lewe gered; wat kan ik ver jou doen?"

„Als Willem weer beter word, laat hom dan alleen, Hendrik!"

Hendrik bijt op sijn lippe; hij geef geen antwoord ni, maar geef haar di hand; sij verstaan hom.

Toen dit aand word, was Willem beter en op, maar Breggi was in bed. Angs en vermoeienis, koue en regen

het hulle werk gedaan. Sij was geheel bewusteloos. Sij het Willem sien opstaan en ook niks meer ni.

Veertien dage gaan verbij. Willem sijn huis was 'n siekehuis. Breggi werd dodelik siek. Di koors werd erger en sij raak aan ijl. Dag en nag moes bij haar gewaak worde. Oom Andries was met vrou en kinders o'ergekom om Breggi op te pas. Met Willem het hij nog geen enkel woord gepraat. Oom Andries was 'n goeje man, maar vreselik hardkoppig.

Dit was ver Willem 'n sware tijd. Sijn skuld dreig en hij wis ni waarnatoe ni. Mr. Scherp het hom wel op sijn versoek uitstel gegee, dog dit kon ni altoos duur ni; en dan di dodelike siekte van sijn vrou. Sijn gewete begin wakker te worde.

„Hoe sal dit met mijn vrou gaan, dokter?" vraag hij angstig, toen di dokter sijn vrou beskou het.

Di dokter kijk hom met verontwaardiging aan. „Dis tien tegen een, dat sij sal sterwe," seg di dokter, „en als sij sterf, dan kan jij seg dat jij haar moordenaar was."

*Moordenaar*! Di woord was deur Willem sijn hart gegaan. *Moordenaar*! Hoe kon hij dit tegenspreek? Dag en nag vervolg dit hom. Hij kon geen rus vind ni. Ja di eerste dag het hij o'eral na drank gesoek, maar ni gevonde ni. Oom Andries het al di brandewijn uit di huis laat wegneem, en Willem durf nou ni koop ni. Dis al jare dat hij geen dag sonder brandewijn was ni.

Sijn lewe was bijna ondragelik. Di lus na drank kwel hom vreselik, hij was so gewend daaraan. Kom hij in di kamer, dan sien hij sijn sterwende vrou en sijn gewete roep hom toe: „Moordenaar." Gaan hij in di voorhuis, dan sien hij sijn kinders, weldra moederloos deur sijn skuld. Oom Andries spreek geen woord ni. So lang als dit dag was, gaan dit nog, maar als di nag aankom was dit verskrikkelik. Di plotselinge onthouding van drank tas sijn liggaam aan. Snags loop hij rond om drank te soek, maar daar was niks te vinde ni.

Spoedig genoeg ondervind hij dat hij sterker werd, maar sijn vrou werd al swakker. Alle hoop was verlore.

So gaan veertien dage verbij en dit was sijn beurt om bij sijn vrou te waak. Daar was slegs weinig hulp. Hij sou alleen wees.

Dit was 'n lieflike stille nag, en dit was of Breggi bietji rustiger slaap, maar di stilte was ver Willem ondragelik. Terwijl hij daar voor Breggi haar bed sit, kom hom di verledene voor di gees. „Moordenaar" had di dokter geseg en hij voel dit was di waarheid. Nou eens spring hij op en loop deur di kamer, sigself en Hendrik verwensende; dan weer sit hij en huil soos 'n kind. Bidde durf hij ni. Hij voel dat hij deur di drankduiwel gevange was, en dat als hij maar brandewijn had, hij weer sou drink. Hij haat di drank en smag tog daarna.

Te denk, maak hom half kranksinnig. Om iets te doen te hê, maak hij 'n kassi in di kamer ope en begin alles reg te set. Opeens spring hij agteruit: voor hom staan 'n bottel brandewijn.

Dit word vertel dat 'n slang 'n vogeltji kan aantrek deur di krag van sijn oge; dat di vogeltji magteloos is voor di blik. Net soos so 'n vogeltji, staan Willem di bottel aan te kijk. Di lus na drank begin hom te o'ermeester.

Langsaam steek hij sijn hand uit, hij raak di bottel aan en beef. Hij trek sijn hand terug.

„Drink en vergeet," so klink dit in sijn hart. Hij steek weer sijn hand uit, grijp di bottel aan, en haal dit uit. Sijn hart klop bijna hoorbaar.

„Mijn vijand!" seg hij half-hard, „mijn vijand, wat mij ongelukkig gemaak het, wat mij 'n moordenaar gemaak het," en hij tel di bottel op of hij dit tegen di grond wou gooi.

Di ruik van di brandewijn grijp hom aan; sijn hele liggaam beef.

In di stilte van di nag was dit hom of hij iemand hoor praat. „Drink," seg di stem, „drink en vergeet! Sterf als 'n dronkaard. Jij is tog verlore!"

„Moordenaar! moordenaar!" so klink dit daar binnekant.

Was dit regtig 'n stem wat Willem hoor of verbeel hij hom maar? Wi kan dit seg. Di duiwel strij om di siel.

Willem bijt sijn lippe vas en ruk di bottel ope. Hij lig dit op en wou drink; maar daar roep sijn gewete weer: „Moordenaar!“

*„Ik kan dit ni laat blij ni!”* roep Willem ten laaste wanhopig. *„Ik moet drink al sterf ik ook.“*

Verwild set hij di bottel voor sijn mond en wou drink.

„Willem! Willem!“ klink dit half-fluisterend dog weemoedig deur di stille sieke-kamer.

Willem spring agteruit. Hij kijk rond. Sijn vrou was wakker. Bij di floue lig van di kers sien hij dat di koorsgloed uit haar oge geweke was, sij ken hom. Als vasgenageld staan hij daar di bottel vas te klem en sijn vrou aan te staar.

„Willem!“ seg Breggi. „Hoor! eenmaal het jij gekies; kies nou weer. Kies tussen mij en di duiwel.“

Dit was stil in di kamer. 'n Mens kon di getik van di horlosi hoor. Breggi haar oge glinster, haar lippe roer net of sij bid.

„Drink en vergeet.“ Is dit iemand wat so seg? Willem dog dit, en kijk om.

Langsaam lig hij di bottel op, maar Breggi blijf hom aankijk. Al hewiger werd di strijd binnekant.

Opeens verander sijn gelaat. Weer tel hij di bottel op en gooi dit tegen di muur, dat di stukke glase so spat. Toen val hij op sijn kni'e voor Breggi haar bed en gaan bitterlik aan huil.

„Wat is dit? wat mankeer jij nou?“ roep oom Andries, wat verskrik opgespring, di kamer instorm. „Wat ruik hier na di vervloekte brandewijn?”

Breggi tel haar hoofd op. „Willem het weer gekies, ou vader!“ seg sij met 'n lieflike glimlag. „Dis alles wel.”

Oom Andries kijk haar verwonderd aan. „God segene julle,“ seg hij oplaas, en verlaat di kamer.

---

Ses maande later was dit Avondmaal op Niemansdorp. 'n Man en vrou sit aan di laaste tafel aan. Op di gelaat van di vrou kon 'n mens sien, dat sij erg siek was

gewees; tog blink haar oge van vreugde. Di man was regte ernstig. „Ziet, mijne broeders en zusters," seg di leeraar aan di end van sijn avondmaalsrede, „ziet, als Christen Apollyon overwint, dan komt hij uit den strijd, niet zonder wonden, en hij steekt zijn zwaard nimmer weer in de schede. Zoo gaat het altijd, de strijd duurt zoolang men leeft. Laat het zwaard in uwe hand zijn en het gebed in uw hart, en de overwinning is zeker." Di man en vrou kijk makaar bij di woorde aan en laat hulle hoofde sak. Dit was Willem en Breggi.

# Di Spogduiwel.

## HOOFDSTUK I.

Oom Karel sit aan di brekfes-tafel en lees meteen in di koerant; iets wat hom maar min gebeur, want vereers hou hij ni banje van koerante ni, omdat di goed, soos hij seg, so vreeslik kan lieg, en ten twede moes sijn karmenaatji ni koud worde ni, om niks ter wereld ni. Daar moes dan ook iets bisonders te doen wees.

Di politiek in di koerant kon hom ni skeel ni en di nuws ook ni, want hij seg, dit kon hij wel van tante Saartji hoor. Sijn hele studi was in di skutberigte.

„Ou Kol," sijn swart rijperd, was al 'n paar weke weg. Hij het al di wereld laat rond soek, maar verniet: „Ou Kol" blij weg. Sonder „ou Kol" kon di ou'e ni klaar kom ni. Nou kan 'n mens makkelik denk, hoe nukkerig di oubaas was.

Oom was ni een van di vlugste lesers ni. Met di Bijbel kon hij ordentelik klaarkom, en als meneer uit is en hij 'n preek moes voorlees, het dit ook nog al gegaan, hoewel di jong-mense klaag, dat hij banje keer diselfde vat. Gewoonlik laat hij dan ook maar sijn seun George di koerant deurkijk.

Maar wat nou di ou'e mankeer, weet niemand ni. George het al 'n paar maal geseg, dat sijn pa hom di

koerant maar moes gee, en al antwoord wat hij gekrij het was net: „denk jij, dat ik ni self kan lees ni."

Tog skijn George en Miemi bisondere redens te hê om vandaag di koerant uit oom sijn hande te krij. Ieder keer kijk hulle makaar aan, en veral op Miemi's gesig kan jij di angs lees; sij kan haar oge van haar pa ni afhou ni.

Van „ou Kol" was in di skutberigte niks te vinde ni. Nukkerig stoot oom sijn bord op sij; maar in plaas van di koerant neer te leg, slaan hij di blad om en begin met di advertensies. Di angs op Miemi's gesig word altijd erger.

„Toe, boeti, probeer tog om di koerant uit pa sijn hande te krij," fluister sij eindelik, terwijl sij George 'n ongevraagde kommetji koffi aangeef. „Toe tog, boeti, daar sal rusi kom."

„Jij sien self dat di oubaas van morre te dwars is om iets mee te begin," antwoord George; „wag maar 'n bietji, di storm sal netnou losbreek."

Di soetjies-praat van haar kinders, maak ou tante ook opmerksaam. Verwonderd sien sij eers haar kinders en dan haar man aan.

Oom Karel lees nog altijd met 'n onverskillige gesig voort. Opeens begin hij rooi te worde. Hij set sijn bril reg en lees di stukki, waaraan hij besig is, nog eens o'er.

Bons!!! daar vlieg di koerant o'er di tafel, di bril van di neus en 'n paar borde waai op di vloer. Bons!! nog eens slaan oom met sijn vuis op di tafel, sodat di huis dreun.

Verskrik spring tante op. „Wat is dit, Karel! wat is dit!"

„Het jij di ding van Dirk geweet, George!" bulder oom, „het jij di advertensi gesien, en het jij daarom di koerant so graag maar ver jouself wil hou. Nou nog doller! Ik het nog nooit van so'n ding gehoor ni."

„Maar wat is dit dan, George! wat het Dirk dan gedaan?" vraag tante verskrik.

„O! ni veel bisonders ni. Dirk het maar net in di koerant 'n advertensi laat druk, dat di naam van sijn plaas nou verander is, en dat dit nou „Poplar Grove" sal wees."

„En dit noem jij niks ni," bulder oom. „Het jij misskien ook lus om na onse dood Wildebeesfontein te verdoop. Seg dit dan nou maar. Als di naam jou ni beval ni, dan kan ik di wel uit di testament skraap. Als jij 'n Engelse plaas wil hê, kijk dan maar waar jij di krij."

George denk toen maar dat dit di beste is om pad te gee en gaan na di kraal.

„Maar wat is dit dan eigenlik," vraag tante weer.

„O! dit is niks ni," antwoord oom, „onse liewe neef het di naam van o'erlede pa sijn plaas verander. Hij is te hoogmoedig om dit te hou. Di hele wereld het ou Jan en klein Jan van Saaifontein geken, maar Dirk reken vader en ou vader ni meer ni. Hier in di koerant kan jij lees, di naam van di plaas is nou: Pop-Pop-Pop-, wat deksel! ik kan di ding ni seg ni."

Di moeilikheid om di naam uit te spreek, maak oom sijn humeur ni beter ni.

„Jij moet tog ni so kwaad wees ni," seg tante Saartji. „Hij sal dit maar gedaan het om sijn vrou 'n plesier te doen."

Di woord van tante was oli op di vuur.

„Ja, om sijn vrou te plesier het Dirk al so banje gedaan, sodat hij nou al glad op 'n verkeerde pad is. Ik het dit van di eerste ogenblik af geseg toen ik haar gesien het. Van dat sij met Dirk getroud is, is di spogduiwel in hulle huis gekom. Sij sal ni ophou ni totdat sij Dirk bij di Master gebreng het. Ik het al banje gepraat; maar vandaag is dit di laaste maal. Als Dirk netnou kom om na di ramme te kijk, dan sal hij di waarheid hoor, soos hij dit nog nooit gehoor het ni."

„Ik sou Dirk liewers maar laat staan," waag tante om te seg. „Ons kan tog niks daaraan doen ni, en daar kom tog net rusi. Anni sit nou al amper ni meer 'n voet in ons huis ni, en Dirk sal netnou ook wegblij."

„Hij kan ver mijn part dan ook maar wegblij," antwoord oom. „'n Man wat sijn vader ni reken ni, reken ik ook ni."

Tante Saartji was al te lang met oom getroud gewees, om ni te weet ni, dat 'n mens op di ogenblik met oom Karel niks kon begin ni, en haar enigste hoop was, dat Dirk so lang sou wegblij, totdat oom 'n bietji afgekoel was.

Oom Karel was al 'n geruime tijd op sijn neef Dirk, wat hij grootgemaak het, vererg gewees, en tante moes self erken, ni sonder rede ni. Soos Dirk aangaan, het dit haar net min aangestaan, en banje keer het sij al met hom gepraat. Tot nog toe het sij 'n openlijke twis tussen haar man en Dirk verhinder, maar nou was sij bang, dat dit ni lang meer sou duur ni. Sij het Dirk als haar eige kind lief, want sij het hom van kleins-af grootgemaak. Hoewel sijself ni so veel omgee ni, het sij wel begrijp, dat di verandering van di plaas sijn naam ver oom banje sou hinder. Oom was op di plaas groot geworde. Sijn vader het dit aangeleg, en na di dood van sijn vader het sijn oudste broer daar besitter van geworde. Di ou woonplaas was altijd ver oom so 'n soort van 'n heiligdom, en toen di ou'e huise moes plaas maak voor di nuwes, was dit al 'n doorn in sijn vlees gewees. Dat Saaifontein 'n Engelse naam sou krij, dit was te erg.

Toen sij oom nou so driftig deur di kamer heen en weer sien stap, was haar enigste hoop dat Dirk vandaag maar ni kom ni.

Di hoop sou ongelukkig ni vervuld worde ni. „Daar kom di spider van Dirk di bult o'er," seg Miemi, toen oom ver 'n ogenblik op di stoep staan. „Ik sal maar kamer-toe gaan."

„Karel! daar kom Dirk aan," seg tante. „Moet tog vandaag ni met hom praat ni. Jij is nou te nukkerig. Wag tot 'n ander dag."

„Ik sal probeer, Saartji! Anders neul jij weer aan mijn ore; als Dirk mij ni aan di gang breng ni, dan sal ik ook swijge."

Na 'n paar minute hou 'n mooie spider voor di deur stil. Twee vetgevoerde perde was daarvoor gespan. 'n Netjies aangetrekte man spring daaruit, terwijl 'n goed geklede jong di leisels vashou.

Oom Karel gaan na di deur: „Wil jij uitspan, Dirk?" seg hij, ni al te vrindelik ni.

„Danki, oom!" antwoord Dirk. „Ik is haastig, ik kom van di dorp, en wil haastig huistoe. Ik wil net di ramme sien, waaro'er ons gepraat het."

Di ramme is in di kraal en George is ook daar. Hij sal hulle wel ver jou wijs," seg oom.

„Dan sal ik maar daarnatoe gaan, en dan later wel ver tante kom groet," seg Dirk, wat goed sien dat oom ni goed gehumeurd was ni. „Ik sal maar kraal-toe gaan."

Di ramme was in di kraal. Daar vind hij George ook. Sonder veel te praat, kijk hij di twee ramme deur. Op di end seg hij: „waarom is jou pa so nukkerig, George? Hij het mij amper ni gegroet ni."

„Pa is nukkerig, omdat jij Saaifontein verdoop het," was di antwoord. „Jij het wel vooruit kan weet, dat di ou sou nukkerig wees. Ons moet nou almaal daaronder lij."

„Di naam van mijn plaas is mijn saak en dit gaan niemand aan ni, hoe ik hom noem. Ik is oud genoeg om op mijn eige bene te staan."

„Jij is net so dwars van morre als pa," antwoord George. „Wat het jou op di dorp o'ergekom?"

Op di dorp was Dirk juis iets o'ergekom, wat hom allesbehalwe aangenaam gewees het. Hij het 'n rekening moet betaal, en hij het ni geld gehad ni.

„Dit is mijn saak," antwoord hij. „In elk geval, ik sal maak wat ik wil en mijn plaas ook noem soos ik lus het."

„Ver mijn part noem jij hom: Bankroet Kraal," seg George, wat ook maar kort gespan was. „Dit raak mij ni."

Dirk word toen vuurrooi en stap weg huistoe. George volg hom. Hulle gemoed was toen net soos

kruid en di ou vijand sou wel sorg draa, dat di vonk daarin kom.

Toen hulle in huis kom, groet Dirk ver tante Saartji en gaan sit. Ver 'n paar minute praat niemand 'n woord ni.

„Ik sal di ramme ni neem ni, oom!" seg hij eindelik, „hulle beval mij ni."

„Ik het so gedenk," was di antwoord. „Ons goed sal jou ni meer beval ni."

„Ieder mens het sijn eige sin," merk tante op, wat maar 'n gelegenheid soek om rusi te belet.

„Dirk kan sijn sin hou," gaan oom voort; „als ik maar ni gedwing word om agter hom aan te gaan ni. Ik hou mijn gewoonte en dit is di beste ook. Di ramme sal nou op pop . . pop . . pop . . nou hoe noem jij ook di plaas, ook ni aard ni."

„Mijn plaas sijn naam is nou „Poplar Grove," seg Dirk vuurrooi, maar nog al kalm.

„So, is jou plaas sijn naam nou so," seg oom, wat sijn bietji bedaardheid al begin te verloor. „O'erlede vader en broer was di wereld deur bekend als Jan van Saaifontein, maar di naam is ver jou seker te sleg."

„Anni het dit so wil hê, en daar is ook so banje plase wat Saaifontein heet, dat 'n mens in di war raak. Di Engelse name is skaars."

„Hulle sal ni lang skaars blij ni," seg oom, „als di boere so aangaan. Di Engelse woon ons nou al uit en di een plaas na di ander kom in hulle hande. Aan één kant is dit ook maar goed, dat jou plaas verdoop is. Ik sou mij dood vererg het als daar 'n verband op Saaifontein moes kom. Nou kan dit mij ni skeel ni."

Di woorde het oom maar gerus ver hom kon hou. Ewe kwaai spring Dirk op en gee oom 'n dwarse antwoord.

Di duiwel het toen sijn sin. Hoe tante ook keer, di rusi word erger. Oom doen niks als verwijt, en Dirk wil niks ingee ni. Di end was dat hij sonder iemand te groet in sijn spider spring en huis-toe rij.

„Poplar Grove" was 'n ordentelike endji van Wilde-

beesfontein, wel 'n paar uur, sodat Dirk tijd had om wat af te koel. In di eerste ogenblikke kon hij doodgaan van kwaadheid, maar toen hij wat bedaard was, moes hij tog erken, dat oom ni ongelijk had ni. Di spotwoord van George het hom dieper getref, dan hij wou erken. Dit was als 'n kogel deur sijn hart gegaan, omdat hij geweet het, dat hij ni meer so ver van bankroet af is ni.

„Di ding moet anders worde," brom hij tussen sijn tande. „Ik sal hulle wijs, dat ik mijn plaas sal vashou, al is sijn naam ook „Poplar Grove"; maar dan moet ons ook anders lewe, als Anni maar net wil."

„Ja, als Anni maar net wil," klink dit in sijn hart; „als sij maar net wil," en verdrietig kijk hij voor hom."

Als 'n mens so wat ses jare gelede in di distrik van Praatville sou gevraag het, wi di gelukkigste man in di distrik was, dan sou seker banje, veral van di jong-mense, dadelik ver Dirk genoem het, want hij was di wereld rond baas. Sijn ou'ers het hij vroeg verloor, maar oom Karel het hom in huis geneem en als sijn eige kind opgevoed. Sijn vader het hom di plaas nagelaat sonder 'n dubbeltji skuld, en 'n ordentelike klomp kontant geld. Daarenbowe was daar banje vee, en alles was na hom gekom, omdat hij di enigste was. Oom en tante het trou en eerlik ver alles gesorg, en als 'n rijk man het hij di lewe begin.

Dog ni alleen het sijn goed hom bemind gemaak ni—di mense het hom ook lief gehad om homself. Vrindelik, ijwerig en opgeruimd was hij in ieder sijn huis 'n welkome man. Tante Saartji het veel van hom gehou, en Dirk wis, dat al brom oom ook banje, hij hom als sijn eige kind gereken het.

Spoggerig was Dirk altijd gewees, maar di mense het hom dit vergewe. Hij moes ook so banje erwe, en hoewel oom en tante hom keer, was daar weer banje andere wat hom gedurig voorhou, dat hij, wat als 'n rijk boer kon begin, ni so op di oulappe moes sien ni, soos 'n ander, wat van onderaf moet begin. Sulke vrinde het 'n rijk mens altijd.

Di eerste ding wat Dirk gedaan het, wat di inwoners van di distrik ni groot aangestaan het ni, was, dat hij hom 'n nooi van bowe laat kom het. Di nooiens van Praatville was bitter teleurgesteld. So menige blou, bruin of swart oog was gewoon gewees 'n bietji weg te kijk van meneer, als Dirk daar so ewe netjies aangetrek in di kerk sit, en di tantes het graag Sanni of Letti of Mieta 'n plekki op Saaifontein besorg, maar van alles het niks gekom ni.

Op 'n reis na di boweland het hij Anni gesien, en van diselfde ogenblik het hij di plan opgevat om haar te krij. Dit was 'n nooi na sijn sin. Mooi, goed geleerd, di di dogter van rijke ou'ers; daar werd ten minste geleef so als 'n mens moes lewe. Alles was na sijn sin, en toen hij weer opgaan, word alles klaargemaak.

Oom en tante was ni heeltemaal tevrede met di keus ni, maar daar was niks op di nooi of haar famili te seg ni, en so gee hulle di toestemming, ofskoon hulle liewers gesien het, dat 'n nooi uit di distrik hulle niggi sou geworde wees.

Toen Dirk met di jong nooientji tuis kom was daar 'n hele opskudding. Sij lijk vrindelik genoeg, maar sij was so pragtig aangetrek, dat al di nooiens en vrouens agterstaan. Ni wonder ni, dat daar banje gepraat word, en dat ieder wat aan te merk het. Banje ou vrinde skud hulle kop.

Dirk steur hom maar min daaraan. Sijn vrou was di mooiste en hij laat di wereld maar praat.

Gewoonlik is dit dan ook maar di beste wat 'n mens kan doen. Laat di mense maar praat en kop-skud, hij doen wat hij wil.

Maar 'n mens moet oppas ver di agterste draai. Toen di kopskudderij van di bure o'er was, toen begin hijself partij keer dit te doen, en *dit* is ni goed ni.

Langsamerhand het di ding begin. Toen Anni op di plaas gekom het, was natuurlik di ou'e huisi di eerste ding, waarvoor sij haar neusi opgetrek het. In so 'n huis kan sij ni woon ni. Daar moes 'n nuwe huis kom, net

so goed als op haar pa sijn plaas. Dirk het eers wel 'n bietji tegengepraat, veral ook, omdat oom hom aanraai di ou huis maar eers wat te repareer, maar hij het tog gou toegegee. Hij het ook graag verandering gemaak.

'n Nuwe huis vraag vanself ook nuwe meubels. Di een ding roep di ander, en dit het ni lang geduur ni of di huis was vol en di geldtrommel leeg. Dit was tog al te jammer, dat Anni so spoggerig was; sij het anders banje goeje eigenskappe en daar sij banje vaster van karakter was dan Dirk, sou sij ver hom 'n goeje vrou uitgemaak het. Nou bederf sij alles. Di eerste te wees was haar grote begeerte; ver niemand moes sij agterstaan. Ieder moes kan sien dat sij 'n rijk man sijn vrou was.

Dit sou met Dirk nog 'n bietji gegaan het, maar ongelukkig krij hij tot sijn buurman 'n jong kerel wat in di Diamantveld banje gelukkig gewees het. Di man was toen met een van di nooiens van Praatville getroud, en daar hij geld in o'ervloed had, leef hij net pragtig. Daar kom toen 'n soort van 'n resiesjagerij tussen di twee vrouens, wi di hoogste sou lewe. Als Anni op di dorp gewees en 'n bisondere tabberd of 'n mooie borsspeld gekoop het, dan duur dit ni lang ni of Miena moet 'n mooiere hê, en dan was weer di gevolg, dat Anni weer baas moes worde. Dirk het wel gevoel dat hij di spulletji ni kon uithou ni, en partijkeer het hij erg gebrom; maar op di end moes hij tog toegee.

Toen di geldtrommel so leeg word, het hij altijd nog di hoop gehad, dat dit wel weer sou vol worde als Anni haar pa sou kom te sterwe. Di man was tog al oud en al di mense het geseg dat hij rijk was. Hulle het wel ni na ni oue sijn dood gewens, maar 'n erfenis is 'n aangename saak, en op di erfenis word so stilletjies gereken; maar vooruit reken is dubbel reken, en so was dit ook hier. Di ou man het wel doodgegaan; maar toen di goed moes gedeeld worde was daar so banje skuld dat daar aan erwe ni te denke val ni.

Dirk sijn manier van lewe, en veral Anni haar spog-

gerigheid, het al di ou vrinde so stadigaan laat pad gee en nuwe vrinde, wat hard saamgewerk het om di boel te help opmaak, is in di plaas gekom. Daar kom toen 'n hele verandering. Di oue godsdienstigheid moes opsij geset worde, want di nuwe Engelse vrinde kon daarmee ni klaar kom ni. Danspartije en sulke dinge moes druk besog worde, want Anni haar mooie goedjies moes tog besien en bewonder worde. Daar was niks op di dorp te doen of hulle moes daarbij wees.

Oom Karel brom; tant Saartji het gepraat; meneer het vermaan; maar dit alles help niks ni. Spogduiwel jaag aan.

Onder di nuwe vrinde was 'n meneer Ashton een van di vernaamste. Di man het op Praatville kom woon, toen meneer Prost gedenk het, dat dit ver hom beter was om pad te gee, en het daar 'n agentsbesigheid opgesit. Daar was op Praatville nog 'n ander agent, meneer Meyer, wat al jare in di distrik gewerk het; maar toen Ashton gekom het, was dit ver 'n rukki of hij al di werk sou krij. Di jongmense gaan almal na hom. Bij hom kon jij altijd geld krij. Hij was altijd vrindelik, en hij help 'n ieder. Als jij bij meneer Meyer kom om geld te vraa, dan krij jij, veral als jij wat groot leef, net 'n preek inplaas van geld; maar Ashton was altijd klaar. Daarbij was hij so fluks dat hulle ni buite hom kon klaar kom ni. Moes daar 'n fees op di dorp wees, Ashton was di man om di ding te begin. Hij was di voorman van di resies. Di hele wereld het hom aangehang. Di hele wereld, ja. Daar was egter 'n klompi, wat hom ni kon verdraag ni, veral van di ou'e mense. Meneer het ook ni banje van hom gedenk ni, maar Dirk seg maar: „di soort mense het altijd wat aan te merk."

Na 'n paar jare egter begin dit opgemerk te worde, dat di meeste persone di met Ashton bevrind is, so stadig-aan uitloop. Dit kon hij ni help ni, seg hij altijd, dit is di mense hulle eige slegtigheid. Hij het altijd gewaarsku. Maar di Ashton was Dirk sijn beste vrind geworde. Hij het dit met dade getoon, dat hij wou help.

Toen Dirk sijn geldtrommeltji leeg begin te worde kon Dirk altijd bij hom geld krij. Dit was wonderlik makkelik. Niemand kom daaragter, en met skeertijd kom alles reg.

Di bietji rente maak niks ni. Di bietji rente het egter langsamerhand so groot geworde en di briefies bij Ashton so vermeerder, dat di wolgeld ni meer kon toemaak ni. Daar moes altijd meer geld geleend worde. Dit sou ver Dirk wel goedkoper gewees het om geld op sijn plaas op te neem, maar dan kom dit in di koerant en dit wou Spogduiwel om di dood ni.

Di morre was Dirk op di dorp gewees om Ashton te sien. Ashton was ni daar ni, maar di vernaamste winkelier, meneer Telheim, het ver Dirk so 'n ordentelik lange papiertji gegee met goedjies wat Anni daar gekoop het. Waar hij di geld vandaan sou haal om te betaal, wis hij ni, daarom het di woorde van George hom so seer gemaak.

---

## HOOFDSTUK II.

„Ma! daar kom pa aan," skree 'n klein meisi, wat op di stoep van di huis, op di nuwe gedoopte plaas, heen en weer loop te speel, „daar kom pa o'er di bult. Ik kan di perde sien. Kom, kom! gou tog." En 'n kleiner meisi, wat nog ni kon praat ni, klap met di handjies. „Kom tog, ma! daar is di spider."

'n Mooie jonge vrou kom met 'n glimlag op di gesig op di geroep uit di huis. Sij was regte netjies aangetrek, en als sij daar so staan, ordentelik parmantig en daarom ni te lelik ni, is sij net geskik om 'n man sijn hart te steel en hom net te laat doen wat sij wil. Jij kon aan haar sien dat sij 'n wil van haar eige het, ver goed of kwaad.

Nog 'n paar minute en di spider staan voor di deur; en di kleintjies probeer om di gouste van di stoep af te klouter en bij pa te kom, daar pa altijd om di kinders denk.

Maar vandaag is dit anders. Pa klim af en groet

ternouwernood di kleintjies, wat om hom heen spring; en sonder self in huis te gaan, berg hij di spider weg.

„Pa is stout vandaag, ma!“ seg di kleine Anni. „Hij het ver ons niks ni saamgebreng ni,“ en di traantjies kom uit di ogies.

Met verwondering en verdrietig het Anni, di vrou van Dirk, sijn gedrag beskou. Sij was dit ni van hom gewoon ni, want Dirk het dol veel van sijn kinders gehou. Sij was ook ni gewoon ni dat Dirk haar maar so effentjies groet. Sij praat egter ni, maar wag totdat Dirk eindelik in di eetkamer sit.

„Wat skeel vandaag, Dirk?“ seg sij oplaas 'n bietji spijtig. „Is jij siek of is daar iets gebeur, wat jou nukkerig gemaak het. Dit kom jou tegenwoordig wel meer o'er als jij van di dorp kom.“

„Ik mankeer niks ni, maar 'n man het partijkeer so banje moeilikheid, wat 'n vrou ni kan verstaan ni.“

„Ons kan en wil net so goed iets verstaan als julle mans; maar ik weet al wat jou hinder. Jij was seker weer bij oom Karel, en dan moet ik en mijn modes dit altijd ontgelde.“

Daar Dirk ni lus had om te antwoord ni, het hij opgestaan en wou net uitgaan; maar Anni het in sijn pad gekom en seg: „Praat maar reguit, Dirk! Wat het di oue nou weer gehad.“

„Oom was reg-reg kwaad en verkeerd omdat ons di naam van onse plaas verander het. Ons het toen woorde gehad en ons is soos kwaaie vrinde van makaar gegaan. Ik moet seg,“—voeg Dirk na 'n paar ogenblikke daarbij, „dat ik spijt het. Oom het mij grootgemaak en is altijd goed ver mij gewees. Tante was ook so ontsteld, dat ik haar amper ni kon aankijk ni.“

„Wel, ik kan dit ni help ni,“ seg Anni hierop. „Oom het altijd wat te seg o'er ons. Dit gaan hom tog ni aan ni, wat ons maak, en omdat ons nou ni so ouderwets wil lewe soos hij, is hij altijd gesteurd.“

„Tog,“ seg Dirk langsaam, net of hij bang was, „so heeltemaal ongelijk het hij tog ni. Ons lewe te groot ver

onse vermoge, en van nou af moet dit suiniger gaan, anders kom dit nooit reg ni.“

„Dit is net soos ik geseg het, als jij van oom kom, moet ik dit vergelde en ik moet di ou liedji hoor. Ons leef glad ni te hoog ni en ik kan glad ni sien ni, hoe ons met minder kan klaar kom. Ik is ni so sleg opgevoed ni, en ik het waarlik ni lus ni, om nou te verander. Jij wil tog ni hê, dat ik verspot loop, en Miena Hardeberg haar kop nog ’n endji hoger hou als nou als sij ons sien.“

Als Dirk hom ni voorgeneem het ni om bedaard te blij, sou hij seker kwaad geworde het; nou seg hij slegs op sagte toon: „Ik wil ook ni, hartji! dat jij verspot sal loop ni, of dat di mense jou sal uitlag; maar in di laaste tijd het ons so agteruitgegaan, dat ons waarlik moet probeer partij dinge te laat staan, totdat ons weer ’n bietji voorentoe kom.“

„Eer ik anders leef als ik van mijn kindsheid af gedaan het, trek ik liewers so ver Transvaal in, dat niemand meer van mij hoor ni. Maar dit is net praatjies en spulletjies. Ons sal wel deurkom, en van jaar is ’n goeje jaar. Di wolgeld sal alles regmaak.“

Dirk het ni koerasi genoeg gehad om Anni di volle waarheid te seg, iets wat banje mans o’erkom, en wat di oorsaak is van meer dan een bankroet. Hij was daar ook te hoogmoedig voor. Hij breek toen di gesprek maar af met di voorneme om bij ’n betere gelegenheid dit te hervat. Anni had ook ni lus ni om verder te gaan.

Di ander part van di dag het somber en stil verbijgegaan. Di een het so min lus gehad om te praat als di ander. Toen di son amper wou ondergaan, het daar ’n rijtuig aangekom en weldra hou di spider voor di deur stil. In di spider sit meneer Ashton.

Meneer Ashton was altijd ’n welkome gas op „Poplar Grove“, en hij was daar ook heeltemaal tuis. Di ontvangs was egter van Dirk sijn kant di slag lang ni so hartelik als anders. Anni egter was banje blij om di besoek, omdat daardeur vanself di gesprek van di middag in di aand ni kan voortgeset worde ni. Sij doen haar bes om dit

ver Ashton aangenaam te maak en hou di gesprek lewendig.

Toen di aand-ete verbij was, blij di mans nog wat in di eetkamer praat, terwijl Anni voorkamer-toe gaan, om 'n bietji op di klavier te speel, wat sij ekstra goed kon doen. Di gesels het egter ni lang geduur ni. Dirk het maar min praatjies di aand gehad, en Ashton het gou ook genoeg van hom; daarom gaan hulle dan ook maar voorkamer-toe, om na di speel te luister. Toen Anni klaar was en Ashton haar 'n paar komplimente gemaak het o'er haar speel, word di gesprek algemeen.

Na allerhande dinge gesels te hê, seg Ashton op eens: „Sal jij ook op di grote danspartij wees, Dirk, wat ons o'er 'n paar weke op di dorp sal hou. Daar is banje mense, ook van ander plekke al genooi, en jij het tog ook seker al 'n uitnodiging ontvang. Daar is nog nooit op Praatville so 'n danspartij gewees; alles sal pragtig wees.“

“Ik het lus genoeg om te gaan,“ seg Anni toen sij sien dat Dirk stil blij, „als Dirk net wil; maar in di laaste tijd wil hij amper ni, dat ik op 'n danspartij kom ni.“

„Dirk word seker nou vroom,“ seg Ashton spotterig. „Di vromigheid is nou tog al te ouderwets.“

„Of dit vromigheid of suinigheid is, weet ik ni,“ seg Anni terwijl sij lag, „maar hij murmureer in di laaste tijd altoos als ik daarnatoe gaan.“

„Danspartije is ook maar net dure dinge,“ seg Dirk droog-weg, „en Ashton weet self dit di beste, dat ik in di laaste tijd ni banje kan mis ni.“

„Dit is alles gekkigheid,“ was di antwoord. „Jou sake staan glad ni sleg ni. Jij maak waarlik of jij doodarm is, en daar is niks waar jij nodig het om bang voor te wees ni. Ons wil ook 'n bietji met onse dorp en distrik spog, en iedereen seg dat daar in di hele buurt ni 'n vrou is, wat beter dans en haar beter kan aantrek dan jou vrou. Daar is misskien ook ni een ni, wat so mooi is,“ voeg hij met 'n glimlag bij.

Half van ergernis en half van genoege word Anni rooi. Elke vrou hoor tog maar graag, dat di mense seg dat sij mooi is.

„Jij moet seker kom," seg Ashton, toen hij sien dat Dirk ni antwoord gee ni. „Ons kan di andere ladies van andere plekke ons ni laat baas raak ni. Jou dresse is altijd ewe mooi, en als jij nog di armbande aan het, wat ik nou te koop het, sal jij al di ander klop."

„Wat ver armbande is dit dan, waar jij van praat," vraag Anni met grote belangstelling.

„Dit is armbande, wat ik moet verkoop met 'n boedel, wat ik moet regmaak. Ik het eers plan gehad, om hulle Kaap-toe te stuur; maar mijn agent daar wil hê, dat ik eers hier sal probeer. Hulle is ni so duur ni, als in aanmerking genome word hoe kosbaar hulle is. Ik kan hulle ver £50 verkoop. Bijna al di dorpsladies het al kom kijk, maar ni een het dit nog durf koop ni. Jou buurvrou, Miena Hardeberg, het mij laat weet, dat ik hulle maar na haar moet breng, want dat sij tog maar di enigste vrou in di distrik is, wat hulle kan betaal. Morre wil ik dan ook daarna-toe gaan. Sij sal hulle seker koop."

„So, seg Miena dit," roep Anni, terwijl sij ewe kwaai opspring, „net of Dirk dit ook ni kan koop ni."

„Jij moet jou ni gek hou ni," seg Dirk, wel wat ruwweg, want hij het so maar geskrik toen hij van koop hoor. „Ik sal ni so dwaas wees om ver armbande so veel geld uit te gee ni. Ik kan di ponde tegenwoordig wel wat beter gebruik."

„Maar, meneer Ashton, is di armbande dan waarlik so fraai," vraag Anni, wat te veel om Miena gedenk het, om banje na Dirk te luister. "£50 is tog maar banje."

„Hulle is met een woord pragtig," was di antwoord van Ashton. „Wag, ik sal julle laat sien, ik het hulle in mijn portemento."

„Laat di armbande maar staan, Ashton!" seg Dirk „laat ons nou gaan slaap."

Dog Aston was al opgestaan en gaan di kamer uit sonder op Dirk te let.

„Jij is vandaag so nukkerig, dat 'n mens niks met jou kan begin ni; wat ver sonde is daar nou in om daarna te kijk.“

„Van kijk kom koop, Anni!“ seg Dirk, „en koop sal ik tog ni.“

Anni gee geen antwoord en kort daarna kom Ashton di kamer weer in; hij hou 'n mooi dosi in sijn hand.

„Het jij ooit so iets pragtigs gesien?“ vraag Ashton, toen hij di dosi oopmaak en di armbande uithaal. „Ik het hulle laat waardeer deur 'n man wat daar banje kennis van het en hij seg, dat hulle spotkoop is ver £50. Als dit ni was ni, dat ik di boedel nou moet regmaak, en dat di erfgename hulle geld moet hë, dan sou ik hulle ver di prijs ni laat gaan ni.“

Di armbande glinster in di lig van di lamp, en di oge van Anni het nog meer geglinster, toen sij na di armbande kijk. Waarlik! hulle lijk pragtig.

Ver 'n paar minute hou Anni hulle in di hand, maar toen kon Anni di versoeking ni weerstaan ni, sij moet hulle aanpas.

„O! hoe pragtig mooi,“ seg Ashton opgetoge, „nou jij hulle aanhet, nou kan ik eers sien hoe fraai hulle is. Dit is net of hulle ekspres ver jou gemaak is.“

Anni het ook so gedenk. Toen sij di armbande ophou sien sij al in haar verbeelding hoe fraai dit sou wees als sij daarmee op di danspartij kon kom. Nou, juffrou! niemand moet hulle koop of draag, dan jij alleen, roep Ashton. „Berg di goed weg, Anni,“ seg Dirk kort-af. „Ik koop hulle tog ni!“

Ontevrede kijk Anni op en langsaam maak sij di armbande los. Sij kon van hulle ni skei ni. Di glans het haar oge verblind. Met 'n sug leg sij hulle ten laaste weer op di tafel neer.

„Jij kan hulle maar gerus koop en jou vrou persent gee, Dirk!“ seg Ashton, wat ver Anni aankijk. „Jij het mos ni nodig om dit so dadelik te betaal ni. Jij het

eigenlik glad ni nodig om ver hulle geld uit te gee ni; als jij hulle koop, dan gee jij maar net ver mij 'n bewijsi ver dri of ses maande. Als julle hulle dan ni langer wil hê ni, dan kan julle hulle net weer verkoop. Ik is seker jij sal daar nog op verdien ook."

„Jij sou mij net 'n groot plesier doen, Anni," seg Dirk sonder Ashton antwoord te gee, „als jij di goed laat staan. Ik het ver mij vandaag voorgeneem om ni lig weer mijn naam op papier te set. Daarenbowe is dit ook glad nog ni seker ni, of ons wel na di danspartij sal gaan."

„Wel, als jij so dwars is, Dirk, kan alles maar blij," antwoord Anni, terwijl sij di armbande weer opneem en bekijk. „Di aanbod van meneer Ashton is anders ni so sleg ni, maar ik sal tevrede wees." Anni leg daarop di armbande in di dosi en gee dit aan Ashton terug.

„Dit is daarom tog jammer, dat julle ni wil koop ni," seg hij. Ik sal hulle dan maar morre aan Miena moet uitveil. Hulle pas eigenlik tog ni bij haar ni."

„Dit kan mij bedroef weinig skeel of di bij haar pas of ni," seg Dirk en staan met eens op. „Ik wil nou gaan kijk of di jong di perde goed besorg het en dan gaan ik slaap, ik is moeg."

Met di woorde gaan Dirk di deur uit. „Wat skeel jou man vandaag, juffrou?" vraag Ashton na 'n rukki. „Hij is so nukkerig en kort-af als ik hom nog nooit gesien het ni."

„Dirk het rusi gehad met oom Karel," antwoord Anni ontevrede. „Oom Karel het seker weer o'er onse manier van lewe gepraat. Dit is net 'n ergenis, dat 'n mens ni kan maak soos jij wil ni; maar di mense in di onderveld weet ook van niks ni en ik moet daaronder lij. Als daar geen rusi was ni, dan het Dirk misskien di armbande gekoop."

„Tog is dit jammer dat hij dit ni koop ni," antwoord Ashton. „Miena Hardeberg sal dit seker koop, soos ik reeds geseg het, en jij weet self hoe sij sal spog. Dit is ook ni nodig dat jij sal agterstaan ni; dog ik het 'n plan," gaan hij met 'n allerlieflikste glimlag voort. „Als jij ver mij net wil vertrou, dan sal ik wel sorge, dat

jij dit tog sal krij. Jijself weet goed dat ik enige ding ver jou sal doen."

Di toon en di manier waarop Ashton dit seg, het ver Anni eigenlik ni aangestaan ni. Hij was nog nooit so gemeensaam gewees ni, maar di begeerte na di armbande het haar o'ermeester. Sij kon daar ni van afsien ni.

„Laat tog liewer staan, meneer Ashton!" seg sij later. „Di ding sal net rusi veroorsaak tussen mij en mijn man."

„Wees daar maar ni bang voor ni," antwoord Ashton, terwijl hij so bij ongeluk sijn hand op haar hand leg.

Verontwaardig trek Anni haar hand terug.

„Ekskuus Juffer!" seg Ashton. „Ik sal morre wel mijn plan klaar hê. Ik is seker dat jij daarop sal ingaan; reken vas dat di armbande van jou is."

Dirk kom toen di kamer weer in en di gesprek word afgebreek. Weldra het almal gaan slaap.

„Gáán slaap, of slááp, is twee verskillende dinge, en geen een van di dri het eigenlik di slaap kon vat ni. Di geskiedenis van di dag, di twis met oom Karel en daaren-bowe di halwe ongenoege met sijn vrou, het ver Dirk gehinder. Daarbij kom nog, dat hij niks als bewijsies voor sijn oge sien swewe, en nog, toen hij in slaap was, droom van boedel o'ergee.

Met Anni het dit ni beter gegaan ni. Di armbande hou haar nugter wakker. Dit is net of hulle dwars deur di dosi in di donker skijn en glinster. Als sij om Miena denk, wat dit sal koop, dan kan sij gerus opstaan. Di voorstel van Ashton was so aantrekkelik, dat sij gedenk het, dat Dirk dit kon aangeneem het. Sij was heeltemaal ontevrede en slaap eindelik in, met di voorneme om tog maar te probeer om di armbande te krij.

Ashton kon ook ni gou slaap ni, dog van sijn gedagte sal ik liewer niks seg ni. Jij kan, als jij lus het, dit self lees in Psalm 36: 4, 5.

Di ander dag morre was elkeen vroeg op, en Dirk, wat hom vas voorgeneem het om di armbande ni te koop ni, het gemeen om slim te wees en buite te blij. Met Ashton rusi te maak, sou hom ni betaal ni: hij was te

veel in sijn hande; maar hij het hom tog voorgeneem om te probeer van di Engelsman los te kom. Di ding begin hom te hinder.

„Wel Juffer!" seg Ashton toen Dirk uit was en hij 'n rukki alleen met Anni in di huis was. „Ik het van-nag o'er di armbande-saak nagedenk en 'n plan gemaak, wat ons makkelik kan uitvoer. Ik sal ver Dirk seg, dat ik di armbande ni sal verkoop ni en hulle hier sal laat blij. Jij kan dit dan gebruik; al wat daar nodig is, is dat jij mij 'n briefi gee ver dri maande. Ik het al so 'n bewijs klaar gemaak, sit maar jou naam daaronder. Kwaad kan dit ni doen ni. Jij is met huweliks-voorwaarde getroud. Als di danspartij verbij is, en jij Dirk ni kan o'erhaal om di armbande te koop ni, dan sal ik hulle weer vat en dit ver jou verkoop. Niemand het nodig om daar iets van te weet ni. Ik sou jou ni eens 'n briefi vraag ni, dog ik moet dit doen om di boedel reg te maak. Di voorstel van mij kan jij gerus aanneem."

Daar word altijd vertel, dat Eva dit maar swaar gehad het, toen di ou vijand haar di mooie vrug wijs: net so swaar het Anni nou ook, toen sij di dosi in Ashton's hand sien en di fraaie voorstelling hoor. Sij het goed gevoel, dat di voorstel verkeerd was, maar na di o'erdenking van di nag was sij al half o'ergehaal, en toen spogduiwel weer di armbande voor haar oge laat glinster, kan sij ni hou ni. Tog seg sij nog:—

„Ik sou dit liewers ni doen ni, meneer Ashton! Dirk sal al te kwaad wees als hij daaragter kom. Ik sou hulle wel graag wil hê, maar daar is nou niks aan te doen ni. Ik dank jou wel voor jou vrindelikheid, dat jij soveel moeite gemaak het."

„Jij is verniet bang," herhaal Ashton. „Jij kan gerus op mij reken. Ik sal sorg, dat jij ni in di moeite kom ni. Sit gerus jou naam hieronder; anders moet ik hulle aan jou buurvrou verkoop, wat jou seker hartelik sal uitlag. Dit sal mij banje hinder."

„Toe tog," seg spogduiwel daarbinne in Anni's hart. „Jij sal jou tog ni laat uitlag ni; teken maar;

jij het ni nodig om te lieg ni; dit sal Ashton wel doen."

Toen Ashton sien dat Anni twijfel, haal hij 'n papiertji uit sijn sak en leg dit voor haar neer. Pen en ink het altijd daar klaar gestaan. Hij steek di pen in di ink en gee dit aan Anni o'er. „Hier," seg hij, „teken maar hier en alles is klaar."

Anni twijfel nog ver 'n ogenblik; op di end vat sij di pen, kijk di papiertji deur en teken haar naam.

Als sij opgekijk sou hê toen sij dit doen en di duiwelse glimlag sou gesien hê, wat op Ashton sijn gesig was, dan het sij misskien tog nog di pen neergegooi; maar nou was dit te laat. Sodra sij klaar het, vat Ashton di bewijsi, vou dit op en steek dit in sijn sak.

Pen en ink is gou weer weg gesit en Ashton het di armbande gehaal. Anni kon di versoeking ni weerstaan ni om hulle nog 'n slag te bekijk. Toen sij hiermee besig was, kom Dirk in di kamer.

„Is julle dan nog ni met di armbande klaar ni," seg hij half nukkerig. „Ik koop hulle tog ni, berg hulle gerus nou weg."

„Dit is ook glad ni nodig ni," seg Ashton haastig, daar hij sien dat Anni rooi word; „ik het 'n ander plan gemaak; ik sal hulle vereers ni verkoop ni, maar hulle hier laat blij. Ik gaan nou ni dorp-toe ni en ik het ni lus om hulle saam te neem ni. Jou vrou kan hulle wegberge en bewaar. Sij kan hulle ook maar gebruik en op di danspartij draa; jij het volstrek ni nodig om hulle te koop ni."

„Maar Anni het nog nooit met andermans goed gepronk, en sij sal daar nou tog ook te hoogmoedig voor wees," seg Dirk ontevrede. „Ik wou wel dat di dinge uit mijn huis was. Hulle is mij tot 'n ergernis."

Toen Anni sien hoe ontevrede Dirk was, het sij al spijt gekrij, dat sij Ashton sijn sin gedoen het. Sij troos haar egter, dat hij dit wel sal reg lieg. Sij weet dan ook ni wat te seg ni.

„Berg di armbande maar, juffrou!" seg Ashton, „Dirk

is verniet so nukkerig. Ik sal hulle wel weer kom haal. Draag hulle ook maar op di danspartij, di ladies sal dan sien hoe mooi hulle staan en ik sal hulle banje beter verkoop. Dirk kan di klein plesiertji ver mij o'erhê."

„Wel doen julle sin," antwoord Dirk. „Ik sien di plan is al klaar gemaak; ik sal maar ingee, anders is daar weer ontevredenheid. Berg di goed nou weg, ik het daar genoeg van."

Anni laat haar dit ni tweemaal seg ni. Blij om uit di kamer te kom, het sij dit gaan wegberg.

Na 'n rukki laat Ashton sijn spider inspan en rij weg; maar ni, voordat hij Anni nog ewe stilletjies ingefluister het: „Alles sal reg kom."

---

## HOOFDSTUK III.

Als o'erlede meneer Brand net geweet het, hoeveel misbruik di mense van sijn ou welbekende spreekwoord: „alles sal reg kom"—sou maak, dan het hij misskien dit nooit so banje geseg, hoewel hij tot troos dit kon het, dat op di een of andere manier di mense van Adam sijn tijd af al di gedagte, dat „alles reg sal kom„ misbruik het. Ja, „dat alles reg sal kom," met gebed en werk en uithou, dit is waar, maar op 'n ander manier ni. Banje mense het egter 'n ander geloof. Hulle meen, dat hulle iets anders sal maai als hulle gesaai het, en dat uit di kwaad wat hulle doen nog iets goeds sal groei. Di geloof is net makkelik. 'n Mens het dan ni nodig om hom groot moeg te maak ni o'er enige ding. Hij kan net lewe en doen wat hij verkies, en di res aan sigself o'erlaat.

Di ongeluk egter van di makkelike geloof is, dat dit jou net in di steek laat, als jij dit di meeste nodig het, en jij op di manier erg bedroge uitkom. Daarom kijk partij mense so vreemd op als di straf op di sonde volg, of di bankroetskap op skuld. Daar is nog al te banje, wat hulle verbeel om morre vroeg di manna, uit di hemel

geregen, voor hulle deur te sien leg; hoewel hulle nog nooit vaste tijding gekrij het, dat dit nog in ons tijd gebeur.

Di makkelike geloof was ook di geloof van Anni en Dirk, en hulle het ieder op sijn manier hulle met di geloof getroos als hulle aan di toekoms denk. Di armbande was netjies opgeberg, maar gerus was Anni ni. Sij was ni so dom ni, of sij het wel gevoel, dat sij verkeerd gedaan het om buite wete van Dirk dit te koop en di bewijs te teken; maar als sij angstig word, seg sij net: „alles sal reg kom.“ Als sij wat erg benoud word, dan gaan sij in di kamer, haal di kosbaarhede uit en pas hulle aan. Voor di spiegel bewonder sij haarself en dan vergeet sij al haar besware. Dat Miena amper van afguns sou dood gaan, als sij di pragtige versiersels sien, is ook al 'n sterke middel, en di gedagte, dat sij di mooiste en bes gekleede vrou uit di distrik is, help fluks om alle gewetenskwellings stil te maak. Met dit al het sij tog gewens, dat di danspartij al verbij sou wees, om dan op haar gemak 'n plan te maak om di armbande te verkoop, of wat sij nog liewers wou hê, op di een of ander manier Dirk om te haal om hulle te koop; en so uit di moeilikheid te kom, sonder hulle te verloor. Di kans lijk egter ni goed ni, want van di dag wat Dirk met oom Karel woorde gehad het, was hij bisonder stil geworde, en als sij probeer iets van di armbande te seg, het sij 'n verkeerde antwoord gekrij, dog di moed opgee wou sij ni.

Als sij alles geweet het, dan het sij tog ver Dirk jammer gekrij, want lekker had hij ni. Hij moes hom ook maar met meneer Brand sijn spreekwoord opvrolik en sterk maak. Maar partij dage gaan dit swaar. Di woorde van oom Karel het groot indruk op hom gemaak, en dat George sijn plaas „Bankroetkraal" genoem het, hinder hom vreeslik. 'n Paar dage na di gesprek het hij op 'n aand, toen Anni wat vroeger gaan slaap het, 'n paar ure bestee om sijn affêre na te gaan; sijn boekies en rekenings 'n bietji deur te loop en sijn balans op te maak, en van di tijd af was sijn plesier uit. Di aand het

hij getel en gereken, dog dit het hom niks gehelp ni. Toen hij so al sijn grote en kleine skulde onder makaar gesit het, was di so groot, dat hij verstomd was. Vas was hij en los-kom was min. Di ergste was dat hij in di hande van Ashton was, wat met hom kan doen wat hij wou. Vrindskap met 'n mens te hou, is partijkeer plesierig, maar om verplig te wees om 'n mens tot vrind te neem is 'n ander ding. Dat 'n ander o'er ons baas is, maak ons altijd nukkerig en geen vrindskap is daartegen bestand ni. 'n Ketting is ni lekker ni. Hoe banje Dirk ook vroeger van Ashton gehou het, hij begin nou anders te denk; hoewel hij verplig was hom anders voor te doen.

Toen Dirk so gevoel het, het hij probeer om op 'n ander manier gehelp te worde. Hij het na meneer Meyer gegaan, wat vroeger di agent van sijn o'erlede vader en van homself was, om met hom planne te maak; maar dit het hom ni gehelp ni, daar di man meer van sijn sake wou weet dan hij lus gehad het om hom te vertel. Al wat daar dus o'erblij was om te seg: „alles sal reg kom" en met di oue lewe voort te gaan.

Di dag van di resies en danspartij het eindelik gekom, en vroeg in di morre was Dirk sijn spider voor di deur. Met di grootste sorg was alles in orde gebreng. Spider, pêrde, tuige, alles soos dit moet wees; daar was ni 'n fout te vinde ni. Tog het Dirk moeite gehad om hom tevrede te maak, daar hij banje meer lus het om tuis te blij dan te gaan. Als hij na di goed kijk, dan is dit hom of hij dit al op di vendusi sien, en so gaan di aardigheid daarvan af. Daar kom nog bij, dat hij di vorige Sondag op di dorp was en dat meneer 'n ernstige preek tegen al di ijdelheid gehou het. Wel was Dirk te hoogmoedig gewees om te erken en het hij met andere saamgedaan om met di preek te spot, maar di woorde was raak, en di gesig van oom en tante, wat ook in di kerk was, het di indruk sterker gemaak. Hij het egter met Anni daar ni o'er gepraat ni, daar hij o'ertuig was, dat dit hom ook weinig sou gehelp het.

Anni het vroliker gelijk, maar tog was sij glad ni so gelukkig ni als sij gedenk het. Vroeg opgestaan, het sij haar mooie klere reggemaak en haar nog eens verlustig in di glans van di armbande, wat sorgvuldig ingepak saamgaan. Maar sij het 'n sekere seneweagtigheid ni van haar kon afset ni. Sij voel angstig en gejaag, en op pad na di dorp het sij voortdurend deurgepraat, om haar gedagte te verdring.

Di dorp was vol mense. Van alle kante was hulle toegestroom en plesier was vandaag koning. Op di resiesbaan was al di mense van Praatville rijk en di geld werd gemors soos water. Van verdriet of moeite het daar niemand gepraat ni. Dirk het so goed als eenigeen saamgedoen. Di drukte om hom heen het hom sijn moeilikheid laat vergeet en 'n paar ekstra glase wijn het hom 'n rijk man gemaak. Amper het hij gedenk dat hij glad los was, tot meneer Telheim, di grootste winkelier, wat hom opsij geroep en gevraag het om, als hij weer op di dorp kom, tog 'n klein bietji bij hom aan te kom. Dirk weet goed dat dit om di rekening was, dog ook di bewustheid werd gou vergeet. Di resies-pêrde hardloop, Dirk wed en wen, wed weer maar verloor. Dog dit is alles niks ni. „Alles sal reg kom."

Maar boweal was Anni in haar glori. Al haar sorg was weg. Bijna al haar vrinde was daar, en als sij so rond kijk, dan sien sij goed, dat daar ni een is wat so netjies aangetrek is ni als sij. Alles wat sij het is beter. Spider, perde, klere; sij blink uit; 'n mens kon sien dat sij banje beter opgevoed was dan di andere rondom haar. 'n Ieder wat bij di spider kom, prijs haar en haar goed, en wat sou dit wees als sij eers in di aand in di volle prag is van klere en di skitterende armbande wat bo algar sal uitsteek. Sij drink nou di plesierbeker bijna ongemengd; sij verstaan nou dat ieder van haar praat als van di „mooi vrou."

Maar heeltemaal ongemengd is di plesierbeker nooit en di bittere druppel was vandaag: Ashton! Hij was natuurlik ook daar. Hij was een van di voormanne van di

resies en had dit banje druk; maar ieder ogenblik wat hij kon uitspaar, was hij bij di spider. Hij was vrindelik genoeg; daar ontbreek dit ni aan ni. Onwillekeurig denk Anni egter als sij hom sien aan di bewijsi. Sij kon dit ni heeltemaal van haar wegset ni.

Een troos was daar ten minste, dat daar van oom Karel sijn mense ni een was ni. Ni dat George geen lus had ni, maar oom Karel was daar te erg op tegen en so moes almal tuis blij.

Eindelik was di resies afgeloop en di rijtuige en perderuiters gaan dorp-toe. Dirk gaan ook. Hij het 'n ordentelike kerkhuisi op di dorp gehad, waar alles behoorlik ingerig was. Moeg van di drukte het hij liewer di aand in sijn huisi wou blij; want toen hij weer alleen was, kom di sorg ook weer bij hom; dog daaraan was ni te denk ni. Hij durf daar ni eens o'er praat ni.

Soos di gewoonte is op di onderveldse dorpe, het di magistraat di kantoor ver di danspartij afgestaan, wat daarvoor regte geskik was. Di hofsaal was di danskamer en di ander vertrekke was ver rookkamers en verversingkamers ingerig. Di hofsaal was netjies versierd en di bende van dri musikante was ook daar. Een van hulle was wel 'n bietji erg donker, dog dit het ni gehinder ni.

Dit het net 'n hele tijd geduur eer Anni klaar was om te gaan. Sij sou opsettelik 'n bietji laat kom, dat al di mense haar kon opmerk. Maar daar was ook soveel aan di klere reg te trek en in orde te skik, dat dit vanself laat worde eer di spiegel uitspraak doen, dat alles in orde en sij met haarself voldaan was, en dus di spiegel kon verlaat. Ten laaste was alles in orde. Nou word di armbande uitgehaal en aangeset. Di tijd van o'erwinning was gekom. O! hoe fraai blink hulle en hoe heerlik sal dit netnou wees.

Dirk, wat allang aangetrek was, het al moeg geworde van wag en ongeduldig rondgestap, maar toen Anni op di end uit di kamer kom nes 'n koningin, moes hij self erken, dat sij daar pragtig uitsien.

Dit was ook di gevoele van al di mense wat in di

kantoor was. Toen sij inkom, gaan daar 'n gefluister van bewondering rond. Dit was maar al te waar wat Ashton geseg het. Sij was tog di mooiste vrou van di distrik. Haar pragtige danstabberd het haar mooi figuur o so skoon laat uitkom. Hoe blink di armbande op di witte arms! Al di mense kijk daarna; al di ladies wil dit nader besien; nog nooit in haar lewe het Anni so hoogmoedig gevoel ni. Dit is waar, Miena was ook daar, pragtig aangetrek, maar als sij naas Anni staan, dan is dit net of jij 'n sterretji bij di son sien. Jij kan daar niks van bespeur ni. Dirk denk bij homself: wel, als 'n mens ook so 'n mooi vrou het, dan mog jij wel haar sin doen.

Nadat hij 'n rukki in di danssaal was, gaan Dirk, wat nooit veel en van aand nog minder van dans gehou het, na 'n ander kamer wat ver rook-en drinkkamer klaargemaak was, sodat Anni in di danssaal agterblij. Anni het egter geselskap genoeg. Al di here was maar blij om met haar te dans.

Ashton was 'n onvermoeide danser en het ook ver Anni om 'n dans gevraag, wat sij hom ni wou weiger ni, veral ook omdat sij tog wat met hom wou praat. Toen hulle moeg was van dans, het hij haar voorgestel om 'n bietji in 'n ander kamer te rus en wat te gebruik. Toen sij toestem gaan hulle uit di saal na di kamer. Di kamer was amper so groot als di danssaal en omdat daar min mense in di kamer was, het hulle daar 'n goeje gelegenheid om 'n paar woorde te praat, sonder dat andere dit kon hoor. Moeg van di dans het Anni in 'n makkelike stoel neergeval, terwijl Ashton half agter haar staan. „Jij sien daar van aand bisonder goed uit," seg hij met 'n bewonderende blik, „jij het seker ook opgemerk, dat ieder in di saal na jou gekijk het. Jou liewe buurvrou kon amper haar afguns ni bedwing ni." Natuurlik het Anni dit di beste van algar gesien; tog seg sij met 'n glimlag: „Og nee, daar is banje ander ladies wat veel beter aangetrek is als ik."

Dit was 'n ding wat Ashton glad ni wou toestem ni. Hij hou vol dat sij bo almal uitsteek. „Dit is tog

maar goed,“ seg hij, „dat jij na mij geluister en di armbande geneem het. Al di mense praat daaro'er.“

„Ik is tog ni heeltemaal tevrede ni,“ antwoord Anni, „en nou dat di danspartij verbij is, moet ons 'n plan maak om weer van hulle af te kom. Ik is o'ertuig dat Dirk hulle tog ni sal koop ni, en als dit ni gebeur ni, dan weet ik ni waar ik geld sal krij om di bewijsi te los.“

„Ik sal daar wel voor sorg,“ seg Ashton; „ik is ook verplig daarvoor te sorg, want ik het di bewijsi verdiskonteer en di geld opgestuur. Ik is dus verplig om te sorg; anders kom dit op mij neer.“

„Verdiskonteer,“ seg Anni verskrik, want hoewel sij ni so danig banje van bewijsies afweet ni, het sij tog wel verstaan dat di bewijsi nou in ander hande was. „Dit is ni soos jij mij beloof het. Als ik dit geweet het, sou ik dit nooit geteken het.“

„Ik kon dit ni help ni, ik moes di boedel regmaak, maar moeite sal jij daar ni deur krij ni. Op di vervaldag sal ik klaar wees en dit los.“

Wat Ashton daar geseg het was 'n leugen. Di bewijs was nog bij hom, hij het Anni net wou bang maak.

„Maar kan jij dan ni di armbande ver mij verkoop ni,“ vraag Anni na 'n paar ogenblikke van swijge.

„Dit sal op di ogenblik ni so makkelik gaan ni, maar maak jou ni angstig ni. Ik sal alles regmaak en ik sal boweop nog sorg dat jij di armbande kan hou. Ik sal hulle aan jou present gee.“

Di manier waarop Ashton dit seg, het Anni ni aangestaan ni. Toornig het sij opgestaan. „Ik neem ni presente van 'n ander man aan ni,“ seg sij.

„Wees maar ni kwaad ni, juffrou,“ seg Ashton, terwijl hij haar hand vat en sig o'erbuig en 'n paar woordjies fluisterend met haar praat.

Krak! Krak! wat is dit! Verskrik kijk di ander mense, wat in di kamer is, op en sien Ashton half op di grond leg. Dit skijn of hij gestruikel het o'er di stoel; so seg hij ten minste, toen di mense kom om hom op te help. Beseerd is hij ni erg ni, net vol stof. Hij moet

hom nou gaan afborsel. Anni skijn ni veel medelijde met hom te hê ni, want sonder te praat gaan sij na di danssaal terug. Ashton kijk haar kwaad agterna.

In di danssaal vind Anni ver Dirk, wat weer kom kijk het. „Skeel jou iets, Anni!" seg Dirk toen hij bij haar kom, „jij lijk so bleek."

„Ik het net erg hoofdpijn," seg sij, „dit is hier ook so erg warm."

„Maar waar is Ashton?" vraag Dirk. „Ik het gedenk julle is saam na di ander kamer gegaan."

„Ashton sal netnou wel kom, hij het gestruikel en sijn klere vuil gemaak," antwoord Anni onverskillig.

Dirk het ver Anni bisonder vreemd gevind, maar blij stil.

Ashton het ni teruggekom ni. Hij het 'n skraap in sijn gesig gekrij toen hij o'er di stoel geval het. Hij was ook vreeslik boos en hij moes hom goed hou om niks te laat merk ni. Dit duur ook ni lang ni of hij het stilletjies huis-toe gegaan, terwijl hij in sijn hart Anni verwens.

Di struikel was dan ook ni heeltemaal 'n ongeluk ni. Toen hij hom o'erbuig om Anni mooie woordjies in te fluister, wat sij ni wou hoor ni, het di Engelsman hom vergis. Anni was wel ijdel en spoggerig, maar tog ook trou en eerlik, en voordat sij daaraan denk, het sij hom 'n slag in sijn gesig gegee wat hom agteruit laat spring. Hij was di aand ni al te vas op sijn bene ni en so val hij op di grond.

Nou ik weet wel, dat ik misskien beter sou gedaan het om dit ni te vertel ni, want banje nooiens, wat dit lees, sal Anni wel di spoggerigheid vergewe; maar ni dat sij haar so gedraa om 'n man 'n klap te gee. Ik stem toe, dat sij dit op di Seminari ook ni geleer het ni, dog hoe sal jij maak als di ou'e Afrikaner-bloed, wat reg en trou is, warm word. In elk geval, ik moet tog di waarheid vertel.

Nadat Anni nog 'n half uurtji in di danssaal gewees was, seg sij ver Dirk, dat haar hoofdpijn erger word en dat sij liewer huis-toe wil gaan. Dirk was maar blij; hij

was ook al moeg, en lang voordat di partij o'er was gaan al twee weg.

Uittrek is partijkeer plesieriger dan aantrek, maar ook partijkeer omgekeerd. Ver Anni was dit so. Met plesier in di hart het sij heengegaan, met verdriet en ontevredenheid kom sij terug. Di armbande skijn nou al hulle glans verloor te hê. Hoewel sij in haar gewete gevoel dat sij reg gedaan het om di Engelsman tot sijn plig te breng, gevoel sij tog ook dat alleen di lus om te spog haar in di moeilikheid gebreng het. Hoe dof blink di goud en steentjies nou. Di plesier was o'er.

Toen sij eindelik na veel moeite deur vermoeienis in slaap val, was dit ver haar alsof sij di storm, wat netnou uitbars, al hoor aankom.

---

## HOOFDSTUK IV.

Di morre na di danspartij rij Dirk en Anni weer van di dorp na hulle huis; albei egter in 'n seer nare en gedrukte stemming. Voordat Dirk ingespan het, was hij effentjies na meneer Telheim gegaan, wat hom heel vrindelik maar tog ook tamelik ernstig onder di oog gebreng het, dat dit nou al tijd word, dat hij sijn rekening betaal. Dit het Dirk nog nooit in sijn lewe gebeur. Eers wou hij kwaad worde, maar daar hij ni geld het ni, was hij verplig di winkelier met mooie praatjies te woord te staan. Ni wonder ni dat hij nou min lus het om te praat. Anni het sig nog meer beswaard gevoel. In di nag het sij min gerus en met 'n beswaarde hart di morre opgestaan. Dirk het in di dorp gaan rondloop, terwijl sij alleen in huis blijf. Di grote vraag ver haar was: of sij Dirk ni alles sou vertel ni; dog toen Dirk tuis kom, was sijn gesig so bedruk, dat haar hart haar begewe en sij glad ni durf praat ni. So was dit ook op di spider. Ieder keer probeer sij om te praat, maar Dirk gee ternouwernood antwoord. Hoe kon sij met hom in di stemming nog o'er di saak van di armbande praat. Hulle reis

na huis lijk banje meer op 'n terugkeer van 'n begrafenis als van 'n danspartij.

'n Paar dagê het op di manier verbijgegaan; geen een van di twee het meer o'er di danspartij gepraat ni; dit was nes of daar 'n lijk in di huis was.

Di moeilikhede waarin Dirk was, het hom egter gedwing om 'n besluit te neem. O! hoe graag het hij nou oom Karel om raad wil vraag, maar daaraan was ni te denk ni. Op di end het hij besluit om weer dorp toe te rij en reguit met meneer Meyer, di ou agent, te praat en te sien, of di ni ver hom 'n goeje raad kan gee ni. Hij voel dat di strop, wat Ashton hom om sijn nek geset het, moet stukkend gebreek worde.

Toen Anni ver Dirk di morre sien wegrij, het haar hart in haar lijf amper gaan staan. Sij lijk so bleek, dat Dirk, hoewel hij anders aan sijn eige gedagtes genoeg had, tog ni kon nalaat ni om dit op te merk en haar te vraa of sij siek was. Sij seg daarop nee, maar toen hij wegrij, het sij hom amper teruggeroep om hom alles te vertel. Terwijl sij nog staan te denk, trek di spider weg en met 'n bewende hart gaan sij in huis.

Sodra Dirk op di dorp kom, was sijn eerste loop na meneer Meyer in plaas van, soos gewoonlik, na Ashton. Meneer Meyer wat al 'n bejaarde man was, sit in sijn kantoortji te skrijwe, en kijk wel wat verwonderd op toen Dirk inkom. Vroeger het Dirk banje keer daar gewees, want meneer Meyer was oom Karel sijn agent en het ook altijd ver Dirk sijn vader gewerk. Hij het ook di boedel reggemaak. Nou was dit al 'n paar jare gelede dat Dirk ni bij hom was ni. Dirk voel half naar toen hij inkom. Di ou kantoor het nog so bekend gelijk.

„Wel, Dirk," seg di ou meneer vrindelik, „wat kan ik vandaag ver jou doen?"

Di vraag was juis ni so maklik te beantwoorde ni. Dirk was anders spraaksaam en woorderijk genoeg maar nou kan hij di begin ni reg krij ni. Toen hij so gesukkel het om behoorlik te begin, weet meneer Meyer ook al so maar dat dit om geld te doen was en het bedaard

afgewag tot Dirk klaar was. Di hoge woord moes eindedelik daaruit en Dirk seg, dat hij gekom het om raad en hulp te vraa. Hij het 'n bietji geld nodig en met skeertijd sou hij alles wel regmaak. Mense wat geld te leen vraag, het altyd 'n bietji nodig.

Meneer Meyer was egter glad ni so maar gewillig om dit te doen ni. Hij begin Dirk eers uit te vraa en Dirk begin gou uit te vinde, dat di ou kerel banje meer van sijn sake afwis, dan hij gedenk het of hom lief was. Daar help egter niks aan ni, Dirk moes altijd meer sijn sake blootleg.

Toen hij klaar het, blij meneer Meyer eers 'n rukki stil en seg toen: „Het jij rusi met Ashton gehad, Dirk?"

Dirk kijk verskrik op. „So ver ik weet ni," was sijn antwoord, „maar waarom vraag meneer Meyer dit."

„Vereers, omdat jij na mij toe kom om gehelp te worde en ten twede, om 'n ander rede."

Natuurlik wou Dirk di ander rede weet. Mnr. Meyer wou eers ni seg ni, maar toen Dirk 'n bietji aanhou, vertel hij hom.

„Di ander rede is, dat Ashton ver 'n paar dage al rondloop om partij van jou bewijsies te verkoop. Hij was ook bij mij om hulle te verdiskonteer, maar ik het dit ni wil doen ni. Daar is seker banje van sulke soort papiertjies in omloop, ni waar ni, Dirk?"

Dirk laat sijn kop hang. „Is mnr. Meyer daar seker van?" vraag hij stamelend.

„Natuurlik! Ik seg immers ver jou dat hijself bij mij was en ik het ver di vaste waarheid gehoor, dat hij ook bij andere gewees het. Daar is ni twijfel aan ni. Wat ver mij egter verwonder het was, dat hij ook 'n bewijsi van jou vrou het en wel ver £50."

'n Bewijs van mijn vrou!" roep Dirk en spring op nes of 'n slang hom gepik het. „Hoe is dit mogelik. Dit moet 'n valse bewijs wees; mijn vrou sal nooit so 'n ding doen sonder mijn wete."

„Ashton het ver mij vertel, dat di bewijsi was ver di mooi armbande, wat jou vrou op di danspartij aangehad het."

„Vals! vals! alles vals!“ roep Dirk. „Ik geloof van alles niks ni; mijn vrou sal so ’n ding ni teken ni, sonder dat ik daarvan weet en sij het ook ni di ellendige armbande gekoop ni; hij sou hulle net ver di danspartij leen, dan sou sij hom dit teruggee. Ik was bij di hele saak bij.“

„Versigtig, Dirk!“ seg meneer Meyer, „jij moet oppas wat jij seg, jij kan in di moeilikheid kom. Ashton sal ni verdraag ni, dat jij so iets van hom seg en hom beskuldig dat hij ’n valse hand gemaak het. Dit lijk mij ook ni so ni. Di hand van jou vrou ken ik ni en haar ook maar weinig; maar ik ken Ashton goed genoeg, om te weet, dat hij ni so maar ’n valse hand sal maak ni. Hij is ni so dom ni. Julle is op huweliksvoorwaarde getroud, en jou vrou het di volste reg om so ’n bewijs te gee. Wat ver planne sij met Ashton gemaak het, weet ik natuurlik ni, maar di bewijs is na mijn beskouwing eg en jij of sij sal moet sorg, dat di geld op di tijd daar is.“

„Hoe dit sal kan gebeur, weet ik ni,“ seg Dirk bij homself, “sij het ni ’n dubbeltji ni om te betaal; ik kan nooit deurkom ni.“ Al sijn moed en krag raak op.

„Kijk, Dirk!“ seg meneer Meyer, „jij sal self wel sien, dat ik jou ni so ineens kan help ni. Ik moet eers jou sake heeltemaal ken en dan kan ik eers sien of daar iets aan te doen is. Wat ik sal seg of doen is net omdat jou vader een van mijn beste vrinde was en dat jou oom Karel dit nog is. Kijk, Dirk! jij moet mij ni kwalik neem ni, wat ik ver jou seg, maar van al di dwase dinge wat jij gedaan het, is seker di dwaaste van alles, dat jij, soos ik hoor, met oom Karel rusi gemaak het. Wat ik nou ver jou kan raai is om ’n plan met Ashton te maak; hij het al jou bewijse in hande; maak met hom ’n plan als dit mogelik is; als dit ni wil strijk ni, dan kan jij weer na mij-toe kom en mij vertel. Jij moet oppas. In di laaste paar dage was daar al verskeie mense bij mij om aan mij rekeningetjies tegen jou o’er te gee om in te vorder, maar ik wou dit ni neem ni, omdat jou vader mijn vrind was. Verstaan nou goed,

belowe doen ik jou niks ni; maar als Ashton glad ni wil ni, dan sal ik sien wat ik kan doen."

„Ik sou banje liewers sien, dat meneer Meyer ver mij wou help," seg Dirk treurig; „ik is gek gewees om mij so met Ashton af te gee."

„Daar is nou niks aan te doen ni, misskien later."

Met di kleine stukki troos moes Dirk tevrede wees en heengaan; meer kon hij ni uit hom krij ni. Ander mense kom toen in en hij moes uitstap.

Met lood in sijn skoene, soos di mense seg, stap Dirk na Ashton toe. Hij loop met opset nog 'n paar strate om, om eers wat te bedaar. Hij verstaan goed, dat hij hom vrindelik moes hou, hoewel hij in sijn gemoed banje bitter tegen Ashton was. Dat Anni hom met di armbande so bedrieg het, het hom ook vreselik gehinder. Dit was nou net alsof al di dinge ineens op hom toeval. Als hij net eers di strop van sijn keel kon krij, dan sou alles wel gaan; dog di kans was nou erg swak.

Swaar, of ni swaar ni, na Ashton moet hij. Toen hij bij di Engelsman kom, sit hij in sijn kantoor te skrijwe en Dirk kon goed sien, dat hij bleek word toen Dirk inkom. Ashton staan egter op en groet ver hom, al was dit dan ni so vrindelik als vroeger ni.

Di gesprek wou ook ni glij ni. Eers gaan dit o'er allerhande onverskillige dinge. Dirk wou ni begin om o'er sijn sake te praat ni, en dit lijk of Ashton nog minder lus het om daaro'er te praat, sodat Dirk dit di beste reken om heen te gaan en o'er 'n paar dage terug te kom. Hij het ook al sijn hoed gevat en wou weggaan, toen Ashton sijn pen neerleg en terwijl hij hom aankijk seg hij op 'n koele toon: „Wag nog 'n ogenblik, Dirk! daar is nog 'n kleinigheid waar ik met jou o'er wil praat; daar is nog iets wat ons moet regmaak. 'n Paar van jou bewijse sal o'er 'n paar dage verval. Ik het gedenk, dat jij misskien aangekom het, om dit in orde te breng."

Di toon waarop Ashton di woorde uitspreek het ver

Dirk ni beval ni, maar daar hij hom voorgeneem het om ni kwaad te worde ni en hij tog verplig was om o'er sijn sake te praat, antwoord hij bedaard-weg: „Ik het nou geen geld ni; dit is nou ni skeertijd ni. Ons moet hulle nou weer vernuwe.“

„Vernuwe,“ seg Ashton, „dit gaan ni so maklik ni. Aan alles kom 'n end en aan vernuwe ook. Hulle is ni so klein ni en dit kan ni so aangaan ni. Di bewijse, wat ander week verval, bedraag ten minste £500; jij kan ni wil hê ni dat ik maar altijd sal aanhou om ver jou part te betaal en dan altijd op mijn geld moet wag.“

Daar is nou geen kans om jou te betaal ni, Ashton,'' seg Dirk, terwijl di woorde hom amper ni van di lippe kom ni. „Jij moet mij tijd gee, dan kan ik geld op mijn plaas opneem, of jou sekuriteit gee.“

„Sekuriteit te gee sal nou ni so gemaklik wees ni,“ herneem Ashton half spottend. „Daar is al 'n gerug in di dorp dat dit met jou sleg staan en dat jij net-nou sal moet boedel o'ergee. Ik verwag dat di aanskrijwings net-nou bij jou sal regen. Als di mense hoor, dat jij sekuriteit gee, dan sal hulle van alle kante op jou aanval. Gee liewer jou plaas aan mij o'er om te verkoop en betaal ver mij; misskien kom jij dan nog uit.“

„Als jij mij opdruk, dan moet ik bankroet gaan,“ seg Dirk met 'n bewende stem, „en dan verloor jij jou geld ook.“

„Misskien, en misskien ook ni,“ seg Ashton lompweg. „Ik denk, jij kan nog net uitkom, en als ik nog langer wag, dan maak jij net meer skuld en dan kom ik seker ni uit ni. Nou sal ik ni veel verloor ni.“

„Dit kan wel waar wees dat jij ni veel sal verloor ni,“ herneem Dirk, wat sijn bedaardheid begin te verloor, „jij het genoeg uit mij uitgekrij. Di meeste geld, wat ik jou skuldig is, is ver rente. Al krij jij di helfte uit, dan wen jij daar nog bij.“

„Dit is dan di dank ver di hulp wat ik altijd aan jou betoon het,“ seg Ashton, wat blij was om rusi te krij. „So is julle boere altijd. Als julle geld nodig het, dan kom julle ewe vrindelik; maar als di betaaldag kom, dan

is julle kwaad. Ik het jou waarlik al lang genoeg gehelp; probeer nou maar bij 'n ander, als jij ten minste 'n ander kan vind wat so gek is."

„Jou gemene verraaier!" bars Dirk los. „Jij het jou altijd als mijn vrind voorgedoen en nou op di end lijk dit anders. Denk jij dat ik ni weet, dat jij in di laaste dage rondgegaan het, om mijn naam sleg te maak ni? Nou soek jij mijn ondergang!"

„Ik soek niemand sijn ondergang en jou ondergang ook ni, maar mijn geld wil ik op mijn tijd hê, anders sal jij sien wat ik sal doen," seg Ashton ewe kwaai. „Skuld maak is ver jou lekker; maar betaal ni."

„Jij is di man wat mij altijd aangeset het om skuld te maak, en ni alleen ver mij ni, maar ook ver mijn vrou," skree Dirk.

„So, praat jij van jou vrou," seg Ashton met geveinsde vrindelikheid; „o ja! di het ook 'n bewijsi gegee ver £50. Sij het nog 'n bietji tijd; maar jij kan ver haar seg dat sij moet sorge dat di geld daar is op di vervaldag; of jij sal dit misskien wel o'erneem"...

„Jij is 'n leugenaar en bedrieger met jou ellendige armbande; tog sal jij jou laaste dubbeltji hê, al moet ik ver mij heeltemaal uittrek."

„Uitgetrek sal jij wel worde, daar hoef jij ni voor bang te wees ni," seg Ashton met 'n duiwelse lag. „Dit is nou met jou klaar. Sorg maar dat jij ander week di geld het om te betaal; want bedenk, als ik net mijn een vinger optel dan is jou kerk uit."

Sonder 'n antwoord te gee vlieg Dirk di kantoor van Ashton uit. Hij beef van woede en het amper 'n beroerte gekrij. Met moeite het hij sijn huis op di dorp gehaal.

„Baas!" seg Adonis, toen Dirk inkom, „op di tafel leg di briewe wat ik op di pos gekrij het; daar is net banje."

Adonis was reg. Daar was ook banje en toen Dirk di een na di ander opeskeur, het di meeste, ja bijna algar, diselfde inhoud gehad, namelik: 'n vrindelike versoek om te betaal. Dit was alsof al di skuldenaars op eenmaal saamgemaak het om hulle geld op te vraa. Geld! Geld!

Geld! Geld! vraa al di briewe, en geld was daar ni.

Verslage val Dirk op di stoel neer, di ope briewe leg voor hom. Dit woel en bons in sijn kop, alles deurmakaar; di swaarste van alles was ver hom dat Anni hom bedrieg het en dat haar bewijs ook in Ashton sijn hande was. Dirk blij 'n hele tijd so sit en sou seker ni aan inspan gedenk het ni als Adonis ni kom vraa het of baas dan van aand op di dorp wil o'erblij. Toen laat hij inspan en rij huis-toe.

Dit was 'n mooie agtermiddag toen hij na huis rij. Lang was dit droog gewees, maar 'n paar weke gelede was di regen gekom en di veld het sijn groene bruilofskleed aangetrek. Ook di dag was daar 'n klein donderbui gewees, maar nou was di son deurgekom en lag di aarde vrindelik toe. Di hele natuur het gejuig.

Plesierig draf di perde deur di nattigheid; hulle meen huistoe en Adonis het moeite om hulle te hou, maar Dirk het vandaag ver niks oge ni. Hij hoor ook ni toen Adonis opmerk, hoe di haar sijn kop net so hoog hou als di hot, en hoe di hot op di afdragend glad ni probeer het om te skop ni. Hij sit net en mijmer, dit is al. Adonis kijk ver hom aan, maar hou sijn mond. Sou baas Dirk siek wees, denk di hotnot, of sou dit met hom wees net soos met baas Floris, toen hij wou tou opgooi. Sou baas Dirk ook nou-strop trek?

Omtrent 'n kwartier van di plaas maak di pad 'n draai en kan jij di plaas so mooi sien, net voor 'n poortji. Van middag blink di wit huis so fraai in di lig van di ondergaande son en di lande voor di deur lijk so heerlik met hulle groene skat. Alles is fraai en lieflik. Selfs Adonis kon hom ni bedwing ni toen hij di skoonheid sien. „Alle wereld, baas! roep hij, di groot dam is gelijk vol. Nou sal ons di gesaaide sonder moeite groot krij. Kijk hoe fraai is alles."

Verskrik kijk Dirk op. Daar leg di plaas voor sijn oge, sijn plesier en sijn lus. Di trane kom hom in di oge, hij buig sijn kop op di bors en rij voort sonder op te kijk, totdat hij met di spider voor di deur stilhou.

Anni staan voor di deur op di stoep en wag Dirk af. Di onrus het haar al di hele agtermiddag uit di huis uitgedrijwe. Een blik op Dirk sijn gesig was genoeg om haar te vertel dat di storm op di dorp losgebreek het. Sonder praat klim hij af en gaan in di sitkamer, waar hij moedeloos op 'n sofa neerval.

Doodsbleek maar sonder praat, sien Anni dit aan, dog vraag durf sij ni.

„Het pa hoofdpijn," vraa klein Anni.

„Stil, dogtertji. Pa is siek; gaan maar gou slaap."

Haastig breng Anni di kleintjies in di kamer. Toen sij weer in di sitkamer kom, sien sij Dirk met di hand onder sijn kop, reguit voor hom kijk.

Anni kniel bij hom neer en kijk na hom op. „Wat is dit dan, Dirk?" seg sij lieflik. „Wat skeel jou?"

Verwilderd kijk Dirk haar aan. „O, dit is niks ni," seg hij met 'n koorsagtige laggi, „dit is niks ni, net maar dat ons bankroet is. Plaas en goed, alles moet ander week verkog worde. Ons is klaar. Niks sal o'erblij ni. Jou laaste dwaasheid met di armbande het di nekslag gegee. Ja, jij moes pronk, en nou kom di end. O! Anni, hoe kan jij ver mij so bedrieg?"

'n Stroom van verwijte, verdiend en onverdiend, stroom nou uit sijn mond. Nou verwens hij hom, dan weer sijn vrou. Tegenpraat doen sij ni. Bitter bedroef, snik sij en buig haar hoofd.

„Is daar dan niks aan te doen ni?" seg sij ten laaste.

„Nee! niks ni!" skree Dirk. „Ashton het alles. Als bedelaars sal ons di plaas moet verlaat. Og! was ik maar dood!"

Na 'n tijdji spring hij op, loop in di kamer, haal sijn papiere en rekenings, en kijk dit deur. Tot laat in di aand is hij daarmee besig, maar hulle vertel hom niks goeds ni. Eindelik gaan hij wanhopend leg en probeer om te slaap. Toen dit middernag was, had Dirk, soos Anni denk, 'n rasende koors.

---

## HOOFDSTUK V.

Wat 'n nag! Nog nooit het Anni in haar lewe so 'n nag deurgebreng ni. Sij het wel al 'n paar nagte gewaak, maar dit was bij di siekbed van vreemdes. Banje nagte het sij deurgedans, maar di was gou omgegaan. So 'n nag was egter genoeg om haar verstand te laat weggaan.

Met 'n skree was Dirk wakker geworde. Na veel sukkel het sij in slaap geraak, maar di nare gil van Dirk het haar deur di hart gegaan. Sijn gesig was vuurrooi, hij ijl en praat net soos 'n kranksinnige. Allerlei dinge praat hij deurmakaar. Nou praat hij van gelukkige lewe en roep haar met di vrindelikste woorde, en dan weer skel hij haar uit en verwijt haar dat sij deur haar spoggerigheid hom ongelukkig gemaak het. Dan verwijt hij weer homself, dan roep hij na oom Karel en dan vloek hij weer ver Ashton; en so gaan dit di nag deur.

Radeloos loop Anni deur di kamer. Sij praat mooi en soebat; al haar spoggerigheid is weg; maar dit help niks ni; Dirk raas maar voort. Wat sal sij doen; uitkoms sien sij ni; partijkeer wil sij in di kamer neerval, en di Heere aanroep om hulp; maar sij het di Heere so lang vergeet, dat sij dit ook ni durf waag ni; en bij di mense is niks te vinde ni. Op di end val sij tog in di eensame kamer, terwijl Dirk raas en skree, op haar kni'e en stort sij haar hart voor di Heere uit. Haar sonde kon sij ni terughou ni; alles vertel sij, en di rus kom.

Ja, nou krij sij 'n plan. Sodra di dag aanbreek sal sij Dirk aan di sorg van haar getroue meid o'erlaat en sal sij self rij om oom Karel en tant Saartji te gaan haal. Als sij self rij en haar verneder, dan sal hulle misskien kom. Di ou mense sal seker help. Als Dirk nou net wat bedaar, dan sal sij probeer.

Toen dit so na dag toe gaan, word Dirk 'n bietji stiller en begin sij 'n kans te krij om haar plan uit te voer. Dit was egter ni so maklik ni. Aan Dirk wou sij

niks seg ni; sij het daarom aan ou Antji geseg dat sij hom moet vertel, als hij wakker word, dat sij 'n bietji het gaan slaap. Adonis moes inspan en met haar saamrij. Toen sij di kamer inkom, voordat sij weg wil rij, het di moed haar bijna ontsink. Dirk sien daar so naar uit, dat sij vrees dat hij kan sterwe so lang als sij weg is. Amper het sij dit opgegee; maar di gedagte, dat als sij ni self gaan ni, di ou mense ni sal kom ni, laat haar volhou, en nadat sij haar slapende man nog eenmaal gesoen het, spring sij in di spider en seg ver Adonis om aan te rij.

Di perde draf fris genoeg, maar tog was di pad lang. Met Adonis kon sij ni praat ni en sij moes alleen met haarself gesels, en dit was ni lekker ni.—Terwijl sij so rij, kom haar in gedagte hoe plesierig sij di eerste keer gerij het toen sij van bo gekom het en hoe hartelik di ontvangs bij oom Karel was. Haar hart breek amper bij di gedagte, hoe ondankbaar sij di ou mense behandel het en sij bewe als sij denk, hoe waarskijnlik oom Karel haar sal bejegen. Sij het so goed kon lewe, en dit was haar eige dwaasheid dat sij nou so in moeilikheid is. Sij prakseer en prakseer, maar uitkoms vind sij ni. Als sij so denk, wil sij ieder keer aan Adonis seg om maar om te draai; maar als sij dan weer denk dat dit misskien di enigste kans is, dan hou sij di woord weer in. So gaan dit aan. Sij probeer om te denk wat sij bij oom Karel sal seg, maar sij kan di woorde ni regkrij ni. Hoe nader sij kom hoe seneweagtiger sij worde; sodat sij op di end half verbijster voor oom Karel syn deur stilhou.

Dit was net weer brefes tijd, want Adonis het hard gerij. Di spider hou voor di deur stil sonder dat iemand dit gemerk het.

Van dat Dirk met oom Karel rusi gehad het was alle omgang tussen di twee families afgebreek. Tog het oom Karel wel gehoor dat dit met Dirk op di afdragend was. Praatville was ni 'n plek waar di mense dit vergeet om van makaar te praat en daar was nou so

banje stories o'er Dirk in omloop, dat partij ook bij oom Karel moet gekom het. Natuurlik was daar 'n hele boel bijgemaak. Di stori van di armbande was ook banje vergroot o'ergebreng en di end van alles was, dat oom Karel geseg het dat niemand in sijn huis meer van Dirk mag praat ni. Wat hom di meeste hinder was, dat als Dirk sou opgee, di plaas van sijn o'erlede broer in ander hande sou kom.

Toen George, wat voor di deur sit, di spider van Dirk sien stilhou, het hij verskrik opgespring. „Daar is Dirk sijn spider en daar is Anni!“ roep hij verbaasd uit.

Voordat iemand iets kon seg, vlieg Anni, wat van di spider afgespring het, di voorhuis in. Sij sien daar doodsbleek en verwilderd uit, soos te denke is.

Met ope mond en grote oge sit oom Karel haar aan te kijk. Hij vergeet glad om di stukki vlees, wat op sijn vurk is, in sijn mond te steek.

„Wat is dit, Anni!“ roep tante Saartji, „wat is daar gebeur?“

„O tante! liewe tante, kom tog,“ snik Anni, terwijl sij alles vergeet en op tante Saartji toeloop. „Dirk gaan dood en ons is bankroet; kom tog saam, ons is ongelukkig; kom tog saam, kom tog saam!“

Hoewel tante Saartji banje geskrik het, was sij di bedaardste van almal. Anni was amper flou voor haar neergeval; maar tante het haar, deur Miemi gehelp, opgetel en in di kamer gebreng. Daar was di medisijne trommel en 'n bietji rooi poeier met Hofman druppels het Anni gou 'n bietji reggemaak.

Daar oom Karel met George alleen agtergeblij het, het hij ver Adonis laat uitspan, en het ongeduldig afgewag, totdat tante uit di kamer kom.

Dit was ver Anni net 'n geluk, dat sij met tante alleen in di kamer kon wees. Sodra sij kon praat, het tante haar uitgevraa, en toen sij gehoor het dat Dirk siek was, was sij gougou klaar om saam te rij.

„Wees maar stil, mijn kind,“ seg tante tot Anni, wat

met haar hoofd op tante's bors leg te huil; „wees maar stil; jou ou tante sal alles wel regmaak."

Anni het meer dan eens met di dikke eenvoudige tante gespot, maar toen sij daar di moederlike arms om haar heen gevoel het, was dit ver haar so goed en gerus, dat sij amper haar moeilikheid vergeet het.

„Blij maar hier, Anni," seg tante, „ik sal wel met oom praat."

Dit was ook al net tijd, want oom was al ordentelik ongeduldig.

„Wat is dit nou weer, Saartji," seg hij toen tante uit di kamer kom.

„Dirk is siek," seg tante, „en Anni het ver ons kom haal."

„Waarom het sij dan nou ni liewer 'n jong gestuur ni?"

„Omdat sij bang was dat ons ni sou kom ni. Laat di perde nou maar aankom dat ons kan rij."

„Ik sal ni," seg oom kort-af. Maar tante het beter geweet; sij wis hoe oom ver Dirk soos 'n kind lief het en laat George daarom di perde voor di spider inspan.

„Ik seg ver jou, Saartji, ik gaan ni!" brom oom.

„Jij sal tog ni ver Dirk laat sterwe ni?" antwoord tante, terwijl sij di siekte 'n bietji erger gemaak het.

„Maar Anni praat van bankroetskap," seg oom, „en ik wil daar niks van hoor ni. Jij kan alleen rij."

„Alleen gaan ik ni," seg tante; „jij moet saamrij."

„Dit was egter ni so makkelik om ver oom o'er te haal ni; op di end egter krij tante tog haar sin, en dit het ni lang geduur ni, of hulle sit in di spider. Oom en Adonis voor, tante en Anni agter.

Di arme Anni was deur di vermoeienis en di sterke aandoening so uitgeput, dat toen sij weer rustig en gemakkelik in di spider sit, sij in 'n soort van sluimering val en met haar hoofd tegen di bors van tante leun en als 'n klein kind uitgerus het. Oom Karel was allesbehalwe in 'n goeje stemming. Hij het gerook soos 'n lokomotief; maar toen hij 'n paar maal so half skuins omgekijk het en Anni soos 'n klein kind aan di bors van

sijn vrou sien leun, het hij tog di leisels uit Adonis sijn hande gevat, en tant Saartji het met genoege gesien, hoe hij met di grootste versigtigheid ver ieder klip pad gegee het, om di half slapende ni te steur ni. Sij wis dat sij banje moeite sou hê om ver oom om te haal om iets ver Dirk te doen; maar sij wis ook, dat hij 'n goeje hart het, 'n ware christen was en sijn blaf banje erger was als sijn bijt.

Toen hulle op Saaifontein aankom, loop Anni ineens na di kamer van Dirk. Hij het wakker geworde met soveel koors, dat hulle verplig was om di dokter te laat haal; hoewel oom, wat niks van dokters hou ni, daartegen gebrom het.

Di dokter vind egter ver Dirk ni gevaarlik ni, maar seg, dat alles net van o'erspanning kom. Hij het 'n bietji medisijne gegee en toen dit aand werd, was Dirk weer kalm en beter.

Met grote skaamte het Dirk eers ver tante Saartji gegroet en toen hij oom di kamer sien inkom, het hij gevoel dat hij hulle sleg behandel het, maar in sijn hart was hij tog so blij, dat Anni hulle gehaal en so dankbaar dat hulle gekom het.

Toen oom vroeg gaan slaap het en tante alleen bij hom in di kamer was, begin sij hom uit te vraa en het met skrik gehoor, hoe dit met hom staan. Di goeje ou vrou, wat net min van besigheid afwis, kon hom ni raai ni. Sij het hom egter beloof om met oom te praat, wat, als hij wou, seker wel kon help. Tant Saartji had ook 'n onbepaalde geloof in haar man.

Tegen di dag, toen oom so wat uitgeslaap was, begin tante met di bed-vergadering. Sij was dit gewênd als sij van oom iets wou hê. Eers wou di ou kerel daar niks mee te doen hê ni en wil opstaan, maar tante hou aan met praat en krij hom tog so vèr, dat hij beloof om met Dirk te praat en meneer Meyer dan te raadpleeg.

Tot sijn verwondering kom meneer Meyer di volgende dag vanself na Saaifontein toe. Tante was 'n bietji skelm gewees en het aan di jong, wat di dokter

moes wegbreng, 'n briefi ver di ou agent saamgegee en hom gevraa om 'n bietji o'er te kom. Meneer Meyer sou dit ver min mense gedoen het. Oom Karel was egter 'n ekstra goeje klant van hom en tante haar biltonge en vars botter was ni te versmaad ni.

Knorrende en brommende begin oom di sake van Dirk te ondersoek, en toen di hele boel op di vlakte kom, spring hij op en loop ieder keer uit. Hulle seg partijkeer, dat „bieg lekker is.“ Maar Dirk het 'n paar vreselike ure deurgebreng. Met meneer Meyer was ni te speel ni; hij moes alles weet om daarna planne te maak. Gelukkig het di ou agent ver oom Karel goed geken en als di ou boos word dan sit hij maar deur te sijfer.

Op di end sien meneer Meyer 'n kans om di bankroet te voorkom, maar oom moet bijspring. Hij wenk ver Dirk om weg te gaan en hij en tante Saartji vat oom aan; nou op di een, dan op di ander manier. Oom moes voorskiet en verband op di plaas neem.

Tante, wat di ding maar half begrijp, werk op oom sijn gemoed en hou hom voor, dat als Dirk ni kan betaal ni, di plaas dan tog ver George kan blij. Op di end, nadat oom amper 'n pond tabak opgedamp het, gee hij in en laat aan meneer Meyer di saak o'er om reg te maak.

Toen di saak eindelik so ver geloop het, kom Anni di kamer in. Sij sien daar nog bleek uit; maar op haar gesig is tevredenheid te lees, in haar hand is 'n mooi klein kissi.

Bedaard, en tog aangedaan stap sij na di tafel, waarbij di twee manne sit te praat. Sij set di kissi neer en maak dit ope. Di kissi was amper vol met mooie goue goedjies; di armbande leg bowe op. Saggies keer sij di kissi om, sodat al di goed op di tafel uitval.

„Nou wat is dit?“ vraag oom, „dit lijk amper soos 'n goudsmous sijn affêre.“

„Dit moet dien, om partij, al is dit nog so weinig, van onse skuld af te betaal,“ seg Anni; „ik het ver mij voorgeneem om niks meer van di goed te draag ni,

voordat daar ni 'n penni skuld is ni. Laat di goed maar verkoop worde."

„Og! di soort goed kos wel banje om te koop; dog breng min op als jij dit moet verkoop; jij kan dit gerus maar hou," seg meneer Meyer, wat jammer ver haar krij.

„Nee; meneer moet ni so praat ni," seg Anni, terwijl sij begin te huil. „Ik kan di goed nou ni draa of in di huis hou ni. Ik voel dit moet weg; misskien kan tog so di armbande afbetaal worde. Dit is amper ver mij soos 'n skuldoffer. Di goed sal mij vreselik hinder."

„Reg so," seg oom, met 'n hoofd-knik „reg so, di vodde-goed moet maar gaan."

„U sal daar spijt van hê, juffrou," seg meneer Meyer, „dit sal u banje hinder als u andere vrouens met di goed sal sien loop."

„Ik weet dit, meneer Meyer!" antwoord Anni, na 'n ogenblikki nadenke; „ik weet dit maar al te goed; maar ik het 'n belofte afgeleg, dat als ons nou gehelp word, ik Dirk sal steun om deur te kom. Niemand weet wat ver spijt ik al van di armbande gehad het." Met di woorde skuif sij di hele boel na meneer Meyer en gaan di kamer uit.

„Jij sal sien oom!" seg di agent „di niggi sal nou jou neef regruk; sij het hom eers deurgebreng; maar sij sal hom nou reghou; ik ken di soort vrouens; als hulle iets wil dan kan niks hulle keer ni."

„Wat weet jij daarvan," antwoord oom, terwijl hij sijn hande met genoege vrijwe, „jij het ni eens 'n vrou ni, maar dit weet ik, dat Saartji mij op di end laat doen wat sij wil. Anni is egter ni Saartji ni."

„Wel ons sal later sien," antwoord meneer Meyer.

„Als nou alles reg is," seg oom, „dan kan ons uitskei; maar een ding seg ik ver jou, ik gee ni 'n dubbeltji op di plaas als di ellendige Engelse naam ni weg is ni. Ik wil net verband hê op Saaifontein."

„Daar sal ik wel voor sorge, oom! wees ni bang ni."

Di volgende morre was Dirk, toen di las van sijn hart af was, weer gesond en rij oom en tante huis-toe.

Oom brom soos altijd, maar skijn tog tevrede; terwijl tante met stille genoege nadenk, hoe dankbaar Anni haar gegroet het. Sij voel sij het 'n goeje werk gedaan.

Binne 'n paar dage het Dirk sijn sake 'n bietji anders gelijk. Meneer Meyer het di vernaamste skuldeisers gesien en hulle was allemaal gewillig om te wag, veral nou dat hulle wis dat oom Karel sou borg staan. Meneer Meyer het met plesier gewerk; misskien ni uit pure liefde ni; maar ook om Ashton uit te werk. Di dinge het gestrijk, dog di meeste goed van Dirk moes verkoop worde.

Dit gebeur partij keer dat 'n kind so stadig-aan 'n leer opklim, en als hij bowe is te bang is om af te kom en bowe staan te huil. So gaan dit met grote mense ook partij keer; opklim is makkelik; maar afklim is swaar. Dit moes Dirk en Anni nou ook ondervinde. So een ding na di ander moes verkoop worde om di sake reg te maak. Toen alles net presies moes kom soos meneer Meyer seg; toen so banje mooi goed uit di huis moes gaan, toen het Dirk banje keer moedeloos gevoel en amper opgegee. Hij kan partij keer Anni ni behoorlik aankijk ni; di afklim was tog te swaar.

Gelukkig dat Anni haar so goed hou. Ni dat spogduiwel so maar sonder moeite uit haar hart wou gaan ni; nee—hij moes daar uitgegooi worde; dog sij hou dit ver haarself en het Dirk daar niks van laat merk ni. Dit is iets wat 'n vrou soveel beter kan doen als 'n man. Inwendig te lij en niks te laat blijk ni.

Di swaarste dag van algar was, toen hulle 'n paar weke later na di kerk-toe rij. Anni het uitgestel en daar was in haar hart 'n bittere strijd gewees, maar op di end het sij haarself o'erwin. Toen sij na di dorp-toe gaan, denk sij daaraan dat di laaste keer wat sij op di dorp gewees het, sij met al haar prag daarheen gegaan het. En dit val haar ook bij, dat dit nou juis di tijd was, dat di armbande moes betaald worde. Hoe sterk sij haar ook hou, kan sij tog ni help ni om, toen sij di dorp sien, in trane uit te bars. Dirk wil tog weer omdraai, maar sij gee ni in ni; sij wil nou volhou.

Sondag morre in di kerk was al di oge op haar gevestig en sij voel dat almal na haar kijk. Miena Hardeberg was ook daar, ewe pragtig aangetrek. Anni het gehoor, dat sij di armbande gekoop het en sonder opkijk kon sij voel dat Miena haar ieder ogenblik beskou. Van di preek het sij niks gehoor ni, maar tog was di kerkgaan ver haar goed gewees.

Laat op di Sondag aand stuur meneer Meyer haar 'n briefi, iets wat ongewoon was. Tot haar verwondering vind sij daarin di bēwijs di sij aan Ashton gegee het. Sij skrik toen sij daaraan vat, net alsof sij onverwag aan 'n slang gevat het en gooi dit weg; maar toen Dirk dit optel en wil stukkend skeur, neem sij dit uit sijn hande en leg dit sonder verder te praat in haar bijbel, wat sij daarop wegberge.

---

Tien jare nadat di dinge plaas vond wat ons hier vertel het, rij daar weer 'n karretji van Praatville na Saaifontein, en weer draf di perde vrolik en plesierig. In di kar sit een van onse ou bekende, maar 'n mens sou hom amper ni meer ken ni, so is hij verander. Hij is dik geworde en jij kan sien hij het swaar gehad. Dit is onse ou vrind Dirk.

Swaar het hij gehad; maar dit lijk of dit hom nou goed gaan; ten minste, hij sien daar tevrede uit. Als hij aan vertel sou gaan, dan sou jij di volgende stori hoor.

Ashton het al lang di dorp verlaat. Di mense het hom so stadig-aan laat loop, maar meneer Meyer leef nog, hoewel hij al oud is; sijn neef help ver hom.

Als jij nou op Wildebeesfontein sou kom, sou jij oom Karel en tante Saartji daar nog vinde, maar hulle is al banje swak. Oom brom nog, maar ni so banje meer ni en ou tante word ieder dag mooier; soos 'n ou moeder word als sij digtebij di hemel kom. Al haar kinders het haar lief, maar daar is ni één ni, wat haar so lief het als Anni, al praat sij ni banje daarvan ni.

Di kar is nou op di draai vanwaar jij Saaifontein kan sien en Dirk kijk op. „Amper was ik jou kwijt gewees,“ seg hij in homself, en voel meteens na 'n papier wat in di borssak van sijn baatji steek; „amper, maar dank aan God en oom Karel.“

Dit is net of daar 'n mis voor sijn oge kom, maar hij rij aan.

'n Hele troep kinders staan op hom te wag. Di kleintjies dans toen pa aankom en klein Anni, 'n mooi nooientji van bijna vijftien jaar kom ook kijk; en daar is ma ook.

Anni is nog altijd mooi, maar het 'n heel endji ou'er geworde; haar nette dog eenvoudige tabberd staan haar goed.

Dirk is stil en praat ni veel met di kinders ni.

„Is jij siekerig, Dirk!“ vraa Anni angstig.

„Glad ni, vroutji!“ seg Dirk, maar daar is banje gedagtes in mijn hoofd; ik sal jou van aand wel seg.“

Di ete is verbij en di lees ook; want van dat spogduiwel uitgegooi was, was di lees ook geregeld. Met bisondere gevoel het Dirk di Heere ver Sijn goedheid gedank.

„Wat sou daar met pa gebeur wees?“ denk klein Anni, toen sij in di kamer gaan.

Alles is nou stil en Dirk is met Anni alleen. „Weet jij wat ver dag dit is?“ seg Dirk na 'n rukki.

„Ik weet dit goed,“ antwoord Anni ernstig, „dit is mijn boetedag; di ou bewijsi in mijn bijbel herinner mij gedurig.“

„Maar dit sal nou ook di dag van dankbaarheid wees, want kijk hier,“ en Dirk haal di papier uit sijn sak. Hier is di verband op Saaifontein afbetaald terug. Di plaas hoort nou weer aan ons.

Trane van dankbaarheid kom in Anni haar oge. „Hoe goed is di Heere ver ons gewees van dat spogduiwel uitgevaar het.“

„En hier is nog wat, 'n persentji ver jou,“ seg Dirk, terwijl hij 'n dosi uit sijn sak haal en dit op tafel set.

Anni vat di dosi en maak dit ope; van skrik laat sij

dit weer val. In di dosi leg di armbande. Sij ken hulle goed, al was dit lang gelede. Sij het hulle nooit vergeet ni. „Neem weg, Dirk!" roep sij uit, terwijl sij opspring. „Di armbande het ons eenmaal ongelukkig gemaak en hulle sal weer di ongeluk in onse huis breng,"

„Nee, Anni, di armbande het tot ons teruggekom en moet bij ons blij. Toen ik di geld ver di verband met di rente afbetaal het, was daar nog 'n klompi o'er. Meneer Meyer wil dit hê, maar ik seg: nee—ik moet ver ver jou 'n persentji koop; want tien jaar het jij mij trou gehelp. Toen staan hij op en met 'n glimlag gaan hij na sijn brandkas. „Kijk," seg hij, "dit is toevallig, hier het ik di armbande weer, wat jou vrou ver tien jaar gekoop het. Jij kan hulle goedkoop krij, want hulle is uit di mode. Toen het ik gedenk dat ik hulle moet koop. Nou kan jij hulle gerus draa, hulle is betaal."

„Nee," seg Anni, terwijl sij di dosi toemaak, "draa sal ik hulle ni, maar als onse Anni misskien groot word en trou, dan sal ik hulle aan haar gee en haar soveel van onse geskiedenis vertel dat sij haar hart ver di spogduiwel kan toesluit."

„Wel, dit is goed," seg Dirk en gee Anni 'n soen.

# Di Afgunsduiwel.

HOOFDSTUK I.

„Net soos ik gedenk het, al di damme is vol, maar mijne is nog ni eens half ni. Gert sijn dam het al van gisteraand uitgeloop, en ik sal weer ni genoeg het ni om mijn gesaaide groot te maak. Ik weet ni waarom di ongeluk altijd op mij is ni, en waarom 'n ander altijd meer moet krij dan ik. Als daar 'n hagelstorm is dan kan ik maar reken di kom o'er mijn land; maar als daar 'n goeje regenbui kom, di trek net langs di landmuur verbij. Sprinkhane, al is daar net één swerm,—di swerm vreet mijn koorn op. Mijn volk is altijd di slegste. Ik sukkel meer als 'n ander mens; en als ik klaag, dan word ik uitgelag, of hulle veroordeel ver mij. Ander mense het seuns om ver hulle te werk. Ik het net 'n dogter, wat so-waar nergens voor goed is als klavier speel. Mijn vrou kan ook ver mij ni verstaan ni. Al gaan di laaste ding van mijn goed dood, dan sal sij nog seg: klaag maar ni, ons het rede om dankbaar te wees. Ja, dankbaar wees! so spreek meneer ook. Hij kan makkelik dankbaar wees. Als ik ook £400 per jaar kan verdien met Sondags 'n bietji te praat, sal ik ook dank-

baar wees; en dan krij hij nog 'n huis en tuin, om van di persente ni te praat ni. Dankbaar, ja! als hij so hard sou moet werk van di morre tot di aand, en dan nog skaars het om van te leef, dan sou hij ni soveel o'er dankbaarheid praat als nou ni.

„Ik weet ni waarom di ongeluk partij mense altijd so agternaloop. Dit is nou al van dat ik 'n kind was. Kijk nou ver Gert. Arm het hij begin en waar is hij nou? Hij het 'n plaas, so goed als wese kan en nog 'n hele partij vee. ik is met 'n plaas begin van mijn vader, en ik het met di grootste gesukkel 'n lappi grond bijgekrij. Ik moes banje meer hê, na reg, want hij het 'n grote huisgesin en ik ni; so loop di ongeluk altijd agter mij aan. Ik is ook eigenlik te opreg ver di wereld. Als jij onderduims kan wees en 'n vrindelike gesig kan set, al meen jij daar niks van ni, dan hou di mense van jou en het ver jou lief; dan kom jij in posisies wat betaal; maar als jij di mense ni na di mond kan praat ni, dan kan jij agteraf staan. Kijk ver Willem, hoe makkelik is hij parlementslid geworde, en nou krij hij ponde op ponde. Hij is al skatrijk en tog is ik banje slimmer als hij; dog hij kan flikflooi en ik ni. In di kerk gaan dit net so. Di domste van di gemeente word tot ouderlings en diakens gekies, maar persone soos ik moet agterblij. Ik is al o'er di vijftig en het net 'n paar keer een of twee stemme gehad ver diaken. Di mense wil ver mij ni hê ni. Hulle seg: Ik is te brommerig, te afgunstig; pure leugens. 'n Paar mense is op mij afgunstig en hulle strooi di stories rond. Hoe sal dit nou weer gaan met di verkiesing ver afdelingsraad? Gert sal seker weer staan en hij denk hij is al in; maar dit sal di slag ni so gemakkelik gaan ni; ik sal ook probeer en als ik net wil, ik kan krag uithaal. Di bog! Ik weet hij kan mij ni verdraa ni. Hij is te afgunstig; en hoe maak hij? Als hij bij mij kom dan lijk hij altijd ewe vrindelik. Dis neef Hermanus voor en neef Hermanus na. Hoe gaan dit met neef sijn gesondheid? Plaag neef sijn hart hom nog so banje? Hoe gaan dit met neef sijn skape? Hoeveel het neef vanjaar gewen?

Het neef 'n goeje prijs gekrij ver neef sijn wol? So gaan hij aan en hij meen daar niks van ni. Hij moet ni denk ik is 'n kind ni. Ik het hom al lang deurgekijk. Hij wil ver mij dood hê en dan denk hij, kan di lange niksnut, sijn seun Willem, met mijn Fija trou en kan al mijn goed krij. Grieta sal so maar afgee. Sij is niks werd ni. Sij denk al di mense is goed. Maar ik sal ver hulle anders wijs! Ik vermaak liewers mijn geld aan di kerk. Aan di kerk! maar dan leef meneer weer lekker daarvan. Testament maak is 'n lastige werk. Jij weet nooit hoe jij moet maak ni. 'n Ander krij tog maar jou goed. Nou laat 'n ander dit dan ook krij; Willem sal dit ni hê ni. Fija krij hij ni. Ik laat haar liewers met 'n Engelsman trou, en als sij ni wil luister ni dan maak ik haar 'n basterd en sij krij niks. Maar dan, wat maak ik daarmee? Gee ik alles aan Grieta, dan gaan sij vervas weer trou en 'n ander leef lekker van mijn sweet en bloed. Maar ik kwel mij verniet; ik sal ni so gou doodgaan ni. Mijn hart plaag wel ver mij, maar ik sal di „Pink Pils" gebruik, di sal ver mij reghelp, seg Grieta. Als ik net ni so ongelukkig was ni; al di medisijne help ver andere, maar ni ver mij ni."

Di man wat daar op di klip op di koppi so sit te brom en te sug en ver homself te kwel, soos ons dit nou afgeluister het, is oom Hermanus van Welgegund. In di ganse distrik is hij bekend ver di brommigste en afgunstigste mens, wat daar te vinde is. Jij kan dit hom ook aansien. Di afgunsduiwel woon in sijn hart, en di Boek seg: „Nijd is eene verrotting der beenderen." Afguns vreet 'n mens op.

Oom Hermanus het ni nodig gehad om hom so te kwel ni. Hij was eerder rijk als arm te noem. Hij had twee plase sonder skuld; banje vee; 'n goeje vrou en 'n knappe, mooie, gesonde dogter, Fija. Ongelukkig het hij, toen hij jong was, di afgunsduiwel bij hom laat inkom en di het bij hom blij woon; en nou was alles verkeerd en sijn lewe was bitter. Di afgunsduiwel is 'n kleine duiwel, maar als jij hom kos gee, dan groei hij net gou, en hij is

netnou baas en jij kneg, en al betaling wat hij ver jou gee is net ellende.

Hij hou nou ver oom Hermanus geselskap op di koppi, waar di ou sit en kijk na sijn dam en sijn veld. Alles lijk ewe mooi. Onse liewe Heere het in di nag di wolke gebied om hulle sware las af te laai, sonder 'n stuk swaar- weer of hagel. Di hele nag het dit deurgeregen. Alles was ewe plesierig. Di kalwers speel bij di kraal en di vulletjies hol rond, stêrt in di lug. Di damme loop uit en di wat ni uitloop ni, was vol. Oom Hermanus sijn dam was ook vol; maar di afgunsduiwel laat hom verkeerd kijk. Dit is di manier van di duiwel. Ik ken hom.

So langsamerhand het di mense ver oom Hermanus begin padgee, want di afgunsduiwel hou ni van geselskap ni. Dit was glad ni na di sin van Fija, sijn dogter, ni. Sij was pas agtien jaar en het ni lus om alleen te blij ni. Vandaar dat sij, als Willem van neef Gert kom om te vraa of daar ni misskien vreemde goed onder hulle beeste of skape was ni, meesal in di voorhuis was en Willem sijn perd net lang onder di saal moes staan eer di twee uitgesels het. Hulle was ook famili. Hulle vaders was mos eige neefs, sodat hulle klein neef en niggi was, en Willem het ook al gou uitgevinde, dat hij ni van vêr moes groet ni.

Dit was 'n bietji snaaks, dat di meeste kere als Willem kom, oom Hermanus ni tuis was ni; hij seg hij is jammer, dog di geval is maar so.

Tante Grieta, di vrou van Hermanus, het eers banje moeite gedoen om di afgunsduiwel weg te jaag, maar het al lang opgegee, en hou haar nou met haar eige boerderij besig, kijk na di hoenders en kook seep. Sij kijk ook na Fija.

Tante Grieta het al lang gesien dat Willem wel wat dikwils verlore goed kom soek; dog het maar oge toegemaak. Sij hou van Willem en als sij aan haar man denk, seg sij net: alles sal reg kom.

Oom Hermanus sit nog altijd op di koppi. Opeens hoor hij perde aankom. Hij kijk op en sijn nukkerigheid

word ni beter ni, toen hij sien dat twee ruiters aankom en dat dit Gert en sijn seun is. Toen di twee hom sien, hou hulle stil, klim van hulle perde af, maak di onder aan 'n boom vas en klim di koppi uit na hom toe. Of oom Hermanus wil of ni, hij moes nou opstaan om hulle te groet.

„Hoor, neef!" seg Gert, „wat het dit mooi geregen. Di veld is deur en deur nat. Ik het vannag gedenk, dat mijn dam sou breek: maar hij het gelukkig gehou. Ik sien oom sijn dam is ook vol."

„Hum!" seg oom Hermanus. „Noem jij dit vol? Hij is vêr van vol. Ik is ni van di gelukkige mense ni. Kan jij dan ni sien ni dat hij glad ni vol is ni?"

„Hij lijk hiervandaan tog vol," seg Gert.

„Ja hiervandaan, maar ik seg jou, hij is half leeg."

Gert sien dat oom weer nukkerig is en blij stil.

„Waar rij julle heen?" vraa oom Hermanus, na enige ogenblikke. „Wat het julle bisonders te doen?"

„Ons rij om di stukki Gouwernements grond te kijk, wat tussen neef sijn plaas en Wolwekuil leg. O'er veertien dage sal dit opgeveil worde en als dit goedkoop gaan, wil ik dit koop. Ik wil dit ver Willem koop. Di stukki is net groot genoeg ver 'n jong beginner. Ik is bang dat hij dit ni sal krij ni. Ik denk daar is banje kopers en hulle sal dit seker opjaag. Partij mense is ook so afgunstig."

Toen Gert hom di woord het laat ontval, het hij jammer. Hij kon aan oom sijn gesig sien, dat hij dit ver hom aantrek.

„So," seg oom Hermanus, „afgunstig! maar partij mense wil ook alles ver hulle-self hê en gun 'n ander niks ni. Ver mijn part kan jy di grond maar koop. Ik wil dit ni hê ni."

„Ik is daar blij om," seg Gert, „want di mense het gepraat dat neef di grond wou hê, omdat dit so gelege leg aan neef sijn plaas. Nou als neef dit wil hê, sal ik ni bied ni, want neef is swaarder als ik, en dit is verniet dat ons makaar opjaag. Daarom het ik met neef kom

praat. Ik reken ons is eige famili en dit is verniet om makaar skade aan te doen."

Oom Hermanus gee ni antwoord ni. „Daar is mos nog meer grond, wat opgeveil sal worde," seg hij eindelik.

„Ja, dit weet ik, maar di andere stukke is ni so goed ni, neef!"

„Maar di grond is net mooi bij mijn plaas," antwoord Hermanus.

„Ja, ik weet," seg Gert, „en daarom wil ik net weet of neef wil koop of ni."

Hermanus het eigenlik glad ni lus om te koop ni, maar toen hij hoor dat Gert wil koop, kon hij di gedagte ni verdraag ni, dat Gert di grond goedkoop sou krij, en daarom seg hij: „Ik wil di grond ni hê ni, net als dit banje goedkoop gaan misskien."

„Goed," seg Gert, „nou weet ik wel wat ik moet doen. Ons sal makaar wel later sien. Neef sal tog seker bij di bijeenkoms wees om ver di afdelingsraadslede te stem. Di meeste wijke het al kandidate gestel, maar onse wijk nog ni. Op di laatste bondsvergadering het hulle mij gevraag om te staan, maar ik het ni antwoord gegee ni. O'ermorre is daar bijeenkoms bij neef Cornelis, dan sal ik seg wat ik sal doen."

„Ik hou niks van vergaderings ni; hulle neem maar net tijd weg. Dit kan mij ook maar min skeel wi of inkom. Wi is di ander kandidate?"

„Partij praat van neef, als jij wil staan, en partij van oom Cornelis. Ik denk dit sal goed wees als neef staan, dan sal ik terugtrek, want ik het ni lus om te staan ni; dog oom Cornelis wil ik ni hê ni. Hij is te veel ver di brandsiekte wet,"—seg Gert.

„Waarom wil jij dan ni staan ni?" seg Hermanus, ongelowig.

„Weet neef dan ni, dat ik ver ouderling gekies is en ik denk om aan te neem. Di twee dinge gaan moeilik same en ik het meer lus om ouderling te wees."

„So, het hulle jou ouderling gemaak!" seg Hermanus met 'n nukkerige gesig. „Ik het daar niks van

gehoor ni. Dit lijk of jij 'n groot man word; twee poste tegelijk."

„Kijk," seg Gert, „als neef nou wil staan, sal ik ver jou werk."

„Ik soek ni possies ni," seg Hermanus; „als hulle mij wil hê, moet hulle mij vraa."

„Wel, ons sal sien," antwoord Gert, wat voel dat hij nukkerig word. „ik sal maar rij. Dag neef."

„Ik denk pa het pa gepier," seg Willem, toen hulle opgeklim het en voortrij. „Oom Hermanus sal nou seker di grond opjaag."

„Hij sou dit tog gedoen het, Willem. Al wat ons kan doen is om ver hom te werk, dat hij afdelingsraadslid word. Hij wil dit graag wees, en als hij sien dat ons hom ondersteun, sal hij ons misskien ni opdruk ni."

„Hij kom tog nooit in ni, pa! Di mense wil hom ni hê ni."

„'n Mens kan ni weet ni," seg Gert. „Jij weet di mense hou van 'n man wat suinig is ver afdelingsraad. Anders is di belasting te hoog. Ons moet probeer."—

„So, ouderling en afdelingsraad en ik niks ni," brom oom Hermanus toen hij van di koppi afklim, om na sijn huis te gaan, „en dan moet ik nog geloof, dat hij ver mij sal werk! So dom is ik ni. Hij denk regte slim te wees en mij stil te maak, sodat ik hom ni sal opdruk ni; maar ik is ni so dom ni! Hij sal di grond tog ni krij ni, of hij sal daarvoor moet betaal, dat hij bankroet gaan. Ja, als hij maar bankroet gaan, dan sou ik lag; dan sou hij sien dat ik baas is. Di lange seun van hom het al di tijd mij staan aankijk of hij gek was; maar tog sal hulle hulle sin ni krij ni. Ik sal wel 'n plan krij."

„Wi was daar bij jou op di koppi?" seg tante Grieta toen Hermanus inkom.

„Dit was mijn liewe neef Gert met sijn lange seun. Hulle kon ni verbij rij ni sonder eers mij te vererg en te spog. Hij moes eers vertel dat hij ouderling sou worde en dat di mense hom ver afdelingsraad wil hê."

„Maar ik het gehoor dat hij ni wil staan ni," seg Fija.

„So? het jij dit gehoor," seg haar vader, „en mag ik vraag van wi?"

Fija word rooi tot agter haar ore en geef ni antwoord ni.

„Nou ik seg jou eens ver al," seg haar vader, „dat ik volstrek ni wil hê ni, dat jij enige omgang het met Gert of sijn seuns. Hulle is net ver mij 'n aanstoot. Omdat hulle soveel gelukkiger is als ik, en hulle met hulle geveinsdheid di mense kan omhaal, verbeel hulle dat hulle kan maak wat hulle wil. Ik seg jou, dat Gert net aangekom het om te vertel, dat hij ouderling geworde is. Dat hij ni sal staan ver afdelingsraad, geloof ik ni. Hij wil mij maar net koud lei."

„Gert was nooit 'n leugenaar ni," seg tante.

„So gaan dit," brom Hermanus, „andere mense hulle vrouens neem altijd di partij van hulle mans op, maar mijn vrou en mijn kind is altijd tegen mij. Ik het altijd ongelijk. Is dit waar of ni, dat Gert altijd voorgetrek word? Is dit waar of ni, dat hij di huis op di dorp gekoop het wat jij wou hê? Is dit waar of ni, dat sijn vrou di plek in di bank gekrij het, wat jij uitgekies het? Is dit waar of ni, dat" . . . . . Maar toen sit tante Grieta af na di kombuis en Fija gaan in di kamer, sodat Hermanus maar alleen moes brom.

Hoelang di ou kerel so sou gebrom het, weet ik ni; maar tot tante haar geluk begin 'n kwartiertji later di hond te blaf en hou 'n buggi voor di deur stil

Oom Hermanus moes toen wel uitgaan om di mense in te nooi. Daar was egter net één man en 'n jong in di buggi. „Di jong kan maar uitspan," seg di man; „laat ons maar ingaan."

Di nuwe aankomeling was 'n man van omtrent veertig jare oud en met name Greiffenhagen. Daar di naam ver di boere te lang was en hulle dit ni kon uitspreek ni, het hulle als na gewoonte hom 'n andere naam gegee, en di laaste mens het hom Greefhag genoem. Van watter nasi hij was kon niemand seg ni; misskien wis hij dit self ni. 'n Engelsman was hij ni; 'n Hollander ook ni; so moes hij 'n Duitser wees, en als Duitser was hij ook be-

kend op di dorp. Hij was so 'n soort van agent; allerlei kleine werkies word deur hom gedoen; jij kon ook altijd 'n bietji geld bij hom krij, en banje mense vind hom regte handig.

Ik kan ni seg dat mister Greefhag heeltemaal vertrou werd ni; daar hij egter nog nooit 'n mens so onderdeur gespring het, dat di saak op di kantoor moes kom, gaan di mense nogal na hom toe, en oom Hermanus het hom nogal gebruik.

Op di ogenblik was mister Greefhag meer als gewoonlik vrindelik. Ook hij het van di plan gehoor, dat partij mense oom Hermanus als afdelingsraadslid wil hê; en daar hijself 'n oog het op di pos van sekretaris, het hij hom voorgeneem met al di kandidate vrinde te maak, om op di manier later 'n kans te krij. Dit was ver hom ni so moeilik ni. Hij was 'n man van beginsel en sijn beginsel was dat mister Greefhag en sijn voordeel bowe alles gaan, en dat alles wat ver mister Greefhag skade kon aandoen verkeerd is. Di beginsel is glad ni vreemd ni.

Anders sien mister Greefhag daar ni so sleg uit ni. Hij was goed gekleed; kon goed praat, en het slag om met di mense om te gaan.

Na di gewone praatjies o'er di weer, di regen, di skape, ens., kom di gesprek so langsamerhand op di verkiesing ver afdelingsraadslid en vraag mister Greefhag aan oom Hermanus of hij kandidaat wil wees.

„Dit sal mij niks help ni," seg Hermanus, „Gert is ook gevraag en hij sal di mense wel omhaal om ver hom te stem."

„Maar Gert het ver mij geseg, hij sal ni staan ni," antwoord mister Greefhag.

„Geloof jij dat?" seg oom Hermanus. „Ik moet nog eers sien wat hij sal doen. Het jij ook gehoor dat hij op di vendusi van di Gouwernements gronde wil koop?"

„Ik weet van di vendusi," seg mister Greefhag, maar hij het mij ni veel vertel ni. Daar is twee stukke wat hij wil hê, dit het ik wel uitgevinde. Als hij di een ni krij ni, wil hij di ander koop; maar ik denk, hij sal sijn sin

wel krij; want di mense sal hom ni opjaag ni. Di lap grond bij Wolwekuil is ook ni veel wêrd ni, ten minste so seg hij."

„Moe ni geloof ni," bars oom Hermanus uit. „Dit is ekstra goeje grond; hij maak net di mense afvallig om te koop, en als hij di grond eers goedkoop het, dan lag hij julle uit. Ik ken ver hom."

„Wil oom dan koop?" vraag mister Greefhag.

„Dit kan ik nou ni seg ni," was di antwoord; „maar ik sou tog ni wil hê, dat Gert di grond goedkoop krij ni. Wat is di opsetprijs."

„Di opsetprijs is maar laag. Ses shillings di morge. Di grond is ten minste 10 shillings wêrd, ni waar ni?"

„Tien shillings!" antwoord oom Hermanus, „'n pond, of nog meer. Als Gert di grond wil hê, dan sal hij ten minste 'n pond moet betaal."

„Dit sal hij nooit doen ni," seg mister Greefhag, „dan laat hij dit liewers staan, of hij koop di stukki grond tegen di berg."

„Dit kan mij niks skeel ni," seg oom Hermanus, „maar ik seg, di grond bij Wolwekuil sal hij ni hê ni onder een pond di morge."

„Maar hoe sal oom dit dan belet?" vraag mister Greefhag.

Ja, dit was di saak; dit wis oom Hermanus self ni. Self wou hij ni koop ni en 'n ander daaraan te set is ni gemakkelik ni.

„Kom, laat ons 'n bietji kraal-toe gaan," seg hij, want hij begin bang te worde dat tante Grieta en Fija hom sou hoor, en hij wou liewers met mister Greefhag alleen wees om planne te maak.

In di kraal staan net di trop pêrde. Na 'n bietji o'er di pêrde gesels te hê, begin oom Hermanus weer. „Is daar dan ni ander mense, wat di grond wil koop ni?"

„Daar was banje, want daar was 'n gerug dat daar steenkool op di plek is, maar di mense het gaan kijk en daar is niks gevinde ni."

„Kijk," seg oom Hermanus, na 'n rukki stilte, „jij sal

wel denk dit is snaaks, dat ik so daaro'er praat, dat Gert di grond goedkoop sal krij en jij sal denk dat ik afgunstig is, maar als jij wil luister, sal ik dit uitleg."

Mister Greefhag het geen uitleg nodig gehad ni. Hij had di kleine duiwel, wat in Hermanus was, al lang gesien; tog gaan hij bedaard op di kraalmuur sit, steek sijn pijp op en was wel wat nuwsgierig om te hoor, hoe di ou'e di ding nou sou verklaar.

„Jij weet, mister Greefhag, partij mense seg dat ik afgunstig is en ni kan verdraa dat andere meer het als ik ni. Dit is glad ni so ni. Banje keer is ik ongelukkig als andere gelukkig is, en kan ik ni soveel slenters gebruik als andere ni; maar afgunstig is ik glad ni. Dat ik nou ni wil hê, dat Gert di grond so goedkoop krij, is ni van afguns ni, maar juis andersom. Ik is ten voordéle van di distrik. Als partij grond goedkoop verkoop word, dan krij di distrik 'n slegte naam en di waarde van al di plase word minder. Jij weet self wat 'n moeite dit afgegee het toen 'n paar jare gelede di waarde van di plase, deur di distriksraad so laag was, en hoe banje mense moeite gehad het met di verbandhouders aan di Kaap. Als nou di Gouwernements gronde so goedkoop gaan, dan kan jij self begrijp, dat di distrik daaronder lij, en dit is bes mogelik dat di verbandhouders aan di Kaap bang sal worde en di mense hier in moeilikheid breng. Ons moet probeer om di prijs van grond op te hou en ni te laat val ni. Di plek is ik goed bekend en ik is self van gedagte dat daar steenkool is. Als ik net di geld het, dan sou ik koop; maar ik is te oud om schuld te maak. Nou het jij mijn gevoele gehoor en jij sal moet toestem dat ik gelijk het."

Mister Greefhag knik met sijn kop toestemmend, maar wis self goed genoeg wat di wesenlike rede was. Hij het oom Hermanus goed geken.

„Wel, ik moet seg," seg hij, terwijl hij van di kraalmuur afklim, „ik moet seg, jij het di ding goed ingesien, en dit sal goed wees als di grond opgejaag word; maar wi sal dit doen?"

„Kan jij dit ni doen ni?" vraag oom Hermanus.

„Nee, dit kan ik ni," seg mister Greefhag.

„Ik wil met Gert geen strubbeling hê ni. Hij word tog misskien afdelingsraadslid en jij weet dat mister Parends, wat nou sekretaris is, bedank het en dat 'n ander moet gekies worde. Dit sal mij ni betaal ni om so maar verniet mense op mij kwaad te maak ni. Maar jij kan dit mos opjaag tot 'n goeje prijs en dan uitskei. Daar is nog andere mense wat wil koop. Daar is 'n man van di boland wat ook ondersoek na di grond gedoen het. Hij was bij mij, maar ik kon daar niks van seg ni. Wat ik kan doen is, als di man weer kom, hom na jou te stuur en dan kan jij hom van di grond alles vertel. Misskien stel di man mij als agent aan en dan is di saak gevonde."

„Ik sal elkeen wat ver mij vraa," seg oom Hermanus, „mijn gevoele wel meedeel; ik wil niemand vas laat loop ni; maar goeje grond onder di prijs te laat gaan ten nadele van di distrik sal ik ni. In elk geval kan jij daarop reken, dat als ik misskien afdelingsraadslid word, of oom Cornelis, wat 'n goeje vrind van mij is, dat ik mijn bes sal doen om ver jou sekretaris te maak. Jij het ook ni nodig om di grond te prijs ni, maar als di mense misskien daarna vraag, dan kan jij mos wel seg, dat jij gehoor het dat di grond goed is en dat di mense na steenkool het gesoek. Wel het di mense geseg, hulle het ni gevinde ni; maar of dit waar is, weet jij ni. Misskien het di mense so gepraat om andere kopers af te hou."

„Wel, oom Hermanus," val mister Greefhag laggende in, „jij is waarlik net so slim als 'n agent; jij kan 'n ding so maar reg-praat. Wel, ik sal jou ni in di weg staan ni; als mense met mij praat, sal ik hulle na jou toe stuur. So sal di saak reg kom."

Oom Hermanus het di aanmerking van mister Greefhag juis ni geval ni; hij blijf 'n paar ogenblikke stil en seg toen: „Dit is ni slimmigheid van mij maar di pure waarheid. Als jij denk, dat ik lieg, seg dan maar."

„Nee, moet ni kwaad worde ni, oom! ik sal alles reg maak; laat ons maar huis-toe gaan.“

Toen hulle in di huis kom, was Fija in di voorhuis. Half angstig, half nuwsgierig sien sij nou haar pa en nou mister Greefhag aan. Sij merk wel dat daar iets gaande is, wat sij ni kon uitvinde ni; en sij neem haar voor om te weet wat dit is. Dit was ni net nuwsgierigheid ni; maar sij voel aan haar hart dat Willem daarbij te pas kom.

„Ik sal wel uitvinde wat di twee gepraat het,“ seg sij bij haarself, „en als hulle Willem wil skade doen, sal ik wel 'n plan maak. Di mans denk hulle is slim dog vrouens is slimmer, wag maar.“

„Mister Greefhag het ni lang gewag ni om weer in te span en weg te rij. Oom Hermanus gaan toen ook uit. Pas was hij weg of Fija loop op di werf rond en maak di hoenders bijmakaar.

Ou Platji kom van di kraal af.

„Ou Platji, help tog ver mij di hoenders bijmakaar maak,“ seg Fija. „Ik het nog 'n stuk tabak.“

Ou Platji was nou rats genoeg. Toen hulle so agter di hoenders loop, seg Fija: „Het pa pèrde aan mister Greefhag verkoop? Hulle het seker banje gestrij.“

„O nee, nooi Fija! Hulle het ni daaro'er gepraat ni; hulle het net gesels o'er grond koop.“

„Wil pa dan nog grond koop?“

„Nee, baas Hermanus het net geseg dat baas Gert ver klein-baas Willem grond wil koop. Di klein-baas wil seker gaan trou, ni waar ni nonna?“

Fija word rooi en seg toen: „Was oubaas tevrede?“

„Nee,“ seg Platji, „oubaas het geseg dat baas Gert di grond ni so goedkoop moet krij ni; maar verder het ik niks gehoor ni.“

So, denk Fija, als Willem grond koop dan weet ik wel wi of op di grond sal woon. Ik sal sien wat ik kan doen. Laat ik maar net Willem eers sien.

## HOOFDSTUK II.

Soe! dit was druk op oom Cornelis sijn plaas op di dag van di bijeenkoms. Di laaste regens het di mense in 'n goeje stemming gebreng. Di sorg ver di aankomde winter was o'er; di vee het o'ervloedig kos; en di boere kan kuier. Hulle het dan ook goed opgekom. Partij, omdat hulle graag hulle man wil in hê; partij om te gesels; partij van di jonge klomp, om o'er di spietse te lag, wat gehou sou worde. Partij dorpsmense was om verskillende redene ook daar, en mister Greefhag het ni agtergeblij ni.

Gert en sijn seun Willem was van di eerste gewees, want hulle wis dat di hoofdsaak bij verkiesings is, dat jij di mense eers apart omhaal, anders help al wat jij praat niks ni. Gert het di ou mense geneem om mee te praat en Willem di jonge. Wel het di meeste van di jong mense ni stemme ni, maar Willem weet wel goed, dat als di jonge klomp eers op di vergadering begin vrage te doen, dit dan met oom Hermanus net swaar sou gaan.

So loop hulle dan bij di klompies rond wat op di werf staan, of op di kraalmuur sit voordat di bijeenkoms aangaan. Gert het dit ni so ongemakkelik gehad ni, want di mense waarmee hij praat, geef hom behoorlik antwoord, maar Willem het sijn vel moet dik maak.

Di jonge klomp het al lang al opgemerk dat Willem agter Fija aan was, en partij wat di mooie dogter van di welaf boer ook graag wou hê, was blij genoeg om met Willem te spot.

„Ik wonder," seg daar een, toen Willem al sijn kragte uitgehaal het om di mense te o'ertuig van di deugde van oom Hermanus, „waarom is dit dat jij so jou bes doen om di ou in te krij; word jij daarvoorbetaal?"

Nukkerig draai Willem hom om.

„Nee," spot 'n ander, „moet ni kwaad worde ni, maar het oom Hermanus jou 'n mooi wit versi belowe?"

„Ja, dit is dit;" roep di jong-kerels. „Hij werk net ver 'n versi."

Daar sou seker rusi gekom het, maar gelukkig ver Willem roep hulle di mense bij makaar om di vergadering te begin. Net toen hulle wou aangaan, kom oom Hermanus ook.

„Ons kan maar di saak opgee," seg Willem stilletjies ver sijn pa, toen hulle ingaan. „Di mense is al te banje tegen oom Hermanus. Hij het glad ni kans ni."

„Ons kan dit ni help ni, maar ik sal hom tog voorstel," seg Gert, „dan kan hij self sien dat ik mijn woord hou."

Di vergadering begin toen.

Oom Dirk sou voorsitter wees. Hij het daarop gereken en het al 'n spiets bij di huis klaargemaak. Hij was ni so 'n slegte spreker ni, maar bisonder lief ver hoogdrawende woorde; daarbij was hij banje kort gespan en bij di minste tegenspraak dadelik nukkerig en in di war. Di jongkerels het dit goed geweet en daar dikwils plesier in gevinde om di ou kwaad te maak. Met grote deftigheid neem hij plaas agter di klein tafeltji, wat anders di ou tante ver koffietafeltji dien. Hij kijk di vergadering rond, maak toen keel skoon en begin:

„Geagte Here, Landgenote en Bondsbroeders,—Ik is regte verblijd om di publiek so talrik tegenwoordig te sien, want dese dag is een belangrike dag. Hoe belangrik dese dag is weet iedereen, dese dag is"........

„Woensdag," roep een van di jong-kerels van agter.

Oom Dirk word rooi, maar hou hom goed, hoewel 'n doffe geluid duidelik bewijs, hoe di grap veel van di hoorders aanstaan. „Dese dag," gaan hij voort, „sal moet beslis wi of onse wijk sal vertegenwoordig in di distriksraad; want wat onse Bond besluit moet geskiede. Nou is er misskien mense hier wat van 'n distriksraad maar min denk; wat di hoge, gewigtige werksaamhede lig ag; maar ik is bewus dat dit dwase is, jong mense wat niks weet ni."

„Hoor, hoor!" roep 'n jong-kerel.

„Van di man wat ons sal kies, sal afhang hoeveel belasting ons sal betaal.“ „Dit is di vernaamste,“ roep 'n ou oom uit. „Van hom sal afhang hoe di paaje sal gemaak worde.“ „En wi di tenders sal krij,“ klink dit van agter.

„Orde! orde!“ roep di voorsitter.

„Ik seg, di werk van 'n afdelingsraad is belangrik en ons moet toesien, dat ons 'n man krij wat di belange van onse distrik en van onse wijk in di oog hou.„......

„Ons wil ni een hê ni, wat net di paaje na sijn eige plaas laat maak en op di andere jou kar laat breek,“ klink dit weer.

„Of wat aan sijn seun of skoonseun di tenders ver di paaje gee en di ander laat toesien,“ seg 'n ander.

„Ik versoek di jong mense daaragter om hulle rus te hou. Hulle het niks daarmee te maak ni.“

„Ons wil ook wat verdien,“ skree weer een.

„Laat di voorsitter uitpraat,“ seg 'n ander, wat vroeger afdelingsraadslid gewees het en wi sijn seun en skoonseun ordentelik aan di paaje verdien het.

„Stil tog daaragter,“ roep oom Gert, en daar di jongkerels ver hom bang was, luister hulle.

Di spiets van di voorsitter het egter misluk; toen hij weer wil begin, voel hij, dat hij di draad kwijtgeraak het en dat dit hom maar moeilik sou val om di geskiedenis van Slagtersnek, di grote trek, di slag bij Majuba, di anti-bandiete beweging en al di andere, wat hij gedenk het om in te breng, weer reg te krij. Als 'n verstandige man gee hij toen di ding op, en seg net, dat hij di gelegenheid sou gee om kandidate voor te stel.

Gert spring toen op en stel oom Hermanus voor. Hij het goed gedaan om te sorge dat hij 'n sekondant het, want hij voel dat di gees van di vergadering tegen hom was.

Met 'n paar goedgekose woorde beveel hij oom Hermanus aan. Hij stel hom voor als 'n goeje boer, wat ook op di punt van belastings versigtig sou wees en sou sorge, dat di geld ni opgemors worde ni.

Sijn spiets word in alle stilte aangehoor; geen enkele grappi word gemaak, maar ook ni 'n enkele toejuiging word gehoor ni. Toen hij weer gaan sit, vraag di voorsitter of daar nog andere kandidate is.

„Ja, seker," roep een van di aanwesige: „Ik stel oom Gert voor."

Van alle kante klink dit toen: „Ik sekondeer."

Willem het oom Hermanus in di oog gehou; toen oom Gert voorgestel word, word di ou'e bleek van nukkerigheid; veral toen so banje mense roep: „ik sekondeer."

„Nee vrinde!" seg oom Gert, „ik het vas besluit om ni te staan ver afdelingsraadslid ni. Dit is net verniet. Ik het te veel te doen, en nou met di ouderlingskap sal ik te veel werk hê."

Toen hulle sien dat Gert ni wil staan ni, stel hulle 'n ander kandidaat voor.

Oom Hermanus het ook di gevoele van di vergadering gemerk en vinnig spring hij op.

„Dit is verniet om te stem; ik sal tog ook ni staan ni. Julle kan maar gerus 'n ander kies. Ik is immers ni goed genoeg ni."

„Nee, laat ons eers stem," seg Gert.

Maar oom Hermanus was al uitgestap en het sijn jong geroep om di perde aan te breng.

Di jong het egter di perde vêr laat loop en dit duur 'n hele tijd voor di perde kom. In di tussentijd het di vergadering afgeloop en di meeste mense het uitgekom. Mister Greefhag en 'n vreemde kom ook uit.

Toen mister Greefhag oom Hermanus sien, stap hij na hom toe.

„Hier is 'n man van di Boland, wat ver oom graag wil sien; laat ik hom bij jou introduseer."

Oom Hermanus kom toen nader en word bij di Bolander geintroduseer.

„Ik sou graag met oom wat wil praat," seg hij, „maar hier is ni gelegenheid ni."

„Ons moet tog 'n end saamrij," seg mister Greefhag, „ons kan op pad praat."

„Julle kan bij mij op di kar klim en mijn jong kan op di een perd rij en di ander in di hand hou," seg oom Hermanus, wat wel begrijp dat di man o'er di Gouwernementsgrond wil gesels.

Di plan word goedgekeur; di twee mans klim op di kar bij oom Hermanus en rij toen met hom saam.

„Hulle denk dat ik so graag afdelingsraad wil worde," seg di ou'e, „maar hulle het dit glad mis. Ik het werk genoeg op mijn plaas te doen, om nog meer werk bij te soek. Dit kan mij niks skeel ni wi gekies word, maar waar ik mij o'er vererg, is dat mense so vals is. Gert moet ni denk dat ik hom ni deurgekijk het ni. Di hele ding was 'n afgesproke boel en ik is net maar beledig."

„Ik kan ni denk ni," gee mister Greefhag tot antwoord, „dat Gert so vals kan wees ni."

„Moet ni praat ni, ik ken ver hom, dit is niks als afguns wat hom drijwe."

Mister Greefhag blij toen stil en begin na 'n rukki o'er andere dinge te praat. Op eens seg hij: „Hierdi meneer Berends het met mij gepraat o'er di Gouvernementsgronde wat ander week sal verkoop worde. Ik het hom geseg dat hij bij jou di beste informasi sal kan krij."

„Ja, oom," seg di Bolander. „Ik het wel lus om 'n stuk te koop, maar di mense praat so wisselvallig, dat ik ni weet wat ik sal doen ni. Ik wil ook ni te veel betaal ni. Hulle seg di stuk bij Wolwekuil is ni veel werd ni, maar mister Greefhag praat anders en seg dat hij gehoor het dat neef Gert dit wil koop."

„Ik seg ni dat di grond sleg of goed is ni," val mister Greefhag in, wat versigtig genoeg was om hom ni later vas te loop ni. „Ik ken di grond ni, maar dit is waar, dat ik gehoor het, dat Gert dit wil koop, en Gert is ni 'n kerel wat 'n slegte stuk veld sal koop ni, daarvoor is hij tog te o'erlams."

„O'erlams; ik sou so denk," seg oom Hermanus; „als 'n mens 'n paar shillings bowe sijn bod gaan, kan jij nog altijd seker wees om 'n bak te slaan."

„Maar is di grond wesenlik goed?“ vraag di Bolander.

Oom Hermanus was anders ni 'n onversigtige man ni, maar di gedagte dat Gert di grond goedkoop sou krij, raak hom baas, en wat op di vergadering voorgeval het, het hom diep seer gemaak. Dat Gert dit wél met hom gemeen het, wou hij ni geloof ni.

„Di grond is so goed als jij in di distrik sal krij,“ seg hij. „Ik is hier gebore en groot geworde en ik ken ieder stukki. Di grond is onder broers vijftien shillings wêrd.“

„Di opset-prijs is maar laag,“ seg di Bolander, en dit het ver mij wat afvallig gemaak. Sou dit waar wees, dat daar steenkool op is? Ik hoor hulle het geprospek, maar niks gekrij ni.“

„Ik weet dat hulle geprospek het en hulle het *geseg*,“ en oom Hermanus leg 'n sware klemtoon op di woord „geseg,“ „hulle het geseg dat hulle niks gekrij het ni. Gert het ook aandeele in di prospek kompani gehad.“

„Dus denk oom dat ik veilig 'n bietji hoger kan biede dan Gert?“

„Gerus, man! jij sal jou ni beklaag ni.“

Oom Hermanus voel wel dat hij di grond te veel prijs, maar hij stel hom gerus met te denk, dat Gert tog meer sal biede en ni sal kan spog met sijn goeje koop ni. Afgunsduiwel maak gou di gewete stil.

Toen hulle bij di uitdraaiplek kom, vraag mister Greefhag of oom Hermanus ook misskien Saterdag op di dorp sal wees. Hij het dan 'n kleine vendusi en daar sal ook twee goeje karperde verkoop worde. Dit het oom Hermanus wel aangestaan, daar hij nog wat met mister Greefhag wou praat. Daarop klim di twee mans op hulle perde en rij weg.

Toen oom Hermanus alleen was en o'er alles nadenk, word sijn kwaaje humeur ni beter ni. 'n Mens is partijkeer net soos 'n leeumannetji wat, als hij nukkerig is, met sijn stert heen en weer slaan tegen sijn sij en altijd nukkeriger word. Eers het hij maar gedenk dat Gert hom *misskien* kon bedrieg het; maar voordat hij bij sijn huis kom, het hij homself o'ertuig dat dit so was, en het hij

hom voorgeneem Gert tegen te werk, waar en hoe hij ook kan.

Met di voornemens in sijn hart kom hij bij sijn huis. Vrou en dogter kon bij di inkom al sien dat di vergadering ni goed afgeloop het ni en blij daarom maar stil. Dit het egter weinig gehelp, want pas het Hermanus gaan sit of hij begin in allerhande verwijte uit te bars en hulle sleg te seg. Veral het hij dit tegen Fija, wat hij nogmaals ernstig belet om 'n woord met Willem te praat. Vergeefs probeer tante Grieta om hom te laat bedaar en uit te leg dat Gert tog waarlik ni kan help ni dat hij ni gekies is ni; alles verniet. Hij hou maar vol.

Moeg van vrugteloos te praat hou tante Grieta op. Fija was al lang weggegaan. Wel het sij spijt dat haar vader so verkeerd is, maar sij het nog ni di minste gedagte gemaak om op te gee en met Willem ni meer te praat ni. In di dinge kan vaders en moeders dikwils banje seg, terwijl di kinders tog hulle eige sin doen, sonder juis altijd tot hulle voordeel.

Onder di praat het oom Hermanus so di een en ander uitgelaat o'er di aanstaande vendusi, en Fija het duidelik gemerk dat haar vader sijn plan was, om Gert di grond ni te laat krij ni, of ten minste ni goedkoop ni. Dit was glad ni na haar sin ni, daar sij wel in di hoek wou woon, natuurlik ni alleen ni, en geloof genoeg het, dat alles sal reg kom; maar met dit al het sij tog ni lekker gevoel ni.

Eén vertroosting het sij tog, dat haar vader geseg het, dat hij Saterdag na di dorp sou rij en dat hulle dan kon saamgaan. Misskien sou sij dan wel vrinde ontmoet.

Saterdag kom eindelik. Di week was banje lang gewees in oom Hermanus sijn huis; want sijn verkeerde bui wou ni sak ni. Hij loop di hele dag te brom.

Toen hij op di dorp kom, wag hij ni lang ni om na di kantoor van mister Greefhag te gaan om verder o'er di vendusi te praat; want hij het sijn plan nog ni opgegee ni.

Toen hij bij mister Greefhag kom, seg di ver hom, dat di Bolander wel lus het om di grond te koop, maar

dat hij ni di hele stuk wil hê ni en dat hij hom gevraa het om met oom Hermanus 'n plan te maak om saam te koop. Daar het oom Hermanus ni veel sin in ni. Hij het grond genoeg, en hoewel hij vermoge het om 'n stuk bij te koop, sonder juis skuld te maak, wil hij tog ni graag sijn geld daarvoor bestee ni. Hij kom in 'n moeilike tweestrijd. Om ver Gert di grond te laat krij, was ver hom te swaar, en om di grond bo di waarde te koop, en dan later bespot te worde, was net so swaar. Hij was net vas.

Als 'n mens vassit, is daar gewoonlik twee maniere om te probeer los te kom. Di eerste is om jou gewete te laat spreek en dan te doen wat di gewete seg. Doen jij dit, dan skijn dit eers of jij nog vaster word, maar op di end kom jij los. Di twede manier is om jou deur di een of ander duiwel te laat help; di gee jou mooie kanse; maar di agterste draai krij jij ni; vas is jij op di end en blij jij ook. Oom Hermanus het te lang na afgunsduiwel geluister om hom nou te laat staan.

Di gedagte kom bij hom op dat Gert tog wel hoger sal bied en daarom seg hij ver mister Greefhag dat hij hom, voordat hij weer huistoe rij, sal seg wat hij sal doen. Hij sal eers sijn gedagte laat gaan.

Toen hij nou sijn gedagte laat gaan, denk hij wel dat dit tog eigenlik dwaasheid is, dat hij hom so moeg maak of Gert di grond krij of ni, dat hij tog maar spijt sal hê, als hij aan di grond sou blij hang, dat hij veel beter sou doen, om maar stil tuis te sit en hom aan di hele ding ni te steur ni, dog ieder keer kom di afguns weer bo.

Di ding sou misskien nog beter gegaan het, maar op di pad na huis kom hij Gert tegen. Daar was kerkeraadsvergadering en Gert sou ver di eerste keer als ouderling sit.

Swart kijl op, nuwe manel aan, groot wit das om; alles ewe netjies. Di gesig was als oli op di vuur. Hij gaan Gert verbij, net of hij hom ni sien ni.

„Hum!" brom hij bij homself. „Wat denk di kerel wel. Omdat hij deur allerlei geknoei ouderling geworde is en nou 'n mantel aan het en 'n swart kijl op, denk hij dat

iedereen ver hom moet pad gee. Ik sal ni pad gee ni, daar kan hij op reken. Ik is ni bang ni. Ik sal hom wijs dat ik ook geld het en dat als hij o'er mij di baas wil speel, hij 'n ander man moet wees. Bankroet sal ik hom maak. Ik sal di grond opjaa, so hoog als ik kan en ik weet, hij is te hoogmoedig om in te gee. Di wat laaste lag, lag di lekkerste, en ik sal di laaste lag, daarvan is ik seker. Laat hom maar met sijn manel stap, ik sal hom wijs. Met di gedagte kom hij in sijn huis; maar pas wel op dat hij aan sijn vrou niks seg ni.

Nou iedereen weet dat 'n jong man en 'n nooi makaar soms o! so toevallig ontmoet. Di ou mense praat dan wel van moedswilligheid maar di jong mense noem dit toeval. So toevallig kom Fija in di winkel Willem tegen en heel toevallig hoor Willem daar, dat Fija di aand bij een van haar vrindinne sou wees, en nog eens heel toevallig kom Willem ook daar, en ewe toevallig is di twee bij makaar en raak aan praat. Nou het Fija volstrek ni plan gehad ni om aan Willem iets te vertel van di plan van haar vader; maar di een woord haal di ander en partij keer wel twee en dri, en toen di twee ewe vertroulik in 'n hoeki sit te praat, kom so langsamerhand di hele stori uit. Willem begrijp nou wel dat hulle di grond ni goedkoop sal krij ni.

„Wel“ seg hij, "Fija! als pa di grond ni kan krij ni dan koop ons maar di ander stuk; dit is ook goed; daar is ook 'n klein fonteintji en als jij maar net wil dan kan ons daar ook saamwoon. Jou pa sal wel op di end ingee.“

Wat Fija daarop geantwoord het, weet ik ni reg ni. Dis so lang gelede dat ik laas sulke praatjies gepraat en gehoor het; maar Willem skijn nogal opgeruimd toen hij na huis gaan.

Sondag was natuurlik iedereen in di kerk. Oom Hermanus het wel ni veel lus gehad om te gaan ni; maar tog het hij ni gedurf om tuis te blij ni, daar anders di mense sou kom vraa of hij siek was.

Hoewel al di mense wat in di kerk is na di predikant kijk, weet ons tog wel, dat ni al di mense luister ni.

Partijkeer is dit di skuld van di predikant, maar banje keer ook ni. Di slag was dit ook ni di predikant sijn skuld ni, dat oom Hermanus niks van di preek kon vertel ni. Gert sit in di ouderlingsbank in di volle glori van sijn nuwe manel, net als Mordechaï in di poort van ou koning Ahasveros, en Hermanus sit als Haman na Mordechaï te kijk, en al di tijd wat di predikant preek, speel di afgunsduiwel in sijn hart, en toen di predikant „amen" seg, was Hermanus net so nukkerig als 'n mens kan worde. Dit was al wat hij van di kerk had.

Daar was meer mense wat ni geluister het ni. Willem het sijn vader in di morre genoeg vertel om hom te laat voel, dat Hermanus nukkerig was en di grond sou opjaag, en toen hij Hermanus in di kerk sien, begin hij ook planne te maak, om sijn ou neef nou eens 'n goeje les te leer en afrekening te hou. Als hij maar net kon uitvinde hoe hoog di andere wil gaan, dan sou hij hulle laat vasloop.

Terwijl hij so planne sit te maak, preek di predikant o'er di liefde en di vergewensgesindheid.

Willem en Fija het ook hulle eige gedagtes, en so het di een duiwel 'n klomp andere wakker gemaak en aan di werk geset.

Maandag-morre vroeg, voordat hij uitrij, gaan Hermanus na mister Greefhag. Di hele nag het hij deurgebreng met planne te maak en te reken. Nou is hij klaar. Saam-maak met di Bolander wil hij ni, maar hij wil wel di grond opjaa tot vijftien shillings per morge. Mister Greefhag moet ver hom bied, sodat di ander mense dit ni merk ni. Blij hij dan aan di grond hang, dan sal hij wel probeer later te verkoop. Hoger dan vijftien shillings wil hij ni gaan ni; dan kan 'n ander di grond maar krij.

Mister Greefhag het eers ni veel sin daarin om ver Hermanus te biede ni, maar daar Hermanus beloof om hom te betaal, gee hij in.

So neem hulle van makaar afskeid en gaan oom Hermanus na huis.

## HOOFDSTUK III.

Alles kom op sijn tijd, als jij maar kan wag; en so het di dag van di vendusi ook gekom, wat deur di verskillende partije, met verskillende gemoedsaandoenings word afgewag. Oom Hermanus het nou sijn plan opgemaak om di grond te koop en Gert te wijs, hoewel hij meer dan eens spijt het dat di ding nou so geloop het. Hij het ni banje daaro'er gepraat ni; maar tog het sijn vrou wel gemerk dat daar wat aan di gang was. Sij het toen probeer om met Hermanus te praat, dog dit was net oli op di vuur. Net soos sij begin te praat, het di ou opgevlieg en haar sulke harde woorde geseg dat sij so maar stil geblij het.

Met Gert het dit ni veel beter gegaan ni. Hij het nou wel geweet dat hij di grond ni sou krij ni ver sijn eige prijs; di Bolander het ook aan meer dan een mens geseg wat Hermanus met hom gepraat het, en soos 'n vuur het di ding bekend geworde. Gert hou hom stil en het sijn seun Willem ook ten strengste belet om 'n woord o'er di saak te praat. Di twee het toen di plan klaargemaak om di ander stuk te koop, maar dit moes aan niemand vertel worde ni. „Ik sal op di vendusi wel 'n vrind krij om ver mij te biede," het Gert geseg, „en ik sal Hermanus 'n les leer wat hij ni gou sal vergeet ni."

Di swaarste was di twis ver Willem en Fija, wat banje bang was dat deur di rusi van di vaders dit moeilik sou kom om hulle eige plan klaar te krij. Gelukkig was hulle jong, en als 'n mens jong is, dan het hij 'n bokwa-vrag hoop; en dit is goed ook; want hij moet daar 'n lewe lang op teer en di goed raak gou op.

Daar is altijd 'n trop mense op 'n vendusi, al word daar maar 'n ou skots-kar verkoop en al wil niemand hom koop ni. 'n Vendusi het grote aantrekkingskrag; maar op *di* vendusi was nog banje meer mense dan anders. Di praatji het rondgegaan dat oom Hermanus en oom Gert tegen makaar sou opbiede en 'n hele spul mense was opgekom om di grap te sien.

Lang voor di tijd was di plek voor di kantoor, waar di vendusi sou gehou worde, al vol. Iedereen het wat gehoor en di vreemdste stories word vertel. Di een het dit gehoor, di ander wat anders. Partij seg selfs dat di twee ou'es gebaklei het, en dat di konstabels hulle van makaar moes gemaak het; iedereen weet wat.

Toen di mense so praat en grappe maak, kom ou Theunis Krombeen langsaam aangestap en dring deur di klomp. Di hele distrik het ver ou Theunis Krombeen geken. Wat sijn regte naam was, het maar min mense geweet, want iedereen het hom „Krombeen" genoem, omdat sijn linkerbeen 'n hele end kleiner was dan sijn regter en daarenbowe nog krom ook. Lang gelede was di ou eens van di pêrd geval en het sijn been gebreek, wat toen verkeerd aangegroei het. Ou Theunis het al sijn lewe niks gedaan, maar so wat van sijn rente gelewe sonder kapitaal te hê. Als hij geld kon krij dan drink hij 'n ordentelike sopi, en wel twee of dri ook. Hij doen so allerlei werkies, en daar hij di geluk het om 'n flukse vrou te hê, wat hard kan werk, het hij so op 'n manier kon lewe. Bij 'n vendusi was hij altijd.

Toen di jongmense ou Theunis sien, was daar geen end aan di grappe.

„Wil jij vandaag grond koop, Theunis?" klink dit van alle kante.

„Ja, waarom ni," seg Theunis. „Maak maar plek dat ik digtebij di afslager kan kom staan, anders kan hij mij ni sien ni."

„Wi sal ver jou borg staan?" skree 'n ander.

„O! borge genoeg. Ik het ook ni borge nodig ni. Ik het di kontante geld saamgebreng."

'n Uitbundig gelag volg toen; want Theunis en kontante geld was ni vrinde ni. Hulle was ni dikwils bijmakaar ni.

Met al di grappe krij ou Theunis 'n goeje plek vooraan, vlak bij di afslager, en als 'n mens oplet sou hij gesien het, dat di ou'e 'n paar woorde met di afslager praat. Niemand het egter daarop gelet en niemand

sien dat di afslager, toen oom Gert ook tussen di mense kom, oom Gert stijf aankijk en deur oom Gert toegeknik word.

Net voor di vendusi sou begin, kom oom Hermanus ook aangestap. Di ou hou hom onverskillig, maar tog kon jij aan hom sien dat hij ni lekker voel ni. Di mense gee ver hom pad en so kom hij amper naas ou Theunis te staan.

Net toen di klok tien slaan, haal di afslager di lange papier uit, waarop di kondisies staan en begin dit voor te lees; eers in Engels en toen in Hollands, met 'n Afrikaanse toepassing. Di mense luister wettig of hulle in di kerk was, misskien nog 'n bietji beter.

Toen dit afgeloop was begin di verkoping.

Daar was 'n hele partij stukke grond wat opgeveil sou worde en di opveiling het lang aangehou. Daar was wel kopers genoeg; maar, soos gewoonlik, di een wou ni voor di ander 'n bod doen ni; ieder het gedenk om dit goedkoop te krij.

Di grond wat Gert wou hê was bij di laaste lot.

„Wel," seg di afslager, „nou kom No. 108, 'n mooi stuk grond met banje water."

„Als dit stortregen," roep 'n stem.

„Moet ni geloof ni," seg di afslager.

„Daar is 'n fonteintji en jij kan putte maak, en daar is honderde plekke waar jij 'n dam kan maak. Di veld is ekstra. Nou wi gee 'n bod ver di grond. Di insetprijs is 3 shillings di morge. Toe, wi seg 3 shillings en 'n sikspens."

„Ik," seg ou Theunis.

„Hoera, ver oom Theunis!" roep 'n grapmaker uit. „Hoera, di ou wil grond koop!"

„3 shillings en 'n sikspens! wi bied meer? 3 shillings en 'n sikspens! Wi seg vier shillings ver di mooie stuk! lot No. 108."

„Vier shillings," seg 'n ander.

„Vier shillings en 'n sikspens," seg ou Theunis.

„Vier shillings en 'n sikspens," roep di afslager, „wi

seg meer. Niemand meer dan vier shillings en 'n sikspens?"

„Ou Theunis het seker 'n erfenis gekrij; ons kan ni tegen hom biede ni," roep 'n stem uit di trop.

„Nee, hij het di grote prijs uit Phillis sijn sweepstakes gewin," roep 'n ander.

„Nee, ou Rhodes het hom 'n cheque gegee om ver hom te stem," seg 'n derde.

Onder al di uitbundige gelag gaan di afslager maar deur. Ou Theunis staan met 'n glimlag op sijn gelaat di mense aan te kijk.

Gert en sijn seun lag ni saam ni, maar hou hulle oge op di afslager gevestig.

„Vier shillings en 'n sikspens," dreun di afslager. „Wi gee meer?"

„Vijf shillings," seg 'n jonge bieder. Daar kom 'n ogenblik van stilte. Di afslager hou aan: „vijf shillings, niemand meer dan vijf shillings."

Maar di rumoer begin weer. Van alle kante hoor jij: „Kom, oom Theunis! laat jou ni druk ni, hou jou fluks, seg nog 'n sikspens. So 'n rijk kerel moet ni bang worde ni. Nog 'n sikspens."

„Nou dan, nog 'n sikspens," seg di ou.

Aan di pret was geen end ni; di prijs van di stuk grond gaan op tot sewe shillings, en onder dawerend gelag werd dit eindelik toegeslaan op ou Theunis.

„Sewe shillings! niemand meer?" roep di afslager ver di laaste maal. Niemand meer! Ou Theunis Krombeen q. q."

Op di "q. q." werd deur min persone gelet. Mnr. Greefhag, wat alles bedaard nagegaan het, sien hierop Gert aan, wat 'n paar woorde met Willem praat.

„Di ou kerel spring vandaag Hermanus onderdeur," seg mnr. Greefhag bij homself. „Hij het seker di grond gekoop."

Mnr. Greefhag dring toen deur di mense na oom Hermanus, wat nog altijd op diselfde plek staan, sonder 'n woord met iemand te praat. Saggies stoot hij hom aan.

„Oom Hermanus als jij di grond wil koop, moet jij

hij het di keer verloor en dat di afgunsduiwel hom laat vasloop het. Di ding sou hom geld kos.

„Twaalf shillings en 'n sikspens," roep di afslager, „wi bied meer, pragtige grond, volop water, lang uitstel? Twaalf shillings en 'n sikspens, wi sit nog 'n sikspens of trippens op?"

Maar niemand luister na di mooie woorde ni.

„Toe, oom Theunis! sit nou weer wat op," begin weer een te roep.

Maar Theunis, wat al lang lus het om iets te gebruik, gaan agter Gert aan.

„Twaalf shillings en 'n sikspens ver di derde en di laaste maal; niemand meer? Hermanus van Welgegund. Veels geluk met di koop!"

„Danki," seg Hermanus, „ik is tevrede."

Maar hoewel hij so groot-praat, maak hij tog maar dat hij so gou mogelik wegkom. Hij merk goed dat di meeste mense glimlag, en hij hoor selfs dat een seg: „Hoor! oom Gert het nou ver oom Hermanus lekker reggemaak."

Sodra di vendusi afgeloop was en hij di papiere geteken het, is hij op di kar, huistoe. Bij di tekening het hij gesien dat ou Theunis ver Gert gebied het en dat Gert di grond goedkoop gekrij het. Eén troos het hij nog, namelik: dat Gert tog ni sijn sin gekrij het ni. Di troos was maar min, maar tog wat.

Tante Grieta en Fija het wel, toen Hermanus tuis kom, gemerk dat daar iets verkeerds gebeur het; maar hulle blij stil. In di aand, toen Fija in haar kamer was, vertel Hermanus aan sijn vrou, dat hij di grond gekoop het en vaar so tegen Gert uit, dat Grieta eindelik verplig was tegen te spreek en te seg dat di skuld ni bij Gert was ni. Di gesegde maak di saak ni beter ni en gedurende 'n paar dage was dit allesbehalwe plesierig in di huis, hoewel Grieta wijselik haar mond hou.

Als 'n mens koop, dan moet jij betaal, dit weet iedereen, hoewel banje mense, veral op 'n vendusi, dit skijn te vergeet. Hermanus moes ook betaal, en toen hij

begin sijn geldjies bijmakaar te sit, sien hij dat dit ni so makkelik sal gaan ni als hij gedenk het. Hij was wel 'n flukse boer, maar soveel kontant het hij ni gehad ni als hij nodig had. Daar was dus niks aan te doen ni. Hij moes dorp-toe.

Solang als oom Hermanus geboer het, was hij nog nooit bij 'n agent gewees om geld te leen ni, en het altijd di mense wat so moes maak banje veroordeel. Nou sien hij daar is ni ander raad ni. Hij het wel andere mense geken wat hom geld sou leen, maar daarvoor was hij te hoogmoedig.

Hij rij dan dorp-toe tegen sijn sin, en gaan reguit na mnr. Greefhag om met hom te praat. Di geld ver di eerste paaijement het hij bij hom; maar hij wou seker wees, dat hij di owerige ook presies op di tijd sou hê.

Mnr. Greefhag was ewe vrindelik toen hij Hermanus sien kom. Wel was hij op di vendusi nukkerig geworde, toen Hermanus hom aanstoot gegee het, dog toen hij merk dat daar wat te verdien was, gaan sijn nukkerigheid gou o'er.

„Ik het nou di grond maar gekoop," seg Hermanus, nadat di gewone praatjies o'er di weer en di slegte tijde verbij was. „Jij moet ni denk ni dat ik spijt daarvan het. Jij sal sien, ik sal 'n goeje slag slaan. Di grond sal netnou vijftien shillings wees. Gert kan maar lag; maar di wat di laaste lag, lag di lekkerste."

Mnr. Greefhag het natuurlik alles toegestem en sit te wag, totdat Hermanus met di versoek voor di dag kom om wat geld te leen ver di tekort; toen trek hij 'n lang gesig, hoewel hij inwendig gou klaar was om dit te doen.

„Ja, oom!" seg hij, „geld is nou 'n bietji skaars; ons sal 'n bietji moeite hê; maar ik sal mijn bes doen en is amper seker, dat ons di ding sal regkrij. Di beste ding is, dat oom 'n verband aan di Kaap neem; dit is di goedkoopste."

„'n Verband wil ik ni hê ni," was di antwoord. „Ik betaal liewers wat meer rente dan dat ik verband gee.

*Van dat hulle di verband-lijste in di koerant set,* weet ieder mens hoe dit met jou sake staan, en ik is mans genoeg om 'n paar honderd pond sonder verband te krij."

„Dit is ook waar," seg mnr. Greefhag, „maar dan *moet jij meer rente betaal.*"

„Daar gee ik ni om ni," seg Hermanus, „di rente sal mij ni arm maak ni, maar 'n verband sal ik ni gee ni."

„Laat di saak dan aan mij o'er; ik sal alles regmaak. Wanneer moet jij di geld hê?"

Hulle kijk toen saam di koopkondisies weer na, om uit te vinde wanneer di geld nodig was. Daar was lang tijd maar Hermanus wou ni so lang wag ni. Hij wou gou betaal om ook di mense te wijs, dat di koop hom ni in enige moeite gebreng het ni.

„Jij moet di geld maar binne 'n paar weke bij mij breng; jij kan jou koste aftrek. Ik het liewers dat jij di geld breng als dat ik dit kom haal."

Mnr. Greefhag het dit beloof; hij weet daar sal heelwat ver hom afval.

Hulle staan toen op en gaan same na di afslager om alles reg te maak. Toen hulle bij di kantoor kom, kom Gert net daaruit. Hulle kon hom ni ontgaan ni. Gert was ewe vrindelik en wil Hermanus groet; maar di ou draai hom di rug toe; groet wil hij ni.

Voordat Hermanus weggaan, gee hij aan mnr. Greefhag di order, om als hij 'n koopman ver di grond kan vinde, wat meer wil gee, di dan na hom te stuur; maar Greefhag moes soveel vraa, dat hij na al di koste, daar nog wat op kon verdien. Toen gaan hij huis-toe.

'n Paar weke gaan so verbij. Hermanus het na di grond gegaan om te kijk, maar was nog nukkeriger teruggekom. Te veel het hij betaal; dit is seker.

Als hij in di aand, op sijn bed leg, kan hij ni slaap ni; en dan hou afgunsduiwel hom geselskap. Hij hoor dan, hoe Gert en sijn vrinde o'er hom lag, en partijkeer is dit amper middernag eer hij rus vind. Na di dorp wil hij ni rij ni, hoe mooi Grieta ook praat. Fija durf glad

niks seg ni, anders krij sij aanstoot. Bij iedere gelegenheid kom Gert en Willem ter sprake.

Di arme oom denk op di manier Fija tegen Willem op te maak. Hij weet ni dat 'n meisimens gewoonlik tegen di stroom opgaan, en dat als jij wil dat jou dogter ni met 'n jongkerel sal trou ni, di beste ding is dat jij hom banje prijs. Als jij hom sleg-maak, dan is di hele ding verkeerd. Dan wil sij hom juis hê. Dit is nou eenmaal di geaardheid van di vroulike geslag en daar is niks aan te doen ni.

Hermanus kan dan ook maar praat. Daar was altijd wel 'n hottentot of 'n vrind wat di pos o'erbreng.

Hoewel oom Hermanus ni na di dorp rij ni, hoor hij tog nou en dan di nuws van di buurt, en so verneem hij ook dat Gert van plan lijk om op di nuwe grond te bou. Di mense vertel dat 'n bokwa met goed, planke en ander dinge, na di plaas gegaan het. Hermanus weet dat op di plaas maar min water is, en hij lag bij homself, als hij denk hoeveel moeite Gert sal hê om 'n behoorlike plekki ver 'n werf te vinde.

Eens rij di ou self rond om skape te soek. Di skape was glad uit di koers gegaan en so kom hij eindelik dig bij di grond van Gert. Di nuwsgierigheid drijf hom toen om tog te sien wat hulle op di grond maak. Hij klim toen op 'n hoge kop en daar hij sijn verkijker bij hom had om di skape te soek, kan hij gemakkelik di ding beskou. Tot sijn verwondering sien hij, dat op 'n sekere plek 'n ding staan net soos 'n gouwernements-boor en dat 'n partij mense daar aan werk is.

„Hij laat vervas water boor," seg hij bij homself. „Wel, hij kan op di plek sijn ou verstand af boor, water sal hij daar ni krij ni. Als ik geld verloor, hij sal tog ook verloor; laat hom maar aangaan. Op di end sal di grond hom nog net soveel kos als mijn grond."

Di gedagte dat Gert geld sou verloor het Hermanus in 'n beter humeur gebreng dan hij weke lang gewees het. Hij het amper gelag; hoewel lag iets was wat hij al in jare ni gedaan het ni.

Nou was oom Hermanus 'n paar dage net nuwsgierig om te weet, hoe dit met di boorderij op Gert sijn grond gegaan het. Daar kom egter maar min mense bij hom, en hij was te hoogmoedig om hulle uit te vraag. So het dit wel 'n paar weke aangehou.

Intussen was di tijd gekom, dat di twede paaijement moes betaal worde. Mnr. Greefhag het hom laat weet, dat hij een van di dage sou o'erkom om di geld te breng, en oom Hermanus het hom voorgeneem, om dan van mnr. Greefhag, wat wel op di hoogte van sake sou wees, uit te hoor, hoe dit met di watersoekerij afgeloop het.

Dit was dan ook op 'n aand, net toen dit donker word, dat di buggi van mnr. Greefhag voor di deur stilhou. Hermanus laat toen uitspan en daar mnr. Greefhag ni di plan het om weer weg te gaan ni, maar di nag op di plaas wou slaap, het hij gedenk om te wag totdat hulle stil kon sit en praat.

Na di ete hou Hermanus eers godsdiens. Dit was sijn gewoonte, en 'n goeje gewoonte ook; maar banje mense vergeet dat hulle ni mag bidde ni, als daar vijandskap in di hart is. Want di Boek seg, dat voor 'n mens mag bidde, hij hom eers met sijn vijand moet versoen. Dit is jammer dat dit so vergeet word, anders sou di wereld heel wat beter wees.

Toen alles afgeloop en di vrouens in di kamer was, begin di mans hulle besigheid. Mnr. Greefhag breng di papiere en di geld, en Hermanus moet di bewijs teken. Di ding gaan dwars deur sijn hart, ni alleen omdat di rente en koste heel wat meer is dan hij eers gedenk het ni; maar ook omdat hij tog gevoel, dat al di koste net gekom het omdat hij Gert wou opdruk. Ongelukkig word hij ni kwaad op homself ni, maar op Gert.

Nadat di sake reggemaak was, sit hulle nog wat te rook en praat en di gesprek word deur Hermanus so gelei, dat hulle o'er Gert begin. Mnr. Greefhag skijn ni lus te hê om o'er di saak te gesels ni, maar Hermanus hou aan.

„Het jij ook gehoor hoe dit met Gert gaan?" vraag hij eindelik. „Di mense seg dat hij 'n man laat kom het

om water te boor ; maar ik denk, hij sal lang moet water boor eer hij sal vinde."

„Nee, ik weet daar niks van ni," was di antwoord. „Ik geloof ni, dat hij water laat soek ni. Ik het di ding anders gehoor. Daar is banje mooie aanwijsings gevinde van steenkool, en hij het seker di Gouwernementsboor laat kom om di ding te ondersoek."

„Wat! steenkool op Gert sijn stuk grond!" roep Hermanus uit, terwijl hij opspring net of hij 'n kogelskot gekrij het. Sou dan waarlik di ellendige kerel so gelukkig wees? Hij het dit seker al lang geweet en di ding so bestuur om mij te laat vasloop. Steenkool op di grond!" en oom Hermanus loop, net soos 'n wolf in 'n wolwehok, heen en weer deur di kamer.

„Ik seg ni dat daar steenkool is ni," herneem mnr. Greefhag, „glad ni, di ding is nog ni bewijs ni; daar is wel mooie aanwijsings, maar di vraag is of daar dikke lage is, anders is dit tog niks werd ni. O'er 'n paar dage sal ons dit wel weet. Misskien is dit alles net praatjies."

Mnr. Greefhag het wel beter geweet, maar wou ni praat ni, anders sou hij dit moet vertel, dat hulle besig was 'n sindikaat te vorm om di grond te koop, en dan 'n kompani. Di hele dorp het al van di steenkole gepraat.

Di geselserij was nou op 'n end. Oom Hermanus doen moeite genoeg om hom in te hou, maar hij kan amper ni. Ieder keer voel hij dat hij wil uitbars, daarom seg hij eindelik: „Laat ons gaan slaap, Greefhag! Jij sal ook seker moeg wees."

Soe! hoe het afgunsduiwel met Hermanus di aand en nag sijn rol gespeel. Dit was verniet dat di ou probeer om te slaap: net soos hij wil inslaap, begin di duiweltji te seg: „steenkool op Gert sijn plaas," en Hermanus is weer helder wakker. Hij rol op sijn bed net soos 'n mens wat banje koors het. Sijn ou vrou wou hom medisijne gee, maar hij grou haar af en seg dat hij niks makeer ni. Hij was ni siek ni. Dit was waar ook, di

enigste medisijne wat Hermanus nodig het, was om dī duiweltji sijn nek te breek; daartoe het hij egter geen lus ni.

Voordat di hoenders kraai was hij op en uit, en di ou hottentot moes dit vergelde, dat baas ni kon geslaap het ni. So is di ou wereld.

In di morre maak Greefhag ook dat hij gou wegkom. Hermanus praat ni meer van di steenkool ni; maar is so nukkerig dat daar niks met hom te begin is ni.

Was dit nou ver één nag gewees, dat afgunsduiwel hom besiggehou het, dan het dit nog gegaan, dog di volgende dage laat di afguns hom nag of dag geen rus. Hij moet dorp-toe om di plaas te betaal en dan sal hij hoor.

Oom Hermanus was altijd mager; maar nou word hij nog magerder. Dit is net of sijn vlees verteer.

„Op di dorp sal ik wel hoor. Misskien is al di koste wat Gert maak verniet"; daarmee troos hij hom, en met di gedagte rij hij di dorp in, agent-toe.

Toen hij sijn geld betaal het, seg di venduafslager, dat daar 'n goeje kans is om geld te maak en vraa hom of hij ni saam wil doen ni?

„Wat is di ding dan?" seg Hermanus, wat al kan voel dat sijn hart begin te klop.

„Wel! weet jij dan ni? Di hele dorp is daar vol van. Op di grond van Gert is steenkool en dit is goeje kool ook. Hij het laat boor en hulle het dikke lage gekrij. Ons het 'n sindikaat gemaak om di grond te koop; maar Gert wil nog ni verkoop ni. Hij sal seker later verkoop; hij wag eers om te sien wat ver 'n prijs hij kan krij. Als jij 'n aandeel in di sindikaat wil hê, kan jij nog krij. Ons wil ni iedereen in hê ni. Man! ik seg ver jou, dit is 'n goeje ding. Gert is netnou bowe-op. 'n Mens moet maar gelukkig wees."

Hermanus voel dat sijn hart wil gaan staan. Hij word doodsbleek, maar het net krag genoeg om kort-af te seg, dat hij met di ding niks te doen wil hê ni; toen storm hij uit di kantoortji, laat inspan en jaag huis-toe.

Gert 'n rijke man en dit deur hom. Als hij Gert ni wou opdruk op di vendusi ni, dan het hij seker di grond ni gekoop ni. Nog nooit het hij hom so vasgelooop ni. Di arme man was amper rasend.

---

## HOOFDSTUK IV.

Wel, oom Hermanus was rasend van nukkerigheid en di bietji plesier, wat daar nog in sijn huis was, is nou ook op 'n end. Gewoonlik was sijn nukkerigheid en afguns als 'n stadige regen en ou tante en Fija was daar al aan gewoon; maar nou was dit soos 'n donderbui in Januari maand; alleen met di onderskeid, dat hij ni ophou ni.

Wat di ding erger gemaak het, was di praatjies van di mense. Daar kom ni 'n man bij Hermanus ni, of hij praat van di nuwe koolmijn en van di geluk wat Gert het. Soos gewoonlik was di praatjies o'erdrewe; daar was mense wat van geloofwaardige sijde gehoor het, dat Gert £60,000 aangebied was ver di grond; andere praat al van £100,000, en ver partij was dit nog ni goed genoeg ni.

Van Gert hoor jij niks ni. Hij hou hom stil. Van verkoop wil hij nog niks weet ni; maar oom Hermanus hoor tog, dat hij banje laat werk op di nuwe grond en dat di één bokwavrag met planke en hout na di ander daarheen gaan en afgelaai word.

Al di dinge was net soos edik op salpeter. Dag en nag het di ding hom geplaag. Lang kon dit ni meer duur ni. Afgunsduiwel was hard besig om di ou dood te maak.

Sijn grootste begeerte was nou om di plek te sien, waar hulle di kole wil grawe. Hij wil ni geloof dat di kole goed is ni. Hij was te hoogmoedig om daarheen te rij en di afguns drijf hom om tog te gaan kijk.

Hij was al 'n paar male op di kop gewees, vanwaar hij eers di grawerij gesien het; dog met di vèrkijker kon hij tog ni goed uitmaak ni wat eigenlik daar gedaan word. Di begeerte word nou so sterk dat hij ni langer kan uithou ni.

Hij maak toen di plan, om Saterdag alleen na di kerk te rij, en dan vroeg, voor di middagdiens, weg te gaan; dan di draai bij di mijn langs te kom. Hij het di ding so bereken dat hij dan na sononder bij di mijn kon wees; maar di maan was dan net groot en hij sou bij maanlig alles kan sien; daarbij, Sondagaand sou Gert of sijn seun seker daar ni wees ni, en di kaffers wat daar werk sou wel gaan dans het, sodat hij 'n kans het, om sonder dat iemand hom kon sien, alles te beskou.

Hoe meer hij o'er di plan denk hoe beter dat dit lijk. „Gaan stilletjies kijk," seg afgunsduiwel, „jij kan ni weet ni, maar misskien vind jij wel iets om Gert skade aan te breng. Jij kan in elk geval di ding sleg maak."

Onder sulke o'erdenkings loop di week ten einde. Saterdagmorre maak oom Hermanus klaar.

Tante Grieta set grote oge op toen sij hoor dat haar man dorp-toe wil rij. Eers probeer sij om saam te rij, maar di antwoord wat sij krij was so, dat sij ni weer gevraag het ni, en Hermanus rij alleen.

Op di dorp het hij heel wat kleine saakies te doen, en toen di sowat klaar was, gaan hij na mnr. Greefhag.

„Waar di hart van vol is, loop di mond van o'er," seg di Hollanders, en so het dit ook ni lang geduur ni, of di koolmijn van Gert word bespreek.

„Alle wêreld," seg mnr. Greefhag, „di Gert is banje slimmer als ik gedenk het. Ons wou op di dorp 'n sindikaat maak en di plaas van hom koop; maar di ou wil ons ni antwoord gee ni. Hij laat nou self werk, om eers te sien hoe di mijn is. Dit lijk of daar nou 'n ander sindikaat van Johannesbnrg met hom besig is. Verkoop sal hij wel maar ons is nou bang dat sijn prijs te hoog sal wees en ons ni di slag kan slaan, wat ons gedenk het ni."

„Denk jij dat Gert ni geweet het ni, dat daar kole op di grond was?" vraa oom Hermanus.

„Kan ni seg ni, dog dit is koddig, dat hij so gou uitgevinde het, dat daar 'n mijn was."

„Was jij al bij di mijn?"

„O ja, 'n paar keer al. Gert het op vier plekke geboor en hij het o'eral kole gekrij. Waar hij di geld vandaan haal om so te laat werk, weet ik ni. Gister is daar nog 'n bokwa goed heen, met planke, kruid en dinamiet. Ik denk hij wil weer 'n stuk krans laat wegblaas."

„Is daar witmense om te werk?" vraa Hermanus na enige ogenblikke.

„Nee, nog ni, net kaffers, en Gert sijn seun kijk na hulle. Ik denk dit is verkeerd. Di kaffers is al te onverskillig en di end is 'n ongeluk. Jij weet hoe di swartgoed is. Jij sal sien, eendag is di boel aan di brand, en dit kan wel gebeur dat di kool-mijn aan di brand raak, en dan is di spulletji uit."

„Kan 'n koolmijn dan aan brand raak?" seg oom Hermanus toen, terwijl sijn hart klop.

„O ja, daar is nou 'n mijn aan Vaalrivier wat brand. Di brand kan jare lang duur en al di profijt verteer."

„Maar hoe kan 'n mijn aan brand raak?"

„Nee, dit weet ik ni," seg mnr. Greefhag. „Soveel verstand het ik ni van di ding ni. Ik weet, di mijngas kan aan di brand slaan; maar dit gebeur net in di diepe, grote mijne. Dat dit egter aan di brand kan raak is seker en doodkrij is banje swaar, daarvoor moet jij banje kapitaal hê."

Di opmerkings van mnr. Greefhag het oom Hermanus erg aangedaan.

„Als net di mijn aan di brand wou raak," fluister afgunsduiwel, „dan was Gert, inplaas van 'n rijk man, bankroet. Als 'n mens nou di ding stilletjies aan di brand kon steek; maar hoe dit te doen?"

Di Saterdagaand en di nag het oom Hermanus amper niks anders gedoen dan te prakseer hoe di mijn aan di brand kon raak. Hij was te dom om di plan te gebruik; maar di gedagte dat dit kan gedaan worde hou hom wakker.

Nou, ik weet wel dat 'n heel partij van di lesers sal seg, dat ik stories vertel, want dat 'n ou verstandige

man, soals Hermanus, nooit so verkeerd en so dom sal wees om 'n ander sijn goed te wil aan brand steek ni; maar di mense ken ver afgunsduiwel ni, en weet ni dat hij 'n mens tot banje dinge kan vervoer ni. Denk net aan Kain, di eerste moordenaar.

Sondagmorre toen di kerkklok lui, was Hermanus nog so moeg van sijn prakseer, dat hij ni kerk-toe gaan ni, maar in sijn huis blij sit. Hij wil nou sijn tijd afwag en dan wegrij. Dit was nou sijn vaste plan. Di mijn sou hij sien.

Toen hij voor sijn raam sit, kon hij di mense na di kerk sien gaan, en dit het ni lang geduur ni, of hij sien dat Gert ook op di dorp is; en, swart manel aan, voortstap. Bijna al di mense groet ver hom. Jij kon sien dat Gert 'n rijk man begin te worde.

Hermanus was so vêr blij toen hij ver Gert sien: nou weet hij dat Gert ni bij di mijn is ni. Willem sien hij ni, maar dit kon hom minder skeel.

Toen di middag-kerk aan was en amper sou uitgaan, saal Hermanus sijn pêrd op en rij di dorp uit. Di pad na sijn plaas en na di koolmijn was ver 'n heel end diselfde. Sowat 'n uur verder draai di paaje van makaar.

Oom Hermanus rij langsaam, 'n stap en 'n klein draffi. Ou Stuitniet weet ni wat hom o'erkom, dat sijn oubaas so stadig is. Net soos hij wil galop word hij opgehou.

Banje gedagtes gaan deur di ou'e sijn hoofd. Di Sondag-stilte werk met hom. Dit was di eerste maal in sijn lewe dat hij di Sondag op di dorp deurbreng, sonder in di kerk te gaan; siekte uitgesonder. Hij voel al te sleg.

Hij begin grote lus te krij om maar na huis te rij en hom verder o'er Gert en di koolmijne ni te bekommer ni. Tot nog toe het di hele ding hom net verdriet aangedaan. Hij het hom vasgeloop met di stuk grond en moet nou planne maak om te betaal. Sijn famili is tegen hom, want hij kan goed merk dat Grieta en Fija, al praat hulle ni, tog erg spijt het dat hij so tegen Gert is. Hij voel dat hij snags ni kan slaap ni en dat, als hij so

aangaan, hij netnou gek sou wees en dat dit veel beter ver hom is stilletjies te sien om di grond sonder veel skade te verkoop en tevrede te wees. So rij hij voort tot bij di uitdraai-plek. Stuitniet vat natuurlik di pad huistoe.

Ver 'n paar ogenblikke het Hermanus hom laat begaan, maar toen ruk hij hom in sijn bek en hou stil.

„Laat ik nou sien wat ik sal doen," seg Hermanus bij homself, terwijl hij langsaam afklim en sijn pijp uithaal om dit te stop. „Sal ik huistoe rij? of sal ik na di mijn gaan? Ik het tog al te lus om di mijn te sien. Dit is waar, Gert het mij tog al te veel laat vasloop; en nou is hij rijk; en als ik ni oppas ni word ik arm. Ik kan mijn hare uit mijn kop trek als ik denk hoe ik gepier is. Nee, huistoe rij doen ik ni. Sien wil ik hoe di ding lijk en misskien krij ik nog 'n kans om mij te wreek."

Afgunsduiwel lag toen hij merk dat Hermanus tog sijn sin doen, op sijn pêrd klim en di pad na di koolmijn inslaan.

Nou dat Hermanus eenmaal besluit het, denk hij ni meer aan omdraai ni. Hij rij nog altijd op 'n stappi, om so te wag totdat di son onder is en di maan opkom. 'n Paar plase gaan hij verbij, sonder egter aan te rij. Partijkeer rij hij deur di veld.

So gaan di liewe Sondag om. Di son gaan net onder toen hij bij di kop kom, vanwaar hij di mijn kon sien. Hier saal hij 'n half uurtji af, want Stuitniet was al banje moeg. Toen di daglig heeltemaal weg was, klim hij op en rij verder.

Dit gaan toen ni meer op 'n stappi ni, maar op 'n harde galop totdat hij digbij di plek was. Daar was niemand te sien ni en daar brand ook ni vuur ni. Di ding was net soos hij gedenk het. Di laaste kaffer was weg om te gaan dans.

„Dit sal seker weer 'n boer sijn skape kos," brom Hermanus bij homself, want hoewel hij blij was om niemand daar te vinde, kom sijn ou boere-hart tog bo toen hij alles so verlate vind.

Hij klim toen bij di mijn af, maak sijn ou rijpêrd aan 'n paal vas en loop toen rond.

Lekker krij hij ni. O'eral leg hope steenkool en hoewel hij ni veel verstand van di dinge het ni, kan hij tog wel sien dat di kole goed is en dat daar banje skijn te wees. Hij gaan toen na di gat waar gewerk word. Di gat was al ordentelik diep. Op 'n paar ander plekke was ook gewerk. Daar was seker al 'n vijf-honderd mud uitgehaal.

Toen hij verder rondkijk, sien hij dat hulle besig is 'n groot pakhuis te bou om di steenkool te berge, en ook di ander goed wat nodig was. 'n Hele hoop planke en balke leg op makaar. Partij planke was afgeskaaf en di skaafsels leg rond.

Dit is wonderlik in ons land, hoe onversigtig di mense is en hoe gerus ver diewe. Banje keer kom 'n mens op 'n plaas, waar di mense weg en ni 'n skepsel te sien is, en tog hoor jij ni so banje van steel ni. Ja, ons ou landji is nog ni so sleg ni.

Toen oom Hermanus nou so alleen ronddwaal en alles bekijk, word hij wettigwaar half gek van pure boosheid. Hij het nog altijd gehoop dat di mense di saak o'erdrijf het, maar nou dat hij self gesien het, kan hij ni meer twijfel ni. Gert is 'n rijk man en hij het hom rijk gemaak.

Hij dwaal weer na di grote gat toe en kijk in. Als di mijn tog aan brand wou raak, hoe sou hij lag. Hij sien egter dat dit ni so gemaklik sou gebeur ni. Hij kon amper bars van spijt.

Weer loop hij na di pakhuis en gaan op 'n balk sit. Alles is doodstil, maar ineens is dit of hij 'n voetstap hoor.

Verskrik spring hij op om te luister. Hij vergis hom seker. Toen hij luister is dit weer stil.

„Daar is seker ver 'n paar honderd pond goed hier," seg hij bij homself; „als daar net een vonk in di skaafsel val dan is di hele boel aan brand. Als 'n kaffer net onversigtig wil wees, dan het Gert tog ten minste 'n paar honderd pond skade."

Di hele dag het di ou al o'er brand gedenk en nou kom vanself di gedagte weer bij hom op, om pijp op te steek en bij ongeluk 'n vuurhoutji te laat val. Niemand kon dan later seg, al vind hulle uit dat hij daar was, dat hij dit gedoen het.

Iedereen weet, als jij 'n slang op di lijf loop, dan moet jij hom dood gooi of jij moet wegloop, een van twee. So gaan dit met 'n hele partij dinge en veral ook met slegte gedagtes. Als jij met di slang gaan speel dan bijt hij ver jou, dit is vas, en als jij met di versoeking speel dan word hij baas.

Hermanus wou ni wegloop ni, en hij wou ook ni doodslaan ni. Afgunsduiwel stook di vuurtji binnekant fluks aan.

Dit word ver di ou net warm daar in di pakhuis. Di sweet begin hom uit te breek.

Hij denk en hij denk en gaan stadig-aan na buite. In di vrije lug haal hij asem. Weer skrik hij en dit is weer of hij iets hoor, maar dit word weer stil. Di maan skijn so helder net of dit dag is.

Toen hij buite was begin hij lus te krij om te rook. Hij voel na sijn pijp en tabaksak. Ja alles is reg; vuurhoutjies ook.

Di pijp word gestop, di vuurhoutjies uitgehaal, maar di wind is nou 'n bietji sterk; di vuurhoutji wil ni mooi brand ni.

„Ik sal maar in di pakhuis opsteek," seg hij bij homself.

Met di pijp in di hand, gaan hij weer langsaam di halfklaar pakhuis in en sit weer op di balk.

Weer is hij in diepe gedagtes versonke, maar eindelik steek hij di pijp op en gooi di vuurhoutji voor hom neer. Waar hij sit was net 'n paar skaafsels, wat deur di vuurhoutji aan brand raak. Di kleine vlammetji gaan op.

Oom Hermanus beskou di vlammetji aandagtig. Meteen spring hij op en trap di vlammetji dood.

Rokende gaan hij weer na buite. Toen hij 'n paar minute buite gestaan het, begin afgunsduiwel weer daarbinne te praat.

„Waarom het jij di vuurhoutji ni laat brand ni; so stadig kon misskien tog di boel aan brand geraak wees; geen mens sou dit tog geweet het; en jij sou tog ni di boel aan brand gesteek het ni."

Oom Hermanus dwaal weer na di pakhuis. 'n Rukki blij hij aan di ingang staan, maar toen gaan hij weer in.

Met al di gedagtes is di pijp weer dood.

Hij sit toen weer op 'n ander balk, waar toevallig meer skaafsels leg. Di vuurhoutji word weer uitgehaal en di pijp opgesteek. Sijn hand beef; dit is net of hij di koors het.

Di brandende vuurhoutji val net soos di eerste keer weer op di grond; di skaafsels raak weer aan di brand; maar nogmaals word di vlam doodgetrap.

Opeens spring hij op, trek di vuurhoutdosi uit sijn sak; trek 'n vuurhoutji; gooi dit weg, en hol di deur uit.

Tegelijk dat hij weghol, hoor hij agter hom 'n geraas, en sien hij dat 'n man van agter di balke opspring. Wi dit was kon hij ni sien ni, maar half-dood van skrik hol hij al verder. Soveel het hij gesien dat di man na di plek hol, waar hij di vuurhoutji gegooi het.

Oom Hermanus loop so hard hij kon na di plek waar hij sijn pêrd vasgehaak het. Hij wil weg, eer di man hom kan vang; maar eer hij bij di plek kom, struikel hij o'er 'n stuk hout en val.

Hij wil opspring, dog hij kan ni. Sijn been is te seer. Dit lijk ver hom sijn been is af.

Hij probeer toen te kruip, maar di pijn is so erg dat hij ni kan wegkom ni, en tot sijn skrik sien hij, dat di man uit di pakhuis kom na di plek waar hij leg. Hij buk toen en trek sijn hoed, wat afgeval het, diep in sijn oge.

„Het oom Hermanus ver hom beseer?" vraa 'n welbekende stem.

Oom Hermanus wou stil blij maar hij kon ni. Sijn hart gaan amper staan toen hij merk dat dit Willem is.

Ja, dit was Willem, wat di Sondagaand o'ergekom het om na di goed te kijk. Hij het voor oom Hermanus daar gekom, en het di ou'e stilletjies afgeloer. Eers het

hij gedenk dat dit so maar 'n skelm was, maar toen hij di ou'e sien, maak hij dadelik 'n plan klaar, met di hoop dat di ding ver hom misskien 'n goeje kans sal gee.

„Bek-hou, jong! Oppas! Kijk wat jij doen!" het Willem bij homself geseg; „en Fija is ver jou, oppas maar!" Hij was wel skoon verwonder gewees; was egter nou bedaard; di vuur was goed dood en hij kon nou op sijn gemak sijn planne agtermakaar sit.

„Mijn been is af," seg oom Hermanus, „en ik kan ni opstaan ni. Als ik net eers op di perd is, dan sal ik wel huistoe kom."

Willem buk toen en kijk na di been. Toen hij 'n bietji gevoel het, seg hij: „Nee, oom ik geloof ni dat di been af is ni, maar hij is net dik geswel. Hij is seker verstuit. Oom sal nooit kan rij ni. Wat denk oom, sal ou Stuitniet in di kar trek?"

„Hij is eigenlik 'n rijperd, maar ik het hom ook al in di kar gehad."

„Nou dit is goed," seg Willem. „Hier is 'n ou buggi met 'n paar tuige; mijn perd is ook hier en trek goed in di kar. Oom moet net stil blij leg. Ik sal di perde breng en inspan, en dan ver oom kom haal om huistoe te breng; maar als oom wil, kan oom na onse huis gaan, dit is nader."

„Nee Willem, alsseblief ni, breng mij na mijn huis."

Willem gaan weg. Di kwartiertji dat oom moes wag was seker di swaarste kwartiertji, wat hij in sijn lewe gehad het. Hij prakseer wat hij sal seg; hij is seker dat Willem hom gesien het. Sijn kop was al kaal, maar hij kon di paar ou haartjies, wat hij nog het, ook gerus uittrek van spijt. Nou vind hij uit hoe afgunsduiwel hom gepier het.

Willem maak gou alles in orde. Di twee perde word ingespan. Hij help oom Hermanus op di buggi en vat di leisels.

Di pijn was banje erg, hoewel Willem so verstandig mogelik rij. Oom Hermanus begrijp, dat hij tog enigsins moet verklaar hoe hij op di plek kom, en

boweal dat hij moet sien dat Willem sijn mond hou. Willem wil ni eerste praat ni.

„Jij sal wel verwonder wees dat ik daar bij julle mijn was, Willem!"

„Jaaa, oom!" seg Willem met 'n regte Afrikaans-gerekte ja—wat allesbehalwe toestemming beteken.

„Ik was toevallig daarlangs gekom, en toen denk ik, ik moet tog eens sien, hoe di mijn lijk. Ik het toen 'n bietji rondgeloop en so het ik ook in di pakhuis gekom. Daar het ik geskrik; ik het gedenk dat jij 'n skelm was. Ik het net banje geskrik en ni reg geweet wat ik gedaan het ni."

„Jaaa, oom!" seg Willem.

„Wat het jij gedenk, Willem?" vraa oom na 'n rukki.

„Ik het gedenk dat dit 'n rondloper Engelsman was," seg Willem.

„Jij het ook so onverwag van agter di balke gekom," herneem oom Hermanus. „Ik het so geskrik, dat ik amper denk ik het skade gemaak."

„Ja," seg Willem, „di boel was amper aan di brand; maar ik het gou doodgemaak."

Oom Hermanus blij toen stil. Di pijn in di been was ook al te erg. Sijn o'erdenkings was allesbehalwe aangenaam.

Toen hulle digtebij di huis kom, begin oom Hermanus weer, hoewel di woorde hom half in di keel blij sit.

„Kijk, Willem, jij moet mij maar alleen aan ou tante di saak laat vertel, en jij moet ook ni met di mense daaro'er praat ni. Di mense sal net ver mij uitspot en uitlag. Ik sal wel hier seg, hoe di ding gekom het. Jij kan maar stil blij."

„Ja," seg Willem weer; dog voeg daar toen gou bij: „oom kan gerus wees, ik sal van di ding ni praat ni."

Dit was al laat in di aand toen hulle bij di plaas van oom Hermanus kom.

Voordat hulle di werf oprij laat oom Hermanus 'n ogenblik stil hou.

„Kijk, Willem," seg hij, „jou ou tante sal banje

skrik als ik met di buggi aankom. Ik denk jij moet hier bij di kraal maar stil hou. Ik sien mijn perde is in di kraal. Span mijn perd uit en jij kan di ou wit merri inspan; di trek goed. Jij kan haar net losmaak. Ik sal wel huistoe kom. 'Help mij maar 'n bietji."

Nou, Willem was glad ni so dom ni, om te begrijp, waarom oom ni wou hê, dat hij saam huistoe moet gaan ni. Hij was ook blij, want hij voel dat hij anders net in moeilikheid sou kom om oom Hermanus sijn woorde waar te maak. Hij rij toen na di kraal, waar di perde staan, klim daar af.en het gou genoeg di wit merri, wat al horing-oud was, in hande en ingespan. Natuurlik was di honde van di plaas almaal blaffende toegeloop, dog op 'n woord van oom Hermanus was hulle stil geblij.

Toen di ou wit merri ingespan was, saal Willem ver Stuitniet op en help di ou'e in di saal. Oom kerm van pijn, maar hou uit. Nadat hij eers weer ver Willem laat belowe het om ni te praat ni, neem hij afskeid.

Willem draai om en toen hij agteruit kijk, sien hij dat oom Hermanus stadig-aan voortsukkel tot bij di deur. Toen gee hij di ou merri 'n raps en rij ewe opgeruimd weg.

Sijn plan was klaar. Volgende Saterdag gaan hij na Fija kuier.

„Ik wil sien of di ou nou 'n suur gesig sal opsit, als ik kom. Mijn eige pa sal ik wel omhaal en daar sit ik ver ma aan." So denk hij laggende en bou di lugkastele, wat ons almaal gebou het, toen ons jong was, en waarvan, nou ons oud is, tog 'n paar huisies o'ergeblij het. Ni so mooi als ons gedenk het ni, maar tog mooi en lekker genoeg om aangenaam in te woon, totdat ons di nuwe huis deur genade krij, daarbowe.

Wat oom Hermanus aan tante Grieta geseg het, durf ik ni vertel ni. Ik denk di waarheid was gespaar. Di ou tante kon ni uitmaak ni hoe di ongeluk gekom het. Eers was oom Hermanus bijna flou van di pijn en toen hij 'n bietji bedaard was, wou hij ni praat ni.

Di been was egter ni so beseerd ni als hij eers gedenk het. Hij was net banje opgeswel en Hermanus

moes 'n paar dage in di bed blij. Op di end van di week was hij al so ver beter, dat hij in di voorhuis kon sit.

Saterdag toen di son net wou ondergaan, sit Fija voor di deur en kijk rond. Alles was ewe mooi, maar haar hart voel ni lekker ni. Di week was 'n sware week gewees. Haar ma het partijkeer met rooje oge geloop net of sij gehuil het, en haar pa was so koddig en stil, dat sij ni weet wat te doen ni. Ou Platji het haar geseg dat hij duidelik 'n buggi bij di kraal gesien het en dat di ou wit merri ook 'n paar dage weg was. Toen hij met oubaas daaro'er wil praat, het di ou geseg hij moet sijn mond hou.

Toen sij so sit en rondkijk sien sij met verwondering 'n man aankom. Jij kan so maar van ver-af sien hij kom om te vrij. Di perd loop kop voor di bors, en di saalkleedji was net pragtig. Haar hart seg haar wi dit is, en voordat sij nog goed kon sien, is Willem al bij haar. Sij durf hom amper ni afnooi of vraa om af te saal ni, so bang is sij ver haar pa; maar Willem is houtgerus, saal ewe bedaard af en kom in di huis.

Oom Hermanus het hom ook al gesien en was doodsbleek geworde. Tante Grieta denk dis van kwaadheid en maak haar al klaar om mooi te praat, dog toen Willem binnekom, sien sij tot haar verbasing, dat oom Hermanus op sijn manier nogal vrindelik is. Hij steek sijn hand uit om Willem te groet.

Fija staan met grote oge dit aan te kijk en weet ni wat sij moet denk ni.

„Ons het gehoor, dat oom Hermanus 'n ongeluk gehad het en ik het o'ergekom om te hoor, hoe dit met oom gaan,“ seg Willem.

„O! dit beteken niks ni, ik is alweer beter. Di mense maak ook altijd 'n ding groter als dit is,“ antwoord Hermanus, wat ni lus het om verder daaro'er te praat ni en di gesprek op andere dinge breng.

Dat di ou met homself opgeskeep was, kon iedereen wel sien en sodra di ete afgeloop was, soek hij sijn kamer

en bed op, di twee jong mense alleen latende, waarlik ni tot hulle spijt ni.

„Maar, Willem, wat is daar dan gebeur dat pa so vrindelik is?"

„Towerhoutjies!" seg Willem laggende. „Jij weet ons het 'n ou slamaaier op onse werf."

„Gekheid," seg Fija; maar Willem begin andere dinge te praat, en voordat hulle daarom denk, is dit laat en kom ou tante toevallig in; waarop di gesprek afbreek.

Di lesers kan nou op hulle gemak seker wel di end van di stori bijmaak: hoe Willem nog wel meer Saterdags gekom het en hoe oom Hermanus glad tegen sijn sin op di end, sonder veel te praat, sijn toestemming moes gee. Di saak loop ver di ou banje beter af als hij verdien het, daar Willem di stuk grond, waaraan Hermanus het blij hang, o'erneem, sodat Fija tog daar woon.

Di mijn werd goed verkog en Gert word 'n rijk man; maar afgunsduiwel, wat ver 'n rukki in oom Hermanus sijn hart dit swaar gekrij het, het nooit heeltemaal doodgegaan ni en het gemaak, dat Hermanus, soos di mense seg, seker 'n paar jare voor sijn tijd doodgaan.

Toen Willem met Fija kerk-toe rij, was Hermanus siek, dog di vrolikheid was daarom ni minder ni. Al di vroegere swaar was vergeet en iedereen prijs di gelukkige paar.

Een saak egter hinder Fija en dit was, dat sij nog nooit daaragter gekom het, wat daar eigenlik di aand gebeur is. Toen hulle op di kar huis-toe rij, vraa sij ewe vrindelik: „Maar, Willi, hoe het jij ver pa so mak-gemaak?"

„Met towerhoutjies, soos ik al geseg het," antwoord Willem laggende.

„Nee, Willi! moet mij ni ver gek hou ni. Kijk ik sal nou ni verder praat ni, maar voordat ons 'n jaar verder is sal ik dit weet. Ik wed jou."

Ik weet ni seker ni, maar ik denk Fija het dit gewen.

# Di Baas-Duiwel.

HOOFDSTUK I.

„Ja, mijn liewe neef! dit is tog maar di waarheid, als iemand vroom wil lewe en di Heere wil dien, dat hij banje vervolging moet verdraa, en dat di mense kwaad van hom praat. Is dit ni so ni, mister Olmans?"

„Ongetwijfeld seker, oom Arnoldus," antwoord di man, wat also was aangespreek, „ongetwijfeld seker! Daar is geen dag ni dat ik dit ni moet ondervinde ni. Di mense wat in di wêreld leef, strooi allerlei praatjies van mij rond, en daar is banje van di vrinde wat dit geloof ook. Gister was oom Karel nog bij mij op mijn kantoor en di ou het mij net lelik aanstoot gegee. Ik sal maar ni vertel wat hij geseg het ni, want dit sou oom ook seer maak.

„Ik is al gewènd om seergemaak te worde, en veral deur di ou broeder; maar ik is geduldig. Wat het di ou geseg?"

„Hij het ver mij eers gevraa, of dit waar is, dat oom besig is om Rooiheuwel te koop en uit Flip sijn hande te krij, en toen ik so maar 'n ontwijkend antwoord gee, seg hij dat ik en oom Arnoldus net twee skelms en knoeiers is, en dat hij wel sal sorge, dat van di hele ding niks kom ni. Ik het toen mij maar stilgehou

en ni antwoord gegee ni. Di ou het toen boos weggegaan. Ik het net lus om di saak voor di kerkeraad te breng."

„Laat dit tog staan, mister Olmans; jij weet di kerkeraad is banje partijdig en meneer kan ni kwaad van oom Karel hoor ni. Nou, om sijn boosheid geef ik niks ni. Ik het geleer om geduldig te wees. Maar ik denk daarom, dat ons di saak van *Rooiheuwel* moet deurdruk. Ni dat ik ver oom Karel bang is ni, maar dis tog goed om 'n end aan di ding te maak. Di mense sal dan wel sien, dat wat ons doen di beste is. Het jij di rekenings van MacAlpine al ontvang?"

Mister Olmans haal nou 'n paar papiere uit sijn sak en leg di voor oom Arnoldus neer, wat dit noukeurig deurkijk.

Terwijl di twee persone, van wi ons di gesprek afgeluister het, so besig is, sal ons di vrijheid neem om rond te kijk en di sprekers te beskou.

In 'n grote stoel, aan 'n tafeltji, sit oom Arnoldus, 'n man van omtrent 50 jaar. Hij is lang en mager, met 'n kale kop en ingevalle mond; gewoonlik is daar 'n glimlag op-sijn lippe; maar als hij nukkerig is, laat hij netnou di paar tande sien, wat hij nog owerig het. Sijn voorhoofd is hoog en jij kan somaar sien, dat hij ni 'n domme man is ni. Sijn kleine maar glinsterende oge bevestig dit. Di manier van sijn praat is nogal témerig, en hij ken di Bijbel van Génesis tot Openbaring. Hij is banje lief om Bijbel-tekste te gebruik, sodat sijn gesprek partijkeer net 'n halwe preek is.

Oom Arnoldus was eigenlik ni 'n oue inwoner van ons dorpi—Praatville—ni, dog het ewewel al wat jare daar gewoon.

Hij het uit di Boland gekom, toen hij wedunaar was. Te Praatville het hij kennis gemaak met 'n weduwe, wat nogal iets besit en het toen met haar getrou. Di mense seg, dat hulle nogal goed lewe. Di weduwe was dan ook 'n goeje mens; want als sij net genoeg koffi en 'n vet karmenaattji krij, dan was sij gou tevrede. Sij het maar

# Di Baas-Duiwel.

## HOOFDSTUK I.

„Ja, mijn liewe neef! dit is tog maar di waarheid, als iemand vroom wil lewe en di Heere wil dien, dat hij banje vervolging moet verdraa, en dat di mense kwaad van hom praat. Is dit ni so ni, mister Olmans?"

„Ongetwijfeld seker, oom Arnoldus," antwoord di man, wat also was aangespreek, „ongetwijfeld seker! Daar is geen dag ni dat ik dit ni moet ondervinde ni. Di mense wat in di wêreld leef, strooi allerlei praatjies van mij rond, en daar is banje van di vrinde wat dit geloof ook. Gister was oom Karel nog bij mij op mijn kantoor en di ou het mij net lelik aanstoot gegee. Ik sal maar ni vertel wat hij geseg het ni, want dit sou oom ook seer maak.

„Ik is al gewènd om seergemaak te worde, en veral deur di ou broeder; maar ik is geduldig. Wat het di ou geseg?"

„Hij het ver mij eers gevraa, of dit waar is, dat oom besig is om Rooiheuwel te koop en uit Flip sijn hande te krij, en toen ik so maar 'n ontwijkend antwoord gee, seg hij dat ik en oom Arnoldus net twee skelms en knoeiers is, en dat hij wel sal sorge, dat van di hele ding niks kom ni. Ik het toen mij maar stilgehou

en ni antwoord gegee ni. Di ou het toen boos weggegaan. Ik het net lus om di saak voor di kerkeraad te breng."

„Laat dit tog staan, mister Olmans; jij weet di kerkeraad is banje partijdig en meneer kan ni kwaad van oom Karel hoor ni. Nou, om sijn boosheid geef ik niks ni. Ik het geleer om geduldig te wees. Maar ik denk daarom, dat ons di saak van *Rooiheuwel* moet deurdruk. Ni dat ik ver oom Karel bang is ni, maar dis tog goed om 'n end aan di ding te maak. Di mense sal dan wel sien, dat wat ons doen di beste is. Het jij di rekenings van MacAlpine al ontvang?"

Mister Olmans haal nou 'n paar papiere uit sijn sak en leg di voor oom Arnoldus neer, wat dit noukeurig deurkijk.

Terwijl di twee persone, van wi ons di gesprek afgeluister het, so besig is, sal ons di vrijheid neem om rond te kijk en di sprekers te beskou.

In 'n grote stoel, aan 'n tafeltji, sit oom Arnoldus, 'n man van omtrent 50 jaar. Hij is lang en mager, met 'n kale kop en ingevalle mond; gewoonlik is daar 'n glimlag op sijn lippe; maar als hij nukkerig is, laat hij netnou di paar tande sien, wat hij nog owerig het. Sijn voorhoofd is hoog en jij kan somaar sien, dat hij ni 'n domme man is ni. Sijn kleine maar glinsterende oge bevestig dit. Di manier van sijn praat is nogal témerig, en hij ken di Bijbel van Génesis tot Openbaring. Hij is banje lief om Bijbel-tekste te gebruik, sodat sijn gesprek partijkeer net 'n halwe preek is.

Oom Arnoldus was eigenlik ni 'n oue inwoner van ons dorpi—Praatville—ni, dog het ewewel al wat jare daar gewoon.

Hij het uit di Boland gekom, toen hij wedunaar was. Te Praatville het hij kennis gemaak met 'n weduwe, wat nogal iets besit en het toen met haar getrou. Di mense seg, dat hulle nogal goed lewe. Di weduwe was dan ook 'n goeje mens; want als sij net genoeg koffi en 'n vet karmenaattji krij, dan was sij gou tevrede. Sij het maar

'n paar kinders van haar eerste man gehad. Di was al groot en het gou pad gegee, toen oom Arnoldus in di huis kom.

Een jongkerel het in di huis geblij; 'n susterskind van tante Sanni, di vrou van oom Arnoldus. Hij was 'n weeskind en het sijn ouders vroeg verloor. Tante Sanni het hom toen aangeneem als kind en toen sij met oom Arnoldus trou, het sij hom ni wil laat gaan ni. Di jonge kind, sijn naam was Flip, was een van di mense, waarvan jij eigenlik ni kan seg ni of hulle verstand genoeg het om alleen deur di wereld te kom. Hij was ni onnosel genoeg om glad niks te weet ni, maar het ook ni genoeg verstand om sijn sake behoorlik te bestier ni. Hij het so iets geleer en oom Arnoldus het hom so vêr gebreng, dat hij aangeneem was. Volgens oom Arnoldus sijn klagtes, het hij banje swaar gehad, om Flip geleerd te krij en het hij nog banje swaar. Maar oom Arnoldus seg altijd, dat dit sijn roeping was om arme wese te help en partij mense, wat ni verder kijk ni als hulle neus lang is, het ver oom Arnoldus banje geprijs. Oom Karel was egter van 'n ander gevoele.

Voor Flip sijn vader gestorwe is, het hij ver oom Karel, wat sijn neef was, tot voogd o'er Flip aangestel en solang Flip onmondig was, het di ou wel gesorge, dat di goed, wat aan Flip nagelaat was, ongeskonde geblij het; maar nou was Flip al 'n paar jare mondig en oom Karel kon niks maak ni. Hij sien partij dinge gaan verkeerd en, hoe vroom oom Arnoldus ook praat, oom Karel het hom ni vertrou ni. Nou kom daarbij dat Flip aan vrij geraak het; want 'n mens moet al banje onnosel wees, om dit ni te kan doen ni. Di nooi, wat Flip naar vrij, was knap; fluks om te werk; en oom Karel het daar niks op tegen gehad ni. Di enigste ding was haar armoede en oom Karel vrees dat haar hele famili op Flip sijn nek sou kom leg. Anders was hulle knappe mense.

Di man aan di ander kant van di tafel was 'n sekere mister Olmans, 'n agent. Hij was nog ni lang op di dorp ni, maar deur sijn vrindelikheid het hij al banje

klandisi gekrij. Sijn uiterlik was ni ongunstig ni. Wel het di kwaaijongens hom di naam van magere Goliat gegee, omdat hij so lang en mager was; maar anders sien hij daar goed uit. Net sijn oge was ni mooi ni. Hij kon 'n mens ni goed aansien ni. Hij kijk altijd so wat skuins weg.

Vrome mense is daar maar min in di wereld; dog vrome agente is banje min. Ni dat daar ni is ni...Ons het agente geken, wat 'n voorbeeld was ver andere christene. Ons seg nou net, daar is *min*; en banje mense gaan liewers na 'n agent, wat di naam het van 'n bietji skelm te wees, veral als hulle 'n slegte saak het. Di mense op Praatville het dan ook vreemd opgekijk en verwonder toen hulle sien, dat mister Olmans ni alleen 'n troue kerkganger was ni, maar ook 'n voorganger in di bidstonde. So iets het hulle nog nooit gesien ni.

Ou meneer,—want dit was nog in di tijd, dat di ou predikant op Praatville was,—het niks van mister Olmans geseg ni; maar toen in di kerkeraad voorgesteld word om di kerksake, in plaas van aan meneer Meyer, nou aan Olmans te gee, het hij net kortaf „nee" geseg en di kerkeraad wis wel, dat dit di end was.

Di kamer, waarin di twee mense sit te praat, was 'n gewone boerekamer op di dorp, maar daar was 'n bietji meer boeke in als jij anders in 'n boerewoning vind. Di meeste van di boeke was „Auteurs," soos hulle dit in di onderveld noem. Ou'e skrijwers soos Brakel, Smijtegeld, ens. Van di nuwe skrijwers wil oom Arnoldus niks weet ni.

Toen oom Arnoldus di papiere deurgekijk het, leg hij dit neer. Hij neem toen 'n potlood en begin te sijfer. Op di end seg hij:

„Kijk, mister Olmans! ik sien, als ik goed gereken het, dat Flip net 80 pond 6 shillings skuldig is. Is dit alles?"

Mister Olmans haal sijn sakboeki uit, reken 'n bietji en seg: „Ja, oom, jij het net reg. Ik het ook so."

„Is Flip ni meer skuldig ni?"

„Daar is nog 'n paar rekeningetjies, maar di bedui ni veel ni."

„Ik het gedenk, dat Flip meer skuldig was, mister Olmans. Di sommetji is banje klein, en als di mense hoor dat di plaas ver so min verkoop is, sal hulle banje praat; veral oom Karel en di klomp van Vaalbank; jij weet mos dat Flip na een van di dogters vrij."

„Ja, ik het dit gehoor, oom, en di nooi is net parmantig. Ons sou wel kan wag en Flip 'n bietji meer skuld laat maak. Maar ik is bang, dat hij netnou gaan trou en dan is di vrou baas. Flip is net 'n man om deur 'n vrou geregeer te worde."

„Maar Olmans, als ik ver Flip seg, dat hij di nooi moet laat staan, sal hij dit seker doen. Hij doen altijd wat ik ver hom seg."

„Moe ni geloof ni, oom," seg Olmans, terwijl hij sijn hoofd skud. „Moe ni geloof ni. Sulke mense als Flip, als hulle verlief is, is banje stijfhoofdig en di nooi sal ni opgee ni. Dit is ver haar 'n hele uitkoms. Ons moet net sorge dat alles in orde kom. Di hele ding doen ons tog om Flip te help."

„Og, ja!" seg oom Arnoldus, „ons doen alles in sijn belang. Di arme kerel sal tog sijn goed deurbreng en daarom is dit beter dat ik daarna kijk."

„Ja, so denk ik ook, en daarom het ik di koopbrief so beskrijwe. Ik het dit so gemaak: oom koop di plaas ver £2,500. Oom betaal dan eers di skulde en Flip hou sijn lewensreg uit. Di lewensreg reken ons op £2,000, sodat oom gerus kan seg dat oom £2,500 ver di plaas gee. Op di manier kan Flip altijd op sijn plaas woon en hij kan sijn goed ni deurbreng ni."

„Maar 'n ander kan Flip sijn lewensreg koop, ni waar ni?" vraag oom Arnoldus, terwijl hij mister Olmans met half geslote oge aankijk.

„Dit is 'n saak van later datum, oom Arnoldus. Ons sal wel oppas dat dit ni in verkeerde hande kom ni. Ons moet nou eers di koop van di plaas in orde maak. Di prokurasi het ik ver mister Meyer, wat vrederegter is,

laat teken. Ik is ook wel vrederegter, maar ik denk dit is di beste. Oom Dirk en Koos was getuige. Ik het di saak so uitgeleg, dat niemand kan seg dat Flip onderdeur-gespring is ni. Ons het ook ni nodig om di geld dadelik te betaal ni. Ik het aan Flip geseg: ons sal nou eers sijn skuld betaal. Maak hij nog meer skuld, dan kan oom hom nog weer geld voorskiet. Als di ergste gebeur, dat Flip te veel skuld maak, dan kan oom net sijn lewensreg koop. Laat dit maar aan mij o'er."

„Dit is goed," seg oom Arnoldus. „Ons twee kan later wel afreken."

„Di afrekening het ni haas ni," seg Olmans, „dit sal wel reg kom."

Oom Arnoldus vat weer di papiere en kijk hulle deur. Met 'n vergenoegde glimlag leg hij hulle eindelik neer en vrijwe sijn hande.

„Kom!" seg hij, laat ons nou wat gebruik, Olmans! Wat sal jij neem, 'n bietji whiskey of Kaapse brandewijn?"

„Gee ver mij 'n bietji whiskey. Ik is 'n goeje tempelier en mag ni drank gebruik ni; maar di dokter het geseg, dat ik so nou en dan 'n bietji whiskey moet neem ver mijn maag, wat banje swak is."

Olmans sijn maag was ongetwijfeld swak; want hij moes di whiskey-medisijne meer als eens op 'n dag gebruik.

Di whiskey bottel kom uit 'n kassi te voorskijn, en di twee mans sit netnou op hulle gemak lekker te drink. Opeens spring Arnoldus op, vat di bottel en di glase weg en set dit in di kas, en toen Olmans verskrik opkijk seg hij:

„Daar is ou Karel en di predikant. Hulle kom hiernatoe, dit kan jij geloof. Hulle kom seker o'er di plaas praat. Di ou kerel het vervas di predikant omgehaal om saam te kom. Ik het mos al ver jou geseg, dat hij met di predikant net maak wat hij wil. Kijk, hulle kom reguit na ons toe."

Mister Olmans het opgestaan en sijn hoed gevat om weg te gaan.

„Nee, *Olmans! moe ni weggaan ni*; blij *hier*. Jij kan ver mij help als hulle mij beskuldig dat ons knoei en jouself verdedig."

Olmans kijk skuins deur di venster, en toen hij sien dat di twee mans al amper bij di huis was, set hij sijn hoed weer neer.

„Ja, oom! ik denk ook dat dit beter is dat ik blij. Is Flip tuis?"

„Ik denk hij is in di buitekamer, maar wat sou dit, Olmans?"

„Als oom Karel o'er di plaas gaan praat, dan kan oom ver Flip laat binnekom."

Oom kijk ver Olmans verwonderd aan en wil tegen praat; maar daar was geen tijd ni.

Net soos hij gedenk het, oom Karel en meneer is bij di voordeur. Oom Arnoldus spring op en maak ope.

„Kom in, meneer! Kom in, oom! Ik is blij om julle te sien. Julle kom seker kijk hoe dit met mij gaan. Ja, kom in! Mijn grootste vermaak is om te sien, dat di broeders na mij omkijk. Huisbesoek is tog so heerlik. Om met broeders, en veral met 'n leeraar o'er di siel te praat, is so vertroostend. Kom in. Hier is mister Olmans ook. Ons sal 'n aangename gesprek hê, ni waar ni?"

Di vloed van woorde en di vrindelikheid van oom Arnoldus het oom Karel maar half aangestaan, en toen hij mister Olmans sien word sijn gesig, wat al knorrig genoeg lijk, ni vrindeliker ni. Ook meneer staan 'n ogenblikki stil, net of hij denk of hij sal ingaan of ni; op di end gaan hij egter na binne.

Olmans steek sijn hand uit om te groet, maar oom Karel laat dit bij 'n kniki met sijn hoofd en gaan toen sit.

„Ik het ni gekom om te gesels ni, neef Arnoldus," seg hij, na 'n ogenblikki van swijge; maar om o'er Flip sijn plaas te praat. Ik het meneer gevraa om saam te kom."

„Om o'er Flip sijn plaas te praat!" seg Arnoldus verwonderd; „ik weet ni wat daaro'er te praat is ni, maar ik is tevrede. Ik sou anders liewers o'er onse sielstoe-

stand wil praat. Di drukkende Hand is so op onse land en volk, dat dit tijd is om tot onsself in te keer."

„Als partij mense tot hulle-self inkeer, sal hulle maar 'n vuile boel binnekant vinde," seg oom Karel.

„Juis, broer! Dit is net soos di apostel seg: ons is bedorwe van natuur. Ik het hier so'n mooie preek van 'n oue skrijwer o'er di verdorwenheid. Als oom wil kan ik di ver oom gee om te lees."

„Ik krij tegenwoordig skaars tijd om mijn Bijbel te lees, maar ik is ook nou ni gekom om o'er preke te praat ni. Ik wil net weet of jij Flip sijn plaas ver £80 gekoop het of ni?"

„Ver £80? Hoe kan jij so praat, broeder! Jij moet banje sleg van mij denk. Ik reken dat ik ten minste £2,500 ver di grond gee. Is dit ni so ni, mister Olmans?"

„Ongetwijfeld!" antwoord hij. „Dit is di minste wat 'n mens kan reken. Oom kan seg dat oom £3,000 gee.

„Maar ik het tog ver vas gehoor dat jij net omtrent £80 ver Flip betaal. Hij het self so geseg.

„Ik denk, oom Arnoldus," seg Olmans, „sal dit ni beter wees dat Flip ook bijkom ni, dan kan oom self hoor wat hij geseg het."

Eers skud Arnoldus effentjies sijn hoofd, maar Olmans wenk ver hom en toen seg hij: „Ja, dit sal ni kwaad wees ni. Ons moet Flip roep. Ik denk hij is tuis."

Oom Arnoldus staan toen op en gaan di kamer uit. Na enige ogenblikke kom hij met Flip terug.

Flip was 'n tamelik uitgegroeide jong-kérel met 'n *onnosel gesig. Jij kan so maar aan hom sien*, dat *hij* een van di arme mense was, wat nes skape in 'n wereld van wolwe, maar min kans het om deur te kom. Ver oom Karel was hij vreselik bang. Van sijn kindsheid af het oom Karel sijn *barse stem en kortaf manier van praat* hom di skrik op di lijf gejaag. Dit was wel jammer, want daardeur het hij nooit kon verstaan, dat oom Karel sijn beste vrind was ni; en Arnoldus dus, wat hom altijd met mooie woorde voorkom, *ni* te vertrou was ni.

Toen Flip di kamer inkom en meneer met oom

Karel daar sien sit, raak sijn koerasi so maar weg. Di ding lijk al te banje op 'n konsistori-saak, en Flip was bang ver di swart-span.

Di beste sou gewees het, dat oom Karel hom wat tijd gegee het om reg te kom, maar dit was oom sijn geaardheid ni. „Seg, Flip!" so bars hij uit, amper voordat hij gegroet het, „het jij mij ni vertel, dat oom Arnoldus jou plaas ver £80 onder jou uit verkoop het ni?"

Flip word doodsbleek en begin te hakkel: „Ik weet ni, oom!"

„So! weet jij ni? Seg liewers dat ik lieg," gaan oom voort. „Jij weet ook niks ni, en in di tussentijd laat jij 'n ander jou vader sijn plaas vat."

Met 'n glimlag van genoege, wat hij ni kon verberg ni, sien Olmans dat Flip altijd meer in di war raak. Meneer sien ook wel dat di ding verkeerd gaan en seg toen: „Bedaar tog, broeder! Flip moet 'n bietji tijd hê om na te denk, ni waar ni, Flippi? Jij het tog seker wel met oom Karel o'er di plaas gepraat?"

„Ik denk so, meneer! Oom Karel en ik het gepraat; maar ik weet ni meer reg wat ik geseg het ni. Oom Karel het mij voorgekrij, omdat ik in di winkel skuld gemaak het, en toen het ik geseg dat oom Arnoldus di skuld sal betaal."

„En jou plaas vat," val oom Karel in.

„Bedaar tog, broeder!" seg meneer, „moe ni aanstoot gee ni."

„Laat hom maar begaan, meneer!" seg Arnoldus. „Ik is aanstoot gewênd, en ik het genade genoeg om aanstoot te verdraag."

Hoewel hij so praat, was Arnoldus egter so doodsbleek, dat ieder kon sien dat dit hom moeite kos om sijn toorn in te hou.

„Dog, gee jij dan ni net £80 ver di plaas ni?" vraag oom Karel, terwijl hij toornig opspring. „Dit is al wat ik wil weet."

„Wat ik ver di plaas gee, gaan niemand aan ni," antwoord Arnoldus, wat nou weer heel bedaard

was; „en ik sien ook ni, dat ik aan di broeders rekenskap verskuldig is ni; maar ik wil tog wel aan meneer vertel hoe di saak is, en dan kan meneer self sien, dat ik dit goed meen. Ik het ni nodig om mij te verdedig ni, dog di apostel seg: 'n mens moet altijd gereed wees om rekenskap te gee."

„Di woorde van di apostel het juis ni di betekenis ni, broeder, maar ik is bereid om jou te hoor," antwoord meneer. „Jij kan egter wel verstaan, dat ik alleen met broeder Karel saamgekom het om vrede te hou. Ik is ni regter ni, ten minste nou nog ni."

„Reg so!" seg Arnoldus, „maar als iemand belaster word, dan moet hij homself verdedig, en Fiippi is nou self hier om te seg, of ik di waarheid praat, ni waar ni, Flippi?"

„Ja oom;" seg Flippi, wat al di tijd sit planne maak om uit di noue kamertji uit te kom. „Ja, oom praat di waarheid."

„Hoe kan jij seg dat oom Arnoldus di waarheid praat?" bulder oom Karel. „Hij het niks geseg ni."

„Bedaar tog, broeder!" seg meneer, wat al nukkerig word. „Jij maak Flip in di war en ons kom ni verder ni."

Al wat oom Karel toen kon doen, was pijp opsteek. Hij rook soos 'n skoorsteen.

„Ja, meneer!" herneem Arnoldus. „Dit is ver 'n Christen banje swaar als hij belaster word; dog hij moet dit maar draa. Ik is al banje belaster, dit weet meneer wel."

„Ja, daar is genoeg stories o'er jou," brom oom Karel, half hardop.

Arnoldus neem geen notisi van oom Karel sijn gebrom ni. „Kijk, meneer!" so gaan hij voort, „jij sal self moet erken dat ik reg gehandel het. Flip is in mijn huis groot geworde en ik reken hom als mijn eige kind. Jij weet, hij het di plaas van sijn ou'ers geërwe en daar is so banje skelms in di wêreld, wat hom seker op di een of ander manier di plaas sal afneem. Flip is ni man genoeg ni om ver sijn sake op te kom. Di ding het al begin. Hij is al in skuld geraak bij di winkeliers, en so sal dit aangaan tot di plaas in di hande van di Engelse

is. Ik het toen lang gedenk, wat di beste plan sal wees, en ik is toen tot di gedagte gekom aan hom voor te stel, di plaas op mijn naam te laat set. Hij hou sijn lewensreg uit. So lang als hij lewe is dit sijn plaas. Ik sal dan sijn skuld betaal. Meneer kan self sien, dat ik ni voordeel daarbij het ni; ik ni en mijn kinders ook ni; want Flip sal mij o'erlewe. Onse tijd is wel bepaald en jong mense kan ook sterwe, maar dit is tog ni denkelik ni. Flippi kan nou op di plaas woon en als hij wil trou het hij 'n woonplek. Niemand kan dan aan di plaas kom en di winkeliers sal wel oppas om hom ni te veel krediet te gee ni. Nou kan meneer duidelik sien, hoe ik net ver Flip sijn beswil gewerk het. Alles is ver Flip, niks ver mij ni."

„Maar Flip kan tog sijn lewensreg verkoop aan wi hij wil, en wat help dit Flip dan?" vraag meneer.

„Daar sal ik wel voor sorge; ik het so lang ver Flip gesorge, dat 'n mens op mij kan vertrou. Ik denk dat ik rede het om aanstoot te neem, dat ik so onverhoord veroordeel word; maar dit is 'n Christen sijn lot."

Op di gesig van di predikant kan jij nou duidelik sien, dat hij ni reg wis wat hij sou antwoorde ni. Egter voel hij dat di ding ni reg was ni. Op di end seg hij: „Maar als Flip gou kom te sterwe, sal jij tog di plaas ver 'n kleine som hê."

„Daar sal ik ook voor sorge," antwoord Arnoldus. „Ik wil ni wins doen met Flip sijn goed ni. Ik sal wel op di een of ander manier maak, dat Flip sijn erfgename dit krij. Mister Olmans sal alles opskrijwe en hoewel ik volstrek dit ni nodig het ni, sal ik tog alles ver meneer wijs."

„Kom, meneer! laat ons maar loop," seg oom Karel, terwijl hij opspring. „Ik verstaan nou van di hele stori niks ni, en hoe meer Arnoldus praat, hoe minder ik di ding begrijp; dog een ding seg ik, dat daar 'n Regter der wese is, en als ik di ding ni vestaan ni, Hij verstaan dit goed, en di uitkoms sal wijs wat reg is."

Oom Karel vat toen sijn hoed en stap di kamer uit, en meneer was verplig om te volg.

„Soe! dit is gelukkig verbij,“ seg mister Olmans toen Flip ook uitgegaan het en di twee vrinde weer alleen was.

„Ja, jij het mij maar min gehelp,“ seg oom Arnoldus. „Ik moes alleen di spit afbijt.“

„Daar was ook ni hulp nodig ni; jij is knapper dan 'n agent; maar jij moet ni denk, dat di saak nou op 'n end is ni. Oom Karel is nukkerig weggegaan en hij sal ni ingee voordat hij sijn sin het ni. Ons moet nou eers di transport in orde maak en dan is ons so ver veilig.“

„Maar hoe sal ik maak, dat di mense ni praat ni en dat Flip sijn lewensreg ni verkoop ni?“

„Heel gemakkelik. Ik het, terwijl julle sit te praat, o'er di saak nagedenk en 'n pragtige plan uitgedenk. Ons laat Flip 'n dokument teken, dat hij sijn lewensreg aan jou o'ermaak en jij laat mij 'n testament skrijwe, waarin jij di plaas en di lewensreg aan Flip vermaak. Jij weet 'n testament kan altijd verander worde. Dan kan jij al di mense jou testament laat sien en wil jij dan naderhand anders doen, dan het niemand daar wat o'er te seg ni. Ik noem dit dwaasheid om so 'n plaas als Rooiheuwel in di hande van 'n man te laat soos Flip, wat binne 'n paar jare alles sal verloor. Als ons di plaas het sal ons binne 'n paar jare £5,000 maak.“

Di uitdrukking van *„ons"* het oom Arnoldus wat gehinder, en dit was daarom met nadruk op di woordji *„ik"* dat hij seg: „Als *ik* di plaas het, sal ik dit ni so maar verkoop ni.“

Olmans het wel gemerk wat oom bedoel; maar hij hou ver hom dom. „Nou ja, ons sal eers sien om alles in orde te krij, en dan kan ons verder praat. Laat mij nou gaan.“

Oom Arnoldus was blij om wat alleen te wees en o'er di een en ander na te denk. Di ding was ni heeltemaal na sijn sin gegaan ni. Hij het gedenk om so stadigaan di plaas in sijn besit te krij, en nou het di ding te veel in di lig gekom. Ver Flip was hij ni bang ni, di sou hij wel tevrede stel; maar hij voel, dat Olmans, sijn maat, ni te vertrou was ni, en dat hij heelwat meer sou moet

afgee als hij lus voor het. Dat hij op di een of ander manier ook ver oom Karel sal moet stil maak, voel hij ook. Di invloed van oom Karel was te groot om hom somaar verbij te gaan.

„Wat nou te doen?" dit was di vraag.

Lang sit hij te denk sonder tot 'n besluit te kom, alleen dit staan bij hom vas: Rooiheuwel moet sijn plaas worde. Op dî end staan hij op en seg bij homself: „Di tijd sal wel wijs, wat ik moet doen, en ik is slim genoeg om los te draai. Olmans sal ook uitvinde dat hij met 'n man te doen het, wat ook iets in di wereld gesien het. Laat ik maar eers di transport hê."

## HOOFDSTUK II.

Iedereen kan wel verstaan, dat vijf en 'n halwe minuut, nadat oom Karel en meneer di huis van oom Arnoldus verlaat het, di halwe Praatville in oproer was; en dat vijf minute later di ander helfte met di saak besig was. Ou tante Grieta het di twee mans sien uitgaan, en het toen gou o'ergeloop na nig Betta, om te hoor wat di ding dan was; en toen nig Fija di haastigheid sien, waarmee ou tante loop na di huis van nig Betta, moes sij natuurlik ook gou o'erloop om te hoor wat di ding is. So gaan dit van huis tot huis.

Oom Arnoldus het Praatville te goed geken om ni te weet ni, dat di ding sou kom en dat so 'n stori netnou in di distrik sou versprei wees, en sekerlik ook tot di ore van neef Gert, di vader van Anna, di nooi waar Flip na vrij, sou kom. Hij was dus haastig om di transport reg te krij voordat Flip sijn meisi 'n klip in di pad sou gooi. Flip was wel mak en half onnosel, maar 'n vroumens kan di onnoselste mens slim maak.

„Ik moet sorge dat ik Anna op mijn hand krij," denk Arnoldus bij homself. „Olmans is ni te vertrou ni. Als di papiere eers reg is, kan ons later sien, maar voor di tijd moet ik oppas. En als Anna eers met Flip begin te ge-

sels en van hom hoor, dat di plaas in mijn hande kom, sal dit verkeerd gaan. Ik moet hulle voor wees.“

„Saterdagmiddag begin di ou al vroeg di pad in di oog te hou, wat di mense van Vaalbank moes kom. Van Flip het hij verstaan dat Gert kerk-toe sou kom. Dit was dan ook so. Vroeg al in di agtermiddag kom di wa aan, en hoewel hulle nog vêraf is, kan di ou sien dat daar vrouens bij is.

Na 'n rukki sit oom Arnoldus sijn hoed op en gaan uit. Hij was altijd nogal vrindelik, maar di dag was hij bisonder spraaksaam. Eers stap hij winkel-toe, waar al so langsamerhand partij mense kom om te gesels; toen stap hij stadigaan voort tot bij di tuishuis van Gert; en toen hij ver Gert op di stoep sien staan, kom hij nader en groet ver hom.

„Wil oom ni inkom ni?“ seg neef Gert.

„Ik kan 'n bietji inkom,“ was di antwoord; „maar ons kan ook hier 'n bietji gesels.“

„Nee, kom maar in,“ seg neef Gert, „dit is hier te winderig.“

Oom Arnoldus, wat eigenlik ook ni lus het ni om so voor ieders oog en oor met Gert te praat, was blij om in te gaan. Tante Leentji, di vrou van Gert, kijk verwonderd op; want Arnoldus was ni gewênd om daar te kom ni. En Anna word rooi, haar hart begin te klop. Sij voel so maar di ou kom ni verniet ni.

Arnoldus merk wel, dat Anna rooi word, maar maak of hij dit ni sien ni. Op sijn gemak steek hij sijn pijp op en begin te gesels.

Na 'n rukki o'er allerlei dinge gepraat te hê, seg hij, toen Anna hom 'n koppi koffi breng: „Wel Anna jij kan lekker koffi skenk. Is dit daarom dat Flip so graag hiernatoe kom?“

„Ag, oom, ik weet ni, waarom Flip kom ni!“ antwoord sij met 'n vuurrooi gesig.

„Wel, niggi, jij moet ni denk dat ik daarop tegen is ni dat hij hier kom; glad ni; hij kan net soveel kom als hij maar wil.”

Anna gee ni antwoord ni, maar gaan di kamer uit; dog tant Leentji, wat di woorde van Arnoldus aangehoor het, seg daarop: „Ons weet ni waarom Flip hier kom ni. Hij het ons nog niks geseg ni en Anna het ook ni gepraat ni. Ons het al wil seg, dat hij ni so banje moet kom ni, want di mense sal netnou praat. Ons is arm, ons het net di stukki grond en di is swaar belas; en ons moet sukkel om rond te kom. Ons kan onse kinders ni help ni, maar ons wil daarom ni hê, dat di mense dalk moet seg: ons het ver Flip aangelok ni. Anna is 'n goeje kind en sij sal wel 'n man krij."

„Nee, niggi, jij moet ni so praat ni. Ik seg ni so ni. Ik is blij dat Flip hier kom en sou banje graag sien dat Anna hom wil vat. Jij moet denk, Flip is ver mij net soos 'n eige kind, en ik sou ni graag sien dat hij swaar moet krij ni. Als hij 'n kwaai vrou sou krij, dan sal hij nooit hou ni. Ver mijn part kan julle gerus toestemming gee als hij sou vraa."

Tant Leentji was egter ni o'ertuig ni. „Ja," gaan sij voort, „ik wil ni dat ook maar di minste aanmerking gemaak word; of dat Anna belaster word."

„Og, niggi, belaster word iedereen. Jij kan ni denk ni hoe swaar ik dit partijkeer het. Ik meen dit tog so goed en ik voel soveel ver Flip, omdat hij 'n weeskind is, en soos julle self al gesien het, is hij glad ni vlug van verstand ni. Nou seg di mense dat ik hom onderdeur wil spring, omdat ik planne maak ver sijn beswil. Daar is nou weer allerhande praatjies o'er mij. Jij sal seker wel gehoor het!"

„Ons het so'n gerug gehoor, dat Flip sijn grond verloor het en dat oom dit gekoop het; maar ons kan dit ni geloof ni."

„Niggi moet dit ook ni geloof ni! Ik is 'n man wat di Heere vrees, en ik sal oppas, dat ik ni di goed van 'n weeskind vat ni. Ik het nou ni tijd ni, anders sou ik jou alles uitleg; dog jij kan gerus wees en aan di mense, wat so praat, seg dat hulle lieg. Als di dag kom, dat Flip tot 'n huwelik sal o'ergaan, dan sal iedereen sien hoe ik ver hom gesorge het. Laat hom maar gerus hier

kom en met Anna praat. Ik is heeltemaal tevrede. Flip is eenvoudig en 'n vrou soos Anna sal hom net tepas kom. Werk kan hij goed en lui is hij ook ni.

„Ons kan later sien," seg Gert, wat hom buite di gesprek gehou het. Als dit ooit so vêr kom, kan ons altijd 'n plan maak."

„Ja, haas is daar ni," seg Arnoldus. „Hulle is nog jong. Ik praat maar 'n bietji in tijds."

Na nog 'n paar woorde o'er andere sake gepraat te hê, gaan oom Arnoldus weg. Anna was ni te sien ni, maar gesien het sij wel. Oom Arnoldus was pas weg, of sij kom in di kamer bij haar ma. Haar pa het ook uitgegaan.

„Ma, wat het di ou kerel hier kom maak," vraa sij.

„Hij het o'er jou vrijerij met Flip kom praat."

„En wat het hij geseg?"

„Hij is geheel tevrede," seg sij, „en dit is alles stories, wat hulle vertel, dat hij Flip sijn plaas gekoop het. Als jij hom so hoor, dan moet jij hom geloof. Hij het alles kon uitleg. Di mense praat banje, maar ik weet ni wat di waarheid is ni."

„Ma het hom moet seg, dat daar niks van aan is ni. Niemand het daar iets mee te maak als Flip hier kom. Ik wens dat di mense ons wou laat staan."

„Di mense hulle tong kan niemand stop ni en dit doen daar ook niks aan toe ni. Maar ik sou tog ook liewer sien, dat di ding ni deurgaan ni. Flip is alte eenvoudig."

Dog dit het ma ni moet seg ni. Anna word so maar warm en begin ver Flip te verdedig. Sij het allerlei redes, waarom Flip so sku is.

Saam met ma was daar meer mense verwonder, dat Anna met Flip omgaan, want Anna was 'n knappe nooi en meer dan gewoonlik fluks. Daarom denk di meeste mense, dat dit net om di halsbandji was; dog di mense had daarin mis. Anna het eers ver di skuwe jonge man jammer begin te krij; en di stappi van jammerte na liefde is ni groot ni, veral ni bij 'n vroumens ni.

Flip het altijd gevoel, dat hij bij Anna veilig was; dat hoewel sij banje met hom korswil, sij hom nooit bespot ni; en Anna het hom altijd sowat als 'n groot kind behandel. So langsamerhand was hulle aan makaar gewoon geraak, en op di end het Anna waarlik ver Flip lief gekrij. Sij het gedenk, en tereg ook, dat sij met Flip wel kon klaar kom en hom kon reg help, waar hij verkeerd gaan.

Di stori van di grond verkoperij het sij ook so half gehoor, en sij het ook wel geweet, dat Flip skuld gemaak het, hoewel hij dit ver haar weggesteek het. Hoe dit eigenlik met di saak gestaan het, begrijp sij egter ni, en sij was dorp-toe gekom met di vaste voorneme, om Flip uit te vraa en te help.

Van oom Arnoldus het sij ni veel gehou ni, hoewel Flip altijd goed van hom praat. Sij het oom Arnoldus ni banje ontmoet ni, maar sij het altijd gedenk, dat hij haar ni goed gesind was ni. Sij was regte verwonderd toen haar ma haar nou seg, dat oom Arnoldus goed van haar gepraat het en daar ni op tegen was ni, dat Flip met haar sou trou. Sij het dit dan ook net half geloof en het erg onrustig gevoel. Sij kon di gedagte ni van haar wegkrij ni, dat daar geen goeje ding agter skuil ni. Sij het haar dan ook klaargemaak om, sodra sij Flip sou sien, di saak eens grondig te ondersoek.

Toen oom Arnoldus di huis van Gert verlaat het, loop hij so stadig-aan deur di dorp en gesels nou met di een en dan weer met di ander. Toen hij bij di kantoor van Olmans kom, kijk hij ongemerk na binne, en toen hij sien dat daar ni ander mense was ni, gaan hij in. Sodra Olmans hom sien, seg hij: „Dis goed dat oom kom. Ik het 'n brief van di agent aan di Kaap gekrij, en daarin staan dat dit nou bijna alles in orde is, maar dat dit meer moeite gee als hij gedenk het. Ons sal ook verplig wees om hereregte te betaal, ni volgens di koopsom ni, dog volgens di waardasi van di afdelingsraad. In elk geval binne 'n paar dage sal ons di transport kan krij en dan is di saak in orde."

„Ja," seg oom, „ik het amper spijt, dat ik di saak begin het. Di koste is banje en di voordeel min; dog nou dat dit so ver is, moet ons deurgaan. Als dit ni was om Flip ni, sou ik nou nog alles opgee."

„Als oom daarvan af wil wees," hervat Olmans, „dan kan oom alles net aan mij o'ermaak, op diselfde voorwaardes. Ik sal ni ontevrede wees ni."

Di glimlag op di agent sijn lippe, toen hij so praat, was ni aangenaam om te sien ni. Oom Arnoldus verstaan goed, dat hij Olmans ni kan omloop ni, en di voorneme om so gou mogelik van Olmans af te kom, word bij hom altijd sterker. Hij hou hom egter in en seg: „Jij verstaan mij ook weer verkeerd; julle denk almal dat ik ver mijself werk; dit is ni so ni."

„Ik verstaan oom volkome goed, en oom verstaan ver mij ook goed. In elk geval, ik is 'n agent en doen mijn werk. Verder het ik niks te doen ni. Oom moet egter ni vergeet ni, dat ik met di plaas meer moeite gehad het als met andere plase."

„Wees maar ni ongerus ni," seg oom Arnoldus. „Ik sal alles reg maak. Laat di transport maar kom."

Met 'n vrindelike groet gaan oom Arnoldus uit. Toen hij buite kom, word sijn gelaat donker. „Wag maar, meneer Olmans," brom hij bij homself; laat ik net eers alles in orde hê, dan laat ik jou loop!"

Meneer Olmans kijk oom Arnoldus ook met geen alte vrindelike gesig agterna ni. Di vrindskap tussen di twee was erg aan afkoel. Sodra oom Arnoldus bij di huis kom, vraa hij na Flip. Flip was nog ni daar ni, maar sodra hij inkom, laat oom ver hom roep.

Bijna nog nooit was oom so vrindelik gewees ni. Hij had eers 'n lange stori o'er allerhande dinge, met 'n korte prêki agterna, sodat di trane in de oge van Flip kom. Op di end seg hij: „Kijk Flip, jij moet ver mij nou di waarheid seg; vrij jij na Anna van Vaalbank, of ni?"

Flip skrik, toen hom di vraag gedoen word. Op di end stamel hij: „Ja, oom, ik sou graag ver Anna wil hê, maar ik is bang om haar reguit te vraa. Di mense seg, ik

is te eenvoudig, en ik is self ongerus dat sij mij nooit sal vat' ni."

„Daar is banje moeilikheid aan verbonde, mijn kind!" seg oom, "maar ik is ni hopeloos ni. Misskien sal ons di ding wel kan skik. Jij weet, als di mense eers hoor, dat jij so banje skuld gemaak het, dan sal hulle ver jou bang worde. Oom Gert van Vaalbank is ni 'n man wat skuld verdraa ni, en hij sal nooit sijn dogter aan iemand gee wat skuld maak ni. Dit is jammer dat dit nou so is."

Toen Flip sien dat oom met so 'n ernstige gesig praat, voel hij dat sijn hart hom gaan begewe. Hij het Anna tog al te lief en kon haar ni laat staan ni.

"Og, oom!" roep hij, "di skuld is te veel om te betaal! Oom kan gerus al mijn goed vat, als ik net ver Anna kan krij. Oom is slim en kan di ding wel regmaak."

„Ik seg ni," hervat oom weer met 'n ernstige gesig, „dat dit *onmogelik* is ni, maar dat di *swaar* sal gaan. Als jij nou net wil doen wat ik seg, dan sal ik sien wat ik kan doen."

„Oom het ni nodig om bang te wees ni," smeek Flip; „ik sal net maak soos oom seg."

„Wel, dan kan jij van aand 'n bietji na Anna toe gaan; maar jij moet oppas wat jij seg. Als sij met jou o'er di plaas gaan praat, dan moet jij net seg, dat ik alles ver jou sal regmaak en dat ik sal sorge dat jij geen skade lij ni."

'n Ieder kan verstaan met hoeveel plesier Flip di woorde hoor. Sijn vertroue in oom Arnoldus was in di laaste tijd, deur al di mense hulle praterij, banje verminder; maar nou krij hij weer di ou geloof terug. Oom sal alles wel in orde breng.

Di aand was ver di arme kerel 'n sware aand. Ons weet almal hoe swaar dit is, als dit onse voorneme was om 'n nooi te vraa, veral als ons dit nog nooit gedoen het ni. Allerhande gedagtes en swarighede kom bij 'n mens op. Di swaarste ver Flip was sijn vrees, dat Anna hom als 'n verkwister sou beskou, omdat hij in skuld was geraak. Di arme jonge man wis self ni, hoe dit so

gekom het ni, maar een ding wis hij, dat oom hom uitgehelp het en dat hij net sou oppas, dat dit ni weer gebeur ni; veral ni als Anna „ja“ sou seg.

Met di grootste sorg het hij dan ook ver hom aangetrek, en sijn hare was nog nooit so glad gekam ni als toen. Toen hij uitgaan, klop sijn hart soos ’n hamer, en hij had amper geen asem meer ni, toen hij bij di huis van Gert kom.

Nou moet di leser ni denk ni om hier ’n uitvoerige beskrijwing te krij, hoe Flip di aand di saak klaargemaak het. Liefdestories is ni juis altijd erg belangrik ver ander mense, wat daar niks mee te doen het ni. Genoeg is dit om te weet dat, als iemand di aand om tien uur daar sou gekom het, dan sou hij di twee, nogal digbij makaar, heel vertrouelik kon sien praat.

Watter praatjies daar eers gewees het, gaan ons ni aan ni; maar so langsamerhand was di gesprek deur Anna op di plaas sijn verkoping gebreng. Flip het ieder keer probeer om o’er ander dinge te gesels. Dit het hom egter ni gehelp ni. ’n Man moet banje slim wees om ’n vroumens van haar koers af te breng; ik weet amper ni of daar so ’n slimme man is. In elk geval, Flip kon dit ni doen ni, sodat Anna so langsamerhand di hele geskiedenis, ten minste so vêr als Flip dit self verstaan, agter gekom het.

Nadat hulle nog ’n tijdji gepraat en dit ook al laat geworde het, gaan Flip weg. Sijn gemoed was banje ligter als tevore, hoewel daar nog ’n swaar werk voor hom lê, namelik, om ouers bekend te maak. Anna wou niks van verloof weet ni voordat Flip eers met haar pa gepraat het.

Toen Flip weggegaan en Anna alleen was, begin sij o’er di saak te denk. Sij had geen spijt dat sij „Ja“ geseg het ni, want di saak van di grond kom haar banje verkeerd voor. Sij wis natuurlik van sulke besigheid min of niks af ni; dog sij voel dat daar iets verkeerd was. Graag het sij met iemand van verstand daaro’er gepraat. Sij denk om oom Karel; maar Flip was ver oom Karel te bang, en sij wou hom ni verdriet aandoen ni. Haar eige vader

was wel 'n goeje werksame fatsoenlike man, dog glad ni slim ni. Di enigste ding wat sij kan doen was, om van haar ma raad te krij. Onder soete drome val sij in slaap.

Di drome van Flip was ni so aangenaam ni. Hij het met te veel swarigheid gaan slaap; en hij droom aldeur hoe oom Gert hom uit di huis uitjaag. Hij kan maar ni woorde vinde ni om ver di oom te bedui, dat hij sijn dogter wil hê.

Vroeg di morre was hij al wakker en uit. Toen hij weer in di huis kom, was oom Arnoldus al opgestaan. Flip word geroep om di morre-godsdiens bij te woon. Oom Arnoldus het dit altijd 'n bietji lang gehou en Flip het, om di waarheid te seg, banje keer gewens dat di godsdiens moet klaar wees; dog di morre was di diens ver hom ni te lang ni. Hij was bang dat oom hom sou vraa, hoe dit di vorige aand gegaan het. So gebeur dit ook. Toen di andere mense weggaan, seg oom Arnoldus aan Flip dat hij 'n bietji moes wag, en vraa hom toen met 'n vrindelike gesig, hoe sijn besoek bij Anna afgeloop het.

Flip vertel toen hoe dit gegaan het. Anna het hom ewe vrindelik aangehoor, maar sij het geseg dat sij haar ni sal verlowe ni, eer dat hij met haar ou'ers gepraat het. Sij het ook geseg dat hij met oom, in wi sijn huis hij was, moes praat en ook met oom Karel, wat sijn voogd is.— Oom Arnoldus hoor dit alles aandagtig aan en vraa eindelik, of Anna niks van di plaas geseg het ni.

Flip skrik toen, want hij weet dat hij ver oom belowe het, om ni o'er di plaas te praat ni. Hij probeer toen so wat di saak te bewimpel, uit vrees dat oom kwaad sal worde, dog Arnoldus was slim genoeg om uit te vinde, dat di jonge nooi belang genoeg in di grond gestel het, om soveel mogelik al di bisonderhede van di koop uit te vinde. Hij voel dat hij kwaad word, maar na 'n paar ogenblikkies het hij weer uiterlik bedaar, veral toen hij merk dat Flip self ni reg weet hoe di saak staan ni. Wel was di transporte in orde en sou van di Kaap kom; maar tog was hij bang dat, als di hele waarheid voor 'n dag en in di lig sou kom, di lang bedagte planne nog

kon misluk. Hij was als di dood so bang ver oom Karel en ver di ou agent, meneer Meyer. Ook al kom daar geen proses ni, als di mense sou uitvinde hoe hij Flip onderdeur gespring het, dan was sijn kans om ouderling te worde verbij, en hij wou tog alte graag nog in di voorste bank, met di swart manel en wit das, gaan plaas neem.

Onder di praat merk hij wel dat Flip vreselik bang is om met Gert te praat en hom te vraa, aan Anna verloof te wees. Hierop maak hij 'n plan en seg: „Kijk Flip, ik merk wel dat jij erg bang is ver neef Gert, en ik denk self, dat dit ni so makkelik sal gaan ni. Hulle is banje bang ver skuld, soos ik jou al geseg het, en ik denk daar sal heel wat objeksi wees; maar ik het al geseg, dat ik jou sal help, en daarom sal ik wel 'n kans maak om vandaag, al is dit Sondag, met Gert te praat. Ik is nog ni seker ni, want ik moet eers nog nadenk, of dit ni misskien Sabbat-breek is ni; dog als dit ver mijn gewete duidelik is, dat ik dit mag doen, dan sal ik so maak. Anders moet jij wag tot Maandag. Gert sal wel ni so vroeg uitrij ni. Ik sal hom dan seg, dat jij ver hom wil vraa en di pad ver jou 'n bietji glad maak."

Toen Flip di aanbod krij, spring hij op van vreugde. Alles was nou reg en met 'n opgeruimd gemoed gaan hij na sijn kamer om hom ver di kerk aan te trek.

Na di middagkerk is Flip natuurlik weer bij Anna, en toen sien hij tot sijn vreugde dat oom Arnoldus sijn belofte ni vergeet het ni, maar ver oom Gert kom besoek. Wat di twee manne met makaar praat, kan hij ni hoor ni, daar hulle so 'n klein endji same wegstap. Hij merk egter op dat di gesprek ni ongunstig ver hom was ni, want toen oom Gert hom sien groet hij hom ewe vrindelik. Ook oom Arnoldus seg aan hom met 'n glimlag: „Ik het alles reggemaak; jij moet net geduld hê."

Later het Flip gehoor dat oom met Gert 'n afspraak gemaak het, om o'er 14 dage di hele saak te bespreek, dan moes Gert weer inkom en alles sou in orde gemaak worde.

Di veertien dage was ver Flip wel wat lang: tog gaan hulle verbij. Oom Arnoldus het in di tussentijd 'n paar besoeke afgeleg bij Olmans, en 'n paar dage voor di afgesproke tijd, het hij met 'n pak papiere tuisgekom en aan Flip geseg dat alles nou klaar was; dat di skulde almaal betaald was, en dat hij nou gerus en tevrede op Rooiheuwel kan gaan woon, daar niemand hom kan hinder ni. Hij voeg daar nog bij, dat hij o'er 'n paar dage, als Gert inkom, met Flip in di aand saam sal gaan, om alles duidelik te maak.

Di langgewenste aand was eindelik aangebreek. Anna het sorg gedraag, dat haar vader vroeg al in di middag dorptoe gerij het. Ook het Flip alte danig uitgekijk na di bekende wa.

Na di ete het oom Arnoldus aanstaltes begin te maak om met Flip saam te gaan, en ni lang daarna ni was hulle klaar. Oom Arnoldus neem enige papiere uit sijn kas uit, steek di in sijn sak, roep ver Flip en gaan met hom voort. Bij Gert werd hulle vrindelik ontvang. Nadat alles stil was, en Flip tijd gekrij het om 'n ogenblikki met Anna alleen te praat, roep oom Arnoldus hulle bij makaar en begin te praat.

Toen oom Arnoldus so deftig bij di tafel gaan sit, terwijl hij 'n paar papiere uithaal, lijk hij nes 'n predikant wat gaan godsdiens hou. 'n Paar van di klein sussies van Anna vou di handjies al same en een van di kleinste maak haar ogies toe. Dit was alles so deftig en statig, dat 'n mens sou denk dat hij in di kerk is.

Dit duur 'n paar minute voordat oom begin. Eindelik seg hij met 'n aandoenlike stem: „Julle sal julle wel verwonder, vrinde, dat ik-self kom om met julle te praat en di verlowerij ni net alleen aan Flip o'er te laat ni; maar daar is belangrike redes voor, soos julle self wel sal weet. Ik het ni nodig om julle bekend te stel ni, hoe Flip, wat ik mijn kind noem, in di huis van mijn vrou en naderhand in mijn huis opgegroei het.

„Ik kan ni seg dat Flippi verkeerd was, of dat ik grote moeite met hom gehad het ni; maar tog is dit in

di laaste tijd ni so goed gegaan als vroeger ni. Ik wil ni seg dat dit alles sijn skuld is ni. Di mense het hom verlei en hij is in skuld gekom. Ik het gevoel, dat dit mijn plig is om te help. Ik het toen gehelp, en om di winkeliers te belet dat hulle hom gedaan maak, het ik sijn plaas op mijn naam laat transporteer. Ni dat ik di plaas ver mij wil vat ni, glad en geheel ni, maar ik wil di grond veilig hou, tot tijd en wijle dat ik Flip verstandig genoeg beskou om behoorlik na alles te kijk. Wat is daar nou gebeur? Flip het daaro'er gepraat en di mense het ver mij belaster en aangeval. Di ding het ver mij diep seer gemaak."

Toen oom Arnoldus so aan praat was, skiet sij gemoed hom so vol dat di trane in sijn oge kom. Flip het amper ook gehuil. Tant Leentji was ook erg aangedaan.

„Ja vrinde!" gaan Arnoldus voort. „Dit is banje smartelik als 'n mens iets goeds wil doen, om dan gesmaad te worde en dit nogal deur ouderlings en predikante. Ik het nagte deurgebreng sonder te slaap. Amper het ik di saak opgegee. Ik voel egter mijn plig. Ik is banje jammer ver Flippi. Daarom is dit dat ik mij so banje met di saak bemoei.

„Als ik ni tussenbei gekom het ni, dan was di plaas nou seker al in di hande van di Engelse. Tog word daar nou nog geseg dat ik 'n weeskind sijn grond wil vat.

„Kijk hier, hier is di bewijs van Flip sijn lewensreg. So lang als hij leef, kan hij op di plaas woon en niemand kan hom hinder ni. Maar ik het nog veel meer gedoen. Hier is mijn testament. Julle kan dit gerus lees. In di testament het ik geseg, dat di plaas na mijn dood aan Flip moet terugkom, en dat hij net in mijn boedel di geld moet terugbetaal, wat ik hom nou voorskiet om sijn skuld reg te maak. Nou vraa ik iedereen, of dit ni billik is ni? Vreselik is dit dan ook nog beskuldig te worde. Hier is di papiere, julle kan dit gerus lees."

Di lange ernstige redevoering het op di hoorders, behalwe op Anna, 'n diepe indruk gemaak. Hoe anders tog lijk di saak nou, bij wat di mense dit voorgestel het,

ten minste so was di gedagte van oom Gert en tant Leentji. Flip het van di hele saak min of niks begrijp ni.

„Ja hier is di papiere,“ hervat oom Arnoldus, terwijl hij di testament op di tafel uitbrei. Neef Gert, wat op sijn bes maar ordentelik moeite het om fijn skrif te lees, het ni veel sin om di lange dokument deur te gaan ni.

Op aandrang van oom Arnoldus neem neef Gert eindelik di papier op. Leg dit egter gou weer neer, omdat hij, soos hij seg, sijn bril bij di huis vergeet het en hij met ander brille ni kan lees ni. Di ander aanwesige had ook geen lus om di dokument deur te sien ni, sodat oom Arnoldus dit eindelik weer in sijn sak steek.

Op sijn vraag of almal nou o'ertuig is, dat hij reg doen, is di antwoord eenstemming van: „Ja,“ hoewel Anna dit laat blij bij 'n knikki van haar hoofd. Hierop seg oom Arnoldus, dat Flip en Anna moet opstaan. Hij staan toen ook op. Flip denk dat dit amper al trou is. Oom hou toen nog 'n aanspraak o'er di liefde en sluit met 'n soort van gebed en segenwens.

Di hele toneel was so aandoenlik, dat neef Gert en tant Leentji bedroef aan snik was. Di kleintjies huil toen ook; maar daar hulle te hard aangaan, word hulle gou stil gemaak.

Hierna gaan oom Arnoldus, nadat hij elkeen gegroet het, huistoe. Gert en sijn vrou gaan slaap, dog Flip en Anna sit nog 'n rukki te praat. Hoe aandoenlik oom ook al gewees het, Anna blijf tog agterdogtig; en toen sij in haar kamer was, maak sij nog altijd plan om eens van 'n verstandige en vertroubare man raad te vraa.

---

## HOOFDSTUK III.

Di volgende dag was dit Sondag, en gelukkig ver Flip was daar ook kerk in di aand, sodat hij 'n goeje kans het om met Anna na huis te gaan. Hij kon ni genoeg praat ni van di goejigheid van oom Arnoldus, hoe-

wel hij voel, dat Anna maar half met hom samegaan. Veel wou sij ni met hom praat ni, omdat dit Sondag was. Tog seg sij ver hom, dat hij ook aan oom Karel, wat sijn voogd gewees het, moet bekend maak en hom moet vraa of dit na sijn sin is, dat hij na haar vrij. Flip het daar niks geen sin in ni, maar toen hij sien dat Anna dit volstrek wil hê, gee hij toe en beloof haar om dit te doen, waarop hij tevrede huistoe gaan.

Maandagmorre toen di buite-mense weg was, gaan oom Arnoldus ook 'n bietji loop en wandel so bij di kantoor van Olmans langs. Di kantoortji was leeg en so stap hij in.

„Ik het aangekom om o'er di rekening te praat van di koste met Rooiheuwel," seg hij. „Jij het seker dit al uitgemaak."

„Uitgemaak het ik dit ni," seg Olmans, „maar als oom 'n bietji wil wag, kan ik dit gou doen. Di Kaapse koste het ik gekrij en ik moet net mij koste bijset. Dit is gou genoeg gedoen. Sal ik nou maar ineens £100 set ver mijn koste en raad, oom?"

Dit was 'n goeje ding dat di stoel, waarop oom Arnoldus sit, 'n leuning het, anders was di ou seker agtero'er geval, so skrik hij.

„£100, hoe kom jou dit in di gedagte! Ik het nog nooit gehoor ni dat 'n agent £100 krij ver 'n transport."

„Oom vergeet, dat ik banje moeite gehad het met di saak en oom banje raad gegee het. Oom weet ook dat di raad van 'n agent duur is;" seg Olmans, „ik denk £100 is nog 'n bietji min."

„Ik sal dit nooit betaal ni, jij kan mij gerus dagvaar. Ik sal jou wijs dat ik ni 'n kind is ni," roep oom Arnoldus woedend uit.

„Moet ni driftig worde ni, oom, " seg Olmans, „anders is di rekening misskien nog hoger. Als 'n mens 'n plaas van 3000 morge ver £80 krij, dan kan hij waarlik wel £100 aan di agent gee."

„Maar jij weet wel dat Flip di lewensreg het."

„Ja, dit weet ik wel, maar ik weet ook, dat hij dit ni

sal hou ni als oom en ik vrinde blij. Als ons rusi maak, dan is dit wat anders. Gee mij mijn £100 en dan sal ik verder ver oom werk. Oom moet mij ni kwaad maak ni.“

Oom Arnoldus bewe van kwaadheid. Hij kan amper ni praat ni.

„Daar is ni haas ni,“ seg Olmans, „ik sal oom ’n gespesifiseerde rekening stuur, dan kan oom dit op sijn gemak bestudeer, en als oom dan wil, dat ik oom dagvaar, kan oom maar seg. Ik denk ons moet liewers vrinde blij.“

Oom Arnoldus voel wel, dat hij moet oppas en ni te veel moet seg ni. Dit kook daar binnekant. Hij raak hom ewewel baas en seg eindelik: „Kijk, Olmans! ik wil ni rusi maak ni; stuur jou gespesifiseerde rekening, en als jij di geld verdien het, sal ik jou dit ni onthou ni.“

„Reg so, oom, jij sal jou rekening van middag hê.“

Oom was blij om uit di kantoortji te kom. Hij voel hij moes eers bedaar om na te denk. Di buite-lug doen hom goed. Nadat hij ’n bietji rondgeloop het, begin sijn gedagte agtermakaar te kom.

„Wag maar, meneer Olmans,“ seg hij bij homself, „ik sal jou tog onderdeur-spring, al is jij honderdmaal ’n agent en ik ’n boer. Uitwerk sal ik jou tog.“

In di agtermiddag kom di jong van Olmans met di rekening. So ’n agent sijn rekening is di snaakste ding, wat nog deur ’n mense verstand uitgedenk is, om iemand te laat betaal. Hulle vraa selfs geld om hulle rekening uit te maak. Soveel ver ieder briefi wat hulle lees; soveel ver dit en soveel ver dat en so gaan dit voort tot di end toe. Di end is gewoonlik duidelik genoeg en groot genoeg ook.

Maar Olmans sijn rekening was bisonder snaaks.

Daar was partij dinge ingeset, wat ’n ander mens ni so maar kon begrijp ni. Daar was soveel ver rondgaan om te hoor wat Flip skuldig was; soveel om di bewijse in hande te krij; soveel ver advies in di saak, en soveel ver advies in wat anders. Oom Arnoldus verstaan di ding goed genoeg. Als hij ni sou betaal ni en hij op di

rekening gedagvaar word, sou di hele transaksi van Rooiheuwel voor di dag kom. Di rekening was net 'n verborge dreiging.

Oom Arnoldus was egter ni 'n man om so gou bang te worde ni. Hij wis wel, dat Olmans ook ni graag sulke sake in di kantoor sou wil sien ni, want dat hij dan di vertroue sou verloor. Daarom denk hij ernstig na of dit ni di beste was om met Olmans rusi te maak en dan te sien, wat van di saak sou worde. Bij langer nadenk kom hij tot 'n andere gedagte. Rusi met Olmans sou tog, solang Flip di lewensreg van Rooiheuwel het, hom banje skade doen en hom misskien ver altijd belet, om di lewensreg in hande te krij. Hoe slim hij ook was, hij het tog in di sake 'n agent nodig en hij wis dat hij met di ou agent, meneer Meyer, niks kon uitvoer ni. Daarom besluit hij om in te gee en met Olmans vereers vrinde te blij.

'n Paar dage laat hij egter verbijgaan. Olmans, wat ook heel goed weet, dat Arnoldus na hom toe sal kom, hou sig ook stil. Hij wag sijn tijd af.

Toen Arnoldus gevoel dat hij heeltemaal kalm is, en hij op homself kan reken, gaan hij Olmans opsoek. Di ontvang hom ewe vrindelik en maak of daar niks gebeur het ni. Hij praat ni eens o'er di rekening, sodat Arnoldus wel moes begin.

„Ik het jou rekening ontvang, Olmans, en ik het hom deurgesien. Jij sal self moet erken dat dit banje hoog is. Ik wil wel ver jou goed betaal, maar ik denk jij moet wat afslaan."

„Og nee, oom!" was di antwoord. „Oom speel seker. Als oom di rekening goed nagegaan het, sal oom sien dat ik nog banje dinge o'ergeslaan het, omdat oom so 'n goeje vrind van mij is. Oom het seker di rekening ni goed deurgelees ni, anders sou oom ni so praat ni."

„Ik het hom goed genoeg gelees, Olmans, en ik denk jij moet wat afslaan; maar als jij ni wil ni dan sal ik jou betaal wat jij vraag."

„Ik het mos geseg, als oom di gespesifiseerde reke-

ning krij, dat oom sal tevrede wees," seg Olmans met 'n wonderlike glimlag. „Nou, ons sal maar van di saak afstap. Als oom wil kan oom mij betaal wanneer dit tepas kom. Ik het ni haas ni."

Oom Arnoldus blij 'n rukki stil. „Morre sal ik jou di geld breng Olmans," seg hij eindelik.

„Goed so, en sal ons dan verder planne maak o'er di lewensreg?"

Arnoldus skrik. „Nee," seg hij, „di lewensreg hoort aan Flip. Ik is ni 'n man ni om 'n weeskind sijn goed af te neem. Flip gaan met Anna trou en kan als hij wil op Rooiheuwel woon."

„Maar als oom di lewensreg ni koop ni dan kan 'n ander dit misskien krij."

Arnoldus kijk Olmans skerp aan. „Ik sal Flip seg dat hij versigtig moet wees. Ik wil niks met di saak verder te doen hê ni."

„Wat sou di ou kerel sijn plan nou wees?" denk Olmans. „Dat hij Flip onderdeur sal spring is tog seker. Di ou huigelaar!"

„Olmans moet ni meen ni, dat hij mij weer in hande sal krij,"—denk Arnoldus. „Al wat ik nou te doen het sal ik self waarneem."

So sit di twee makaar aan te kijk; gelukkig dat hulle ni in makaar se harte kon sien ni, anders sou dit 'n wonderlike stori afgegee het.

„O'er veertien dage is daar 'n grote vendusi. Het oom dit al gehoor?" vraag Olmans, om aan di pijnlike stilte 'n end te maak, terwijl hij 'n biljet opneem en dit aan Arnoldus gee, wat sonder veel omslag di biljet aanneem. „Ik denk di goed sal goedkoop gaan en daar is kans om wat bij te verdien."

„O, dit is di vendusi bij Stefanus," antwoord oom toen hij di biljet insien en ook maar blij was om di gesprek 'n ander loop te gee. „Ja, ik het al gehoor en als ik geld sou hê, dan sal ik seker wat koop. Mijn vee is bijna alles dood en ik is al moeg om op di dorp te woon. Ik het lus om weer self te gaan boer; dog di

geld is skaars. Nou, ons sal sien, Olmans. Morre breng ik jou geld."

Met di biljet in di hand stap di ou uit di kantoor van Olmans met di vaste voorneme, om so gou als mogelik alle verbintenis met Olmans af te breek. Hij voel glad ni lekker ni. Di onkoste van di plaas was hom ni mee geval ni, en nou di £100 boweop hinder hom al te banje. Wel, hij het di plaas bijna verniet, maar 'n mens weet, hoe meer di duiwel het hoe meer hij wil hê, en hij voel ook dat hij di lewensreg ni so makkelik sonder koste uit Flip sijn hande sal krij ni. Tevrede was hij glad ni.

Di eerste werk wat hij doen toen hij tuis kom, was om sijn geldtrommel na te kijk. Met 'n bank hou di ou hom ni op ni. Hij het altijd sijn geldjies self opgepas. Di trommeltji was tamelik vol, dog toen hij di geld ver di koste en ver Olmans afgetel het, kon jij sien dat daar 'n ordentelike gat in was. Dit maak hom ni vrindeliker ni. Hij set di afgetelde geld in 'n sakki, sluit di trommel toe en blij sit om na te denk.

Onder di denk val sijn oog op di biljet wat hij van Olmans gekrij het. Dit is net of daar 'n gedagte in hom opkom. Hij lees di biljet aandagtig o'er en met 'n glimlag van tevredenheid set hij dit weg en gaan uit.

„Ik sal di ding nou wel sonder Olmans klaarkrij," brom hij bij homself.

Di dag was di ou weer bisonder vrindelik ver Flip en toen hulle di aand-ete klaar het en Flip wil opstaan, seg hij dat Flip 'n bietji moet blij sit.

Toen alles stil was en Flip nogal angstig afwag, wat oom te seg het, begin di ou eers wat o'er di boerderij te gesels en o'er di werk te praat. Eindelik seg hij: „Het jij nou al gedenk, Flip, wanneer jij sal trou en hoe jij di vrou sal onderhou? Jij het nou wel di lewensreg op Rooiheuwel en jij kan daarop woon, maar jij weet Rooiheuwel is geen saaiplaas ni. Jij sal heel wat vee moet hê om te kan uitkom; jou veetjies is maar min."

So eenvoudig was Flip ni of hij het ook al o'er diselfde saak gedenk en al 'n paar aande wakker geleg

om uit te reken, hoe lang dit nog sou moet duur eer hij genoeg vee bij makaar kon maak om Anna behoorlik te onderhou.

„Ja oom, mijn vee is min en geld om vee te koop het ik ook ni, maar ik sal suinig wees en opspaar. Di ooie moet netnou lam; misskien krij ik 'n goeje lammer-oes. Dan sal ons sien. Anna seg ons moet ni so haastig wees ni."

„Misskien kan ik jou wel 'n plan gee en jou help, Flip."

Flip sijn oge skitter van vreugde. „Dit sal 'n goeje ding wees, oom,"—seg hij,—„maar hoe sal dit reg kom."

„Daar is o'er veertien dage vendusi bij neef Stefanus. Ik ken sijn vee; dit is 'n goeje soort. Jij moet daar 'n paar honderd ooie koop; dan het jij iets om mee te begin en dan kon jij na di lamtijd trou, als alles goed gaan."

„Ja oom, maar hoe met di betaling?"

„Daar moet ons 'n plan mee maak. Vereers sal ik daar wel voor sorge en dan kan ons saam later di ding regmaak."

„Maar dan kom ik weer in di skuld, oom," seg Flip, met 'n bedenkelike gesig, „en ik wil ni meer skuld maak ni. Als Anna dit hoor is sij seker kwaad."

„Denk jij dan dat ik jou in skuld wil laat kom?" seg oom 'n weinig knorrig, sodat Flip in di war raak. „Jij moet denk, dit is ni 'n winkelskuld ni. Dit is aanteelgoed en dis glad 'n ander saak. Laat ons nou eers jou sake regmaak. Ik sal een van di dage jou rekening opmaak, want ik het so di een en ander ding ver jou betaal. Als ons eers di rekening nagegaan het, dan kan ons sien wat ons op di vendusi kan doen. Dit is verniet om so lang te vrij. Di nooi krij misskien tegensin en vat 'n ander man. Di mense is nou eenmaal so."

„Nee, oom ken ni ver Anna ni. Sij het ver mij beloof om te wag en sij sal dit ook doen."

„Jij moet 'n nooi nooit te veel vertrou ni," seg oom. „In elk geval, jij moet maar eers o'er di vendusi nadenk, en als jij hulp nodig het, moet jij net praat. Maar jij

moet met niemand daaro'er spreek ni, want als di mense eenmaal merk, dat jij wil koop dan maak hulle afspraak om di goed op te jaag. Jij moet dan te veel betaal."

Dit begrijp Flip ook wel en hij neem hom voor om sijn mond te hou.

Toen hij alleen op sijn kamer was begin hij o'er di saak na te denk. Di woord van oom het hom onrustig gemaak. Hij het nog nooit gedenk dat Anna hom kon pier als sij te lang moet wag ni. Di ding plaag hom.

*Hij het banje lus di skape te koop en is daarom* bang om weer skuld te maak, maar hij kon ni denk dat oom Arnoldus hom verkeerd sou raai ni. Hij kon met niemand daaro'er praat ni. Anna het hom geseg dat sij veertien dage van huis sou wees, om bij een van haar tantes te kuier. Di arme kerel het dit net swaar.

'n Paar dage na di gesprek seg oom, dat hij di rekening opgemaak het en hij in di aand dit kon nakijk. Di rekening was 'n banje lang ding waarvan Flip niks begrijp ni. Daar staan allerlei dinge van belastings en koste en uitgawes, kafferhuur en kos ver di skaapwagters en 'n hele partij dinge meer, waaraan Flip nooit gedenk het ni. Hij skrik toen hij di ding sien. Dit loop na di £150. Hij het nooit geweet dat daar so banje koste op 'n plaas was ni.

„Sien jij nou wel, Flip," seg oom toen hij in di aand met hom di rekening nagaan, „dis veel beter ver jou, dat ik di plaas het en jij op di plaas kan woon? Nou sal ik in di vervolg al di koste moet betaal en jij kan lekker stil woon. Di geld wat ik voorskiet kan wag. Daar is ni haas bij ni. Ik het di rekening opgemaak om ni in di war te raak ni."

Di praat van oom laat Flip weer bedaar, want sijn hart het al geklop net soos 'n voorhamer. Hij begin weer reg te kom.

„Nou, wat sal ik doen met di skape op di vendusi?" vraa oom.

„Oom moet maak soos oom denk. Als oom net sorge dat alles reg kom."

„Laat dit aan mij o'er," seg oom; „wees maar gerus. Ik sal wel koop en dit dan later aan jou o'ermaak. Als jij koop dan sal di mense dit te hoog opjaag."

Flip was met alles tevrede en sien reeds in sijn verbeelding, hoe di trop lammetjies bij di kraal speel en hoe hij als 'n groot boer rondstap en di hottentots order.

Di volgende dag seg oom, dat hij 'n brief gekrij het en hij verplig is om weg te rij. Hij het sake te doen in 'n ander dorp en sal misskien nog verder gaan. Di aand laat hij di buggi klaarmaak en vroeg di volgende morre rij hij weg. 'n Jong wou hij ni saam ni. Hij seg dat hij wel alleen sal klaarkom.

Toen hij weg is, denk sijn vrou en huisgenote daaraan, dat hij seker vergeet het om te seg, waarheen hij sou gaan; dog oom Arnoldus het wel meer so weggerij, dat 'n mens eers later hoor waar hij gewees het.

Flip moes plaas-toe om 'n werk te doen, wat oom hom gegee het; maar ongelukkig het sijn perd weggeloop en moes hij di morre eers rondsoek om 'n perd te krij waarmee hij sijn perd kon soek. Dit was ni makkelik ni. 'n Mens weet dat als jij op di dorp 'n perd nodig het, di een sijn perd siek, di ander sijne te mager, di derde sijne kreupel en di vierde sijn perd te oud is. So het Flip di dorp deurgedwaal. Op di end kom hij op di gedagte, dat Olmans so 'n ou karwij-perd het en dat hij hom misskien dit sou leen. Hij stap toen na Olmans toe.

Olmans kijk vreemd op toen Flip inkom, want Flip gee gewoonlik pad als hij di agent sien. Toen Olmans egter ewe vrindelik is, het hij moed om di perd te vraa. Olmans was ewe gewillig en seg ver hom, dat hij 'n ogenblik moet wag en dan sal di jong di perd haal en opsaal. Flip het dit self wel wil doen, maar hij durf Olmans ni aanstoot gee ni. Voordat hij daarom denk sit hij met di agent te praat, wat allerlei dinge hom uitvraag en eindelik di gesprek op Rooiheuwel breng. Ni genoeg kan Olmans di goejigheid van oom Arnoldus roem ni. Di tong van Flip raak toen los en daar di jong nog al 'n rukki wegblij,. (want 'n hottentot het net haas

als hij kantien toe wil), word daar heel wat gepraat. Flip vertel ook dat oom Arnoldus van morre weggerij het, (wat Olmans ni onbekend was ni), dog dat hij ni weet waar sijn oom heengerij het ni. Toen eindelik di jong kom met di perd en Flip wegrij, weet hij waarlik ni of hij aan Olmans vertel het, dat oom Arnoldus hom met geld wil help. Dit alleen weet hij, dat Olmans geseg het, als hij misskien geld nodig het, hij gerus na hom kan kom.

Oom Arnoldus blij 'n paar dage weg, maar kom nog vroeg genoeg terug om di vendusi bij te woon. Flip rij toen te perd saam en neem 'n paar volk om di skape aan te jaag. Hij was wettig half deurmakaar. Di eene ogenblik wens hij dat di goed te duur mag gaan en dat oom ni sou koop ni; di ander ogenblik, als hij di ooie sien, het hij weer 'n ander gedagte. Di dag was hij nog 'n end skuwer als anders. Di jong-kerels het begin om hom met Anna te plaag. Vrijerij kan jij probeer toehou soveel mogelik, maar dit is net soos vuur. Dit kom uit. Hij hou hom daarom agteraf.

Toen 'n paar klompe skape verkog is, kom di ooie aan di beurt. Nou begin di regte biederij. Hij hoor hoe dat oom Arnoldus 'n trippens opset en weer 'n trippens en eindelik, hoe di afslager di bod toeslaan.

Hij skrik toen hij hoor, dat oom Arnoldus hom roep en seg, om di skape opsij te jaag en te tel of di getal reg is. Hij kan amper ni, hoewel hij anders 'n baas skaapteller was. Di getal kom uit: 350 ooie, vet en jong. Hoeveel hulle kos, het hij ni mooi gehoor ni, dog hij reken hij sal dit wel uitvinde als hij tuis is. Oom seg hom dat hij di volk di skape moet laat aanjaa; dog Flip wil liewers self bij di vee blij en kijk hoe di volk werk. Stadig rij hij toen 'n end met di volk saam, en toen hij hulle op pad gehelp het, rij hij huis-toe.

Oom Karel was ook op di vendusi gewees. Flip het di ou in di oog gehou en gesien, dat hij oom Arnoldus ni gegroet het ni, hij kijk ander pad. Nou het Flip eers di plan gehad om volgens sijn belofte met oom Karel te

praat, maar di oubaas was di dag so kortaf, dat dit 'n ander man moet wees dan Flip om met hom o'er iets te praat.

Flip het wel spijt gehad. Hij het altijd graag gedoen wat hij belowe het, dog hij troos hom met di gedagte, dat hij wel 'n beter tijd sal vinde om o'er di saak te spreek, en dat hij liewers reguit na oom Karel moet gaan als di oom weer op di dorp kom. Intussen is hij blij dat hij di trop skape het.

Nadat 'n paar dage verbijgegaan het, seg oom Arnoldus aan Flip, dat hulle di planne nou agtermakaar kan set en di betaling kan regel. Di rekening, wat Flip al reeds gesien het, word hom weer voorgeleg en di geld van di skape word bijgeset, sodat di sommetji ordentelik hoog was. Flip skrik toen hij dit sien, maar oom Arnoldus seg dat hij verniet bang is. Hij sal vereers wel alles regmaak.

„Ik het di bewijse geteken, Flip,“ seg oom, „en al wat jij nou te doen het, is ver mij 'n bewijs te gee bij lewe en sterwe. Hier is 'n dokument wat ik laat opstel het. Jij kan dit nou op jou gemak o'erlees en dan moet jij en 'n paar getuige dit teken; maar moet daar ni te veel o'er praat ni, anders raak jij jou krediet kwijt bij ander mense en dit sal jou grote skade doen in jou boerderij.“

„Mag ik di ding ni aan Anna wijs ni,“ seg Flip; „ik is bang sij sal kwaad worde als ik weer skuld maak.“

„Jij moet Anna ni van di staanplek af bederwe om haar al jou sake te vertel ni; dit sal jou naderhand las gee. Ik gee daarom ni om ni, anders seg di mense weer dat ik jou onderdeur-spring. Jij moet egter ni met Olmans of oom Karel daaro'er praat ni, of daar kom seker ergernis. Geef di dokument maar terug als jij hom deurgelees het, dan kan jij dit weer krij als jij dit ver Anna wil laat lees.“

Flip neem di dokument toen saam na sijn kamer. Dit was 'n lang ding, vier volle velle. Oom Arnoldus het dit deur 'n ander agent, op 'n ander dorp, laat opstel; daarvoor was sijn uitrij gewees. Di agent het di stuk so

opgestel, dat 'n gewoon mens, bij di eerste lesing, daar niks van verstaan ni; en ieder keer als hij dit o'erlees, nog 'n bietji minder. Di inhoud was egter: Flip erken, dat hij soveel skuldig was en dat, als hij dit op di tijd ni sou betaal ni, oom Arnoldus ook di lewensreg op Rooiheuwel kon neem. Di som was nog ni ingevul ni en di tijd van betaling ook ni.

Di arme Flippi sit met di lange dokument voor hom en probeer om di ding te verstaan. Di dokument was wel in Hollands geskrijwe, maar soos di meeste van di dokumente is, in gebrekkige Hoog-Hollands met woorde daarin, wat Flip seker ver di eerste maal in sijn lewe sien. Toen hij meer dan 'n uur met di ding gesit en 'n paar pijpe uitgerook het, gee hij dit op. Anna, wat tog beter kan lees dan hij, sal wel vertel, wat in di dokument staan.

Met 'n opgeruimd gemoed, net of daar 'n grote las van sijn skouers afgeval het, vat hij di dokument en breng dit ver oom Arnoldus terug.

„Hoe lijk dit ver jou," seg oom,—„sal jij dit wil teken?"

„Di ding lijk goed genoeg, oom," seg Flip. „Moet dit nou geteken worde?"

„Hoe gouer sulke dinge klaar is, hoe beter," seg oom Arnoldus, „maar ons kan nou niks doen ni. Daar moet twee onpartijdige getuige bij wees. Ons is nou op di end van di week. Saterdag sal neef Gert wel inkom, dan kan jij en Anna di ding bepraat. Maandag kan jij teken; dan is alles in orde en jij kan trou net wanneer jij lus het."

Flip was met alles tevrede en wag op Saterdag. Oom Arnoldus sou graag gesien het, dat hij dadelik teken, dog hij was bang dat naderhand kon geseg worde, hij het Flip bedrieg. Hij reken daarop, dat di ander mense di dokument ook ni goed sou verstaan ni en dat hij op di manier Rooiheuwel ver enige honderde ponde in hande sou krij. Met di kanse sou hij allig 'n vijftien honderd pond win.

„Laat Flip maar eers teken en dan sal ik mijn planne wel regkrij,“ seg di ou bij homself.

Saterdagaand stap Flip ewe welgemoed na Anna met di dokument. Hij was amper 'n bietji hoogmoedig op di groot papier, en toen hij opsit en in plaas van vrijpraatjies te begin, di papier uit sijn sak haal, kijk Anna verwonder op.

Haar pa was ook wel op di vendusi gewees en het vertel, dat oom Arnoldus skape gekoop het. Dat di skape ewewel ver Flip was weet hij ni. Toen Flip haar nou di dokument gee, verstaan sij daar niks van ni. Daar was eers 'n lange uitlegging nodig eer sij ook maar enigsins iets begrijp.

Hoewel sij 'n hele stukki slimmer was dan Flip en ordentelik skool gehad het, kon sij di ding ewemin verstaan als haar vrijer. Di wantroue in di bedoelings van oom Arnoldus kom weer bij haar op. Sij lees en sij lees weer, maar di ding word altijd meer duister. Flip hou egter aan, dat sij hom moet uitleg en hom moet laat teken. Di skape het hij tog al gekoop en di is op sijn plaas, sodat hij daar ni meer van af kan kom ni. Flip beantwoord al haar besware deur te seg, dat oom Arnoldus 'n vrome man is en so 'n vrome man hom ni skade sal aandoen ni.

Bijna di hele aand gaan met di strijerij verbij en toen Flip weggaan, het hulle nog ni tot 'n besluit gekom ni.

„Gee mij di dokument,“ seg sij bij haar afskeid. „Jij kom tog morre-aand weer, dan sal ik dit jou teruggee. Oom Arnoldus sal tog morre ni na di ding vraa ni en jij kan seg dat jij dit morre-aand sal saambreng.“

Hiermee moes Flip tevrede wees en huistoe gaan.

Sodra Flip weg was, vat Anna di dokument op en neem dit saam na haar kamertji. Haar pa en ma en di kinders was almaal in slaap. Sij maak toen gou haar plan klaar. Soek stilletjies pen, ink en papier. Di ink, wat half verdroog was, maak sij nat met asijn. Di ou pen gaan nogal aan; maar papier was skaars. Sij krij tog eindelik genoeg bij makaar—hier 'n stukki en daar 'n

stukki, en op di stukkies skrijf sij di dokument o'er. Tot laat in di nag is sij daarmee besig, maar sij krij di ding tog klaar.

„Wag laat ik net 'n bietji tijd krij," seg sij bij haarself, „dan gaan ik self na oom Karel en meneer toe en vraag ver hulle raad.

Met di gedagte val sij in slaap.

---

## HOOFDSTUK IV.

Toen Flip di aand tuis kom, sien hij tot sijn groote verwondering dat oom Arnoldus nog op is. Anders was oom ni van di laat-opblijers ni, en Flip sijn eerste gedagte was, dat daar iemand siek was. Dit was ni so ni. Oom Arnoldus roep hom om di deur te sluit en in sijn kamertji te kom. Hij vraag hom meteen of hij di papier saamgebreng het. Flip het nooit daarom gedenk ni. Hij skrik hom vaal. Toen hij oom Arnoldus vertel dat Anna di papier gehou het, word di ou regtig-waar kwaai. Flip het hom amper nog nooit so nukkerig gesien ni.

„Hoe kan jij so 'n gewigtige papier so maar bij ander mense laat staan," seg hij, „iedereen kan dit nou vat en afskrijwe. Jij het jouself in groot gevaar gebreng. So 'n papier moet nooit uit jou hande kom ni."

So gaan hij aan. Flip het amper gedenk dat hij 'n vreselike sonde gedaan het. Hij wil teruggaan, om di papier te haal, maar dit was al so laat. Hij was bang om di mense op te klop. Toen oom sien dat hij nog terug wil gaan, wil oom dit ook ni, maar laat Flip beloof, om vroeg in di morre dit te doen en hom di papier te breng.

Flip het 'n sware nag deurgebreng. Slaap kon hij ni; di woorde van Anna speel hom deur sijn hoofd. Hij het gedenk, sij sou seg, dat hij moet teken. Di skape, wat hij gekoop en wat so mooi gelijk het, lijk nou net soos kwaaje honde, wat hom sal bijt; en nou dat oom Arnoldus kwaad is, weet hij ni raad ni. Eindelik val hij in slaap. Hij droom so sleg, dat hij blij is om weer wakker te worde.

Vroeg in di morre was hij al op, en sodra hij maar enigsins kan, sit hij af na Anna, wat verwonderd was om hom te sien. Hij lijk so bleek of hij siek is; maar sij het gou uitgevinde wat hom skeel. Sij is nou eens so blij dat sij di papier o'ergeskrijwe het.

„O, di papier kan jij krij, Flip. Ik kan dit ook ni verstaan ni, maar een ding moet jij mij belowe, anders word ik kwaad en ik seg jou af. Jij teken di papier ni, voordat jij mij eers weer gesien het. Ik seg jou nou eens ver altijd, oom Arnoldus spring jou onderdeur. Jij kan nou kies tussen hom en tussen mij. Jij kan hom gerus seg, dat ik ni wil hê ni dat jij teken; en als hij jou dreig is dit niks ni. Ik sal hom regmaak, al is ik maar 'n nooi. Ik is ni bang ver hom ni."

Toen Anna so daar staan, lijk sij ook net als 'n nooi, waar 'n man voor bang kan worde. Sij hou haar daarom sterker dan sij is. Sij het ook 'n plan.

Flip is tussen twee vure in, maar di nooi is tog beter dan di oom. Di liefdevuur brand altijd di vinnigste.

„Nou, ik sal so maak," seg Flip, „ik sal tog vandaag ni teken ni, en vanaand kom ik weer kuier; gee mij nou di papier."

Anna gaan in di kamer, en nadat sij Flip nog eens sijn belofte laat herhaal het en di op haar manier besegel het, gaan Flip met di papier terug.

Oom Arnoldus was ook al opgestaan. Toen Flip hom di papier gee, kijk hij heel wat vrindeliker. „Og," seg hij, „jij het ni nodig gehad om so haastig te wees ni; ik wou jou net leer, om tog versigtig met sulke dokumente te wees." Daarop gaan hij met di papier in di kamer, kijk dit nog eens goed deur en sluit dit weg.—

Ni lang daarna is dit kerktijd en almal gaan na di kerk. Oom Arnoldus is 'n goeje hoorder; hij luister na wat di predikant seg. Di predikant was wel regsinnig; maar oom Arnoldus seg, dat di beste man wel eens 'n fout kan maak. Dat daarom di ou mense moet oplet, en dit is ook reg.

Een fout het oom Arnoldus tog. Hoewel hij 'n goeje

hoorder was, was hij 'n slegte toepasser. Als di predikant aan di toepassing kom dan deel oom di vermanings so stil-weg aan di ander mense uit en hou niks ver homself ni. Op di manier kom hij leeg uit di kerk.

Di morre was hij egter ni eens 'n goeje hoorder ni. Hij het so 'n gevoel o'er hom, dat hij homself gepier het deur Flip di dokument saam te gee om Anna dit te laat lees. Olmans het hom gewaarsku, dat hij ver haar moes oppas. Olmans was ook in di kerk en dit hinder hom. Boweal, oom Karel sit so breed in di ouderlingsbank, dat hij hom wel raak moes sien. Di ou luister ook wel, al knik hij nou en dan 'n bietji. Oom Karel was ook meer 'n toepasser als 'n hoorder.

Di ding, waaro'er oom Arnoldus nou sit te denk, was of hij di teken van di dokument sou deurdruk op Maandag, of sou uitstel tot 'n latere tijd, om op 'n geskikte dag so maar ineens di papier voor Flip te leg. Hij was bang dat, druk hij deur en Flip word opstandig, dan kom di stori op di vlakte; wag hij, dan kan daar ook fout kom. Daar di papiere egter weer in sijn hande was, skijn daar ni gevaar ni. Voor di preek uit is, het hij sijn plan opgemaak. Hij sal wat wag, dan kan hij later sijn sin wel krij.

Anna het ook sit rond kijk en tot haar blijdskap gesien, dat oom Karel in di kerk was. Sij maak toen haar plan klaar om op di een of andere manier bij di ou raad te krij. Dit was nou makkeliker, omdat sij di papier o'ergeskrijwe het.

Toen di kerk uitgaan, blij sij so onder di mense agter. Toen Flip haar sien en met haar wil saamloop, seg sij, dat hij maar moet aangaan. Sij sou hom in di aand wel seg waarom.

Flip het ni veel lus om so te maak ni, dog hij het al uitgevinde, wil hij met Anna vrede hou, hij net moet maak soos sij seg. Hij stap toen aan. Ieder keer kijk hij om en so sien hij dat Anna met tante Saartji saamloop en met haar praat. Oom Karel gaan min met sijn vrou saam en so was dit ook nou. Anna krij toen gelegenheid om met tante Saartji opsij te kom.

Na 'n paar gewone praatjies, vraag Anna, wanneer tante van plan is uit te rij, daar sij graag met oom Karel o'er iets wil praat; sij kan dit vandaag ni doen ni, want dit is Sondag; dit is o'er wereldse sake. Tog wil sij al te graag iets met oom Karel praat.

„Is dit o'er Flip?" vraag tante met 'n glimlag.

Anna word rooi, maar seg vrijmoedig: „Ja, tante."

„Oom Karel is regte nukkerig op Flip," seg tante, „omdat hij ni wil maak soos oom seg ni. Ik is bang dat oom Karel ni raad sal gee ni."

„Og, tante, tante ken mos ver Flip en tante weet, hoe gou hij in di war is. Als ik oom Karel sien, dan sal ik hom alles duidelik maak."

„Goed," seg tante, „kom dan Maandag-morre vroeg. Ons wil nog huistoe rij."

„Ja, maar dan moet tante eers met oom 'n bietji praat. Ik is bang om met oom te begin. Dit is nou jammer dat vandaag Sondag is, anders sou ik tante kan vertel."

„Nou ja," seg tante, „oom is ni so kwaai ni. Kom gerus, hij sal jou wel goeje raad gee."

Dit was net of daar 'n grote las van Anna haar hart afgeneem was. Oom Karel was di grote raadsman van di distrik, en nou wis sij dat di saak in goeje hande was. Maar een ding het sij haar voorgeneem. Flip moes nog diselfde aand na oom toe, om hom bekend te maak dat hij met haar wil trou.

In di agtermiddag gaan hulle weer na di kerk. Mense wat verloof is, is dikwils getroue kerkgangers. Toen hulle uitkom, vat sij ver Flip op.

Flip belij so maar, dat hij nog ni volgens sijn belofte bij oom Karel gewees het ni. Hij sal daarom seker gaan. Anna geef ni in ni. Hij moet eers belowe, dat hij nog diselfde aand dit sal doen, sodat hij haar kan vertel wat oom geseg het. „Jij moet ni denk ni, dat jij mij vanaand sal sien, als jij ni eers bij oom Karel gewees het ni."

Flip sien nou hij kan ni langer uitstel maak ni. Hij beloof plegtig dit te doen.

Di aand kom Flip ni vroeg ni. Dit was ver Anna 'n goeje teken, en toen Flip eindelik kom, sien hij daar uit soos 'n mens wat 'n kwaaje tand laat trek het. Hij knik Anna vrindelik toe. So lang di ander mense op was, praat Anna niks; maar toen hulle alleen kom, was di eerste vraag: „Wel, Flip! was jij bij oom Karel?"

„Ja," seg Flip, „ik was na di ete daar."

„Goed, en wat het hij geseg?"

„Hij het mij net aangekijk en toen gelag."

„Maar het hij niks gepraat ni?"

„Ja, toen hij uitgelag het, seg hij: Jij krijg 'n beter vrou als jij wêrd is. Seg ver haar sij moet na jou kijk, en sij moet oppas dat jij ni meer papiere teken ni. Jij het jou plaas al weggeteken. Als sij ni oppas ni, sal jij haar ook wegteken."

„En toen?"

„Toen gaan hij weg en ik blij met tante alleen. Tante het mij lang opgehou. Eers het sij mij gelukgewens en toen het sij mij uitgevraag. Jij het seker met haar gepraat."

„Og nee, net 'n paar woordjies."

„Sij wou van alles weet. Van di plaas en di lewensreg en di skape, wat ik gekoop het. Sij het mij daarom voorgekrij, omdat ik ni met oom Karel raadpleeg ni. Ik het toen reguit geseg, ik was ver oom bang. Sij het mij toen ook laat belowe dat ik nou niks meer sal teken ni, voordat ik eers di ding aan oom Karel gewijs het."—„En jij het toen seker so belowe?"

„Ja."

„En jij sal seker weer, als oom Arnoldus regte nukkerig kijk, jou belofte vergeet."

Flip laat sijn kop hang.

„Nou kijk, Flip, jij moet nou ver altijd 'n man worde. Als jij 'n vrou wil hê, moet jij 'n man wees. Jij teken morre niks ni. Jij vraa 'n week uitstel. Als oom jou vraa, dan seg jij ronduit, dat ik dit ni wil hê ni. Ander week sal ik jou wel laat weet wat jij moet doen."

Maandag morre was Flip in duisend angste, dat

oom Arnoldus hom sou laat teken. Di ou hou hom ewewel stil en spreek ni 'n woord ni. Omtrent tien uur toen hij sien dat di wa uitgetrek is, en Anna's vader wil rij, loop hij nog gou effentjies o'er. Anna was ni tuis ni, maar kom tog gou. Sij was half uit asem want sij het hardgeloop.

„Het jij al geteken?" vraa sij aan Flip.

„Nee, oom het niks geseg ni."

„Dit is goed; denk nou aan wat jij beloof het."

„Waar was jij dan van morre, Anna?" Anna verkleur. „Ik sal jou wel een dag seg, wat ik gedoen het. Nou het ik geen tijd ni. Ik moet help oppak." Daarmee moes Flip tevrede wees.

Ons het egter ni nodig om so lang te wag ni, om uit te vinde waar Anna was. Ons kan dit wel raai. Sij was bij oom Karel gewees.

Sij het ook wel opgesien om met oom Karel te praat, want sij was nog van haar kindse dage af bang ver di kwaai ouderling, soos di kinders hom noem, maar bang of ni, di ding moes nou.

Di gesprek met oom Karel was haar meegeval. Tante Saartji was ook gelukkig daar en dit het haar moed gegee. Sij het eers ekskuus gemaak ver Flip en dat sij haar met Flip sijn sake bemoei. Oom weet egter dat Flip gou verlege is en sij kon tog ni toelaat dat Flip bedrieg word ni. Oom het haar geduldig aangehoor; so nou en dan 'n bietji gebrom, dit was al.

Toen sij eindelik uitvertel het, haal sij di stukkies papier uit, waarop sij di dokument o'ergeskrijf het.

„Wel!" seg oom, terwijl hij uitbars in lag, „jij is di regte vrou ver Flip. Di ding is slim o'erleg. Ik het al ni geweet om di stuk in hande te krij ni. Ja, mijn ou vader het altijd geseg: vroue-lis gaan bo alles."

Tante Saartji skud haar kop. Di slimheid van di tegenwoordige nooiens het haar ni heeltemaal aangestaan ni. „Ons sou, toen ons so jong was, nooit aan so 'n ding gedenk het ni."

„Og, tante, wat moes ik maak. Mijn pa weet van

di dinge niks af ni, en ik het geweet, ik kan ni raad van 'n ander mens krij, als ik ni di papier kan wijs ni. Dit was van pure angs dat ik dit gedoen het."

„Ik seg ni, niggi, dat jij verkeerd gedaan het ni," seg tante, toen sij sien dat di trane al amper in Anna haar oge kom; „glad ni. Ik het mij net verwonder. Moet jou dit ni aantrek ni."

„Nee, jij het goed gedaan, niggi!" seg oom Karel. „Laat di ding nou bij mij en seg ver Flip, dat hij niks moet teken ni. Arnoldus denk dat hij banje slim is, maar ons sal sien. Ik sal di papier nalees en beloof ver jou, ik sal werk maak van di saak. Ik is ver Arnoldus ni bang ni. Donderdag sal ik na Spitskop rij, dan moet ik bij julle plaas verbij. Maak dan dat jij tuis is. Gaan nou maar gerus huis-toe."

Anna laat haar dit ni tweemaal seg ni. Sij soen tante Saartji hartelik en gee oom di hand.

„Nee! nee!" seg oom. „Ons is al amper famili, en famili groet ni so van ver ni. Jij moet mij ook soen."

Di soen van oom was ver Anna 'n hartsterking. Sij voel nou, dat sij in oom 'n verstandige hartelike vrind het. Blij het sij weggegaan.

Toen sij weg was, begin oom di papier te lees.

„Di ding is deur 'n agent opgesteld," seg hij, „dit kan jij so maar sien. Olmans het hom seker gehelp."

„Is di ding tot Flip sijn skade?" vraag tante.

„Denk jij dan, dat Arnoldus iets in Flip sijn voordeel sal doen? Ik sal tog probeer om di saak reg te maak."

Oom Karel steek di stukkies papier in sijn sak en stap na sijn agent. Mister Meyer was banje besig, soos altijd op Maandag, maar vind tog nog tijd om 'n ogenblik met oom Karel te praat, wat hom in weinige woorde di saak vertel en hom di papiertjies o'ergee.

„Wanneer kom jij weer in, oom Karel?" vraag mister Meyer.

„Ik moet o'ermorre weer in di dorp wees."

„Goed, kom dan weer aan."

„Maar in di tussentijd teken Flip dalk net wat hom voorgeleg word."

„Daar is nou niks aan te doen ni; ons moet afwag. Ik sal in di tussentijd sien wat ik kan doen."

Oom Karel het 'n onbepaalde vertroue in mister Meyer. Gerus en tevrede gaan hij weg.

Toen di drukte in di kantoor 'n bietji verbij is, vat mister Meyer di papiere en lees hulle deur.

Hij verstaan hulle goed.

„Di ou huigelaar," brom hij bij homself, „hij is di duiwel te slim; maar slim vang tog partijkeer sijn baas. Dit sal aan mij ni leg ni, als di mooie plan misluk, als ik net eers kan uitvinde wi di dokument opgestel het. Self het hij dit ni gedoen ni. Olmans ook ni. Hij ken te goed Hollands; dit is deur 'n Engelsman gedaan, wat maar swak Hollands ken. Soveel te beter als Arnoldus met Olmans rusi het, dan het ik ten minste 'n vrind in di kamp van di vijand."

Nou het mister Meyer wel gehoor van di rusi, wat daar gewees het tussen oom Karel en Arnoldus, en dat meneer daar ook bij was. Hij het hom daar egter ni aan gesteur ni, want hij was van di soort mense, wat hom ni met andere mense hulle sake bemoei ni. Nou dat di saak in sijn hande is, begin hij daar belang in te stel.

Toen di kantoor in di agtermiddag gesluit was, gaan hij na meneer.

„Ik kom 'n ogenblikki aan," seg meneer Meyer, „net om u uit te hoor. Dit is anders mijn gewoonte ni; maar dit kan nou ni anders ni."

Meneer kijk hom vreemd aan. „Kijk nou ni so verwonderd ni," seg meneer Meyer, wat welbekend was in di pastori. „Ik wil di waarheid weet; daarom kom ik. Wat het oom Karel en u met Arnoldus uitgevoer."

„O," seg meneer, „ik denk ons het meer kwaad dan goed gedaan."

„Dit is te denk," brom mister Meyer, „als predikante di werk van agente wil doen, dat hulle di saak bederwe. Het julle na mij gekom, dan het ik di ding seker gouer reggemaak. Dog vertel eers omstandig."

Meneer voldoen aan di versoek.

„So," seg mister Meyer. „Di ou het sijn sake mooi agtermakaar gemaak en is nou besig om di hele plaas in te palm. Olmans sal hom seker help. Maar ken u misskien ver di nooi waar Flip na vrij?"

O ja, ik ken haar goed. Haar ouers is ni rijk ni, maar fatsoenlik. Sij is 'n flukse meisi."

„Oorlams is sij genoeg," seg mister Meyer. „Wel, ik sal sien wat ik ver Flip kan doen."

Nou dat mister Meyer op di spoor was, het dit ni lang geduur ni voordat hij uitgevinde het, hoe Olmans bij di winkeliers gewees en di skulde van Flip opgekoop het. Maar di ding help hom ni veel ni. Di saak was eenmaal so, en hij het volstrek van Flip ni volmag om iets te doen ni.

Tog stap hij di volgende dag na Olmans. Toen Olmans hom sien inkom, kijk hij verwonderd op. Gewoonlik, als hulle twee iets met makaar te doen het, stuur Meyer 'n klerk.

„Wel, waaraan het ik di eer van di besoek te dank," seg Olmans ewe beleef.

„Daar is niks bisonders ni," seg mister Meyer, „ik wil net 'n plesier aan mijn ou vrind, oom Karel, doen. Ik weet wel vooruit dat dit verniet is."

„En dit is," seg Olmans, wat voel dat hij nou moet oppas.

„Og, jij ken ver di ou, als hij eers 'n ding in sijn kop het, dan is hij ni makkelik daarvan af te breng ni, en dan moet 'n mens doen wat hij seg. Hij denk dat Arnoldus besig is Rooiheuwel, di plaas van Flip, in hande te krij, en hij wil dit belet. Ken jij ver Flip?

„Og, ja," seg Olmans, „ik ken hom goed."

„So ver ik kan verstaan," hervat mister Meyer, „het Flip di plaas aan Arnoldus ver 'n klein sommetji verkoop, maar het sijn lewensreg uitgehou. Ik kan dit amper ni geloof ni. Ik het gedenk Arnoldus is daarvoor te slim."

Olmans blij 'n paar minute stil. Mister Meyer praat so onnosel weg, dog kan Olmans daarmee ni pier

ni. Olmans voel dat Meyer alles van di sake af weet.

„Ja, dit is so,“ seg hij eindelik, „ik het self di transporte gemaak. Arnoldus het di plaas; maar Flip het sijn volle lewensreg. . . .”

„Totdat hij dit aan Arnoldus verkoop?“

„Dit is mijn saak ni, ik het mijn werk gedoen. Ik bemoei mij ni met di sake van mijn klante ni!“

„Dit is ook altijd di beste, anders word daar banje gepraat. Ik sou wel eens wil weet hoeveel Arnoldus ver di plaas gee.“

„Dit kan ik ni seg ni.“

„Ik vraa dit ook eigenlik ni. Ik seg net ik sou wel eens wil weet. Veral nou, dat hij besig is om di lewensreg van Flip te koop.“

„Dit geloof ik ni,“ seg Olmans onverwags.

„O, dan het jij ni di dokument opgestel ni, wat Arnoldus ver Flip wil laat teken. Ik het ook so gedenk. Arnoldus hou daarvan om meer dan een agent daarop na te hou. Hij het dit seker op 'n ander plek laat maak. Hij het jou dan alleen gebruik om di bewijse van Flip op te koop, nê?“

Olmans spring nukkerig op. „Niemand het met mijn sake iets te maak ni,“ roep hij uit.

„Moet ni kwaad worde ni,“ seg Meyer. „Agente word ni kwaad onder makaar ni. Alleen in di hof vèrtoon hulle so. Kijk nou hier. Ik gaan met di saak werk en seg ni, dat ik aan di ding iets kan doen ni. Dit sal jou egter ni betaal ni, als al di mense weet, hoe jij di skuldbewijse van Flip in di hande gekrij het. Help liewer ver mij, dit denk ik is ver jou beter. Flip het di lewensreg nog ni verkoop ni, en ik gaan met hom praat. Denk nou op jou gemak na en probeer om 'n skikking te maak. Jij kan daar ook nog wat aan verdien. Wil jij ni, dan moet jij verwag, dat ik so hard als ik kan jou sal tegenwerk. Nou, goeje middag, ik sal morre wel eens weer aankom.“

Met di woorde gaan mister Meyer weg en laat Olmans aan sijn eige bedenkings o'er.

Di bedenkings was ni so plesierig ni. Olmans voel nukkerig dat Arnoldus buite hom werk. Hij het self plan gemaak om op di een of andere manier di lewensreg in hande te krij, en dan aan Arnoldus goed te verkoop. Di kans was verbij. Hij was bang ver Meyer en wil ni, dat di transaksies met Rooiheuwel nou heeltemaal openbaar sal worde ni. Daarom besluit hij om Arnoldus eers te gaan sien.

Di vrindskap tussen oom Arnoldus en Olmans was in di laatste tijd, van dat oom di kleine rekeningetji betaal het, heel wat koeler geworde. Hulle kom ni meer so banje bij makaar, praat ook glad ni o'er sake ni. Daarom verwonder Arnoldus 'n bietji toen Olmans in di aand aankom. Hij hou hom egter eers vrindelik.

Di praatjies wou egter ni strijk ni, sodat Olmans verplig was met di saak gou voor 'n dag te kom.

„Denk, oom," seg hij, „vandaag was Meyer bij mij. Hij seg dat jij besig is om di lewensreg van Flip te koop, maar dat hij sal probeer wat hij daartegen kan doen."

Arnoldus verskrik. „Wat het Meyer met mijn sake te doen; di hele ding is 'n leugen."

„So denk ik ook," seg Olmans. „Oom sou anders wel met mij gepraat het. Meyer was so seker. Hij seg dat hij self di papier gesien het wat jij Flip wou laat teken."

„Dit lieg hij!" roep Arnoldus uit. „Di papier kan hij ni gesien het ni."

„So, dan is daar tog 'n papier, ni waar ni.?"...

„Dit is mijn saak."

„Sekerlik, dit is jou saak, maar ik denk tog dat daar ik jou so gehelp het om di plaas in hande te krij, jij ook wel mij di andere dinge kon laat regmaak het."

„Daar is niks reg te maak ni."

„Kom! kom!" seg Olmans, „ons is nou alleen en ons het ni nodig om makaar te pier ni. Sien jij, oom, het jij nou na mij geluister dan sou ik soetjies-aan gewerk het en alles was reg, maar jij wou di slag slim wees en het na 'n ander agent gegaan. Di hele spul is nou op di loop. Als jij Flip nou laat teken, kan jij mis-

skien nog 'n proses krij, wat jou banje geld kan kos."

„Jij het genoeg geld aan di saak verdien," seg Arnoldus toornig.

„Tog ni soveel als oom ni, wat ver 'n paar honderd pond 'n plaas in hande krij."

„Maar hoe weet Meyer van di dinge?"

„Hij seg dat oom Karel hom vertel het."

„Sou Flip hom dit geseg het?" vraa Arnoldus.

„Misskien, maar ik denk di ding kom van di nooi sijn kant af. Ik het jou voorspel dat di nooi jou sou onderdeur-spring."

Arnoldus blij stil.

„Kom," seg Olmans, „gee mij nog 'n £100 en ik sal sien hoe ik jou kan help.

„Dit sal ik nooit doen ni," seg Arnoldus, nukkerig. „Julle agente is net 'n boel skelms, julle wil ons net plunder. Di transport van Rooiheuwel is in mijn kis en dit moet 'n knap man wees wat dit daar uithaal."

„So, dus jij wil ni dat ik jou help ni; denk daaraan, ik kan jou kwaad doen."

„Jij kan loop," seg Arnoldus, „ik sal sonder jou klaarkom."

„Dit sal jou berou!" bulder Olmans, terwijl hij sijn hoed vat en uitloop.

Dit sou di moeite werd gewees het, om di gesig van oom Arnoldus te sien toen Olmans weg was. Hij was bleek van toorn en loop ver 'n tijdji net soos 'n kwaai os deur di kamer. Wettigwaar, hij vloek.

Toen hij wat bedaar, gaan hij sit om di saak te o'erdenk. Hij weet dat niemand hom di plaas kan afneem ni, maar weet ook, dat als hij nou ver Flip tot teken dwing, hij ni di end van di stori sou hoor ni en sijn goeje naam sou verloor. Dit spijt hom wel, dat hij ni sijn slag kan slaan ni met di plaas, soos hij gedenk het. Maar al gee hij wat in, sal hij tog genoeg verdien en behou sijn naam van vrome man. „Ik moet nou sien hoe ik op di beste manier uitkom,—seg hij,—en Olmans sal sien dat ik hom ni nodig het ni."

Toen hij voel dat hij heeltemaal bedaard is, en hoor dat Flip tuis gekom het, laat hij hom roep.

Flip skrik toen hij inkom. Oom Arnoldus sien daar so bedroefd uit; dit lijk of di trane in sijn oge staan. Di arme Flip wis ni wat hij moet denk ni.

„Wat mankeer tog oom?“ vraag hij ontroerd. „Is oom siek?“

„Nee, mijn kind,“ seg oom op hardbrekende toon, „siek is ik ni, maar mijn siel is in mij bitterlik bedroefd. Og, hoe swaar is dit tog als, soos di Skrif seg: 'n man sijn huisgenote sijn vijande is!”

Flip was nou so verskrik dat hij niks kon praat ni. Arnoldus was verplig om self aan te gaan.

„Het ik ni ver jou gesorg ni, Flip, en wat is nou mijn beloning,—dat jij mij beskender. Is dit reg?“

„Beskender!“ stamel Flip, „ik . . . ik . . . ik weet niks ni.“

„Het jij ni met oom Karel gepraat o'er di bewijs, wat ik jou wou laat teken ni?“

„Ni 'n woord ni,“ seg Flip; „ik het wel met Anna gepraat, maar ni met oom Karel ni.“

„Het jij dan ni aan oom Karel di bewijs laat sien ni?“

„Nee, oom!“ seg Flip, en Arnoldus kan aan hom sien, dat hij di waarheid spreek.

„Nou, hoe dit ook is, of jij gepraat het of Anna, ik seg ver jou mijn siel is bitterlik deur julle bedroefd. Ik trek mijn hand nou van jou af. Als jij nog wil hê dat ik ver jou help, dan moet jij ver Anna laat staan.“

„Mijn liewe oom,“ seg Flip, „als ik maar met Anna mag trou, sal ik net teken wat oom wil hê.“

„*Jij het niks te teken ni, Flip! Jij kan maak wat jij* wil. Maar jij moet denk dat jij op di tijd di skape betaal, anders gaan jij tronk-toe, dit is vervas.“

Flip vrijwe sijn hande van angs. Hij was al lang ver di tronk bang gewees. Aan di ander kant was sijn geloof in Anna so aangegroei, dat hij tog in di binneste van sijn siel denk, dat sij hom wel uit di tronk sou los.

„Laat Anna staan,“ seg oom, „en alles is weer reg.“

„Nee, oom: liewers dood,“ seg Flip, terwijl hij di deur uithol.

„Di vagebondse Olmans het tog gelijk gehad,“ brom Arnoldus bij homself, „di nooi is ver mij baas.“

## HOOFDSTUK V.

Di hele Praatville was di volgende Saterdag in oproer. Vroeg in di morre het oom Arnoldus sijn vrou di deur uitgehol om di bure te roep. Oom het di morre in di tuin gegaan, wat agter di huis is, en daar het hom iets wonderliks o'ergekom. Hij het 'n gesig gesien en was als di dood so bleek ingekom. Sijn ou vrou het ni geweet wat om te doen ni. Oom Arnoldus leg op sijn bed met sijn oge na di hemel. Hij praat soetjies in homself. Toen di mense inkom en met hom wil praat, skud hij net sijn kop en gee ni antwoord ni. So iets het in Praatville nog nooit gebeur ni.

Di mense wat uitkom vertel ieder wat anders. Di een seg: „oom het 'n stem gehoor;“ di ander: „hij het 'n engel gesien;“ weer 'n ander, wat ni van oom sijn vrinde was ni, seg: „dit was 'n bose dier.“ Di waarheid kon niemand hoor ni.

Di studeer-kamer van meneer was kort na brekfes al vol, allesbehalwe tot meneer sijn plesier, want dit was Saterdag en hij wou aan sijn preek werk. Di mense wou van hom hoor, wat eigenlik di ding was en hou aan, dat hij self sou gaan kijk. Maar meneer het daar ni lus in ni. Om hom van di saak af te maak beloof hij na twaalf uur eens te gaan kijk, wat daar van di saak was. Daarmee moes di mense tevrede wees.

Di hele morre was di slaapkamer van oom Arnoldus vol met mense, en toen in di middag di buite-mense inkom, was di stroom nog sterker. So nou en dan spreek oom 'n woord of slaak 'n sug. Wat daar eigenlik met hom gebeur was, seg hij ni.

Flip, wat vroeg na di plaas was gegaan, het ook

weer ingekom. Di plaas leg maar 'n uurtji van di dorp af. Geheel verwilder was hij, daar oom hom ieder keer als hij inkom so wonderlik verdrietig aankijk, sodat hij dit ni kan hou ni. Hij was glad in di war.

Gelukkig ver hom, in di agtermiddag kom Anna in en hij maak 'n gelegenheid om o'er te loop.

Di stori van oom Arnoldus het di dorp al uitgeloop. 'n Man wat van di dorp kom, het tot groote verwondering van Anna, al op pad daar wat van vertel. Anna het haar bes gedoen om Flip te laat bedaar, en hom intussen te vertel wat oom Karel haar geseg het. Alles tussen hulle twee sou reg kom. Hij het ook ni nodig om bang te wees ver di bewijs ni. Sij vertel hom ook dat oom Karel beloof het di dag in te kom en hij seker met hom sou praat.

Toen Flip huistoe loop, kom hij ver oom Karel tegen.

„Wat is di stori met oom Arnoldus," seg oom Karel, „di hele dorp is daar vol van. Ik kan ni uitmaak wat van di saak aan is ni. Is hij siek of dronk, wat is dit?"

Di gedagte dat oom Arnoldus kan dronk wees, skok Flip so, dat hij amper ni kan praat ni.

„Nou praat dan," seg oom Karel, „ik kan hier ni tot vanaand staan ni."

Maar met Flip was niks te begin ni. Hij was te veel in di war om 'n geregelde verhaal te gee. Toen hij klaar vertel het, was oom Karel nog meer in di duister dan te vore.

„Wel, ik sal Meyer of meneer vraag," brom di ou.

Voort stap hij na Meyer sijn kantoor. „Wat is dit met Arnoldus?" was sijn eerste woord.

Di ou agent kijk laggende op. Di vraag het al banje mense mij vandaag gedoen. Ik weet dit ni."

„Dit is vervas weer 'n skelmstuk," seg oom. „Wat sou sijn planne nou wees?"

„Di beste is," seg di agent, „dat oom self gaan. Dan kan jij uitvinde wat dit is. Al wat ik weet is, dat di mense seg hij is nou 'n profeet."

„Profeet of ni," seg oom, „di plaas van Flip sal hij terug moet gee."

„Nou oom,“ seg meneer Meyer, „ik seg jou, jij moet mij alleen laat werk of ik gee di ding op. Jij het dit ver mij beloof. Maar dit kan kwaad doen als jij self na Arnoldus gaan. Als jij gaan, praat dan niks van di plaas ni.“

Sonder te antwoorde stap oom Karel uit na meneer toe.

Meneer was al meer dan nukkerig. Was hij ni predikant dan sou hij seker al ’n paar mense aanstoot gegee het. Di mense het hom al banje geplaag.

„Jij kom seker ook al om te hoor wat dit met Arnoldus is,“ seg hij toen oom Karel gaan sit.

„Ja, dit is so.“

„Di hele wereld was al hier,“ seg meneer.

„Was meneer dan nog ni daar gewees ni?“ vraag oom Karel.

„Nee, ik geloof maar min van di stori. Ik sal daarom netnou gaan. Wil jij saamgaan?“

„Og ja, ik is ni bang ni; laat ons saamgaan.“

Meneer staan op, vat sijn hoed en stap met oom Karel na Arnoldus toe.

Dit lijk of ’n hele partij mense op di wag gestaan het; want toen meneer di huis van Arnoldus inkom, is daar netnou soveel mense, dat hij amper kon kerk hou.

Arnoldus leg nog altijd in bed. Praat doen hij ni. Met moeite het sijn ou vrou hom so ver gebreng, dat hij ’n klein stukki geëet het. Als ander mense met hom praat, wijs hij met sijn hand dat hulle moet stil blij.

Toen meneer inkom, lig hij so effen sijn kop op; maar toen hij oom Karel sien, laat hij sijn kop sak.

„Wel, Arnoldus! hoe gaan dit,“ vraa meneer, terwijl hij op ’n stoel bij di bed gaan sit. „Is jij siek?“

Langsaam keer Arnoldus hom om en kijk meneer aan. Eindelik seg hij met ’n sagte stem: „Nee, meneer! siek is ik ni.“

„Maar wat skeel dan, dat jij hier leg?

„Ja,“ sug Arnoldus, „dit mog meneer wel vraa, maar dit is moeilik te beantwoorde. Niemand kan di dinge verstaan, wat dit ni bij ondervinding ken ni. Ja, di

sielsomstandighede word ni in di skole geleer ni."

Meneer het wel gemerk, dat volgens oom Arnoldus sijn gevoele, hij ni 'n bevoegd persoon was om van di omstandighede kennis te neem ni, dog hij laat dit verbij gaan en vraag weer: „Wat is dan met jou gebeur?"

„Ik is bang om dit te vertel. Spotternij sal mijn deel wees. Dog ik voel ook, dat ik moet uitspreek, en dit voor 'n wagter op Sions muur, opdat hij ook kan weet wat hij doen moet."

Di mense het nou so di kamer ingepak, dat dit vreselik warm was. Oom Karel kon ni nalaat om hardop: „Soe!" te seg ni.

Dit sal moeilik wees di blik van verontwaardiging te beskrijwe, waarmee Arnoldus oom Karel aangesien het. Oom Karel was egter heeltemaal onskuldig, en het volstrek ni gemeen om te spot ni. Hij kon dit waarlik ni help ni. Dit was tog al te warm.

„Als daar spotters is, kan ik ni spreek ni," seg oom Arnoldus. „Di dinge wat ik nou gaan verhaal, is ni ver spotters ni, maar ver mense met ondervinding."

Oom Karel het groot lus om Arnoldus 'n opstopper te gee en dan uit te stap; maar meneer kijk hom met 'n glimlag aan; daarom blij hij sit.

„Wel, Arnoldus! vertel nou," seg meneer. „Ons is almaal nuwsgierig. Spotters is hier ni."

Oom Arnoldus kijk meneer meêlijdend aan. Eindelik seg hij: „Ik sal spreek, laat di spotters hoor en verander, en laat iedereen opmerk wat ik seg: „Dit is nou al weke dat ik met 'n gebroke hart rondstap. Di mense vertrap mij en allerlei beskuldigings is op mij. Daar is mense wat durf seg, dat ik di goed van weeskinders wil vat. O, dit is swaar ver 'n Christen om so belaster te worde."

Hier hou oom Arnoldus 'n bietji op en veeg sijn oge af. Sijn vrou huil hard-op en Flippi voel of hij deur di grond wil sink. Di hele klomp mense is aangedaan, behalwe meneer wat met 'n onbewoge gesig sit te luister, en oom Karel wat nukkerig is.

„Maar broeders,“ so gaan oom Arnoldus voort, „moet nou ni denk ni, dat ik di mense hulle misdade ni vergeef ni. Ik is ook 'n arme sondaar en ik neem hulle niks kwalik ni. Als hulle op hulle gewete wil neem om mij te belaster, laat hulle dit doen. Ik vergeef dit alles.“

Weer was daar stilte.

„Onder di druk het ik nou weke geleef en gesug; maar in di laaste nag kon ik glad ni slaap ni. Vroeg het ik opgestaan om in di tuin rus te vinde en alleen te wees.

Toen ik so onder di perske-bome loop, en di son nog ni op is ni, sien ik opeens 'n lig om mij heen.“

Weer hou oom Arnoldus op en leg 'n paar minute na bowe te kijk. In di kamer was dit nou so stil, dat 'n mens 'n muis kon hoor loop.

„Toen kom daar 'n stem wat tot mij seg: „Arnoldus! Arnoldus!“ Ik was so verskrik dat ik niks kon seg ni.

„Arnoldus“ seg di stem, „hoor! Di aardse dinge neem te veel van jou tijd weg. Daar is banje werk ver jou te doen. Laat al di aardse dinge staan en werk net met di geestelike; maak jou los van di aarde.“ Toen hou di stem op en di lig gaan weg.“

„Was dit alles wat di stem geseg het,“ vraag meneer.

„Di stem het nog meer geseg, maar dit is ver mij alleen,“ het oom Arnoldus geantwoord. Andere mense kan dit tog ni verstaan ni. Praat nou met mij ni meer van aardse sake ni. Ik gaan nou alles verkoop en stil lewe. Ik het regte spijt,“ seg hij ver Flip, „maar jij moet nou self klaarkom. Ik kan jou nou ni meer help ni.“

„Maar oom,“ so bars Flip uit, „hoe dan met di skuld van di skape? Wat sal ik maak?”

Arnoldus sluit sijn oge en gee ni antwoord ni.

„Kom,“ seg oom Karel terwijl hij opstaan, „kom, Flip! gaan met mij saam. Alles sal regkom.“

Flip kijk oom Karel aan met verwilde oge.

„Kom o'er 'n uur na mijn huis,“ seg oom Karel.

„Ja, broeders! laat ons nou almaal heengaan,“ seg meneer; „na al di ondervindings het onse vrind Arnoldus

met 'n onbeweeglike gesig na di preekstoel gekijk, en so lang als di predikant spreek, het hij hom aangestaar. Slegs nou en dan het hij, als meneer iets seg wat hom ni aanstaan ni, droewig medelijdend geglimlag, net of hij ver di predikant jammer het. Ewe stadig was hij uitgestap. Alleen bij di uitgaan het hij tot een van sijn vrinde geseg, dog so, dat ander mense dit ook kon hoor, dat hij di aand tuis sou wees, 'n stukki sou lees en dan met hulle daaro'er 'n paar woorde sou praat. Dit was alles, maar ook genoeg om 'n hele partij mense di voorneme te laat opvat, om di aand bij oom Arnoldus te wees.

In di middag-preek was oom Arnoldus ni. Toen di kerse opgesteek word, kon jij 'n trop mense sijn huis sien ingaan, vol van nuwsgierigheid om na hom te hoor.

Flip het 'n harde strijd gehad tussen liefde en plig. Hij het gedenk dat dit sijn plig was ook te blij luister. Liefde raak hom egter baas, en toen hij eers bij Anna was, het di hom gou o'ertuig dat hij oom Arnoldus nog banje kan hoor. Sij probeer hom te o'ertuig, dat al di dinge net skelmstreke was van oom; maar dit wou hij ni geloof ni.

Di grote eetkamer bij oom Arnoldus was stampend vol. Toen di ou uit sijn kamer kom, kon hij amper ni deurkom ni. Hij begin eers sijn verwondering te kenne te gee, dat daar soveel mense is. Hij is tog so'n arme swakke sondaar. Nadat hij op di manier homself sleggemaak het, hou hij 'n soort van godsdiens: lees 'n stukki, doen 'n gebed en begin toen te praat.

O'er di gesig, wat hij gehad het, praat hij minder als di mense gedenk het. Hulle het opgekom om di regte van di verskijning te hoor en nou krij hulle halwe woorde. Arnoldus seg wel dat 'n stem tot hom gepraat het, maar wi di spreker was en wat di stem eigenlik geseg het, hou hij ver hom. Een ding wat hij duidelik uitspreek is, dat hij nou al sijn goed gaan verkoop en niks meer met di wereld wil te doen hê ni; dat hij om so te seg afskeid van di wereld neem om nou net

ver di geestelike sake te lewe. In di wereld en deur di wereld word hij wel gehaat en veroordeel, dog dit sal hij geduldig draag.

Toen hij bij di laaste punt kom, word hij reg aandoenlik; di trane loop o'er sijn wange en di grootste gedeelte van sijn hoorders is ook aangedaan.

Intussen het dit laat geworde, en daar di meeste Praatvillers nog tot di ou klas mense behoor, wat vroeg gaan slaap, het hulle stadigaan geloop, sodat eindelik net 'n paar o'ergeblij het.

Flip het di aand ni heeltemaal lekker gevoel ni. Vroeger dan gewoonlik het hij Anna nag-geseg en huis-toe gegaan.

Toen hij sien dat daar mense in di eetkamer was, het hij stil wil verbijgegaan. Sodra oom Arnoldus hom egter sien, roep hij met 'n ernstige stem: „Flip, blij hier."

Flip blij staan, stil soos 'n beeld; en denk: wat sal dit nou afgee. Oom Arnoldus sit net soos 'n juts en Flip lijk soos 'n beskuldigde sonder advokaat.

„Flip!" seg oom Arnoldus, „dit spijt mij dat jij vanaand ni hier gewees het ni. Di verleiding van di wereld was seker te sterk. Jij het ook saamgestaan met mijn vijande, maar denk nou ni dat ik jou dit verwijt of jou haat, glad ni. Jij kan dit ni help ni en ik wil daaro'er ook ni veel seg ni. Eén ding wil ik egter hê, dat jij nog vanaand sal verklaar en dan sal ons morre o'er di aardse sake verder praat. Het ik jou plaas onregverdig gevat: ja of nee? Getuig nou voor di broeders wat hier is."

Verbaas blij Flip hom aankijk. Nou kijk hij op en dan weer af. Hij was nou so in di war. Op di end seg hij tog: „nee, oom, ik weet niks ni."

„Dit is ni genoeg ni," seg oom Arnoldus. „Di vraag is net: het ik jou plaas onregverdig gevat, ja of nee?"

Dit was ver Flip net of di kamer met hom ronddraai. Di enigste gedagte in sijn hart was: „kon Anna tog maar hier wees."

„Ik is maar dom, oom!" roep hij uit. „Ik weet ni, oom moet weet."

Di laaste woord was 'n skerper pijl in Arnoldus sijn hart dan Flip kon gedenk het.

Nog eens herhaal Arnoldus di vraag; maar van Flip was nou niks anders te krij ni dan: „ik weet ni, oom moet weet."

Toen oom sien dat hij met Flip tog niks vorder ni, laat hij hom eindelik weggaan, dog seg dat hij morre vroeg moet kom.

'n Mens kan begrijp dat Flip blij was om los te wees; hoewel di gedagte aan morre-vroeg hom di slaap uit di oge hou. Toen hij eindelik in slaap val, droom hij net sware drome. Voordat di dag breek was hij al wakker.

Met sulke mense als Flip moet jij oppas, om ni te ver te gaan ni. Hulle gee toe. Banje keer egter als jij denk jij kan maak wat jij wil, dan draai hulle om, en jij kan niks verder doen ni. Hulle eenvoudigheid is dan hulle krag. Hulle spreek ni tegen ni, maar hou vas wat hulle het.

Flip was in di toestand toen hij in di morre opstaan. Hoe di dinge eigenlik in makaar sit, kan hij ni uitmaak ni. Hij verstaan net dat Anna en oom Karel aan di een, en oom Arnoldus aan di ander kant staan; ook dat hij tussen di twee moet kies. Hij begin met homself te redeneer. „Of oóm Arnoldus goed is weet ik ni; maar dat Anna goed is weet ik, en oom Karel sal ver di bewijs sorge. Ik hou mij dus aan Anna."

Met di vaste voorneme het Flip di kamer ingestap, waar oom Arnoldus hom opgewag het.

Ook Arnoldus het di rus ni kon vinde ni. Hij weet wel, dat niemand hom di plaas weer kan afneem ni; maar hij voel ook wel dat hij net banje sonde sal hê. Di beste was om Flip sijn lewensreg te koop.

Dat hij dit nou ver di prijs, wat hij gemeen het, ni sou krij ni, verstaan hij goed; tog hoop hij daar genoeg op te kan verdien en nog di naam van 'n vrome man boweop te behou.

Toen Flip inkom was oom net so soet als suiker.

„Wel, Flippi!" seg hij, „hoe het jij vannag geslaap?"

„Goed, oom!" seg Flip verskrik.

„Ik het ni goed geslaap ni," seg oom. „Og, als julle weet, hoe julle mijn hart ieder keer deurboor, dan sal julle dit ni doen ni; maar dit is nou eenmaal so, daar is niks aan te doen ni. Daar moet egter 'n end aan kom. Di dinge van di wereld het ver mij opgehou. Ik wil nou net met di geestelike sake mij bemoei. Jij moet jou lewensreg aan mij verkoop of di plaas terugkoop. Wat wil jij doen?"

„Ik weet ni, oom! ik weet niks ni."

„Ja, dit sal so wel wees, en daarom gaan jij na oom Karel of Anna. Nou, ik sal jou seg wat jij moet doen. Sodra dit tien uur is, gaan jij na Mr. Meyer en vraag ver hom bietji o'er te kom. Jij moet dan ook saamkom. Net julle twee alleen, ik wil niemand anders daarbij hê ni. Nou kan jij loop."

Flip gaan ni alleen di kamer, maar ook di huis uit, na Anna toe. Dit was wel vroeg, maar Anna was vroeg op. Sij was glad verstom toen sij hoor wat Flip vertel. Sij stuur hom weer na oom Karel.

„Wat," roep di ou, toen hij di stori van Flip hoor, „wat! sou Arnoldus regtig-waar omdraai, of is dit 'n nuwe streek wat hij uithaal. Maar dit is niks ni. Meyer sal sijn Moses wel wees, daar is ik seker van. Wag Flip, ons sal saam na Meyer gaan."

So geseg so gedaan. Net toen mister Meyer in sijn kantoor stap, is oom Karel en Flip ook daar.

Soos dit Maandags morrens gaan, was di kantoortji vol mense. Mister Meyer gaan met di twee in 'n ander kamer en probeer toen uit te vinde wat hulle wil hê. Flip kan niks anders vertel dan di boodskap van oom Arnoldus. Di aan- en di opmerkings van oom Karel het di saak ni duideliker gemaak ni.

„Goed," seg mister Meyer op di end, hoewel hij daar niks van begrijp ni, „ik sal van-middag om dri uur o'erkom en sien wat Arnoldus wil hê. Nou het ik ni tijd ni. Rij maar huistoe, oom Karel; ik sal regmaak."

Oom Karel het meer lus gehad om te blij; dog daar wou mister Meyer ni van hoor ni, sodat oom tevrede moes wees met di belofte, dat hij o'er 'n paar dage weer kan kom.

Om dri uur stap mister Meyer, wat self nuwsgierig was, na oom Arnoldus. Flip staan al bij di deur hom op te wag.

Toen hij in di kamer kom, sit oom met 'n hoop papiere voor hom. Hij wenk mister Meyer en Flip om te gaan sit en hulle begin toen te praat.

Wat di twee mans eigenlik gepraat het, kon Flip nooit weer vertel ni. Al wat hij kon seg was, dat nou mister Meyer nukkerig was en dan weer oom Arnoldus; dat hulle di een papier na di ander ingesien en weer neergeset het, en dat na 'n lange diskussi oom Arnoldus verklaar het: „Kijk hier blij ik bij; Flip kan di plaas terugkrij; maar dan betaal hij mij al wat ik voorgeskiet het, of hij kan sijn lewensreg aan mij verkoop ver 'n billike prijs. Ik sal hom £2,000 gee, meer ni." Mister Meyer het toen geseg dat hij o'er 'n paar dage sou antwoord gee als hij eers met Flip en andere gepraat het.

„Ik seg, ik wil met niemand anders te doen hê dan met Flip en jou," was di laaste woord wat oom Arnoldus praat.

Toen oom Karel na 'n paar dage inkom, hoor hij di hele stori. Hij was woedend kwaad toen hij hoor hoe di sake in makaar sit, en dat met al di sogenaamde voorskotte, Arnoldus seker 'n £800 bij di transaksi sou wen. Hij wil met alle geweld proses maak.

„Nee, oom! daar kom niks van ni," seg mister Meyer, „'n proses sal Flip gedaan-maak. Di rekenings en voorskotte is so slim agtermakaar geset, dat daar min aan te doen is. En als Flip voor di Juts moet kom om verklarings af te leg, dan sal Arnoldus sijn advokaat hom net alles laat verklaar wat hij wil. Ons moet tevrede wees, dat Flip wat terugkrij. Flip moet sijn lewensreg maar verkoop, en dan ver di owerige geld 'n

plasi krij waar hij en Anna op kan boer. Hulle twee sal wel opkom.

Na veel moeite haal mister Meyer oom Karel o'er om di saak in sijn hande te laat, en Flip te seg 'n prokurasi te teken, dat mister Meyer in sijn naam kon werk. Flip word toen opgesoek, di prokurasi word geteken; getroos word di arme kerel weggestuur.

Di werk tussen mister Meyer en oom Arnoldus het lang aangehou, want albei was slim. Op di end het dit tog klaargekom, hoewel mister Meyer moes erken, dat hij nog nooit met so'n slim kerel te doen gehad het ni, als ou Arnoldus, wat bowe op nog ten minste 'n £800 daarbij verdien het.

Daar was net 'n plasi te koop. So had oom Karel en mr. Meyer net gou di plan klaar om dit ver Flip te krij. Alles gaan toen ewe glad. Oom Arnoldus blij vrindelik en praat maar van geestelike sake. Waar hij kom, vertel hij hoe swaar dit ver hom is, dat hij nou Rooiheuwel moet koop, om Flip te help. En di mense, ten minste 'n groot klomp, geloof hom ook. 'n Man egter wat banje kwaad was, was Olmans; maar dit help nou ni om met Arnoldus rusi te maak ni. Hij praat, als hij vasraak, net o'er di Bijbel.

'n Paar maande na di geskiedenis, weer op 'n Maandag-morre, kan jij Flip sien in 'n mooie spider, en Anna naas hom. Hulle rij kerk-toe om te trou. Flip sien daar blij dog onnosel uit; soos alle mans als hulle voor di preekstoel staan. Toen hulle getrou het, gaan hulle na di huis van Anna haar vader om wat te gebruik met di vrinde. Meneer hou eers 'n aanspraak, toen begin oom Arnoldus. Sijn aanspraak was meer dan treffend. Hij huil en laat al di mense huil, op 'n paar na.

Onder di paar was, soos te denk is, oom Karel. Toen Arnoldus preek, sit hij op di stoel te skuiwe, sodat di stoel amper breek; en toen meneer uitstap, stap hij saam.

Hulle loop 'n rukki saam. Opeens staan oom Karel stil en seg:

„Meneer! ken jij di duiwels hulle name?"

Meneer kijk verwonderd op. „Di duiwels hulle name, nee; 'n paar word er in di Skrif genoem."

„Ik praat ni van di duiwels uit di Bijbel ni," herneem oom Karel, „maar van di duiwels onder ons. Hulle seg: daar is di Geldduiwel en di Drankduiwel, di Liegduiwel en di Praatduiwel, di Spogduiwel en di Afgunsduiwel! Maar weet meneer wat di baas-duiwel is?"

„Nee," seg meneer.

„Dan sal ik dit jou seg: di Baas-Duiwel sijn naam is:

DI DUIWEL VAN HUIGELARIJ."

# INHOUD.


| | | BLADSIJDE. |
|---|---|---|
| | Voorwoord ... ... ... ... | 3 |
| I. | Di Geldduiwel ... ... ... | 5 |
| II. | Di Liegduiwel ... ... ... | 35 |
| III. | Di Praatduiwel ... ... ... | 66 |
| IV. | Di Drankduiwel ... ... ... | 107 |
| V. | Di Spogduiwel ... ... ... | 137 |
| VI. | Di Afgunsduiwel ... ... ... | 187 |
| VII. | Di Baas-Duiwel ... ... ... | 234 |